

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Spesiale tema:

Oor monnemente gepraat –
Afrikaans se eerste neëntig jaar

Gasredakteurs: Ernst Kotzé en
Fransjohan Pretorius



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 56 | Volume 56 | **JUNIE 2016**
Nommer 2-1 | Number 2-1 | **JUNE 2016**



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die
L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



2-1

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2016

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

CS (Fanie) de Beer – Filosofie, Inligtingkunde/Philosophy, Information Science

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

DS (Dave) Lubbe – Rekeningkunde/Accountancy

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education

Internasionaal/International

James Athanasou – Psigometrie/Psychometrics (University of Technology, Sydney, Australia)

Reuven Bar-On – Emosionele Intelligensie/Emotional Intelligence (University of Texas, Medical Branch USA)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Sebastian Kortmann – Regswetenskap/Law (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)

Belle Wallace – Onderwys vir begaafde leeders/Education for gifted learners (Oxford, UK)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaaliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2016 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2016 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R285,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R250,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R95,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa.

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 56 Nommer 2-1, Junie 2016 / Volume 56 Number 2-1, June 2016

Inhoudsopgawe

**NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1):
OOR MONNEMENTE GEpraAT – AFRIKAANS SE EERSTE NEËNTIG JAAR**

INA WOLFAARDT-GRÄBE Redakteursnota.....	289
ERNST KOTZÉ EN FRANSJOHAN PRETORIUS Voorwoord	291
ANNEMARIE VAN ZYL EN JANNIE ROSSOUW Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later / <i>The Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl: 40 years later</i>	295
MARIËTTE ALBERTS Die ontwikkeling van Afrikaanse vaktaal: Verlede, hede en toekoms / <i>The development of Afrikaans technical language: Past, present and future</i>	314
J.C. STEYN N.P. van Wyk Louw se opvattinge oor taalbewegings en die behoud van Afrikaans / <i>N. P. van Wyk Louw's views on language movements and the maintenance of Afrikaans</i>	335
RUFUS GOUWS Enkele minder bekende Afrikaanse woordeboekmonumente / <i>A few lesser known Afrikaans dictionary monuments</i>	355
LAURETTE PRETORIUS Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans / <i>The role of the Afrikaans Wikipedia in the growth of Afrikaans</i>	371
ADRI BREEDT, WANNIE CARSTENS EN JAKO OLIVIER Die DBAT: 'n Onbekende digitale taalkundemuseum / <i>The DBAL: An unknown digital language museum</i>	391
GB VAN HUYSSTEEN, M BOTHA EN ALEX ANTONITES Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en markbehoefte in die Afrikaanse gemeenskap / <i>The Virtual Institute for Afrikaans and the Afrikaans community's market needs</i>	410
ERNST KOTZÉ 'n Ortografiese brug tussen Japanees en Afrikaans – die keuse van 'n Romeinse transliterasiesistiem / <i>An orthographic bridge between Japanese and Afrikaans – the choice of a roman transliteration system</i>	438
CHRISTO VAN RENSBURG Die vroegste Khoi-Afrikaans / <i>The earliest Khoi Afrikaans</i>	454

JD (TOM) MCLACHLAN

Standaardafrikaans, standaardspelling en die *AWS / Standard Afrikaans, standard spelling and the Afrikaans word list and spelling rules (AWS)* 477

Inhoudsopgawe: Jaargang 56 Nommer 2-2, Junie 2016 / Volume 56 Number 2-2, June 2016 503

Redakteursnota

Die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word in twee afsonderlike boeke gedruk:

Jaargang 56, Nommer 2-1 (TGW 56 (2-1)) en

Jaargang 56, Nommer 2-2 (TGW 56 (2-2))

Die eerste boek bevat ’n tiental artikels waarin allerlei “monnemente” van Afrikaans terugskouend oor die eerste negentig jaar van Afrikaans as amptelike taal krities ondersoekend aan bod gestel word. Die gasredakteurs van hierdie spesiale temanommer, Ernst Kotzé en Fransjohan Pretorius, verduidelik in hulle Voorwoord dat dit aan die een kant gaan om ’n konkrete monument om iets abstraks te probeer visualiseer – vandaar die afbeelding van die Taalmonument in die Paarl op die voorblad; aan die ander kant word ’n bonte verskeidenheid van virtuele *taal*monumente oorsigtelik bekend gestel as bakens op die ontwikkelingspad van Afrikaans – verskillende terreine word gedek, vanaf die historiese en die leksikografiese tot die belangrikheid van ’n digitale ruimte vir Afrikaans. Inderdaad: “monnemente” wat die (Afrikaanse) leser se toegespitste aandag opeis, en tereg bewondering afdwing vir wat vermag kon word.

Die tweede boek bevat ’n twaalfstal artikels, eweneens oor ’n verskeidenheid terreine en vakgebiede: die vroeë geskiedenis aan die Kaap aan die hand van enkele briewe; fiskale keuses in die ekonomie en leierskapstyle in die bankwese; polities-regsfilosofiese perspektiewe na aanleiding van twee onlangs verskene boeke; gemeenskapsgebaseerde kapasiteitsbou in die welsynsektor; die grondslae van swart onderwys asook, swart hoërskoolleerders se prestasie; aspekte van voorskoolse onderwys en, les bes, ’n tweetal artikels waarin die soeklig val op literêr-teoretiese aspekte – onderskeidelik psigoanalitiese benaderings en filmteorie. Die tweede aflewering van die Taalrubriek verskyn ook in hierdie tweede boek.

Sommige bydraes word in die Septemberuitgawe gekontinueer: die twee literêr-teoretiese artikels word geïllustreer aan die hand van tekste; en ’n rubriek waar standpunte gedebatteer kan word na aanleiding van die polities-regsfilosofiese artikel word in die vooruitsig gestel.

Ina Wolfaardt-Gräbe

Mei 2016

Oor monnemente gepraat – Afrikaans se eerste neëntig jaar

INLEIDING

In hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gedenk die redaksie die eerste negentig jaar van Afrikaans as 'n amptelike taal van Suid-Afrika, nadat hierdie status in Mei 1925 by wet daaraan toegeken is. Onwillekeurig kom die vonkel-in-die-oog-titel van ds. A.F. Louw se werk, *My eerste neëntig jaar*, by 'n mens op. Soos die waardige dominee oor sy eie lewe, is daar in hierdie bundel 'n terugkyk oor Afrikaans se verlede, maar ook sy toekoms.

En deel van hierdie verlede is ook die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl in 1975, iets meer as veertig jaar gelede.

Monumente is en was nog altyd semiotiese voorwerpe wat stellings maak, of vra om interpretasie, en dikwels in omstredenheid gehul is. Daarvan is daar voldoende voorbeelde, ook in die post-1994-era in Suid-Afrika. Waar 'n monument aan 'n politieke ideologie, of aan 'n taal- of ander identiteit verbind word, kan sulke omstredenheid selfs irrasionele afmetings aanneem – positief of negatief. Die reaksie wat die teenwoordigheid van so 'n monument ontlok, kan soms ook heel effektief by wyse van ironie of humor uitgedruk word, soos die humoristiese verse uit die bekende *Kaapse Sonnet* van Peter Blum oor die oprigting van die Voortrekkermonument:

Oor monnemente gepraat

Wat spog jul so met julle monnemenet?
Hy's groot ma' lielak, en hy staan so kaal
da' op sy koppie. Wie't vir hom betaal
al daai graniet en marmer en sement?

Die Afrikaanse Taalmonument, wat, anders as die tema van Blum se gedig, die aandag deur sy ontwerp vestig op die heterogene aard van die nuwe taal wat op die Afrikakontinent tot stand gekom en tot iets besonder uitgegroeï het, is geen uitsondering in hierdie tradisie van monnemente as kontroversiële simbole nie. Sienings van, en houdings oor, die taal het daarby egter oor die jare enigermate ontwikkel, en die rol wat die monnemenet in die hedendaagse tydvak speel, is eerder 'n aanduiding van 'n vernuwende rol binne die gevarieerde Afrikaanse taalgemeenskap, wat aansluit by die landsleuse *!ke e:ˌxarra //ke* ('diverse mense verenig').

Hierdie uitgawe neem dan die geleentheid te baat om vanuit die moderne perspektief, en met die voordeel van nakennis, die idees rondom die konsep van 'n monnemenet vir 'n abstraktum soos taal (weliswaar met waarneembare neerslag) wat in die aanloop tot die oprigting en inwyding van die Afrikaanse Taalmonument veertig jaar gelede geopper is, in herinnering te roep. Wat terselfdertyd in gedagte gehou word, is dat die monnemenet opgerig is in die vyftigste jaar ná die erkenning van Afrikaans as amptelike taal, en as sodanig ook dien as visuele baken van die ontwikkeling van 'n vroeëre "kombuistaal", beperk tot die meer beskeie funksies van alledaagse kommunikasie, tot 'n taal met 'n gestandaardiseerde vorm, en leksikaal toegerus om die funksies van 'n staatshuishouding te vervul naas Engels, die koloniale taal van die destydse Britse Ryk. In hierdie uitgawe val die soeklig dus, benewens die historiese agtergrond van die Taalmonument, op enkele virtuele bakens wat, anders as die "monnemente" à la Blum, iets weergee van die ontwikkelingspad waarlangs Afrikaans oor die afgelope pas meer as negentig jaar geloop het.

Die bydraes dek ’n verskeidenheid terreine, die historiese (waaronder sowel die geskiedenis van die Taalmonument, die vroeë ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, en die standaardiseringsgeskiedenis van die Afrikaanse ortografie, en hoe Afrikaans deur bepaalde taalpolitieke faktore bevoordeel en benadeel is), die leksikon van Afrikaans (waaronder die rol wat minder bekende woordeboeke in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, en nog speel, vaktaalonwikkeling, en die rol wat ’n bepaalde skryfwyse in ’n woordeboek speel in die skakeling tussen die Afrikaanse en ’n relatief vreemde taal- en leefwêreld soos dié van Japan), en laastens die belangrike rol wat die digitale ruimte speel in die ontsluiting van bronne oor Afrikaans, navorsing oor en dienslewering in Afrikaans, en die versterking van die funksies van, en toegang tot kennis deur, die taal by wyse van ’n platform soos Wikipedia.

DIE BYDRAES

Annemarie van Zyl en **Jannie Rossouw** evalueer in hulle artikel die rol en waarde van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl in die lig van die veertigste herdenking van die inwyding van die Monument, wat op 10 Oktober 1975 plaasgevind het. Die Monument het vanaf die eerste oomblik wat die idee posgevat het, gelei tot kritiek en tweespalt. Hierdie artikel ondersoek elke tipe kritiek wat destyds teen die Monument uitgespreek is, naamlik die wenslikheid, ligging, voorkoms, aard of funksie, simboliek en ideologie, en evalueer terugskouend die geldigheid daarvan al dan nie, maar laat ook die soeklig val op die samebindende, nuwe rol wat sowel die monument as die museum hedendaags vervul.

Om ’n gelykwaardige plek te kan inneem naas Engels as taal van staatshuishouding, bemagtiging, en die wetenskap en tegnologie, was die ontwikkeling van vaktaal in Afrikaans onontbeerlik. **Mariëtta Alberts** neem hierdie tema in oënskou, en toon aan dat, terwyl die Afrikaanse vaktaal histories as ’n lewende monument dien, dit ook as katalisator vir die ontwikkeling van die ander inheemse tale van die land van groot waarde is.

Jaap Steyn ontleed, aan die hand van die digter N.P. van Wyk Louw se siening van taalbewegings en sy opvattinge oor nasionalisme, die vordering van Afrikaans in die eerste helfte van die twintigste eeu. Hy let in hierdie artikel op die faktore wat bydra tot die welslae van ’n taalbeweging, en betoog dat ’n taalbeweging ’n kans op welslae het wanneer dit ’n “staatkundige stut” kan bekom en dus nie polities so magteloos is dat dit nie regeringsbesluite kan beïnvloed nie. Daarbenewens moet dit suksesvol wees in sy strewe om die bevordering van die taal te verbind met die bemagtiging van die minder bevoorregte lede van die gemeenskap. Om in ’n meertalige land onregverdig teenoor ander groepe op te tree, kan noodlottige gevolge vir ’n klein gemeenskap hê.

Rufus Gouws voer aan dat sowel woordeboeke waarin die algemene as dié waarin die vaktaal bewerk word, bydra tot die standaardisering van Afrikaans. Hoewel elke woordeboek dientengevolge kan aanspraak maak op “monumentstatus”, wys hy daarop dat talle woordeboeke se rol in die leksikografiese ontwikkeling van Afrikaans nie genoegsaam erken word nie. In sy artikel belig hy enkele minder bekende woordeboeke wat wel monumente van en vir Afrikaans is, en gee onder andere aandag aan woordeboeke wat gemeenskapsgedrewe produkte is, en ook blyke gee van die kreatiewe woordskeppingskrag van die Afrikaanse taalgemeenskap.

Ten spyte van die feit dat Afrikaans in sy eerste 90 jaar tot ’n volledige onderwys-, wetenskaps- en kultuurtaal ontwikkel het, is daar toenemend, en soms uit onverwagse oorde, druk op die taal in die fisiese ruimte waarin die sprekers hulle bevind. **Laurette Pretorius** wys in haar artikel hoe die posisie van Afrikaans volhoubaar versterk kan word deur ’n soort digitale taalbeweging by wyse van die ontwikkeling van die Afrikaanse Wikipedia, wat enersyds ’n enorme oop en vrye aanlyn ensiklopedie is, maar ook ’n spilpunt van taalhulpbronne en taaltegnologie – ’n virtuele taalmonument onder konstruksie.

In aansluiting by die vorige tema, doen **Adri Breedt, Wannie Carstens** en **Jako Olivier** 'n beroep op almal wat belang het by die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT), en dit moontlik ook nog nie besef nie, om gebruik te maak van hierdie omvattende, nuttige databasis van Afrikaanse taalkundebronne. Ten spyte van die bewese waarde daarvan vir navorsing oor Afrikaans, is dit noodsaaklik om die moontlikhede wat daardeur ontsluit word, verder bekend te stel.

In 'n artikel wat die onlangs tot stand gekome Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) onder die loep neem, lewer **Gerhard van Huyssteen, Melodi Botha** en **Alex Antonites** verslag van navorsing om leemtes in die Afrikaanse mark van digitale taalprodukte te identifiseer. Hierdeur word die aandag gevestig op die belangrikste behoeftes aan taalgebruikskundige (maar ook taalteoretiese) bronne wat primêr op Afrikaanse gebruikers afgestem is, en gekonsentreer is in 'n aantal sogenaamde portale, nl. Woordeboekportaal, Taalportaal, Adviesportaal, Korpusportaal en Inligtingsportaal. Ook hier word die belangrikheid van die digitale ruimte vir die optimale funksionering van die taal, nou en in die toekoms, beklemtoon.

Woordeboeke verleen toegang tot kennis wat in die woordeskat van tale opgesluit is, maar ook verder uitkring as bloot leksikale kennis: Vertalende woordeboeke dien as tweerigtingverkeer van en na verskillende kulture, waardeur grense op die wyse van die taal deurbreek word. In 'n artikel oor 'n aanlyn Afrikaans-Japannese woordeboek, waardeur die grense tussen hierdie twee tale ook ortografies oorbrug moet word, gee **Ernst Kotzé** 'n oorsig van faktore wat die leesbaarheid (en verstaanbaarheid) van Japannees vir Afrikaanstaliges kan vergemaklik deur 'n sisteem van transliterasie wat die uitspraak en morfologie van beide tale in ag neem.

Die fokus draai in die volgende artikel na die historiese aanloop tot die ontstaan van Afrikaans, waarvan daar reeds blyke was voordat Jan van Riebeeck hier voet aan wal gesit het. **Christo van Rensburg** ondersoek fragmentariese data uit die aanleerderstaal van die Khoi-Khoïn gedurende die eerste helfte van die sewentiende eeu, waarin daar heelwat eienskappe (en voorbeelde) van Afrikaans gevind word.

'n Onontbeerlike deel van die bemagtiging van Afrikaans as standaardtaal (en daarmee saam van sy sprekers), om ook vir die hoër funksies van 'n taal gebruik te kon word, soos die staatsbestel, die regspleging, die (hoër) onderwys, die wetenskap en die letterkunde, is die standaardisering van die ortografie. In **Tom McLachlan** se artikel laat hy die soeklig hierop val aan die hand van die tien uitgawes van die gesaghebbende *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS). Hy toon aan dat die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling, wat deur al tien AWS'e inhoudelik dieselfde gebly het, maar tog deurlopend gepresiseer en verfyn is, 'n merkwaardig stabiele spellingsisteem tot gevolg gehad het.

Afrikaans se eerste negentig jaar is gekenmerk deur stryd, groei, teleurstelling en vreugde. Bakens langs die pad, wat lewende aanduidings is van die groeikrag van die taal, word weerspieël deur die temas wat in hierdie uitgawe aan bod kom. Om uit die verlede te neem wat goed is, en die toekoms daarop te bou, is 'n bekende stelling, wat ook hier van pas is. Wat egter ook van belang is vir die verdere ontwikkeling en voortbestaan in geregtigheid van die taal is 'n inklusiewe benadering nodig, 'n omarming van alle Afrikaanssprekendes. Die toekoms van Afrikaans is in sy sprekers se hande. Maar dit is belangrik om te besef dat die toekoms van Afrikaans saamhang met die toekoms van ander moedertale in Suid-Afrika. Soos *Die Volksblad* op 6 Mei 2015 besluit het: "Die sowat 6,5 miljoen Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika sou weer goed doen as hulle hul taal aanwend nie om te vervreem nie, maar om uit te reik, te bemagtig en te omarm."

Ernst Kotzé en Fransjohan Pretorius

Gasredakteurs

Mei 2016

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later

The Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl: 40 years later

ANNEMARIE VAN ZYL

Afrikaanse Taalmuseum en -monument
Paarl

E-pos: navorsing@taalmuseum.co.za

JANNIE ROSSOUW

Hoof: Skool vir Ekonomiese en Sakewetenskappe
Universiteit van die Witwatersrand

E-pos: Jannie.Rossouw@wits.ac.za



Annemarie van Zyl Jannie Rossouw

<p>ANNEMARIE VAN ZYL is die Kurator: Navorsing en Versamelings van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM). Sy fokus in haar navorsing op die historiese en sosiale aspekte van die Afrikaanse taal. Die resultate van haar navorsing vind uitdrukking in populêre en akademiese lesings en artikels wat onder andere op die ATM se webtuiste gepubliseer word. Sy het haar doktorsale studies in historiese argitektuur aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Sy lewer gereeld referate by werkwinkels, konferensies en simposia.</p>	<p>ANNEMARIE VAN ZYL is the Curator: Research and Collections of the <i>Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM)</i> (Afrikaans Language Museum and Monument). Her research concentrates on the historical and social aspects of the Afrikaans language. The research results are disseminated by means of popular as well as academic lectures and articles, which are also posted on the ATM website. She has completed her doctoral studies in historical architecture at the University of Stellenbosch. She is a regular speaker at workshops, conferences and simposia.</p>
<p>JANNIE ROSSOUW is Hoof van die Skool vir Ekonomiese en Sakewetenskappe aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy was voorheen by die SA Reserwebank werksaam. Sy vernaamste navorsingsvelde is geloofwaardige en akkurate inflasiesyfers en Suid-Afrika se fiskale posisie. Hy het etlike akademiese artikels in vakwetenskaplike tydskrifte gepubliseer en spreek gereeld plaaslike en internasionale konferensies oor sy navorsing toe. Hy dien as Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl.</p>	<p>JANNIE ROSSOUW is Head of the School for Economic and Business Sciences at the University of the Witwatersrand. Previously he worked at the SA Reserve Bank. He has published numerous academic papers in accredited journals in South Africa and abroad, and addressed local and international conferences on his research interests. His research focuses on inflation perceptions and South Africa's fiscal position. He serves as Chairperson of the Audit and Risk Committee of the Afrikaans Language Monument and Museum in Paarl.</p>

ABSTRACT***The Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl: 40 years later***

This paper reports on the background and history of the Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl and examines the relevance of the entity in the South Africa of today.

The Afrikaanse Taalmonument (Afrikaans Language Monument), erected on the foothills of Paarl Mountain, is a well-known tourist destination attracting a considerable number of visitors each year. Although the Monument has a high profile, it is not generally known that there is also a museum for the Afrikaans Language in Paarl, situated in the centre of town. The Museum was inaugurated on 14 August 1975, commemorating the founding of the Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA, or Society for Real Afrikaners), which took place in the same building a century earlier. The Monument and Museum form part of the same entity, the Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM).

The first initiative for the erection of a language monument in Paarl dates back to 14 August 1942, at a commemoration of the historical founding of the GRA. At a subsequent public meeting in the Paarl Town Hall in September 1942 an Afrikaans monument committee (ATMK, or Die Afrikaanse Taalmonumentkomitee – Afrikaans Language Monument Committee) was established with the aim of taking forward the initiative.

It took more than three decades for the vision of that initial group to be realised. Fund-raising and awareness drives were held nationally, and various issues such as the location of the monument and the form it should take were hotly debated. Eventually, in 1964, twelve architects were invited to take part in a competition to design the monument. The competition was won by architect Jan van Wijk. Van Wijk's design was a purely symbolic, non-functional structure with strong architectural lines, richly imbued with meaning. He had used the writings of two well-known Afrikaans authors to inspire his design.¹

Among the aspects debated before, during and after the erection of the Monument, the most important were issues of location, aesthetics, function, symbolism and ideology.

The very fact of building a tangible structure such as a monument for intangible heritage, namely language, was questioned in terms of the necessity, practicality and advisability of such an undertaking. These concerns were addressed and answered by the then Prime Minister, adv. BJ Vorster, in his inaugural speech of the Monument. According to him (own translation and abridgement):

If your mother were just a woman, and your flag just a piece of cloth, your national anthem just a poem, and your language just a means of communication; then for you this monument will be a lifeless structure of concrete and granite. Afrikaans had to prove itself against overwhelming odds, and has done so admirably, and that is the reason why a monument has been erected in its honour.

Regarding location, the general opinion initially was that the monument should be located in the centre of town, where a core of buildings intimately linked to the history and development of Afrikaans are to be found. The lobby for greater visibility and therefore greater public consciousness won the day and the Monument was erected on the mountainside where it can be seen from all directions from a distance of up to 50 kilometres. The location still draws comments from visitors today; mostly favourable. The panoramic views are one of the great drawcards of the site.

As for aesthetic appeal, the visitor comments reflect a spectrum of opinions, from the very favourable to descriptions such as "bizarre and definitely ugly". This proves the validity of the

¹ For a detailed explanation of the symbolism, visit www.taalmonument.co.za

saying “beauty is in the eye of the beholder”. That it is undoubtedly a striking structure, is upheld by the fact that the Monument has been included in a book on the 500 most iconic architectural structures in the world (Cattermole 2008:383), the only South African building to receive that honour.

At the time of erection, many of the comments reflecting unfavourably on the appearance were in fact aired by protestors against the perceived ideology the Monument portrayed, rendering the criticism worthless in terms of aesthetic considerations. References to the so-called phallic appearance abounded, and are still occasionally heard today; a clear attempt at discrediting and reduction to an object of ridicule without any objective basis.

Regarding functionality, the initial idea was to erect a functional building where the language could be practically promoted and showcased, amongst others by offering language training and creating a reference library of rare Africana books and documents. By the time the invitation went out to the architects, the idea had radically evolved into the concept of a symbolic, non-functional structure, albeit situated in a functional landscape conducive to family recreation. With the acquisition of the Museum, however, part of the initial vision of the Committee was realised, and today the Museum boasts research facilities such as a dedicated reading room, an extensive Africana collection and the services of a qualified researcher. Various courses geared towards the promotion of language in the wider sense of the word are also offered by the ATM, among others courses in Mandarin presented by a lecturer from the University of Stellenbosch.

Although the general symbolism embodied in the Monument, and especially the way in which Van Wijk expressed it architecturally, was met with an overwhelmingly positive response from the Committee, the inclusion of the influence of indigenous languages on the development of Afrikaans engendered strong opposition from a small faction led by the previous chairman of the Committee. They felt that such references were “historically incorrect”. The disagreement led to bitter arguments, intensive lobbying, petitions, and eventually a total schism. Sanity, however, prevailed and the symbolism as initially visualised by Van Wijk was accepted unchanged. In keeping with current ideas about symbolism and meaning-making, and the offering of an official interpretation or not, the architect envisaged a monument imbued with very rich symbolism, which spoke for itself, as it were, and leaves onlookers to find specific meaning according to the viewpoints held by each individual.

Afrikaans and its relationship to the other languages of South Africa is a so-called site of contestation, which by implication makes the Monument one as well (Simos 2012:1; Smith 2013:135). The Monument was erected in the heyday of the Apartheid government, and many critics maintained that the government of the day had openly “hijacked” the Monument as a powerful symbol of Afrikaner Nationalism. This was brought about in part by the project having been heavily sponsored by the state.

Another factor which led to bitter politically inspired clashes was that, initially, few Coloured people were intended to take part in or be invited to the inauguration. This was despite extensive use of Afrikaans in the Coloured community, and sent the message of White exclusivity and elitism. A storm brewed in the media, which eventually led to the inclusion in the program and invitation to the event of a significant number of people from other races. However, for many anti-apartheid activists it was a case of too little, too late, and they still refused to attend the proceedings.

Political viewpoints were, and still are, the leading cause of criticism levelled at the Monument. Although the country today is a transformed, multiracial, multicultural society, many South Africans are still deeply suspicious, and view the efforts of the ATM to transform their events, exhibitions and educational programs to attract people from across the entire spectrum of the population, as mere window-dressing. It remains an uphill battle for the entity to reposition itself as a cultural rather than political icon in the eyes of the world, but great inroads to this effect have been made in the past number of years.

KEY CONCEPTS: Afrikaans, Afrikaans Language Museum and Monument, criticism of the Afrikaans Language Monument, Paarl, language monuments, language museum

TREFWOORDE: Afrikaans, Afrikaanse Taalmuseum en -monument, kritiek op die Afrikaanse Taalmonument, Paarl, taalmonumente, Taalmuseum

OPSOMMING

In hierdie artikel word die rol en waarde van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl geëvalueer in die lig van die veertigste herdenking van die inwyding van die Monument. Die inwyding het op 10 Oktober 1975 plaasgevind.

Hoewel die Monument 'n bekende baken is, is dit nie tot dieselfde mate bekend dat daar ook 'n Afrikaanse Taalmuseum is wat saam met die Monument funksioneer nie. Die Museum word gehuisves in die destydse woonhuis van Gideon Malherbe, waar die *Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)* op 14 Augustus 1875 gestig is.

Inisiatiewe om 'n Afrikaanse Taalmonument in die Paarl op te rig, kan teruggevoer word tot so ver terug as September 1942, toe 'n komitee op die been gebring is om fondse daarvoor in te samel. Die Monument is uiteindelik meer as 30 jaar later ingewy.

Die Monument het vanaf die eerste oomblik wat die idee posgevat het, gelei tot kritiek en tweespalt. Hierdie artikel ondersoek elke tipe kritiek wat destyds teen die Monument uitgespreek is, naamlik die wenslikheid, ligging, voorkoms, aard of funksie, simboliek en ideologie, en evalueer terugskouend die geldigheid daarvan al dan nie.

1. AGTERGROND EN RASIONAAL^{2,3}

Die veertigste herdenking van die inwyding van die Monument het op 10 Oktober 1975 plaasgevind. Die openingsplegtigheid is deur die toenmalige Eerste Minister van Suid-Afrika, adv BJ Vorster, waargeneem en is deur meer as 40 000 mense bygewoon (*Die Burger* 11 Oktober 1975). Volgens Vorster was die oprigting van die monument 'n bewys van Afrikaners en Afrikaans se reg om in Afrika te wees (Vorster: Toespraak, 1975).

Die Taalmonument se opening is voorafgegaan deur die amptelike opening van die Taalmuseum op 14 Augustus 1975. Hierdie museum word gehuisves in die destydse woonhuis van Gideon Malherbe, waar die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) presies 100 jaar tevore, op 14 Augustus 1875, gestig is.

Die struktuur van die artikel is soos volg: Die aanloop tot die besluit om die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl op te rig, word in afdeling twee bespreek en afdeling drie behandel die simboliek van die Monument. Afdeling vier gee 'n oorsig van die oprigting van die monument. Afdeling vyf bied 'n oorsig van die geskiedenis van die Afrikaanse Taalmuseum. In afdeling ses word kritiek teen die oprigting van en kommentaar op die Monument bespreek. Afdeling sewe bied 'n toekomsblik en die gevolgtrekkings volg in afdeling agt.

² Die artikel weerspieël die persoonlike sienings en menings van die outeurs, en moet nie aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument of aan die Universiteit van die Witwatersrand toegeskryf word nie.

³ Die outeurs bedank Stephen Smith (University of Newcastle, Australië), Ernst Kotzé (emeritus-professor), Jack Louw (Direkteur ATM) en Isabeau Botha (Bemarkingsbestuurder ATM) vir hul nuttige en waardevolle insette in vorige weergawes van hierdie artikel. Die outeurs bly egter verantwoordelik vir enige foute of weglatings.

2. AANLOOP TOT DIE OPRIGTING VAN DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT, PAARL

Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig met die doel om Afrikaans, waarop daar op daardie stadium nog neergesien is as 'n "kombuistaal", tot amptelik-erkende taal te verhef.

Volgens die Genootskap was daar drie verskillende soorte Afrikaners in Suid-Afrika, naamlik:

- Afrikaners met Hollandse harte wat nog vasklou aan hul Hollandse verlede en die moederland in Europa wat hulle reeds 225 jaar gelede verlaat het.
- Afrikaners met Engelse harte wat die taal en kultuur van die Engelse regering aanvaar het as hul eie.
- Regte Afrikaners met Afrikaanse harte wat die taal en kultuur van die nuwe land aangehang het.

Vanselfsprekend het die lede van die GRA hulself met laasgenoemde groep vereenselwig. Hierdie uitgangspunt illustreer 'n ontluikende Afrikanernasionalisme, waar daar uiting gegee is aan 'n Afrikanernasiegevoel "waarin taal 'n belangrike merker van identiteit was" (Huigen 2008:154).

Die gedagte om 'n monument vir die Afrikaanse taal in die Paarl op te rig, is alreeds op 14 Augustus 1942 geopper ten tye van 'n seremonie by die Daljosafat-kerkhof buite die Paarl. Die geleentheid was die onthulling van 'n gedenkplaat ter ere van S.J. du Toit, D.F. du Toit en P.J. Malherbe, drie lede van die GRA wat daar begrawe lê. Dit het gelei tot 'n openbare vergadering in die Paarlse stadsaal op 26 September 1942, waar die Afrikaanse Taalmonumentkomitee (ATMK) onder groot belangstelling in die lewe geroep is. Die voorsitter was ds PJ Loots, 'n vooraanstaande predikant en gemeenskapsleier van die Paarl, en die ondervoorsitter was die legendariese SPH (oom Seppie) de Villiers. Die res van die komitee het bestaan uit drr AL de Jager, W de Vos Malan, JJ Muller, GG Cillie, mnre GC Burger (sekr), HA Rust, WA Joubert en WH Louw, en mej J Meyer.

Die doel van die komitee was om fondse in te samel vir die oprigting van 'n "waardige taalmonument in die Paarl" en vir beurse aan "verdienselike gevorderde studente wat hulle spesiaal op 'n intensiewe studie van die Afrikaanse taal wil toelê" (ATMK-notule, 26/10/1942).

Daar is entoesiasies weggespring, en 'n sogenaamde *Oproep* is opgestel om die saak onder die aandag van die hele Suid-Afrika te bring. Hierdie *Oproep* het wye mediadekking geniet. Die fondsinsamelings was egter aanvanklik nie so suksesvol soos gehoop is nie, en meer as drie dekades sou verloop voordat die Monument uiteindelik 'n werklikheid geword het.

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) (sedert 1991 opgeneem in die ATKV) was vanaf 1963 intensief by die werksaamhede betrokke en het mettertyd op eie koste al die administratiewe en sekretariële pligte oorgeneem (ATMK Jaarvergadering notule 15/3/1963). Die organisasie het 'n groot rol by fondsinsameling gespeel en self ook 'n bedrag geskenk.

Die staat, by monde van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, het voorwaardelik finansiële steun beloof, maar gewaarsku dat die volle bedrag vir die oprigtingskoste gevind sou moes word alvorens daar met bouwerk begin kon word, om "die Afrikanersaak" van 'n moontlike verleentheid te red (ATMK-notule 26/10/1942).

Hoewel die fondse teen 'n traie tempo bekom is, is die komitee nie daardeur ontmoedig nie. Daar is uiteindelik in 1964 'n kompetisie vir die ontwerp van die monument uitgeskryf en twaalf argitekte is genooi om daaraan deel te neem. Volgens die opdrag moes die monument van ver af sigbaar wees en onder meer die kulturele en staatkundige opbloeit van Afrikaans uitbeeld (ATMK Werkskomitee notule 11/11/1964).

Die ontwerp van die argitek Jan van Wijk is meer as 'n jaar later, na vele oponthoude en probleme, as wener aangewys (ATMK Werkskomitee notule 24/1/1966; Van Wijk 2014:41).


3. SIMBOLIEK VAN DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

Een van Van Wijk se belangrikste ontwerpbeginsels was dat die monument by die natuurlike terrein moes inskakel en dit moes aanvul. Die volgende stap was om 'n beeld van Afrikaans te soek. In die proses om 'n konkrete vorm vir die taal te vind, het hy gevra: "Hoe lyk 'n taal? [...] Jy kan baie werkwoorde aan 'n taal verbind – jy kan hom lees, skryf, praat, sing, leer, doseer, in hom dink, in hom bid, hom selfs liefhê of haat – maar jy kan hom nie sien nie. [...] Ek soek 'n beeld. Waar gaan ek een haal? [...] : uit woorde" (Van Wijk 2014:23).

Van Wijk het aanklank gevind by die woorde van twee groot Afrikaanse skrywers, wat uiteindelik die uiterlike vorm van die Monument geïnspireer het. Die bekende skrywer CJ Langenhoven het Afrikaans as 'n snelstygende boog beskryf, en Van Wijk het 'n wiskundige hiperbool in daardie beeld herken. So is die idee van die groot suil van die Monument gebore.

Van Wijk het egter besef dat die beeld nie slegs 'n uiterlike vorm kon wees nie, maar dat daar ook definisie aan die vorm moes wees. Om hierdie definisie visueel uit te druk, het Van Wijk die woorde van die skrywer NP van Wyk Louw gebruik, wat Afrikaans beskryf het as die taal wat Wes-Europa en Afrika soos 'n brug verbind. Louw het Afrikaans ook beskryf as 'n "glansende werktuig" en 'n "tweesnijdende swaard". Al hierdie gedagtes het die monument in Van Wijk se geestesoog laat vorm aanneem en uiteindelik in die ontwerp neerslag gevind.

Links van die aantrede tot die monument staan drie suile (A) wat die Wes-Europese tale en kulture verteenwoordig wat in Afrikaans neerslag gevind het – Nederlands, Frans, Duits, Portugees en ander. Nie een van die suile verteenwoordig 'n spesifieke taal nie; die getal drie is gebruik omdat dit ondeelbaar is. Die suile begin as aparte strukture wat dan in 'n stygende kurwe saamsmelt om deel van die hooflyn van die monument te vorm. Die hoogste een van die drie is ongeveer 13,5 m.



Regs van die aantrede is 'n podium (C) wat die suidpunt van Afrika verteenwoordig. Op die podium is daar drie koepels, wat die invloed van die inheemse Afrikatale op Afrikaans simboliseer. Hierdie strukture is ook só geplaas dat hulle 'n kurwe vorm wat by die hooflyn aansluit en weer eens is die ondeelbare getal drie gebruik.

Waar die twee kurwes van Wes-Europa en Afrika bymekaar kom (D), word 'n brug gevorm, wat die versmelting van die twee kontinente se tale versinnebeeld. Die invloed van die Maleise taal en kultuur word deur 'n muur (B) op die trapaantrede van die monument voorgestel. Die muur is só tussen die kurwes van Wes-Europa en Afrika geplaas dat dit apart staan, maar tog 'n eenheid vorm met hierdie twee kragte, wat saamsmelt om die brug te vorm wat dan simbolies die basis van Afrikaans uitbeeld.

Die hoofsuil van die monument (E) stel die snelstygende boog van Afrikaans en sy versnellende groei (Langenhoven se hiperbool) voor. Die suil staan in 'n poel water wat die gedagte verder versterk van Afrikaans as 'n lewende, groeiende entiteit, wat lewensonderhoud nodig het vir sy voortbestaan. Die skerp lyne van die suil verbeeld die tweesnydende swaard soos deur Van Wyk Louw beskryf. Die suil is ongeveer 57 m hoog en dit eindig oop en stomp om aan te dui dat die groeiproses nog steeds voortgaan. Die ligspel wat binne die brug plaasvind as gevolg van die waterpoel, saam met die perforasies in die hoofsuil, versinnebeeld die taal as glansende werktuig.

Saam met die hoofsuil staan daar nog 'n suil (F) in die poel. Dit is die republieksuil wat Suid-Afrika, die land waarin die taal gevorm is, uitbeeld. Die pilaar staan los van Afrikaans en het op sigself niks met Afrikaans te make nie, maar met die geheel. Die pilaar is oop na Afrika om aan te dui dat interaksie tussen Suid-Afrika, Afrika en Afrikaans voortdurend plaasvind (ATMK Werkskomitee notule 15/2/1968).

4. OPRIGTING VAN DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

Dit het lank geneem vir die komitee om eenstemmigheid te bereik oor die terrein waar die monument opgerig moes word. Talle lede het gemeen dat die plein langs die Toringkerk (oorkant die huidige Taalmuseum in Pastorielaan in die Paarlse middedorp) die geskikste terrein sou wees, gesien die verbintenis daarvan met en nabyheid aan Huis Gideon Malherbe. Hulle is hierin ondersteun deur die Historiese Monumentekommissie (ATMK Werkskomiteenotule 16/08/1963). Andere was van mening dat die monument baie groter en grootser moes wees as wat die beperkte ruimte van die plein sou toelaat.

Die idee van 'n monument teen of op Paarlberg, waar dit van ver af sigbaar sou wees, is tussen 1955 en 1961 die eerste keer geopper (die notules van daardie tydperk ontbreek). Verskeie terreine op die berg is ondersoek, waarna daar in 1964 finaal op die huidige terrein besluit is (ATMK-notule 21/2/1964).

'n Stuk grond van 100 morg (ongeveer 85 ha) is kosteloos deur die Paarlse Stadsraad aan die Staat oorgedra vir die uitsluitlike gebruik van die Monumentkomitee (ATMK-notule 21/2/1964). Die argitek Jan van Wijk het die terrein besoek as deel van sy voorbereiding vir die ontwerp. Die ATMK-komitee het in 'n brief aan hom aangedui dat hulle 'n terrein met vier groot granietrotse net onderkant 'n landmetersbaken as die ideale basis vir die monument beskou. Dit is ook die area wat Van Wijk as die geskikste plek aan sy vrou aangedui het tydens hul besoek, nog voordat die komitee op daardie terrein besluit het (e-pos Erna van Wijk 14 Maart 2014).

Die komplekse taak om die struktuur op die korrekte plek en in die korrekte verhoudings op te rig, is gedoen deur eers die lyne en boë op skaalmodelle te ontwerp en dit daarna wiskundig in meetkundige boë om te sit. Die boë is met behulp van 1 100 punte op 'n driedimensionele assestelsel geprojekteer om die buitelyne van die Monument te bepaal. Drie koördinate vir elke punt is op die assestelsel geprojekteer. 'n Landmeter het die koördinate bepaal vanaf 'n spesifieke vaste punt,

naamlik 'n groot rots op die terrein. Die meetkundige boë wat met behulp van die skaalmodelle vasgestel is, is gebruik om die afmetings en vorm van die bekistingstukke te bepaal. Voordat die beton gegiet is, is die 3 300 koördinate van die bogenoemde driedimensionele assestelsel weer eens wiskundig bevestig om te verseker dat die bekisting met die landmeter se oorspronklike projeksies ooreenstem.

Die monument is opgerig deur ATM Konstruksie, 'n spesiaal-gestigte konsortium bestaande uit Murray & Stewart (Boland) en Holtzhausen & Hugo (Van Wijk 2014:85). 'n Betonmengsel is in 'n voorafvervaardigde bekistingstruktuur gegiet. Die bekisting het bestaan uit vertikale metaalstutte met horisontale, geboë pype, wat met skeepslaaghout uitgevoer is. Elke horisontale pyp is op die terrein volgens sy spesifieke boog gebuig. Waar die kurwes aan die bokante van die suile te klein geword het vir die pype, is bekistingvorme uit hout vanaf skaalmodelle gemaak. 'n Model van die hoofsuil is op Stellenbosch deur die WNNR in 'n windtonnel getoets, waar bevind is dat dit 'n windsterkte van tot 160km/h sou kon weerstaan.

Die betonmengsel waarmee die Monument gebou is, het bestaan uit sement, wit sand en Paarl-graniet. Aangesien die argitek die kleur van die rotse op die terrein wou naboots, het hy aangedring op die gebruik van die buitenste grysbruin lae van die graniet saam met die binneste bloueriige gedeelte. Die tekstuur van die rotse op die terrein is nageboots deur die gladde sement-opervlak met spesiale lugdrukboere te verwyder om die granietklippies in die mengsel bloot te lê (ATM-monumentboekie).

Die totale oprigtingskoste van die monument en amfiteater (slegs die geboue, uitgesonderd terreinontwikkeling en infrastruktuur) het uiteindelik R1 061 411,45 beloop (Brief Jan van Wijk 30/7/1976). Aangepas vir inflasie beloop dit tussen R50 en R60 miljoen teen huidige waarde. Dit is gefinansier uit die bydraes wat deur die jare ingesamel is, aangevul deur 'n ruim bydrae van die destydse regering (ATMK Werkskomitee notule 23/3/1973).

5. GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM

Die GRA is in 1875 gestig in die huis wat Gideon Malherbe, bekende wynboer en sakeman van die Paarl, in ongeveer 1860 laat bou het. Ná sy dood in 1921 is die huis omskep in 'n losieshuis, Westfalen genoem. Die Taalmonumentkomitee het die belangrikheid van die huis besef en alreeds in 1963 'n aanbod (van R8 000) daarop gemaak, maar die destydse eienaar was nie daarvoor te vinde nie. Die gebou het uiteindelik in 1971 op die mark gekom en is toe teen 'n bedrag van R30 000 aangekoop vir die doel om dit in 'n museum te omskep. Aangepas vir inflasie beloop die koopsom teen huidige waarde sowat R1,5 miljoen.

Ná die aankoop van die huis is daar koorsagtig agter die skerms gewerk om dit gereed te kry vir die inwyding in 1975, wat tot Taaljaar verklaar is. Dr Dirk Kotzé van die Universiteit van Stellenbosch, wat al sedert 1964 by die Taalmonumentkomitee betrokke was, het intensiewe en uitgebreide navorsing oor die vroeë geskiedenis en ontwikkeling van Afrikaans, en spesifiek die GRA, gedoen. In die proses het hy 'n groot hoeveelheid Africana-tekste vir die museum bekom. Hy het ook reusewerk gedoen ten opsigte van die opspoor van afstammelingen van Gideon Malherbe vir die doeleindes van verkryging van Malherbe-memorabilia en -artefakte, asook vir inligting oor die huis en die familie (*Die Afrikaanse Taalmuseum* 2015).

Die komplekse taak om die gebou as museum in te rig het ook ingesluit die restourasie van gedeeltes van die grondvloer tot so na aan die tydperk toe Gideon Malherbe die huis bewoon het as moontlik. Dit is gedoen deur argitek Gawie Fagan. By die inrigting van die interieur het die navorsers grootliks gesteun op herinneringe en insette deur oorlewende Malherbe-kindere en ander nabye familieledere (*Die Afrikaanse Taalmuseum* 2015).

Die museum is tydens die amptelike opening op 14 Augustus 1975, wat daardie jaar tot vakansiedag verklaar is (*Die Burger* 14 Augustus 1975), seremonieel oopgesluit deur Gideon Malherbe se oudste oorlewende seun Johnny, wat op daardie stadium 96 jaar oud was.

Die museum huisves tans die huismuseum op die onderste vloer, waar die vertrekke ingeklee is om 'n welvarende mid-Victoriaanse woning uit te beeld. Talle van die toebehore en meubelstukke is afkomstig uit die Malherbe-familie. Die boonste vloer beeld op dinamiese en interaktiewe wyse die geskiedenis van Afrikaans uit. 'n Leeskamer is ook in die huis ingerig waar navorsers die vroeë dokumente kan raadpleeg. Hierdie dokumente word gehuisves in 'n brandbestande argief met temperatuur- en humiditeitbeheer. Die oorspronklike drukpers waarop onder andere *Die Patriot* (die amptelike mondstuk van die GRA) gedruk is, is ook te sien.

6. KRITIEK TEEN EN KOMMENTAAR OP DIE MONUMENT

Monumente is die visuele konkretisering van sekere idees, ideale, waardes en ideologiese geloofstelsels en as sodanig altyd onderhewig aan subjektiewe kritiek (Smith 2013:58). Eldridge haal King aan wat beweer dat monumente dikwels as bronne van kontroversie aageer. In die aanloop tot hul oprigting sowel as ná die oprigting heers daar nie slegs wrywing oor die boodskap wat die monument moet oordra nie, maar ook oor die wyse waarop die boodskap oorgedra moet word (Eldridge 2003:25).

Die Taalmonument was geen uitsondering nie en die Monumentkomitee het vanuit die staanspoor met teenkating teen feitlik elke fase van die projek te kampe gehad. Kritiek was nie net beperk tot die tydperk voor, tydens die bou en met die inwyding van die Monument nie; dit duur steeds voort, hoewel in 'n baie kleiner mate.

Die kontroversie rondom die Monument het oorwegend met die ligging, die voorkoms, die aard of funksie, die simboliek en die politiese ondertoon daarvan te make gehad. Sommige kommentators was ook gekant teen die hele gedagte en het die wenslikheid van of noodsaak vir die oprig van so 'n monument bevraagteken.

6.1 Ligging

Die komitee het lank gedebatteer oor 'n geskikte plek vir die oprigting van die monument. Oorspronklik is die plein van die Noorder-Paarlse kerk as die beste ligging vir 'n monument beskou. Dit sou geografies sin maak, aangesien dit geleë sou wees tussen Huis Gideon Malherbe (HGM, die huidige Taalmuseum), die Gimnasium-skoolgebou, wat operig is as bolwerk teen verengelsing, en die Noorder Paarl-kerkgebou, wat ook ten nouste met die taalstryd geassosieer word (*Die Huisgenoot* 4 Augustus 1950:12).

Die idee van 'n baie groter monument met hoër sigbaarheid as wat voorheen gevisualiseer is, het reeds in die vyftigerjare van die vorige eeu gestalte begin kry en die meerderheid komiteelede was ten gunste van 'n voorstel om die monument teen Paarlberg op te rig (ATMK-notule 9/11/1962). Die prysvraag wat aan uitgesoekte argitekthe gestuur is om hulle uit te nooi om hul ontwerpe voor te lê het ook baie spesifiek uitgespel dat die monument van ver af sigbaar moes wees (Van Wijk 2014:20).

Die toenmalige Historiese Monumentekomitee (HMK) het egter aanvanklik, toe hulle genader is oor die idee, botweg geweier om die voorgestelde terrein op Paarlberg goed te keur, aangesien die berg op 25 Oktober 1963 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is en hulle gevrees het dat die natuurlike omgewing geskend sou word deur die monument (ATMK-notule 1/11/1963).

Nadat daar op die bergterrein besluit is, het "n groot aantal" Paarliete by monde van ene mnr JA van der Merwe die Afrikaanse Taalmonumentkomitee toegesprek oor hul besware teen die

terrein. Die groep was ten gunste daarvan dat die gedenkteken in die middel van die Paarl opgerig moes word, en nie teen die berg nie, aangesien die taalstryd en taalbeweging “’n mens laat dink aan die middelpunt van die Paarl.” Hulle het ook gevoel dat dit simbolies verkeerd sou wees dat die monument ’n suidelike uitsig (in die rigting van Kaapstad) sou hê, aangesien “die eer vir die triomf die binneland toekom en nie die Kaap (bedoelende Kaapstad en onmiddellike omgewing) nie” (ATMK-notule 26/3/1965). Oprigting binne-in die Paarl sou natuurlik die aanvanklike besware van die HMK ook uit die weg ruim.

Die betoog dat die taalstryd in mense se gedagtes met sentraal-Paarl geassosieer word, was geldige kritiek in die lig van die historiese relevansie van die terrein rondom HGM. Dit kan egter ook beskou word as tekenend van die feit dat die groep beswaarmakers nie die komitee se groter visie gedeel het nie. Hulle was klaarblyklik, tipies van die sestigerjare, konserwatief in hul uitkyk, veral ook in die lig van die feit dat hulle die glorie vir hulself wou toe-eien en nie bereid was om die Kaap (met sy assosiasie met Engels) selfs net simbolies te erken nie.

Adv. WA de Klerk, ’n bekende Afrikaanse skrywer van die Paarl en lid van die ATMK, was ook gekant teen die bergterrein, maar ook nie ten gunste van die Noorder-Paarl gemeente se kerkplein in die middel van die dorp nie. Hoewel De Klerk in die komitee gedien het, en daar in die notules geen melding gemaak word van teenkanting spesifiek deur hom uitgespreek nie, het hy by verskeie ander geleenthede wel laat blyk dat hy nie in ooreenstemming met verskeie van die komitee se besluite was nie (Pakendorf 1992; De Klerk 1972).

Advokaat WA de Klerk was van mening dat die monument opgerig moes word op ’n plek met ’n (in sy opinie) sterker verbintenis met die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse taal. Die logiese keuse volgens hom was Kleinbosch in Daljosafat net buite die Paarl, die familieplaas van die Du Toits en Malherbes (Coombes 2003:46). Stigterslede van die GRA is op daardie plaas gebore en begrawe, en die Gedenkskool der Hugenoten, die eerste skool waar kinders amptelik in Afrikaans onderrig is, is ook daar geleë. Die geboutjie van die Gedenkskool was op daardie stadium weinig meer as ’n ruïne.

Die idee van Kleinbosch as monumentterrein is tydens ’n vergadering van die ATMK-werkskomitee op 1 November 1963 geopper, op ’n stadium toe groot probleme met die goedkeuring van die bergterrein ondervind is. Tydens die volgende vergadering (21 Februarie 1964) is daar egter finaal besluit om ten spyte van al die teenkanting deur te druk met die gedagte van ’n monument teen die berg.

De Klerk het sy teenkanting verskeie male in die pers vermeld (onder andere in ’n berig in *Die Burger* 2 November 1971) en ook in ’n boek deur hom wat die jaar voor die inwyding van die Monument gepubliseer is. Hy betoog daarin dat die “werklike oorsprong” van die Afrikaanse Taalbeweging in die “afgesonderde Hugenotelandskap van die Drakensteinvallei” lê (De Klerk 1974:148). Agterop die omslag herhaal hy dat die “ware monument vir die Afrikaanse taal” in Dal Josafat is (De Klerk 1974). Hy het nooit afgewyk van hierdie standpunt nie en amper 20 jaar later, op sy 75ste verjaardag (7 Maart 1992), steeds verklaar: “... die ware taalmonument lê daar oorkant, by Kleinbosch, waar bykans elke faset van die Afrikaanse kultuur sy beslag gekry het” (Pakendorf 1992).

Die verloop van 40 jaar het egter onomwonde bewys dat die keuse en aanvoeling van die ATMK korrek was. ’n Minder dramatiese monument in die Paarlse middedorp sou waarskynlik teen hierdie tyd lankal die pad van baie ander vergete taalmonumentjies in Suid-Afrika gevolg het. Daarteenoor is die ligging van die Monument teen Paarlberg dramaties en imponerend, wat die sigbaarheid en bewussyn daarvan verhoog. ’n Besoeker het dit só gestel: “Everyone does know it because when you’re driving you can’t miss it. It makes it special” (Smith 2013:242).

Daar is wel ook persone wat die hoë sigbaarheid kritiseer. Sommige respondente in 'n ondersoek wat in 2010 deur 'n onafhanklike Australiese navorser, Stephen Smith, gedoen is oor die besoeker se ervaring by die Monument, was van mening dat die struktuur nie in harmonie met die omgewing is nie (Smith 2013:242). In direkte teenstelling hiermee is Beningfield (andersins 'n fel kritikus van die Monument) se opmerkings: “Truly, the Taal Monument should over the years form such a complete unity with the mountains that it will look as though it has been carved out of them. This aspect is surely one of the most successful, because there is an expectation that the monument should represent the character of the mountains” (2007:149-150). Hierdie direkte teenstrydige opmerkings illustreer die groot verskil in mense se individuele smaak en idees.

Die Taalmonument het, waarskynlik te danke aan sy ligging, grootte en hoë sigbaarheid, gedurende die afgelope 40 jaar ikoniese status verwerf en sinoniem met die Paarl geword, soos onder andere geïllustreer deur die feit dat talle entiteite in hul advertensies en ander promosiemateriaal 'n voorstelling van die Monument gebruik as identifikasiemerker vir die dorp. Afbeeldings van die Monument word ook dikwels gebruik as illustrasiemateriaal vir artikels wat oor die taal as sodanig handel.

6.2 Voorkoms

Kommentaar wat die hedendaagse besoeker op die voorkoms van die Monument lewer, is oorwegend positief. Respondente in Smith se ondersoek was oor die algemeen van mening dat die Monument nie steriel of koud voorkom nie. Hulle het die ontwerp en argitektuur bewonder en gemeen dat die Monument uitstekend in die omgewing inpas. Dit is beskryf met woorde en uitdrukkings soos “pragtig”, “inspirerend”, “uniek”, “amazing”, “baie interessant” en “'n sensoriese ervaring” (Smith 2013:247-248).

Besoekers met kennis van argitektuur het spesifiek die visie van die argitek en die manier waarop die ontwerp gestalte gekry het, geprys (Smith 2013:248-249). Die Monument word ook onder andere “memorable and impressive” (Van Tonder 1994:7) en 'n “magnificent structure” genoem (Simos 2012:1). Die Monument word deur Smith self beskryf as 'n “supremely modernist sculpture” met 'n sterk abstrakte, minimalistiese vorm (2003:149-150).

Die plasing van die Monument in die landskap en die panoramiese uitsigte daarvandaan is ook 'n baie groot aantrekkingskrag, en feitlik geen besoeker wat deur Smith ondervra is, het nagelaat om daarna te verwys nie. Die kombinasie van die Monument binne sy landskap is beskryf in terme van bewondering en verwondering, met woorde soos “wow”, “fantasties”, “asemrowend” en “indrukwekkend” (Smith 2013:209). Volgens Smith se navorsing sowel as marknavorsing wat in 2009 deur die ATM self uitgevoer is, het 'n hele aantal besoekers aangedui dat hulle die terrein besoek ter wille van die uitsig en nie noodwendig ter wille van die Monument self nie (ATM-ongepubliseerde dokument 2009; Smith 2013:241).

Daar was egter in die verlede, en vandag nog, mense vir wie die voorkoms esteties onaanvaarbaar was en is. Kommentators wat rondom die periode van oprigting teen die monument se voorkoms gekant was, het hul misnoeë op verskillende, dikwels kru, wyses uitgedruk. Onder andere het Breyten Breytenbach dit 'n “penis van beton” genoem. Daar was ook uit verskeie ander oorde neerhalende verwysings na die monument as falliese simbool (Huigen 2008:156), met die implikasie van manlik-gedomineerde oorheersing. Coombes noem dat die destydse hoof van die Daljosafat Kunsstigting, mnr Hardy Botha, dit 'n “mausoleum”, 'n “lifeless monstrosity” en 'n “disgusting thing” genoem het. Volgens Botha, aldus Coombes sou selfs graffiti die voorkoms daarvan kon verbeter, en hy het ook gesê: “(e)ven rail tracks and bridge underpasses look better” (2003:46).

’n Hele paar respondente in Smith se studie het die Monument beskryf as “odd”, terwyl ander se beskrywings gewissel het van “vreemd dog interessant” tot “bisar” en “beslis aaklig” (Smith 2013:249). Kritiek wat op uiterlike voorkoms gemik is, is selfs 40 jaar later moeilik om te beoordeel. Die uitdrukking “beauty is in the eye of the beholder” is inderdaad altyd geldig. Dat die Monument inderdaad indrukwekkend is, word onderstreep deur die feit dat dit opgeneem is in ’n boek oor die wêreld se 500 mees ikoniese argitektoniese strukture (Cattermole 2008:383), die enigste Suid-Afrikaanse gebou om daardie eer te beurt te val.

Die kritiek wat gesentreer was rondom verwysings na die monument se “falliese” voorkoms, is destyds (rondom die oprigting) hoofsaaklik gelewer deur persone wat eerder beswaar wou maak teen die ideologie wat die Monument in hul oë verteenwoordig het, wat geassosieer is met die regerende Nasionale Party, as teen die fisiese uiterlike. Die uitsprake moet dus nie aanvaar word as kommentaar op die voorkoms *per se* nie, maar eerder as pogings om die Monument te diskrediteer en te reduseer tot onderwerp van bespotting. Hierdie spesifieke tipe kritiek was dus eerder ideologies as esteties gedrewe, en word steeds van tyd tot tyd uit sekere kringe gehoor. ’n Interessante en amusante nadraai hiervan was ’n maatskappy wat in die negentigerjare die kontroversie uitgebuut het deur die bemerking van kondome met ’n afbeelding van die Taalmonument daarop (Pieters gd:42).

6.3 Funksie

Reeds in die 1950’s, toe die gedagte nog was om die monument op die kerkplein oorkant Westfalen (Huis Gideon Malherbe) op te rig, is die ATMK deur ’n toenmalige organisasie, die Paarlse Komitee vir Volwasse Onderrig, genader met die oog op samewerking (ATMK-notule 06/09/1951). Dit word nie duidelik uitgespel nie, maar die afleiding kan gemaak word dat onderrig in Afrikaans die oogmerk was. Dit het aangesluit by die oorspronklike gedagte dat die gebou vir onderrig gebruik moes kon word. Daar sou onder meer ook ’n teater, borsbeelde van taalhelde in die voorportaal en ’n gedenkteken aan die voorkant wees (Mon 1/1/9/4). Hoewel hierdie planne beduidende steun van die lede van die Taalkomitee geniet het, het dit nooit tot uitvoering gekom nie, aangesien daar teenkanting van donateurs ervaar is wat verkies het dat ’n substansiële deel van die fondse eerder aangewend moes word vir studiebeurse aan voornemende studente, soos deur die oorspronklike oprigtingsakte bepaal (Mon 1/1/9/5).

WA de Klerk was nie slegs gekant teen die voorgestelde ligging van die monument nie, hy was ook gekant daarteen dat die monument slegs simboliese waarde moes hê (Coombes 2003:46). Sy mening was dat die fondse veel beter belê sou kon word in ’n terrein met simboliese betekenis wat terselfdertyd ook prakties aangewend sou kon word, naamlik die Daljosafat-terrein, waardeur dit in ’n “lewende” monument vir Afrikaans omskep sou word.

Die vraag kan inderdaad nou, 40 jaar later, gevra word of ’n “nuttige” monument in Dal Josafat ’n groter bydrae tot nasiebou en versoening en die depolitisering van die taal sou gelewer het as die Taalmonument teen Paarlberg. Die Gedenkschool der Hugenoten, bakermat van Afrikaanse onderrig, is in die laaste dekade van die vorige eeu omvattend gerestoureer (grotendeels met donasies van die publiek) en ingerig as konferensiesentrum en lokaal vir slypskole en so meer. Hoe suksesvol dit tans daarvoor aangewend word en watter rol dit in die depolitisering van Afrikaans speel, is egter ’n ope vraag. Die plaas met sy besondere erfenis het relatief onbekend gebly en word selde besoek ter wille van sy verbintenis met Afrikaans. Dit het, moontlik weens die ligging en relatiewe afgesonderdheid daarvan, ’n baie laer openbare profiel as die Monument en word selde gebruik vir die doel wat De Klerk voorsien het.

De Klerk was egter nie alleen in sy siening van die nut van die beoogde monument nie. In 1951 het die ATMK ’n beginselbesluit geneem dat die monument “nuttig” moes wees, onder meer

deur die byeenbring van Africana-dokumente en die beskikbaarstelling daarvan vir navorsing. In 1963 het die lede van die ATMK-komitee tydens 'n vergadering hul doelwit as 'n drieledige een geformuleer, naamlik die oprigting van 'n monument vir Afrikaans, die ontwikkeling van die historiese plein oorkant Huis Gideon Malherbe (toe Westfalen) en om 'n Africana-navorsingsinstituut tot stand te bring (sien onder andere ATMK-notules 15/3/1963 en 21/2/1964).

Verskeie opsies vir die huisvesting van hierdie instituut is oor 'n tydperk van 'n paar jaar ondersoek. Onder andere is daar besluit om in die Monument se *voetstuk* voorsiening daarvoor te maak (sien oa ATMK-notules 26/8/1966, 1/12/1967 en 3/10/1968). Dit het egter nooit gerealiseer nie. Aangesien Van Wijk se ontwerp nie 'n gebou kon inkorporeer nie, het die fokus vir die huisvesting van die Africana-instituut dus verskuif na Huis Gideon Malherbe (Van Wijk 2014:21-22). Daardie doelwit is wel bereik, aangesien die Afrikaanse Taalmuseum 'n versameling waardevolle Africana-tekste en handgeskrewe dokumente huisves en aan navorsers beskikbaar stel.

Die idee dat die Monument nuttig moes wees, was in die beginjare 'n deurlopende tema. Tussen 1954 en 1957 het daar egter 'n skielike en onverklaarde ommeswaai gekom wat dit betref (Smit 1975:209), sodat die non-funksionaliteit van die monument spesifiek in die prysvraag gestel word as 'n vereiste (Van Wijk 2014:20). Dit is onbekend wat die ommeswaai veroorsaak het, en dit word nêrens in die notules uitgespel nie.

Smith wys ook daarop dat, hoewel die funksionele nie bedoel was om enige rol in die Monument te speel nie, die Monument wel op 'n verskeidenheid vlakke funksioneer, hetsy as visuele en tasbare simbool, vergaderplek, plek van ontspanning, of argitektoniese struktuur (2003:171). Die terrein rondom die Monument is wel alreeds tydens die beplanningsfase deur die lede van die ATMK as ontspanningsoord gevisualiseer, en huisves onder andere 'n amfiteater vir vertonings.

6.4 Simboliek

Ds PJ Loots, 'n vooraanstaande predikant en leidende figuur van die Paarlse gemeenskap, jarelange lid van die ATMK en ook die eerste voorsitter daarvan (ATMK-notule 20/10/1942), het vanuit die staanspoor koppe gestamp met die res van die komiteeledes. Sy volgehoue beswaarmakery en mondelinge aanvalle op ander lede van die komitee het tot intense binnegevegte en uitgerekte briefwisselings gelei. Volgens hom was die oorspronklike doelwit van die komitee om 'n baie groter ereplek aan die rol van die kerk en die Bybelvertalers in die totstandkoming van Afrikaans te gee as die rigting wat die Monumentkomitee ingeslaan het. Hy het selfs so ver gegaan om 'n nuwe vereniging op die been te probeer bring wat aan hierdie doelwit sou voldoen, maar sy pogings in daardie verband was minder geslaagd (Mon 1/1/9/12).

Loots het dit in ieder geval mis gehad, aangesien die oorspronklike *Oproep* wat in 1942 en weer in 1943 aan die publiek ter fondsinsameling en ondersteuning uitgegaan het, slegs verwys na die Paarl "waar die beweging vir die ontwikkeling van die Afrikaanse taal as skryftaal, en vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans, ontstaan het" (Mon 1/1/9/1). Pieters wys ook daarop dat die kerk hoegenaamd nie die ontwikkeling van Afrikaans ondersteun het nie en baie langer as die meeste ander instellings aan Hollands voorkeur gegee het (gd:47). Die kerkvaders van die Toringkerk was ook nie geneë om die plein langs die kerksaal teen lae of geen koste aan die ATMK af te staan nie, sodat die planne daarvoor ná baie jare van vrugtelose onderhandeling uiteindelik laat vaar is (Smit 1975:208-213; ATMK-notules).

Loots het ook die konserwatiewe siening gehuldig dat die erkenning wat die Monument-ontwerp aan die inheemse Afrika-tale verleen, "histories 'n leuen" is (ATMK-notules; Beningfield 2007:154). Hy het so sterk daarvoor gevoel dat hy 'n versoekskrif onder die inwoners van die Paarl

gesirkuleer en talle briewe van protes geskryf het (ATMK Mon 3). Hy is egter toenemend op die kantlyn uitgeskuif, tot so 'n mate dat hy selfs gedreig het om die inwyding van die Taalmonument te ontwrig (ATMK Werkskomitee notule 18/7/1975; Pieters gd:22). Loots, en andere wat sy standpunt gesteun het, se siening het voortgespruit uit 'n eng en konserwatiewe houding soos in die sestiger- en sewentigerjare nog redelik algemeen onder Afrikaners gegeld het.

Die kritiek op die simboliek soos deur Jan van Wijk gekonseptualiseer was egter in 1975 ongegrond en is 40 jaar later steeds. 'n Nuwe taal wat in 'n gebied ontstaan, moet noodwendig beïnvloed word deur die inheemse tale wat in daardie streek of gebied gepraat word (Van Rensburg 2012:16-17; Le Cordeur 2010). Die ontstaan van Afrikaans as taal kan inderdaad teruggevoer word na die eerste kontak tussen die Nederlanders wat om die Kaap geseil het en die inheemse Khoi met wie hulle in aanraking gekom het. Nuwe tale ontwikkel mees tipies in 'n mark- of arbeidsituasie waar die partye nie mekaar se tale verstaan nie. Albei situasies het aan die Kaap bestaan, waar die VOC-amptenare wat in 1652 hier aangeland het, met die Khoi ruilhandel wou bedryf (marksituasie) en hulle ook as arbeiders wou inspan (arbeidsituasie) (A van Zyl 2013: Ongepubliseerde lesing).

Die onomstootlike feit dat die inheemse tale van Suid-Afrika wel 'n invloed op die vorming van die nuwe taal uitgeoefen het, word onder andere geïllustreer deur die talle inheemse woorde wat in Afrikaans opgeneem is. Woorde soos dagga, dagha, boegoe, kwagga, aikôna, donga, tambotie, konka, kerie, makietie, indaba, pasella, kaia, lobola, njala, tokkelossie, mamparra en tollie vorm deel van die algemene Afrikaanse omgangswoordeskat (verwys oa Steyn 2014).

Smith argumenteer ook dat daar wel 'n saak voor uitgemaak kan word dat die ATMK met opset bepaal het dat die monument abstrak moes wees, sodat hulle (in samewerking met die destydse regering) uiteindelik in staat sou wees om na willekeur 'n sekere ideologies-gedrewe simboliek aan die Monument te koppel (2013:258). Een van die respondente in Smith se ondersoek het hierby aangesluit met die mening dat die Monument gesien sou kon word as 'n kunswerk wat opsetlik so onbegryplik vir die gewone besoeker gekonseptualiseer is dat hy die aangebode amptelike interpretasie sonder teenspraak sou aanvaar, en dat 'n spesifieke ideologie dus op daardie wyse op die besoeker afgedwing sou kon word (2013:258).

Hierdie sienings sluit aan by die politieke kritiek wat teen die Monument uitgespreek is. Jan van Wijk se visie was egter dat die Monument die besoeker die geleentheid moet bied om sy verbeelding na willekeur te laat gaan (Van Wijk 2014:21; Van Tonder 1994:7), en dat elke persoon se interpretasie sal afhang van sy persoonlike gevoel teenoor en verhouding met Afrikaans (ATMK-notule 23/3/1973). Russell Staiff sluit hierby aan met sy mening dat besoekers nie in 'n spesifieke interpretasie van 'n kulturobjek soos 'n monument ingedwing mag word nie, en dat, indien inligting aangebied word, dit in alle opsigte inklusief en objektief moet wees (Smith e-pos 13/11/2014).

6.5 Idee

Van die begin af was daar mense wat gevra het na die sin of wysheid daarvan om 'n monument van klip en graniet te bou vir 'n taal. Daar is gevoel dat 'n taal "nie iets is wat jy gaan besigtig nie" (*Die Suid-Afrikaan* 1995:33), dat dit nie 'n konkrete vorm behoort aan te neem nie, maar dat dit eerder moet voortleef in die prestasies van die taal soos uitgedruk in konkrete geskifte (Van Niekerk 2000:6). Een kommentator het gemeen dat Victor Verster (as simbool van Nelson Mandela se vrylating en die einde van Apartheid) eerder gekies moes word as die Paarl dan opsluit 'n monument móés hê, terwyl 'n ander van mening was dat Afrikaans slegs "uit die puinhoop van die Taalmonument as 'n ware Suid-Afrikaanse taal gebou kan word" (*Die Suid-Afrikaan* 1995:33).

Verster het in sy toespraak by die inwyding van die Taalmonument verwys na die mening van sekere kritici dat die oprig van 'n monument vir Afrikaans onnodig is. Betekenisvol antwoord hy hierop:

As u moeder maar net 'n vrou is, as u vlag net 'n lap is, as u volkslied maar net 'n gedig is, as u vaderland net 'n stuk grond is, as u taal maar net 'n kommunikasie-middel is, dan sal hierdie monument vir u net nog 'n struktuur van beton en graniet wees, 'n leweloze struktuur wat baie geld gekos het, nooit moes gewees het nie en spreek van die dood. ... [Afrikaans] het geen boek gehad nie, geen literatuur waarna verwys kon word. Hy was onwelkom in die skool. Hy was nie geduld op die kansel nie. Hy moes teen 'n oormag homself bewys, en hy het. En dáárom is hier 'n monument vir hom in die Paarl opgerig. (Vorster: Toespraak, 1975)

6.6 Politiek

Met die naderende inwyding van die monument in 1975, en in die lig van groeiende politieke bewustheid in die sewentigerjare, het die besware teen die Monument toenemend 'n politieke ondertoon gekry. Hierdie tipe kritiek was gerig op Afrikaans en die *Afrikaner-establishment* eerder as op die Monument self. In hierdie verband verklaar Hugo dat die destydse Nasionale regering Afrikaans met die inwyding van die Taalmonument openlik as 'n kragtige simbool van Afrikanernasionalisme geëksponeer het (2009:109). Pieters versterk hierdie argument deur daarop te wys dat die destydse regering die grootste gedeelte van die fondse vir die oprigting voorsien het, terwyl monumente in Suid-Afrika tradisioneel deur insamelings onder die betrokke gemeenskap gefinansier is (gd:46).

Daar was destyds ook ernstige besware uit die geledere van verligte Afrikanerkringe dat die aandeel van bruin en swart mense tot Afrikaans in die aanloop tot en tydens die opening van die monument op 10 Oktober 1975 grootliks geïgnoreer is. WA de Klerk het reeds in 1968 gemaak dat bruinmense van die begin af by die proses ingeskakel moes gewees het. Van die ander komiteelede het met hom saamgestem en bygevoeg dat dit nie slegs vir bruinmense geld nie, maar ook vir swartmense en Engelssprekendes van alle rasse (ATMK-notule 22/11/1968).

Daar is egter nie verdere aandag aan die saak gegee nie, totdat 'n debat in die media begin broei het. In 1974 is 'n spesiale komitee in die lewe geroep met die opdrag om te besin oor die rol van bruinmense by die inwyding (ATMK-notule 27/11/1973). Dit het gelei tot die insluiting van al die bogenoemde groepe in die inwydingseremonie. Dit is voorafgegaan deur groot openbare druk, veral deur vooraanstaande wit Afrikaanse skrywers, wat gedreig het om die openingseremonie te boikot as bruinmense nie ook by alle aspekte van die inwyding betrek word nie. Berigte in die media het ook daarop gesinspeel dat hierdie omwenteling te danke was aan direkte ingryping deur die Nasionale Party (*Top Nats intervene*, Sunday Times April 27, 1975).

Die storm het nie ná die inwyding gaan lê nie. Talle Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, waaronder akademici vanoor die kleursprektrum en veral bruinmense wat hulself uitgesluit van die Monument en sy *raison d'être* gevoel het, het deur die jare hul misnoë met die Monument te kenne gegee, soms besonder kru. Daar is onder andere gesê die Monument is "'n groot stuk nwata" (Kaaps vir *gemors*), 'n apartheidsmonument, 'n monument vir die wit intellektuele ghetto, 'n oogskending, aanslag op die natuur, pateties, 'n kruisiging [sic] tussen 'n laat-Fasistiese Stonehenge en 'n ondergrondse parkeergarage, en dat dit opgerig is deur 'n groep Natte wat vermetel genoeg was om Afrikaans vir hulself toe te eien. Jeanne Goosen was "gatvol vir die donnerse mentaliteit wat [Afrikaans] saam met hom sleep" en André P Brink het gesê: "Op Paarlberg staan die fallusse maar. Hulle sê dit gebeur ook by 'n man wat opgehang word" (*Die Suid-Afrikaan* 1995:33).

Ná 1994 het 'n nuwe taalstryd in Suid-Afrika ontstaan toe Afrikaans sy bevoorregte en beskermde posisie as een van twee amptelike tale verloor het, en een van elf amptelike tale geword het, met Engels as die algemeen-aanvaarde omgangstaal (Pieters gd:32; Smith 2013:136). Soos

Van Niekerk dit stel: “Die groot uur van Afrikaans ... [was] van korte duur” (2000:6). Onder andere is daar in 2002 vanuit owerheidsweë voorgestel dat die Taalmonument ’n monument vir alle tale in Suid-Afrika moet word, en nie slegs vir Afrikaans nie (Brief 14 November 2002). Die gedagte is heftig teengestaan, onder andere deur die Direkteur van die ATM, mnr Jack Louw, wat dit in ’n brief aan die Nasionale Vergadering gestel het dat pogings om die simboliek, wat uiters spesifiek op die herkoms van Afrikaans gerig is, te manipuleer om “gelyke simboliese betekenis vir al elf amptelike tale in die Taalmonument te vind”, op karaktermoord sou neerkom (Brief 19 November 2002). Die gedagte is intussen laat vaar.

Volgens Smith het die ATM deur middel van erkenning en bevordering van Afrikaans die simbool geword van die hernieude stryd om die behoud van Afrikaans (2003:136). Suid-Afrika is egter (Hauptfleisch aangehaal in Smith) ’n volk met ’n “tumultuous history which has left people scarred and deeply suspicious”. Afrikaans word steeds in sekere kringe geassosieer met die Apartheidsregering en gepaardgaande begrippe soos onderdrukking en beperking van vryheid, wat gelei het tot ’n weersin in die taal deur ’n groot persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking (Smith 2013:134).

Beningfield argumenteer dat die ikonografie van die Monument en die manier waarop dit aangebied word die gewaande sukses van die sogenaamde Nasionalistiese *kultuurpolitiek* vier, en terselfdertyd die reg op die Suid-Afrikaanse land, nasieskap en taal wat die [wit] Afrikaner vir homself opgeëis het, simbolies op die omgewing wil afdruk (2004:509; Pieters gd:34-35). Van Wijk verklaar egter in sy boek oor die Taalmonument dat hy spesifiek aan die Taalmonument-komitee gevra het wat die bedoeling was met die woord *ons* in die deel van die prysvraag wat lui: “Dit moet die wonder van *ons* kulturele en staatkundige opbloei versinnebeeld”. Die antwoord was dat dit verwys na alle bevolkingsgroepe wat “deel gehad het en belang het by die ontwikkeling van Afrikaans”. Daaruit het hy afgelei dat die Monument nie bedoel was vir enige individuele bevolkingsgroep “soos die Afrikaner” nie, maar slegs op die taal self moes fokus (Van Wijk 2014:21).

Die taal en sy verhouding tot die ander amptelike tale bly steeds ’n sogenaamde “site of contestation” (Simos 2012:1; Smith 2013:135), en die Monument by implikasie dus ook (Smith 2013:135). Die kommentaar van ’n groot aantal respondente in Smith se ondersoek was dan ook sosio-polities geïnspireer (2013:259-268). ’n Hele aantal het steeds die Monument op negatiewe wyse geassosieer met die Apartheidsera. Ander het egter die Monument gesien as simbool van Afrikaner-vasberadenheid, solidariteit en nasionale trots. Interessant is dat, volgens Smith, die opmerkings van die laasgenoemde groep nooit jingoïsties of selfs oordadig nasionalisties aangedoen het nie, maar eerder gekarakteriseer is deur werklike waardering en ’n sekere nederigheid (Smith 2013:244-245).

Volgens Smith hou die Monument ook baie minder politieke konnotasies in vir oorsese besoekers. Waar Suid-Afrikaners se sienings van die Monument soms swaar dra aan sosio-politieke interpretasies, staan buitelanders oor die algemeen polities gesproke neutraal daarteenoor (2013:245). Talle oorsese respondente het opgemerk dat hulle beïndruk is deur die krag van Afrikaans en dat hulle simpatiek staan teenoor die Afrikaanssprekende se stryd om sy taal en identiteit te behou (Smith 2013:247,259).

Hoewel dit reeds 40 jaar oud is, is die Monument in pas met ’n eskalاسie in die aantal monumente en ander simbole wat sedert die einde van die Apartheidsera in Suid-Afrika opgerig is met die spesifieke doel om etniese en groepsidentiteit te bevestig. Marschall argumenteer dat elke nuwe politieke bestel deur ’n proses van selektiewe herinnering en die versinning van ’n bruikbare geskiedenis ’n groepsidentiteit vorm, en dat die oprig van gepaste herinneringsplekke ’n belangrike deel daarvan vorm. Die Afrikaanse Taalmonument sluit aan by die monumente van

post-apartheid Suid-Afrika wat 'n stryd teen onderdrukking en soeke na vryheid en selfbeskikking uitbeeld (2005:18).

7. DIE TOEKOMS

In die huidige Suid-Afrika lê die uitdaging daarin om 'n oortuigende nuwe vestigingsmitede, tesame met 'n nuwe, inklusiewe verledede te skep (Marschall 2005:19). Die ATM werk doelgerig daaraan om homself te herposisioneer as 'n kulturele eerder as politieke ikoon. Die doelwit is om 'n gediversifiseerde *clientèle* na die ATM te lok en sodoende 'n nuwe beeld van inklusiwiteit en interkulturele verhoudings op te bou. Dit word veral gedoen deur die aanbied van 'n wye verskeidenheid geleenthede wat al die sektore van die breë Suid-Afrikaanse publiek teiken. Die uitstallings in die museum is ook (al meer as 'n dekade gelede) vernuwe met die oog op 'n meer inklusiewe hervertelling van die taal in al sy fasette.

Ten spyte van hierdie pogings is daar steeds mense wat wantrouig teenoor die ATM en sy doelwitte staan en die uitreik na ander groepe beskryf as “flying a flag of convenience” en die bedryf van “selective history” (Smith 2013:267). Dit wil voorkom asof hierdie tipe kritiek hoofsaaklik deur persone met 'n hoë akademiese peil en sterk politieke bewustheid uitgespreek word.

Die bevindings van 'n ondersoek wat deur die ATM self gelas is om te probeer bepaal waarom plaaslike bruin mense as 'n reël nie die ATM besoek nie, was sonderling vry van politieke ondertone. Slegs twee (ouer) respondente het aangevoer dat hulle gevoel het hulle “hoort nie daar” nie. Die insiggewende hoofredes vir nie-besoek wat deur die meeste respondente aangevoer is, was vervoerprobleme en 'n gebrek aan bestebare inkomste, en ook dat hulle nie hulself beskou as 'n groep met 'n gevestigde kultuur van museum- en monumentbesoek nie (ongepubliseerde ATM-dokument 2013).

Ten spyte van vrese ten opsigte van die marginalisering van Afrikaans deur die regering van die dag, ontvang die ATM steeds 'n subsidie van die staat, wat hom in staat stel om met sy werksaamhede voort te gaan. In vergelyking met soortgelyke instansies ontvang die ATM egter proporsioneel gesproke 'n baie kleiner bydrae, wat groot uitdagings aan die bestuur rig.

8. GEVOLGTREKKINGS

Die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument teen die hange van Paarlberg was die resultaat van 'n grootse poging wat oor baie jare gestrek het. Die Monument word ondersteun deur die Taalmuseum in Huis Gideon Malherbe en die twee dien saam as simbole ter herdenking van die vestiging van 'n nuwe taal in Suid-Afrika.

Pieters se stelling: “...the Taalmonument has survived unchanged but not unchallenged” (gd:42), is 'n uitstekende verwoording van die huidige situasie. Die fisiese struktuur het wel onveranderd gebly, maar persepsies van die Monument bly nooit staties nie omdat die betekenis en interpretasies daarvan voortdurend bevraagteken word namate gemeenskappe evolueer in terme van waarde- en geloofsisteme, ideologieë en uitgangspunte.

Kritiek teen kwessies soos ligging, voorkoms, nut ensovoorts spruit oorwegend uit subjektiewe oorwegings. Dit is egter veral die kritiek wat rondom die politieke vraagstukke wentel wat steeds 'n groot uitdaging bied. Alle kritiek wat uitgespreek word, bly vir die ATM uiters relevant, en verg volgehoue pogings tot herposisionering van die personeel.

Kritiek teen die aard en funksie van die Taalmonument bly ook 'n interessante vraagstuk, onder meer omdat die voordele van De Klerk se alternatiewe voorstel nooit oorweeg kan word nie. Sy visie was een van steun aan die groei van die taal, eerder as 'n simboliese viering van die

taal. Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument slaag toenemend daarin om binne die een entiteit aan albei hierdie doelwitte gestalte te gee, deurdat die abstrake Monument die taal en sy geskiedenis “simbolies vier”, en al die uitgebreide aktiwiteite wat by die Monument en die Museum plaasvind, die taal prakties ondersteun en bevorder.

Dit is opvallend dat die uitgesproke en oorvloedige destydse kritiek tot die Taalmonument beperk was en dat die Taalmuseum dit feitlik geheel en al vrygespring het. ’n Moontlike verklaring hiervoor is dat die Museum nie in dieselfde mate as die Taalmonument prominent is (en was) nie en dat dit reeds ’n onbetwisbare historiese verbintenis met die geskiedenis van Afrikaans gehad het.

Volgens Van Niekerk, in die oorsig wat hy geskryf het 25 jaar ná die oprigting van die Monument, herinner die Monument ’n mens steeds aan Afrikaans, egter nie meer om sy grootsheid nie, maar juis om sy broosheid en kwesbaarheid (2000:7). Simos wys daarop dat Afrikaans deur meer as ’n derde van die land se bevolking as eerste of tweede taal gebruik word en noem die Monument “a unifier of the greatest kind” (2012:1). Sulke uitsprake bied hoop vir die toekoms van die taal.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse Taalmonumentkomitee. Ongepubliseerde notules. 1942 – 1975.
- Beningfield, J. 2004. Native lands: Nation, language and landscape in the Taal Monument, Paarl, South Africa. *Social Identities* 10(4).
- Beningfield, J. 2006. *The Frightened Land: Land, landscape and politics in South Africa in the twentieth century*. London: Routledge.
- Cattermole, P. 2008. *Architectural Excellence: 500 iconic buildings*. Ontario: Firefly books.
- Coombes, A.E. 2003. *History after Apartheid: Visual culture and public memory in a democratic South Africa*. Durham: Duke University Press.
- De Klerk, W.A. 1974. *Klein reis deur Drakenstein*. Johannesburg: Perskor.
- Departement Kuns en Kultuur, 14 November 2002. Ongepubliseerde brief.
- Die Afrikaanse Taalmonument*. 2014. Ongepubliseerde inligtingsboekie.
- Die Afrikaanse Taalmuseum* 2015. Ongepubliseerde inligtingspamflet.
- Die eg ou-Kaapse gaan tot niet. *Die Burger*, 2 November 1971.
- Eldridge, R. 2003. *An introduction to the philosophy of art*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Grundling, A. & Huigen S. (reds.). 2008. *Van Volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: SunPress.
- Hugo D. (red). 2009. *Halala Afrikaans*. Stellenbosch: Protea Boekhuis.
- Huigen, S. 2008. Taalmonumente, in: *Van Volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: SunPress.
- Le Cordeur, M. 2010. Die rol van Islam in Afrikaans: Afrikaans behoort aan almal wat dit praat, skryf en liefhet. Ongepubliseerde referaat gelewer by ATKV-kongres, Goudini, 27 Februarie.
- Le Cordeur, M. 2010. Kaapse Afrikaans. *Die Burger*, 17 Maart.
- Louw, J. 19 November 2002. Ongepubliseerde brief.
- McDonald, Z. 2009. Waarom besoek plaaslike bruin mense as ’n reël nie die ATM nie? Ongepubliseerde interne ATM-dokument.
- Pakendorf, G. 1992. W.A. de Klerk is in pylvak, maar sy vuur is nog nie geblus. Aanlyn beskikbaar by <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1992/03/07/11/14.html> [Internettoegang op 12 Mei 2014].
- Marschall, S. 2005. Forging national identity: Institutionalising foundation myths through monuments. *SA Journal of Cultural History* 19(1), Junie.
- Pieters, H. gd. The Taalmonument: Monument for what? Ongepubliseerde M-tesis, Department Arts & Heritage. België: Universiteit van Maastricht.
- Simos, C. 2013. Paarl Taal Monument: Struggle during apartheid and post-apartheid. Ongepubliseerde werkstuk, Departement Argitektuur, Universiteit van Kaapstad.
- Smit, A.P. 1975. *Eupees by die Toringkerk: Ned. Geref. Gemeente Noorder-Paarl 1875 – 1975*. Paarl: Kerkraad.

- Smith, S. 2013. Monumentalising language: Visitor experience and meaning making at the Afrikaanse Taalmonument. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling, School of Tourism and Hospitality Management, Southern Cross University, Lismore, Australië.
- Smith, S. 13 November 2014. E-pos.
- Steyn, J.C. 2014. *Ons gaan 'n taal maak*. Pretoria: Kraal-uitgewers.
- Taalmonument: Fallus of volkskat? 1995. *Die Suid-Afrikaan* vol 53.
- Top Nats intervene. *Sunday Times*, 27 April, 1975.
- Van Niekerk, A. 2000a. Taalmonument aan die suiderhang van Paarlberg. *Die Taalgenoot*, 8/9 (60).
- Van Niekerk, A. 2000b. Die Afrikaanse Taalmonument: Afrikaans vra skeppende, vernuwende denke. *Die Taalgenoot* 8/9 (69).
- Van Rensburg, C. 2012. *So kry ons Afrikaans...* Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Van Tonder, J.B. 1994. The Taal Monument: An analytical study. Ongepubliseerde semesterprojek, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria.
- Van Wijk, E. 14 Maart 2014. E-pos.
- Van Wijk, J. 30 Julie 1976. Ongepubliseerde brief.
- Van Wijk, J. 2014. *Taalmonument*. Tokai: Historical Media.
- Van Zyl, A. 2013. Die invloed van die slawe op die vorming van Afrikaans. Ongepubliseerde lesing gelewer by ATM-slawedagviering, Paarl, 5 Desember 2013.
- Veertigduisend by die Taalfees. 1975. *Die Burger* 11 Oktober.
- Vorster, B.J. Ongepubliseerde openingstoespraak (klankopname en transkripsie).

Die ontwikkeling van Afrikaanse vaktaal: Verlede, hede en toekoms

The development of Afrikaans technical language: Past, present and future

MARIËTTA ALBERTS

Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks
Potchefstroom-kampus, Noordwes-Universiteit
E-pos: albertsmarietta@gmail.com



Mariëtta Alberts

MARIËTTA ALBERTS begin haar loopbaan as terminoloog by die Terminologiesdiens, Taaldiensburo, Departement van Nasionale Opvoeding en is ook sekretaris van die Koördinerende Vaktaalraad. Sy was 'n lid van LANGTAG (Taaltaakgroep). Sy doen navorsing oor leksikografie, terminografie en rekenaarringuistiek by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. In 2010 tree sy vroeg af by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad as Direkteur: Terminologieontwikkeling. Sy was deeltydse lektor en eksterne eksaminator, Departement van Afrikatale, Universiteit van Pretoria en by die Departement van Taalbestuur en Taalpraktyk, Universiteit van die Vrystaat. Sy is tans navorsingsgenoot by die Noordwes-Universiteit. Sy is 'n stigterslid van die *African Association for Lexicography* (Afrilex) en dien op die raad. Sy was visepresident van Infoterm en ontvang erelidmaatskap van Infoterm, Afrilex en Prolingua. Sy was voorsitter van SABS TC 37 en lid van ISO TC/37. As lid van die Taalkommissie, ontvang sy die SAAWK CJ Langenhoven-Prys (2003) en die ATKV-Prys (2006) vir die samestelling van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS), 2002-uitgawe, sowel as die SAAWK CL Engelbrecht-Prys (2009) vir die 2009-uitgawe. In 2011, as lid van die Sentrum vir Politieke en Verwante studies, ontvang sy die SAAWK Stals-Prys vir die samestelling van die *Nuwerwetse Politieke Woordeboek*, 2011-uitgawe. Die SAVI-woordeboekprys vir 2015 word aan haar as mederedakteur van SRTAT se tweetalige verklarende *Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg* (2015) toegeken.

MARIËTTA ALBERTS started her career as a terminologist at the Terminology Services, Language Bureau, Department of National Education, and acted as secretary of the Coordinating Terminology Board. She was a member of LANGTAG (Language Task Group). She conducted research on lexicography, terminography and computational linguistics at the Human Sciences Research Council. In 2010 she took early retirement from the Pan-South African Language Board as Director: Terminology Development. She was part-time lecturer and external examiner, Department of African Languages, University of Pretoria, and the Department of Language Management and Language Practice, University of the Free State. She is currently research fellow of North-West University. She is a founder member of the African Association for Lexicography (Afrilex) and served on its Board. She was Vice-President of Infoterm and received honorary membership awards from Infoterm, Afrilex and Prolingua. She chaired SABS TC 37 and was a member of ISO TC/37. As member of the *Taalkommissie*, she received the SAAWK CJ Langenhoven Prestigious Award (2003) and the ATKV Prestigious Award (2006) for the compilation of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, 2002 edition, and the SAAWK CL Engelbrecht Prestigious Award (2009) for the 2009 edition. In 2011, as member of the Centre for Political and Related Studies, she received the SAAWK Stals Prize for the compilation of the *Modern Political Dictionary*, 2011 edition. The 2015 SATI dictionary award was bestowed on her as co-editor of the bilingual explanatory *Legal Terminology: Criminal Law, Procedure and Evidence* (2015).

ABSTRACT***The development of Afrikaans technical language: Past, present and future***

Terminology development is an interdisciplinary activity that takes as its point of departure the concepts related to a certain subject area. Terminography practice depends on language development and lexicographical principles and practice. Unique, polythematic terminology products are needed for target user groups that have a specific interest in specific subject areas in different languages, and the needs of such groups should be taken into consideration when terminology is developed. All occupations and fields of knowledge need terms for exact subject-related communication, which explains the slogan of the international terminology organisation TermNet: There is no Knowledge without Terminology.

Terminology development occurs in the framework of the language policy of the government of a country. South Africa has excellent legislation aimed at safeguarding the official languages and developing them into fully functional languages. Although this article focuses on Afrikaans, it is important not to deal with Afrikaans in isolation – all terminology-related activities should (where possible) take place in all the official languages, not only for the sake of individual languages, but especially for the sake of (specialised) communication.

The development of the indigenous languages took place in consecutive phases. Afrikaans developed from a subservient so-called “kitchen language” to a high-function language that can be used in any field of knowledge. Currently, Afrikaans should be in a maintenance phase, but the language has (again) been relegated to a struggle for survival. At the same time, the African languages are not being properly developed as full-fledged academic languages, despite their official status. English remains the language of preference for many South Africans, and the other official languages are subjected to the hegemony of English. It is important to realise that a functional language is a language with a future.

The political change in 1994 provided a legislative context for transformation and the redress of imbalances resulting from the previous dispensation. Language, among other issues, is seen as critical in fostering transformation in higher education and in society.

Historically, the development of terminology in South Africa was a long and difficult process, but, at the same time, judged from the number of technical dictionaries published, terminology development has been extremely successful. Many technical dictionaries are currently out of print. There were (and still are) many duplications of terminology projects, despite the existence of several coordinating bodies.

The mandate of the national terminology office, i.e. the Terminology Coordination Section, differs from that of its predecessors. In the past, bilingual technical dictionaries were compiled, but currently the mandate of the office requires the compilation of terminology products in all official languages. The office mainly tends to government-related terminology needs.

Legislation dictates that government departments, with a view to communicating with the country's citizens, develop the terminology related to their core business in all official languages (at the national level) and, at the provincial and local levels, in at least the three major languages used in the province concerned. The private sector ought to be part of this strategy, seeing that it is an end-user of terminology as well.

A recent audit has shown that various language bureaux collect terminology for internal use. Although this invaluable terminology work is being done in various subject areas, the terms are not readily available, the bilingual or multilingual polythematic terminology being available to the relevant institution only.

Funds have recently been made available by the Department of Higher Education for the development of terminology at tertiary institutions. The aim is to develop a multilingual open term

bank for higher education, with the primary beneficiaries first-year university students with an African language (including Afrikaans) as their mother tongue. The tertiary institutions that are currently actively involved in terminology development should collaborate to avoid duplication; however, the audit has shown that already several projects are being duplicated. Furthermore, terminological research should be made available online for learning and teaching purposes. The terminology should be of a high standard and its effectiveness should be measured frequently. Also, systems should be put in place to make it possible to comment on terminological data and revise and update data.

Currently, different institutions keep term data bases, and a variety of data capturing software is used, which, ideally, should be compatible, so as to facilitate sharing terminological data. All available terminology (even out-of-print terminological products) should be accumulated in a central database, and/or a node with links to terminology databases should be established to promote the dissemination of terminology. Data should be digitalised and open-sourced to enable free access.

Proper training in the principles and practice of terminography is needed. Currently no in-house terminology training is provided, and at tertiary institutions terminography mainly forms part of lexicography, linguistics, translation or interpreting courses. Tertiary institutions could assist the terminography practice by presenting proper terminology courses and appropriating funds for terminology development at all subject-related faculties. Terminology development is important for both language-related and subject-related departments at tertiary institutions. Collaboration among tertiary institutions should be encouraged, and new terms (neologisms) arising from recent research should be documented and disseminated.

It is important to take note of terminology activities by individuals and institutions. Academics, subject specialists and language practitioners (including those who have retired) could provide valuable assistance in defining concepts, and when translations are needed. A list should be kept of all role-players and collaborators (potentially) involved in terminology-related work.

Although the publication of technical dictionaries is not regarded as a profitable business, publishing custom-made technical dictionaries aimed at different target groups, such as subject specialists and lay people, should be negotiated with media houses and publishers.

Project leaders and the technical committee members currently doing the physical documentation of terminology should be compensated for their work. Grants should be invested, and the proceeds should be used to finance terminology projects. Significant progress would only be possible if terminography projects were properly financed. It is important to realise that trained terminologists and enthusiastic/inspired subject specialists, academics and students are needed to develop multilingual polythematic terminology. Without terminology, exact subject-related communication would not be possible.

KEYWORDS: language for special purposes, language practitioner, legislation, needs assessment, ontology, polythematic, source language, subject specialist, subject-related communication, target language, technical committee, technical dictionary, term, term list, terminography, terminology, terminology development

TREFWOORDE: behoeftebepaling, brontaal, doeltaal, ontologie, taalpraktisyn, term, termlys, terminografie, terminologie, vakgerigte kommunikasie, vakkomitee, vakkundige, vaktaal, vaktaalontwikkeling, vakwoordeboek, veeltematies, wetgewing

OPSOMMING

Die vertrekpunt van vaktaalontwikkeling is die konsepte onderliggend aan 'n bepaalde vakgebied. Unieke, veeltematiese vaktaalprodukte word benodig vir bepaalde teikengebruikersgroepe met spesifieke belange by bepaalde vakgebiede en tale.

Vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika geskied binne die konteks van die taalbeleid van die regering. Ten spyte van magtigende wetgewing, en ook die nasionale Grondwet, wat die talebestel beskerm en die bevordering van die amptelike tale behoort te bevorder, is dit vir die ander amptelike tale uiters moeilik om aan die hegemonie van Engels te ontkom.

Primêre termskepping geskied in Engels, en termekwivalente word deur sekondêre termskepping in Afrikaans en die Afrikatale bygevoeg. Ondanks die bestaan van verskeie koördinerende vaktaalliggame, was en is daar steeds duplisering van vaktaalprojekte.

Die mandaat van die nasionale terminologieskantoor verskil van dié van sy voorgangers, en die kantoor gee slegs aandag aan staatsprojekte. Daarbenewens dokumenteer verskeie taalkantore, sentra, uitgewers en individue terminologie, en is fondse deur die Departement van Hoër Onderwys bewillig om 'n veeltalige oop termbank vir hoër onderwys te vestig, aangesien vaktaalontwikkeling vir sowel taal- as vakgerigte departemente by tersiêre instansies belangrik is.

'n Verskeidenheid van datavasleggingsprogrammatuur word gebruik, en indien hierdie programmatuur versoenbaar is, kan data maklik uitgeruil en gedissemineer word. Data behoort gedigitaliseer en oop te wees vir vrye toegang en algemene gebruik.

Indiens- en tersiêre opleiding in die teoretiese en praktiese begroning van terminologie/terminografie is noodsaaklik. Die kundigheid van akademië, vakkundiges en taalpraktisyns (ook afgetredenes) behoort by vaktaalontwikkeling benut te word om meertalige en veeltematiese terminologie te ontwikkel. Hierdie medewerkers behoort vir hul werk vergoed te word. Sonder vaktaal kan daar nie sprake wees van behoorlike vakkommunikasie nie.

INLEIDING

Die doel met hierdie artikel is om 'n oorsig te gee van die ontwikkeling van Afrikaans as vaktaal en daardeur die rol van Afrikaanse vaktaal ten opsigte van die ander ontwikkelende amptelike tale te toon. Ten einde Afrikaanse vaktaal as lewende monument vir Afrikaans ten toon te stel, word vaktaalontwikkeling in historiese perspektief geplaas, maar daar word insgelyks ook gekyk na die huidige status en stand van vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika en knellende vraagstukke wat in die toekoms aandag behoort te geniet, word kortliks bespreek.

Algemene kommunikasie en taalvaardigheid is onontbeerlike werktuie in die skakeling van 'n persoon met sy sosiale en ekonomiese omgewing. As gevolg van die verskeidenheid van beroepe wat deur die lede van 'n gemeenskap beoefen word, ontstaan daar 'n aantal beroepstale of tegnolekte, wat ook vaktaal genoem word. Elke beroep, vakkonsep of sport ontwikkel sy eie vaktaal, en vir elke nuwe domein ontstaan daar 'n nuwe vaktaal met 'n unieke terminologie. Die terminologie van hierdie vaktale word gedokumenteer en aan die vakgemeenskap beskikbaar gestel ten einde by te dra tot gestandaardiseerde vakkommunikasie (Alberts 1998; Alberts 2003:128).

Op terreine soos die onderwys, ekonomie, regte, wetenskap en tegnologie moet die gestandaardiseerde terminologieë van verskeie vakgebiede, domeine en werkverwante belanggebiede in plek wees om suksesvolle konseptualisering, kennisoordrag en kennisverwerwing in die arbeidsmark te fasiliteer (Alberts 1998).

Aangesien terme in alle vakke en domeine, deur alle beroepsgroepe en op alle owerheidsvlakke gebruik word, kan geen taalbeleid, taalbeplanning of taalreëling die gebruik en ontwikkeling van vaktaal ignoreer nie. By die uitbreiding van taalfunksies en die modernisering en standaardisering

van 'n taal of tale kom vaktaalontwikkeling telkens ter sprake. Hierdie verskynsel hou nie net verband met taaltrots en nasionalisme nie, maar het ook praktiese waarde, byvoorbeeld om inligting te ontsluit, kennis te orden en inligting oor te dra. Daar is derhalwe 'n voortdurende behoefte aan vaktaal (Alberts 2003:128).

Deur die korrekte aanwending van gestandaardiseerde terminologie kan die wetenskaplike, ekonomiese en tegnologiese kommunikasievermoëns van 'n land se inwoners ontwikkel word. Hoewel vaktaalaktiwiteite nie goedkoop is nie, is dit van historiese, kulturele, sosiale, funksionele, akademiese en wetenskaplike belang om soveel moontlik terminologieë te sistematiseer, dokumenteer, standaardiseer en dissemineer (Alberts 2003:128).

Die behoefte aan ondubbelsinnige kommunikasie in die teoretiese en toegepaste velde van menslike aktiwiteit neem steeds toe (Alberts & Mollema 2013). Daar is wêreldwyd soveel nuwe uitvindings wat die werksomgewing beïnvloed, asook die manier waarop gemeenskappe interaktief verkeer en selfs ontspan, dat daar voortdurend kreatief terme geskep moet word (Prolingua 2015:1). Tegnologiese vooruitgang, nuwe spesialisvelde en die tempo van nuwe ontwikkelings plaas Suid-Afrikaners midde-in die wêreldwye kennisontploffing, waarbinne effektief gekommunikeer moet word (Luther 2005). Suid-Afrika het die afgelope aantal jare geweldige veranderinge beleef. Benewens die algehele herstrukturering van die arbeidsmag en die groter betrokkenheid van die verskillende bevolkingsgroepe, het die terreine van die wetenskap, ekonomie, regte en tegnologie ook toegankliker geraak. Politieke en maatskaplike verandering het die funksionele rol van die inheemse tale grootliks verander. In die hedendaagse Suid-Afrika maak die Grondwet voorsiening vir meertaligheid en vir die ontwikkeling van die taalerfenis van die onderskeie taalgemeenskappe (Alberts 2003:127). Hieruit ontstaan 'n behoefte aan terminologieskepping, aangesien verskillende sake nou in die tale van die onderskeie gemeenskappe bedryf word (Mtintsilana & Morris 1988:109).

Die ontwikkeling van menslike hulpbronne, wat opleiding en onderwys insluit, is afhanklik van die gehalte van kommunikasie tussen mense. Omdat vaktaal die basis vorm van alle teoretiese en toegepaste kommunikasie en geen ontwikkeling of bemagtiging sonder kommunikasie moontlik is nie, het die bevordering van wetenskaplike, ekonomiese en tegniese geletterdheid in al elf amptelike tale van Suid-Afrika noodsaaklik geword. Selfs die doelwit om in die basiese taalbehoefte van die bevolking te voorsien, moet deur vaktaaldata gerugsteun word (Ferreira 2002:170). Die internasionale vaktaalorganisasie TermNet se leuse is immers "There is no Knowledge without Terminology".

Terminologie word nie net deur vakkundiges, vertalers, tolke, joernaliste, tegniese skrywers en woordeboekmakers benodig nie, maar ook deur onderwysers, leerders, dosente, studente, staatsamptenare, sakelui, medici, regslui, skoenmakers, kuipers, sportlui, en so meer. Wanneer doeltreffende kommunikasie op en oor 'n spesifieke spesialisterrein onmoontlik word omdat die taalgebruikers nie oor die nodige terme in die moedertaal beskik nie of nie weet waar om die regte terme te vind nie, is die enigste keuse om na 'n taal waarin dit wel bekend is, soos Engels, oor te slaan (Luther 2005). Daar word dikwels oor die hegemonie van Engels gekla, maar min pogings word werklik gekoördineerd aangewend om in die ander amptelike tale die vaktale van die verskillende vakterreine te ontwikkel.

2. WAT IS VAKTAAL?

Vaktaal vorm die basis van spesialiskommunikasie, want die terminologie van verskillende vakgebiede is daarin vervat. Vaktaal fasiliteer die skep, ontsluiting en verspreiding van kennis en inligting, want terminologie is die medium waardeur inligting versprei en kennis oorgedra word (Alberts 1983:3; Alberts 1998; Alberts 1999:18-35; Alberts 2003:128).

As strategiese bron vir kennisverwerking en inligtingoordrag speel vaktaal 'n belangrike rol in 'n vakgemeenskap (Alberts 2003:128). Elke vakgebied, hoe eenvoudig of gespesialiseerd ook al, beskik oor 'n unieke stel terme (vakwoorde) wat bepaalde begrippe uniek benoem. Vakspecialiste gebruik terme om te kommunikeer, maar hierdie terme is nie noodwendig vir die leek verstaanbaar nie. Terminologie is dus noodsaaklik vir sinvolle kommunikasie tussen vakspecialiste onderling, maar ook tussen vakspecialiste en leke, vir wie die betrokke terminologie toeganklik gemaak moet word. Verder moet mense van verskillende nasionaliteite en taalgroepe in staat wees om sinvol oor 'n wye vakgerigte spektrum te kommunikeer. Dit is gevolglik noodsaaklik om terminologie op 'n sistematiese wyse te dokumenteer, te standaardiseer en te versprei om eenduidige kommunikasie tussen die verskillende gebruikersgroepe moontlik te maak (Alberts 2003:128).

2.1 Vaktaalontwikkeling

Vaktaal word deur vakleksikografiese teorieë, beginsels en metodologie beheers. Die invalshoek van terminologieswerk is vakgeoriënteerd, en nie van meet af taalgeoriënteerd nie. Hoewel vaktaal as 'n kunsmatige taal beskou kan word, maak dit van die grammatika en die woordvormings-, spel- en skryfbeginsels van die standaardtaal gebruik, en dra so by tot taalontwikkeling (Alberts 2013).

Terminoloë moet verskeie sosioterminografiese faktore in ag neem by termskepping, en saam met vakspecialiste poog om ondubbelsinnige bron- en doeltaalterme vir goed gedefinieerde konsepte te verskaf deur die presiese betekenis van konsepte te bepaal, ten einde verstaanbaarheid en universeel aanvaarbare gebruik te bevorder.

Die brontaalterme van 'n bepaalde vakgebied moet eers gedokumenteer word, en die terme moet in ontologiese of hiërargiese verband met mekaar gebring word om 'n konseptuele geheel te vorm (primêre terminologieskepping). Dan word die terme in vakkonteks gedefinieer om die betekenis van die konsep so noukeurig moontlik volgens die behoeftes van die bepaalde gebruikersgroep te beskryf. Die definisie het nie net 'n deskriptiewe funksie nie, maar in vaktaal beslis ook 'n preskriptiewe funksie, ten einde die verhouding tussen die konsep en die term wat dit benoem, te standaardiseer (Cluver 1992:39).

In Suid-Afrika word Engels, as dominante wêreld- en gevestigde standaardtaal, gewoonlik as die brontaal beskou, en dan word termekwivalente in die doeltale Afrikaans en die Afrikatale, as ontwikkelende standaard- en minderheidstale, gedokumenteer (sekondêre terminologieskepping) (Alberts 2003:143, 144).

Daar is 'n een-tot-eenverhouding tussen 'n konsep en 'n term (Alberts 1990). Hoewel konsepte eenduidig met slegs een term/termekwivalent benoem behoort te word (die beginsel van "een konsep, een term"), is dit tog soms nodig om sinonieme te verskaf (bv. by Afrikaanse terme 'n Germaanse vorm naas 'n getranslitereerde [Romaanse] vorm).

Een van die hoof funksies van vaktaal is om terminologie te standaardiseer ten einde eksakte vakkommunikasie te verseker. Standaardisering is egter 'n proses – eerstens deur die eksakte definiëring van die konsep, en tweedens deur die penetrasie van die term deur herhaalde gebruik deur die vak- en taalgemeenskappe.

In 'n ontwikkelende gemeenskap is daar talle individue en instansies wat belang het by terminologieontwikkeling. Vaktaal inligting vloei vanaf die oorspronklike terminologieskeppers (bv. vakkundiges/terminoloë/vertalers) deur die terminologiesdokumenterings- en -sistematiseringsproses na die vaktaalgebruikers (bv. vakkundiges en taalpraktisyns). Die datavaslegging word rekenaarmatig gedoen, en verskillende wyses van disseminasie kan gevolg en verskillende eindprodukte kan gelewer word (bv. gedrukte formaat [termlyste en vakwoordeboeke], CD-ROM, aanlyn data). Vaktaaldata kan veeldoelig aangewend word,

byvoorbeeld in toepassings van mensliketaal tegnologie (MTT) soos kunsmatige intelligensie, masjiënvertaling, spraakherkenning, spraaksintese, tekskorpora of virtuele taalnetwerke (Scheffer 1992:117-126; Roux & Bosch 2002).

2.2 Vaktaalskeppers en -gebruikers

Vaktaalprodukte word nie bloot saamgestel nie – dit word uniek vir bepaalde gebruikersgroepe saamgestel. 'n Gebruikersgroep maak deel uit van 'n bepaalde *vakgroep* met 'n spesiale belang in 'n bepaalde vakgebied, maar daar is ook *taal/tale* ter sprake. Vaktaal raak dus verskillende gebruikersgroepe (bv. terminoloë, vakkundiges, taalpraktisyne en die gebruikerspubliek), en elke groep het 'n sekere betrokkenheid by vaktaalontwikkeling in 'n bepaalde taal.

Alhoewel verskillende teikengroepe verskillende terminologiebehoefte kan hê, kan verskillende registers (bv. wiskunde op skoolvlak of op universiteitsvlak) deur vaktaalprodukte geakkommodeer word om die nodige inligting te ontsluit.

Die inligtingsera veroorsaak tans 'n situasie waarin samewerking tussen vaktaalgebruikers op sowel nasionale as internasionale vlak gewens is. Op nasionale vlak behoort taalkantore met mekaar en met vak- en taalgemeenskappe te skakel, terwyl daar ook vakinterne en -eksterne kommunikasie tussen taalpraktisyne, navorsers en akademici moet wees. Die terminologie kan nasionaal en internasionaal benut word.

As agtergrond kortliks die volgende: 'n Terminoloog kan beskryf word as 'n taalpraktisyn wat terme in 'n brontaal ekserpeer, hul eksakte betekenis naspoor deur mikronavorsing te doen oor die konsepte wat deur die terme benoem word, en die brontaalterme dan van termekwivalente voorsien. 'n Terminoloog is ook in samewerking met vakspecialiste verantwoordelik vir die skep van termekwivalente indien hulle nie in die doeltaal bestaan nie. 'n Terminograaf dokumenteer en sistematiseer die bron- en doeltaalterme, en stel termlyste of vakwoordeboeke saam volgens 'n bepaalde vakleksikografiese metodologie.

3. VAKTAALONTWIKKELING: DIE VERLEDE

Afrikaans het uit sewentiende-eeuse Nederlands ontstaan, maar anders as Nederlands, is Afrikaans egter 'n taal van Afrika – bodemvas soos San-tale en Xhosa, en boonop 'n kultuur- en skryftaal. Afrikaans is aanvanklik egter afgemaak as blote “kombuistaal”, en die voortdurende weerstand van voorstanders van Standaardnederlands het die pogings van diégene wat ten gunste van Afrikaans was, so gefrustreer dat hulle naderhand kragte saamgesnoer en in 1909 die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst gestig het. Hierdie liggaam is later herbenoem en gestruktureer as die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en het die pro-Hollandse en pro-Afrikaanse kampe in 'n verenigde front saamgesnoer (Botha, Alberts & Kapp 2010:4).

Met die erkenning in 1925 van Afrikaans, naas Engels en Nederlands, as een van die destydse amptelike tale van Suid-Afrika, het daar 'n groter bewustheid by individue en instansies ontstaan om Afrikaanse terme te skep en te dokumenteer. Die chemieterme in 1925 van D.F. Du Toit Malherbe toon dat daar reeds in die vroeë ontwikkelingsstadia van Afrikaans belangstelling in die saamstel van vakwoordeboeke was. Staatsamptenare was meesal Afrikaanssprekend, maar 'n tweetalige Engels-Afrikaanse diens moes gelewer word. Vertalers het begin om termlyste vir eie gebruik saam te stel, en later het taalkantore termlyste begin saamstel om te verseker dat terme konsekwent gebruik en gestandaardiseer word. Afrikaans moes skielik sy volwaardige plek langs 'n wêreldtaal inneem en as vaktaal ontwikkel. Tweetalige vakwoordeboeke het 'n stewige terminologiese basis help vestig (Botha, Alberts & Kapp 2010; Alberts 2015b).

Die geskiedenis van strukture, soortgelyk aan die latere taalrade vir die Afrikatale, begin in 1928 met die stigting van taalkomitees. Hierdie liggame het met verloop van tyd in sowel aard, fokus en samestelling verander. Hoewel etlike vakwoordeboeke met 'n Afrikataal as doeltaal gepubliseer is, was daar nie amptelike vaktaalontwikkeling in die Afrikatale nie. Die huidige lae ontwikkelingsvlak van die vaktale van die Afrikatale is dus die regstreekse gevolg van die politieke geskiedenis van Suid-Afrika.

Die staat stig in 1928 'n Vertaalburo in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Daar is toe ook by die destydse Spoorweë en Weermag taaldienste tot stand gebring. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (hierna "Akademie") bring in die vroeë veertigerjare 'n Fakulteit Natuurwetenskappe en Tegnologie tot stand, en dit het tot gevolg gehad dat Afrikaans op 'n verskeidenheid van terreine as volwaardige wetenskapstaal ontwikkel moes word. Die staat het in 1950 'n ooreenkoms met die Akademie gesluit waarkragtens die Vaktaalburo by die Akademie tot stand gekom het wat verantwoordelik was vir die hoër registers van vaktaalontwikkeling. Binne die eerste twee jaar is vier terminologielyste bekend gestel en is bestaande terminologielyste hersien (Kapp 2009:125-127; Alberts 2015b).

In 1950 is 'n vakvereniging, die Transvaalse Vereniging van Munisipale Vertalers, gestig om vertalers verbonde aan verskeie munisipaliteite met vertaalprobleme te help. As gevolg van die belangstelling deur nasionale instansies en munisipaliteite in ander provinsies as Transvaal, is die naam verander na die Vereniging van Munisipale Vertalers. Later is meer klem op terminologiewerk gelê, en is die naam verander na die Terminologievereniging van Suid-Afrika (Termisa), wat uiteindelik in die negentigerjare Prolingua geword het (Prolingua 65:2).

In 1954 het die staat sy taaldienste geherorganiseer, en sowel die Vertaalburo as die Vaktaalburo is na die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (later die Departement van Nasionale Opvoeding) oorgeplaas. 'n Nuwe Taaldiensburo is toe vir die staat in die plek van die Vertaalburo gestig. Die Vaktaalburo het met sy vaktaalbedrywighede voortgegaan en hoewel die Departement die Vaktaalburo beheer en gefinansier het, het dit steeds onder die Akademie gersorteer (Kapp 2009:127).

In die vyftigerjare het vertalers by die Taaldiensburo begin om Engelse en Afrikaanse terme op indekskaarte te dokumenteer. In 1956 het die Terminologieseksie (later Afdeling Terminologie) as deel van die Taaldiensburo ontstaan. Terminoloë is aangestel om die vaktale van 'n verskeidenheid van vakgebiede te ontwikkel. Vakkomitees, wat uit vakkundiges en terminoloë bestaan het, is gevorm om die terme van die onderskeie vakgebiede te bespreek en te finaliseer (Alberts 2003:135; Alberts 2015b).

Die ontwikkeling van Afrikaanse terme oorheers in die vorige eeu die Suid-Afrikaanse terminografiebedryf. 'n Hele aantal vertalende Engels-Afrikaans/Afrikaans-Engelse vakwoordeboeke en terminologielyste is gepubliseer (Grobler et al.1991:9; Alberts 1988; Alberts 1999; Alberts 2003:134, 135; Alberts 2015b). Die vakwoordeboeke wat saamgestel is, is deur die Staatsdrukker gedruk en versprei. Die doel van hierdie publikasies was hoofsaaklik om Afrikaanse termekwivalente vir Engelse terme te verskaf, sodat Afrikaans gelyk kon trek met Engels ten opsigte van die vermoë om tegniese en wetenskaplike inligting te hanteer (Jordaan-Weiss 1996:374).

In 1958 is die Vaktaalkommissie deur die staat gestig om as sentrale liggaam die koördinerende van Afrikaanse terminologiewerk en die produksie en disseminering van Afrikaanse terminologie te behartig (Cluver 1995). Een van die gevolge van die gelykberegting van Engels en Afrikaans (Wet 32 van 1961, artikels 108 en 118) was dat Afrikaans ontwikkel en uitgebrei moes word (Alberts 2003:134).

In 1966 vervang die Vaktaalskakelkomitee die Vaktaalkommissie (Cluver 1995). In 1974 is die Koördinerende Vaktaalraad (KOVAK) gestig om vaktaalaktiwiteite in Suid-Afrika te koördineer.

Die Koördinerende Vaktaalraad het die Vaktaalskakelkomitee vervang. Die hoofde van die groot taalkantore in die land was lede van die Koördinerende Vaktaalraad, naamlik dié van die Spoorwegtaalburo, die Afdeling Terminologie van die Departement van Nasionale Opvoeding, die Vaktaalburo van die Akademie, die Direktoraat Taal van die Suid-Afrikaanse Weermag (voorheen Krygstaalraad), die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalkorporasie (Yskor), die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS), die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) en die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), asook verteenwoordigers van die Staatsdrukker, die Vereniging van Munisipale Vertalers, die provinsies se vertalers en die Johannesburgse Tegnieke Kollege. Die Direkteur: Kuns en Kultuur van die Departement van Nasionale Opvoeding was die voorsitter, en die Afdeling Terminologie het die sekretariaat behartig (Alberts 2003:135, 136; Kapp 2009:129; Alberts 2015b).

Die Koördinerende Vaktaalraad het norme vir terminologieswerk en die samestelling van vakwoordeboeke bepaal en het moontlikhede ondersoek om die Suid-Afrikaanse vaktaalpraktik te rekenariseer (Alberts 1983; Alberts 2003:137). Die verskillende instansies moes kern terme in hul eie vakwoordeboeke identifiseer en dit aan die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal gee vir opname. Eksemplare van alle vakwoordeboeke moes aan die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal en biblioteke gestuur word. Die Koördinerende Vaktaalraad het egter nie sy koördineringsrol behoorlik vervul nie, en die taaldienste het basies voortgegaan met hul eie aktiwiteite.

In 1976 is die Afdeling Terminologie van die Departement van Nasionale Opvoeding met die Vaktaalburo van die Akademie geamalgameer tot 'n nuwe Vaktaalburo onder die jurisdiksie van die Departement (Alberts 2003:135-137; Kapp 2009:128; Alberts 2015b).

Taalburo's van bepaalde instellings en ander staatsdepartemente, soos die vervoer- en poskantoor dienste, mynbou, weermag en geologiese opname, en semistaatsinstellings, soos die uitsaaiewese, die staalbedryf, die energieverkoper en die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, wat almal vertalers in diens gehad het, het ook aandag aan terminologieswerk geskenk (Botha, Alberts & Kapp 2010). Ander instansies wat ook termlyste geproduseer het, was die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie, die Kamer van Mynwese, die Wolraad, die Koringraad, die Sitrusraad, groot fabriek, banke, akademiese en kultuurorganisasies. Hierdie instansies het tot in die laat tagtigerjare van die vorige eeu termlyste en vakwoordeboeke saamgestel. Die terminologie van die bepaalde instelling is in die meeste gevalle deur die instansie self gedokumenteer, en is as vakwoordeboeke of termlyste gepubliseer (Alberts 2003:136; Alberts 2015b).

Ná afloop van 'n vaktaalondersoek in 1984 (Cluver & Scheffer 1984) word die Koördinerende Vaktaalraad ontbind en word die staat se Vaktaalburo in ooreenstemming met die 1984-vaktaalmodel die nasionale bestuurseenheid vir vaktaalbedrywighede (Scheffer 1987:33). Die Vaktaalburo se naam is in 1985 verander na die Nasionale Vakterminologiesdiens. Dié kantoor vervang die Koördinerende Vaktaalraad as koördinerende liggaam. Die kantoor naam verander later na die Nasionale Terminologiesdiens. Vakkomitees onder leiding van die Nasionale Terminologiesdiens het ook vakwoordeboeke uitgegee (Alberts 2003:137; Alberts 2015b).

Ander instellings, soos uitgewers, het ook tyd en geld in vaktaalprojekte belê. Van tyd tot tyd is vakspecialiste deur uitgewers genader om vakwoordeboeke saam te stel (Alberts 2003:137; Alberts 2015b). In die negentigerjare was daar meer as 150 titels op lyste wat vakwoordeboekproduksie weerspieël het, en waarvan Afrikaans een van die behandelde tale was (Luther 2005).

'n Terugblik op die Suid-Afrikaanse vaktaalsituasie toon dat Suid-Afrika gedurende die vyftiger- tot negentigerjare 'n bloeityd beleef het in die skepping van veral Afrikaanse terminologie. Slegs enkele vakwoordeboeke, wat almal private inisiatiewe was, word in hierdie tyd in die Afrikatale gepubliseer (Alberts 2003:137; Alberts 2015b).

Hoewel die Nasionale Terminologiesdiens (en sy voorgangers) in die verlede as staatsinstelling amptelik vertalende tweerigtingvakwoordeboeke saamgestel het, is daar vóór 1994 reeds besef dat daar 'n dringende behoefte aan terminologie in die verskillende Afrikatale was. Kontak is met die taalrade gemaak wat die inheemse tale amptelik hanteer het, en daar is begin met navorsing oor woordvormingsbeginsels in die verskillende inheemse tale. In 1995 stel die Nasionale Terminologiesdiens moedertaalsprekers van die inheemse tale as terminoloë aan om die dokumentering van terminologie in die verskillende Afrikatale te behartig (Alberts 2003:138; Alberts 2015b).

Daar is dadelik met die indiensopleiding van die nuutaangestelde Afrikataalterminoloë begin, en daar kon dus amptelik begin word met die saamstel van elftalige vakwoordeboeke waarin uitgebreide inligting soos definisies toegevoeg is. Hierdie ontwikkeling van terminologie in elf tale, in plaas van slegs twee, het die Nasionale Terminologiesdiens noodwendig 'n groeifase laat beleef wat uiteindelik tot voordeel van al die inwoners van Suid-Afrika sou kon wees (Jordaan-Weiss 1996:374).

Senior terminoloë het van 1995 tot 2000 terminologieopleiding aan provinsiale medewerkers verskaf. Die Nasionale Terminologiesdiens het ook in hierdie tydperk aan internasionale projekte deelgeneem, soos die meertalige projekte van die Europese Unie en van die International Committee for Unification of Terminological Neologisms (IOUTN), wat 'n wêreldbank van internasionale terme, die World Bank of International Terms (WBIT), bestuur (Alberts 2000b; Alberts 2000c:47-58). Daar is destyds ook met die Universiteitskollege Lessius in Antwerpen saamgewerk, en in 2001 is verskeie tweetalige vakwoordeboeke na hierdie universiteit gestuur vir gebruik in die vertaal- en tolkopleiding van Vlaamstalige studente.

Die destydse Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie het in 1996 'n taakspan, die Language Plan Task Group (LANGTAG), aangewys om die talesituasie in Suid-Afrika te ondersoek – dit was eintlik 'n taalbeplanningsoefening. Die LANGTAG-verslag (LANGTAG 1995, 1996; Cluver 1996) het implikasies vir die kort- en langtermynvaktaalbestuur gehad, en die vaktaalbehoefes van die elf amptelike tale moes binne 'n meertaligheidsbestel ondervang word. Die vaktaalgebruikersgemeenskap verskil ook van dié van die vorige talebestel, en terminologiedata moes in verskillende registers beskikbaar gestel word (Ferreira 2002).

Op grond van aanbevelings in die LANGTAG-verslag (LANGTAG 1995, 1996) is die Nasionale Terminologiesdiens en die Staatstaaldiens (vertaalafdeling) van die Departement op 1 April 1998 geamalgameer tot die nuwe Nasionale Taaldiens (NTD), en dié nuwe taalkantoor ressorteer vanaf daardie datum onder die Direktoraat Kuns en Kultuur van die Departement. Die terminologiesdiens sou voortaan bekend staan as die Terminologie- en Plekname-afdeling van die Nasionale Taaldiens (Kapp 2009:130).

Die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie is in Augustus 2001 in twee afsonderlike departemente verdeel, naamlik die Departement van Kuns en Kultuur en die Departement van Wetenskap en Tegnologie. Die Nasionale Terminologiesdiens staan sedert Augustus 2001 bekend as die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens van die Departement van Kuns en Kultuur (Alberts 2003:138).

4. VAKTAALONTWIKKELING: DIE HEDE

Die sentralisering en burokratisering van terminologiesdienste in 2001 het probleme veroorsaak vir vaktaalontwikkeling. Nie net is die meeste groot taalkantore aansienlik verklein nie, maar dit het gelei tot 'n groot tekort aan opgeleide terminoloë en 'n afname in vrywilligersbetrokkenheid (Kapp 2009:130-131).

Veeltaligheid in Suid-Afrika is 'n sosiolinguistiese feit wat met erns bejeën moet word, maar wat ook vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika belemmer. Volgens die Sensus 2011-gegewens het slegs 9,6% van die Suid-Afrikaanse bevolking Engels as eerste taal, en 'n groot deel van die inheemse bevolking kan slegs deur middel van die inheemse tale bereik word. Inligtingsvloei word gekniehalter deur faktore soos 'n lae geletterdheidspersentasie en die feit dat die vaktale van die Afrikatale swak ontwikkel is.

Die feit dat die meeste Suid-Afrikaners nie eerstetaalsprekers van Engels is nie, impliseer dat baie van hulle beperkte of geen toegang tot inligting het nie – 'n belangrike kommoditeit vir ekonomiese en maatskaplike betrokkenheid in Suid-Afrika (Statistics South Africa 2013:iii). Die ontwikkeling van menslike potensiaal en die aktiewe bevordering van die wetenskap en tegnologie ressorteer onder die belangrikste prioriteite van die huidige Suid-Afrikaanse regering (Carstens 1997:1-24). Sonder taal (ook gebaretaal) is kommunikasie egter nie moontlik nie, en sonder vaktaal is vakspesifieke kommunikasie onmoontlik.

Hierdie faktore stel toenemende eise aan die amptelike tale en vereis meertalige terminologie op verskillende vak- en kennisgebiede. Die behoefte aan vaktaal is waarskynlik groter in Suid-Afrika as in enige ander land, gegewe die meertaligheidsbeleid waarvolgens die elf amptelike tale doelbewus bewaar, bevorder en ontwikkel moet word. As gevolg van die hegemonie van Engels ondervind die ander amptelike tale egter probleme met vaktaalontwikkeling (Fourie 1994:13; Alberts 1997b:179-191; Alberts 1998:230; Alberts 2003:127; Ferreira & Du Plessis 2007:56; Alberts 2015b).

Ten einde in die hoogs mededingende wêreld van die wetenskap en tegnologie te kan oorleef, word die gebruikers van die Afrikatale gedwing om hul konseptuele siening van hul tale te verander en aan te pas by die sosiale, kulturele en ekonomiese konsepte van die moderne wêreld (Ferreira 2002:169). Terminologiegroei is volgens Nkabinde (1992:95) gebonde aan die mens se betreding van wetenskaplike, ekonomiese en tegnologiese lewensterreine. Die Afrikatale (en Afrikaans) behoort as hulpmiddele beskou te word om wetenskaplike en tegnologiese kennis te populariseer, en behoort gevolglik ontwikkel te word om op alle vlakke van die samelewing as funksionele tale gebruik te kan word (Abdulaziz 1989:32). “Hoe meer funksies 'n taal verloor, hoe vinniger gaan die taal se gebruikswaarde agteruit; hoe kleiner krimp sy taalwêreld; en hoe makliker verskuif sy taalgemeenskap na 'n ander, meer bruikbare taal” (Buys 2014:4).

4.1 Taalbeleid, wetgewing en taalstrukture wat (vak)taalontwikkeling beïnvloed

Taalbeleid bepaal die status wat in 'n land aan die verskillende tale toegeken word, en gevolglik staan vaktaalontwikkeling en -bestuur in direkte verhouding tot die taalbeleid van 'n land (Alberts 2003:134; Alberts 2008; Alberts 2010).

Die meeste terme bereik Suid-Afrika deur medium van Engels. Suid-Afrikaanse Engels het 'n unieke karakter ontwikkel deur die absorpsie van woorde uit Frans, Duits, Portugees, Maleis, Persies, Arabies, Afrikaans en die Afrikatale (Grobler et al. 1991), maar dit bly steeds 'n taal met 'n goed ontwikkelde korpus terme wat konsepte benoem. Hierdie korpus terme word gereeld outomaties bygewerk wanneer nuwe terme nuwe konsepte in Engels benoem. Dit was gevolglik nog nooit vir 'n Suid-Afrikaanse liggaam nodig om amptelik terminologie in Engels te ontwikkel nie. Trouens, in Suid-Afrika word Engels hoofsaaklik as die bron of dokumenteringstaal beskou. Daar word relatief min veranderinge aan die Engelse terme gemaak – soms wel spel- of skryfwyseaanpassings (Alberts 2003:134).

Die rol en funksie van Afrikaans en die Afrikatale het sedert 1994 aansienlik verander as gevolg van politieke en maatskaplike veranderinge. Die Suid-Afrikaanse regering is regtens

verplig om meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder. Die Tussentydse Grondwet van 1993 (Wet 200 van 1993) en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, het 'n totaal nuwe talebestel vir Suid-Afrika ingevoer. Taalregte word in verskillende artikels van die Grondwet genoem. In artikel 6 word daar voorsiening gemaak vir elf amptelike tale vir Suid-Afrika en vir die ontwikkeling van dié tale wat voorheen beperkte amptelike status geniet het. Die taalopdrag soos vervat in die Grondwet veronderstel verder –

- die daarstelling van 'n infrastruktuur deur die staat vir die ontwikkeling en bestuur van al die tale wat in die Grondwet genoem word, en
- die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (artikel 6(5)) (Alberts 2003:132, 133).

Die LANGTAG-verslag (DACST 1996) is deur die Nasionale Taaldiens verder gevoer, en 'n nasionale taalbeleidsraamwerk (DAC 2002) verskyn gedurende 2002. 'n Implementeringsplan vir die nasionale taalbeleidsraamwerk, wat 'n algemene strategie vir die ontwikkeling van die Afrikatale aanbied, word in 2003 bekend gestel (DAC 2003). Wat vaktaalbestuur betref, word daar nie in die implementeringsplan 'n spesifieke strategie vir die bestuur van terminologiedata uiteengesit nie. Beide die LANGTAG-verslag en die taalbeleidsraamwerkdokument plaas egter vaktaalbestuur binne die Terminologiekoördineringsafdeling (Ferreira 2002).

Outeursreg is 'n ander tersaaklike aspek wat verband hou met terminologieontwikkeling. Allerlei probleme kan by die definiëring van konsepte of by die oornome van definisies uit gepubliseerde werke ontstaan. Daar moet daarteen gewaak word dat intellektuele regte nie geskend word nie. Die konsepwysigingswet op outeursreg van 2015 roer aangeleenthede aan soos die kollektiewe bestuur van outeursreg, toegang tot kundigheid, inligtings- en kommunikasietegnologie, minimumkontrakte, aanpasbaarheid en beperkings, asook die kommersiële hergebruik van kreatiewe werke.

4.2 (Vak)taalkantore

Die meeste van die destydse groot taalkantore is intussen verklein of bestaan nie meer nie. Buiten die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens, wat terminologiewerk namens die sentrale regering behartig, is daar egter wel verskeie taal- en redaksiekantore op al die owerheidsvlakke, sentra en individue wat hulle in mindere of meerdere mate met terminologiewerk bemoei.

4.2.1 Terminologiekoördineringsafdeling

Sedert 1994 moet die nuwe regering deur middel van die Terminologiekoördineringsafdeling aandag gee aan vaktaalontwikkeling en -voorsiening in die elf amptelike tale en op 'n verskeidenheid van spesialisgebiede. (In die praktyk word slegs die Engelse benaming *Terminology Coordination Section* en afkorting TCS vir die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik, en volgens sy mandaat word nie voorsiening gemaak vir kantoor- of projekbenamings in Afrikaans of die Afrikatale nie.)

Daar was vir ongeveer 'n dekade ná 1994 steeds omtrent agt Afrikaanstalige terminoloë werksaam, maar tans maak die begroting en personeelstruktuur van die Terminologiekoördineringsafdeling slegs voorsiening vir een terminoloog per amptelike taal – en dus kan die kantoor nie aan al die vaktaalbehoefte voldoen nie. Die kantoor beskik ook nie oor genoegsame hulpbronne om al die vaktaalprodukte te lewer wat die Afrikatale se vaktale sal uitbrei sodat dié tale tot funksionele tale kan ontwikkel nie.

Engels dien steeds as brontaal, en binne die huidige meertalige bestel moet verrykte terminologiese inligting voorsien word. Definisies word in Engels verskaf, met slegs termekwivalente in Afrikaans en die Afrikatale.

Hoewel Afrikaans nog as een van die amptelike Suid-Afrikaanse tale gedokumenteerd word, is daar in werklikheid nie meer sprake van die uitbreiding van die Afrikaanse vaktaal nie. Die vakgebiede waaraan daar tans op nasionale vlak gewerk word, is op die laer registers van vaktaalgebruik gerig (byvoorbeeld basiese gesondheid en skoolvakke) waarvoor daar reeds Afrikaanse terme bestaan (Alberts 2003:143; Alberts 2015b).

Terminologiewerk vorder stadig, is duur en ook tydrowend vanweë die groter aantal (voorheen onontwikkelde) tale betrokke en die aantal nuwe terme wat geskep en goedgekeur moet word. Daar is sedert 1994 'n afname in die publikasie van nuwe vakwoordeboeke deur die Terminologiekoördineringsafdeling synde die nasionale terminologiesiens (Luther 2005).

Die Terminologiekoördineringsafdeling en sy onmiddellike voorgangers het die vaktalkoördineringsrol oorgeneem. As vaktalkantoor van die sentrale regering is die Terminologiekoördineringsafdeling dus veronderstel om steeds 'n nasionale terminologiesiens te lewer. Dit behels alle aspekte van die dokumentering, standaardisering, verspreiding en koördinerings van meertalige vaktalldata. Die terminologiekoördineringsproses is veronderstel om die volgende te behels:

- samewerking en skakeling tussen belanghebbendes, rolspelers en medewerkers (bv. vakspecialiste en taalkundiges),
- die koördinerings van terminologieontwikkelingsinisiatiewe,
- die registrasie van terminologieprojekte,
- die dokumentering van terminologiese data in die nasionale termbank, en
- die disseminering van terminologiese data (Alberts 2015b).

Vantevore het die Terminologiekoördineringsafdeling as fasiliteerder van vaktalaktiwiteite vaktalbehoefte geïdentifiseer en samewerking tussen alle belanghebbendes bevorder. Skakeling, wedersydse stimulerings en samewerking is egter nie tans na wense nie. 'n Nasionale register waarin alle vaktalprojekte geregistreer moet word om duplisering te verhoed en, waar moontlik, samewerking te bewerkstellig, is tans onder konstruksie (Alberts 2000a; Alberts 2015b).

Sedert die rekenariserings van die terminografiese proses is van verskeie doelgemaakte data-vasleggingsprogramme gebruik gemaak. Tans word die Autshumato Terminology Management System (TMS), wat deur die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeX) van die Noordwes-Universiteit ontwikkel is, deur die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik. Dit is 'n oopbronrekenaarstelsel wat as terminologiebestuurstelsel die kantoor in staat stel om die nasionale termbank te beheer en te bestuur. Die stelsel bied 'n aanlyn terminologiesiens wat die skep, instandhouding en uitvoer van terminologie vergemaklik. Die stelsel is taalonafhanklik en enige taal kan bygevoeg word tot die stelsel. Die terminologiebestuurstelsel vergemaklik ook die uitvoer van terme as glossariums (wat saam met vertaalprogrammatuur gebruik kan word) of as woordeboeke (wat gepubliseer kan word). Die terminologieskantoor poog om alle terminologiese aktiwiteite sowel as rekenaar-toepassings uit te voer volgens internasionale standaarde, soos deur die Internasionale Standaardorganisasie se Tegnieke Komitee (ISO TK37) bepaal word (Alberts 2003:139; Alberts 2015b).

Vertalers verbonde aan die Nasionale Taaldiens en eksterne taalwerkers kan met die Terminologiekoördineringsafdeling skakel en van die beskikbare terminologie gebruik maak. Die terminoloë kan ook terme by die taalpraktisyns oes deur alle bron- en doeltaaldokumente te ekserpeer volgens die ISO TK37-standaarde se vertaalgeoriënteerde terminografiebeginsel (ISO 2002).

Die Terminologiekoördineringsafdeling werk ten opsigte van Afrikaanse termskepping nou saam met die Taalkommissie van die Akademie en die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (Pan-

Suid-Afrikaanse Taalraad), en ten opsigte van Engels word die English Academy of Southern Africa en die English National Language Body (Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad) geraadpleeg. Die lede van die nasionale taalliggame vir die Afrikatale word gebruik om die terminologie van die Afrikatale te beoordeel en goed te keur.

4.2.2 *Ander taalkantore*

Afgesien van spontane en dikwels ongekoördineerde termskeppingsaktiwiteite, is daar ook doelbewuste pogings in Suid-Afrika om bepaalde vakgebiede of beroepe se terminologieë te verwerk en in termlyste/vakwoordeboeke of aanlyn beskikbaar te stel. Voorbeelde is die taaldienste by die Subdirektoraat Taaldienste van die Departement Kultuursake en Sport van die Wes-Kaap, waar die Taalforum van die Wes-Kaap gestig is om die provinsie se taalaktiwiteite te koördineer; die Provinsie Limpopo se Departement van Sport, Kuns en Kultuur; die Tolkafdeling van die Parlement; die Owerheidskommunikasie en Inligtingstelsel; die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde; die Kantoor van die Staatsregsadviseur, Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling; Statistieke Suid-Afrika; en vertalers verbonde aan munisipaliteite en banke.

4.3 **Ander instansies en individue**

Buiten staatsinstellings is daar ook ander instansies en individue wat steeds aandag skenk aan vaktaalontwikkeling.

4.3.1 *Akademie*

Die destydse Vaktaalburo van die Akademie het verskeie vakwoordeboeke saamgestel, en by nabaat moes hierdie kantoor nooit met dié van die staat geamalgameer het nie. Die Akademie ondersteun steeds verskeie vaktaalprojekte wat deur vakkomitees hanteer word.

Die Taalkommissie het die Akademie-lede versoek om ten minste 100 kernterme van hul onderskeie vakgebiede aan die Taalkommissie te stuur vir insluiting in die woordelysgedeelte van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)*. Die versoek was dat die terme die vakgebied eenduidig moes verteenwoordig, voorbeelde van nuutskeppings moes wees, en moontlike spellingprobleme kon veroorsaak. Verskeie lede van die Akademie het termlyste aan die Taalkommissie gestuur, en hierdie lyste word sorgvuldig tydens Taalkommissiesittings deurgewerk met die oog op moontlike opname in die woordelysgedeelte van die 2017-*AWS*.

Die Akademie is ook 'n stigterlid van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). Die VivA-projek gebruik die oopbron Autshumato Terminology Management System om Afrikaanse woorde, terme, gesegdes, vertalings, etimologieë en taaladvies vas te lê, wat deur die webwerf (<http://viva-afrikaans.org>) beskikbaar gestel word. Die gebruik van die Virtuele Instituut vir Afrikaans se infrastruktuur maak dit moontlik om termbanke aan die Virtuele Instituut vir Afrikaans te lisensieer. Daar word dan onderling bepaal of die terminologiese data gratis of teen betaling aan gebruikers beskikbaar gestel word. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans beskik ook oor 'n Afrikaanse woordeboekselfoontoepassing wat kitstoegang tot vaktaaldata verleen.

Die Akademie het 'n aansienlike aantal algemene en vakwoordeboeke in sy boekery beskikbaar wat oor verskeie jare deur verskillende taalkantore en individue saamgestel is. Die meeste vakwoordeboeke is reeds uit druk en sommige is nooit hersien nie. Die terme in die vakwoordeboeke en termlyste is steeds baie bruikbaar, maar dit is nie altyd moontlik om die vakwoordeboeke of termlyste te bekom nie. Hierdie terme sou in die Virtuele Instituut vir Afrikaans opgeneem kon word.

4.3.2 *Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings*

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings stel nie termlyste of vakwoordeboeke saam nie, maar ondersteun steeds vaktiaalprojekte wat deur private individue onderneem word (Alberts 2003:139; Alberts 2015b).

4.3.3 *Individue*

Hoewel die saamstel van 'n vakwoordeboek 'n langdurige en moeisame proses is, is daar steeds individue en akademië wat 'n behoefte aan 'n vakwoordeboek in hul spesialisingsveld identifiseer en dan begin om 'n vakwoordeboek in hul vrye tyd saam te stel (Alberts 2015b). Voorbeelde van sulke projekte is die *Kuberwoordeboek*, die *Oseanologiewoordeboek*, die *Sakewoordeboek*, die *Brugwoordeboek* en die *Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe*.

4.3.4 *Sentrum vir Politieke en Verwante Terme in Suidelike Afrika*

Die destydse vakkomitee vir die staatkundeprojek het die Sentrum vir Politieke en Verwante Terme in Suidelike Afrika by die Randse Afrikaanse Universiteit gestig, en werk steeds onder die vaandel van die Universiteit van Johannesburg. Verskeie tweetalige vertalende politieke woordeboeke en hersiene uitgawes is reeds gepubliseer. 1 000 kernterme is reeds in Engels, Afrikaans en vier van die Afrikatale verklaar en gepubliseer. Die komitee lede werk tans aan 'n tweetalige, vertalende en verklarende vakwoordeboek van 2 500 kernterme. Sodra dié projek voltooi is, sal die data in die nege Afrikatale vertaal word (Alberts 2015a; Alberts 2015b).

4.3.5 *Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale*

Die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale het 'n toekenning van die destydse Nasionale Taaldiens ontvang om 'n drietalige (Engels, Afrikaans, Noord-Sotho) regswoordeboek in die straf-, strafproses- en bewysreg saam te stel. Die Engels-Afrikaanse verklarende vakwoordeboek is in 2015 gepubliseer, en daar is reeds begin met die vertaling van die vaktiaaldata in Noord-Sotho en die ander Afrikatale (Alberts 1997a, 1997b; Alberts 2003:140; Alberts 2015b; CLTAL 2015).

4.3.6 *Prolingua*

Prolingua (kyk paragraaf 3) is 'n vakvereniging vir taalpraktisyns wat maandeliks werksvergaderings hou om terminologieprobleme te bespreek en nuwe terme te skep. Prolingua het die nodige toestemming van die meeste uitgewers, vakwoordeboeksamstellers en vaktiaal kantore ontvang om die vaktiaaldata te benut van publikasies wat reeds uit druk is en waarvan die outeursreg opgehef is. Die vaktiaaldata is sedert 1984 gebruik om die Prolingua-termlys saam te stel, en die terme word tans hersien en bygewerk. Die termlys is 'n projek sonder winsoogmerk, en alle wins uit verkope word vir die verbetering van die produk aangewend. Hoewel Prolingua aan tweetalige termlyste werk, is daar steeds 'n groter behoefte aan die skep van Afrikaanse terme (Prolingua 2015:1, 2).

4.3.7 *Banke*

Verskeie taaldienste verbonde aan banke het in die verlede vakwoordeboeke saamgestel, en tans word termlyste steeds bygehou vir interne gebruik. Hierdie terme is van ontskatbare waarde óók

vir ander vakkundiges en taalpraktisyne, maar is nie algemeen beskikbaar nie en is eintlik net vir die bepaalde instansie van waarde (Alberts 2015b).

4.4 Uitgewers

’n Vakwoordeboek is gewoonlik slegs bestem vir ’n beperkte spesialisgebruikersgroep, en om vakwoordeboeke te publiseer, is dus nie ’n betalende bedryf vir uitgewers nie. Verskillende uitgewers het deur die jare vakwoordeboeke en termlyste gepubliseer (Alberts 2015b).

Hoewel mediahuise en uitgewers die publikasie van vakwoordeboeke nie as ’n lonende praktyk beskou nie, behoort daar met hulle onderhandel te word om vakwoordeboeke of vaktaaldata aanlyn te publiseer wat vir alle belanghebbendes van waarde kan wees. Die register kan dan makliker vir verskillende gebruikersgroepe aangepas word, sodat die vaktaaldata vir sowel die vakspecialis as die leek bruikbaar kan wees (Alberts 2015b).

4.5 Tersiere instansies

4.5.1 Terminologieopleiding

In die verlede moes terminoloë indiensopleiding onder mentorskap ontvang. Tans is daar slegs indiensopleiding ten opsigte van databasishantering. By die verskillende Suid-Afrikaanse tersiere instansies maak terminologiesesings gewoonlik ’n onderafdeling van die linguistiek-, leksikografie-, vertaal- of tolkkursusse uit. Vanaf die laat negentigerjare is ’n volledige module in terminologie vir nagraadse studente aan die Departement Afrikatale, Skool vir Tale, Universiteit van Pretoria, aangebied.

Daar is sedert 2002 gepoog om ’n terminologieopleidingsentrum aan die Universiteit van Pretoria tot stand te bring (Alberts 2004a, 2004b, 2005a, 2005b, 2007 en 2014). Daar is destyds betoog dat ’n terminologiesentrum aan die Universiteit van Pretoria vir sowel die Skool vir Tale as alle ander departemente en fakulteite van onskatbare waarde sou kon wees (Alberts 2012). Weens bepaalde logistiese redes is hierdie plan nie in werking gestel nie (Alberts 2015b).

4.5.2 Vaktaalontwikkeling

Fondse is in 2014 deur die Departement van Hoër Onderwys bewillig vir die ontwikkeling van vaktaal by tersiere instansies deur die vestiging van ’n veeltalige termbank met oop toegang in die hoër onderwys. Die termbank het ten doel om vaktaalontwikkeling tussen universiteite onderling te koördineer en om die amptelike Afrikatale te ontwikkel as tale van akademiese diskoers – spesifiek om studente via hulle moedertale toegang te gee tot kernkonsepte in akademiese dissiplines. Die primêre begunstigdes van hierdie nasionale terminologieontwikkelingsprojek is eerstejaaruniversiteitstudente met ’n Afrikataal as moedertaal. Die projek sluit Afrikaans egter nie uit nie. Wat Afrikaans betref, is daar ’n behoefte om bestaande vaktaalinligting te konsolideer, en Afrikaanse terminologieslyste by te werk om tred te hou met nuwe wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelinge, asook resente taalkundige tendense (Alberts 2015b).

Die meeste tersiere instansies is reeds by hierdie projek betrokke en is aktief besig met vaktaalprojekte. Sommige het reeds begin om terminologieskursusse aan te bied. Dit blyk uit die oudit wat by die tersiere instansies gedoen is, dat daar reeds talle projekoortvleuelings is, wat die penetrasie en standaardisering van termekwivalente nadelig sal beïnvloed (Alberts 2015b).

5. VAKTAALONTWIKKELING: DIE TOEKOMS

’n Blik op die historiese ontwikkeling van vaktaal in Suid-Afrika toon dat dit ’n moeisame en langsame proses was. As daar egter gekyk word na die aantal vakwoordeboeke en termlyste wat geproduseer is, is vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika ’n suksesverhaal. Daar is aan verskeie dissiplines aandag gegee, en leemtes en behoeftes kan bepaal word uit die gekonsolideerde vakwoordeboekpublikasielys wat in ’n onlangse ondersoek saamgestel is (Alberts 2015b). Dit blyk dat daar sedert die vyftigerjare ten minste 366 vakwoordeboeke of termlyste gepubliseer is. Daar is tans 14 lopende projekte, en die tersiêre instansies werk aan ongeveer 31 vaktaalprojekte. Baie vakwoordeboeke en termlyste is egter reeds uit druk (National Terminology Service 1993; 1997; 1998).

Afrikaanse vaktaal het ’n bloeitydperk beleef in die voormalige tweetalige bestel, maar weens ekonomies-politieke redes bevind Afrikaans hom tans in ’n oorlewingsfase (in plaas van ’n handhawingsfase), aangesien die klem tans gelê word op die ontwikkeling van die Afrikatale. Die hegemonie van Engels as dominante wêreldtaal veroorsaak verder dat dit moeilik is om die ander amptelike tale as vaktale te ontwikkel (Alberts 2015b; Marais 2015; McLachlan 2015).

Dit blyk uit die ongepubliseerde verslag (Alberts 2015b), wat saamgestel is ná afloop van ’n ondersoek wat pas in opdrag van die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns oor die stand en status van Afrikaanse vaktaal afgehandel is, dat die vaktaalontwikkeling wat tans onderneem word, nie aan die land se behoeftes kan voldoen nie:

- Die Terminologiekoördineringsafdeling vervul nie sy koördineringsrol nie en gee nie aandag aan indiensopleiding of die opleiding van medewerkers nie. Verder werk dié kantoor net saam met enkele staatsdepartemente, terwyl provinsiale en munisipale taalkantore nie hulp kry nie. Die nasionale termbank is tans nie funksioneel nie en terme is nie aanlyn beskikbaar nie. Die nasionale register, wat ten doel het om duplisering van vaktaalaktiwiteite uit te skakel en samewerking te bewerkstellig, is nog onder konstruksie. Toekomstige samewerking kan egter bevorder word indien instansies wat terminografie bedryf, hul vaktaalprojekte by die Terminologiekoördineringsafdeling registreer.
- Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad is volgens sy mandaat veronderstel om aandag te gee aan (vak)taalontwikkeling. Die nasionale taalliggame moet alle terminologie wat in die onderskeie amptelike tale, asook in Khoi en San (en gebare in die geval van Suid-Afrikaanse Gebaretaal) geskep word, beoordeel ten opsigte van woordvormings-, spel- en skryfbeginsels – dit word egter nie gedoen nie. Vaktaalontwikkeling sou daarby baat indien terminologie wat aan die taalliggame voorgelê word, wel in die toekoms beoordeel word.
- Verskeie taalkantore (by nasionale, provinsiale, munisipale en semistaatsinstellings, banke, ensovoorts) versamel steeds terminologie vir interne gebruik. Private instansies, sentra en individue stel steeds vakwoordeboeke saam. Die verskillende instansies maak van ’n verskeidenheid van datavasleggingsprogrammatuur gebruik – dit sou verkieslik wees dat hierdie programmatuur versoenbaar is om die uitruil van data in die toekoms te vergemaklik. Data behoort gedigitaliseer en oop te wees vir vrye toegang en algemene gebruik, want data wat nie oop gelisenseer is nie, raak onbruikbaar.
- Die verskillende tersiêre instansies kan die vaktaalbedryf bevorder deur behoorlike terminologieopleidingskursusse aan te bied en deur in hul begrotings voorsiening te maak vir vaktaalontwikkeling. Die tersiêre instansies wat tans aktief met terminologieontwikkeling besig is, moet saamwerk om duplisering te voorkom. Navorsing oor terminologie moet verkieslik aanlyn beskikbaar gestel word vir leer- en onderrigsituasies.

Die terme wat aanlyn in die oop domein beskikbaar gestel word, moet van 'n hoë gehalte wees en die doeltreffendheid daarvan moet gereeld gemeet word. Daar behoort ook stelsels te wees vir kommentaar op vaktaaldata en wat die hersiening en bywerking daarvan sal vergemaklik (Alberts 2015b).

- Bestaande infrastruktuur, soos taalkantore, termbanke en digitale platforms, asook finansiering, moet benut word eerder as om nuut ontwikkel of verkry te word. Alle terminologie wat beskikbaar is (selfs terminologieprodukte wat reeds uit druk is), behoort gedigitaliseer te word en gratis aanlyn (byvoorbeeld by die Terminologiekoördineringsafdeling/Virtuele Instituut vir Afrikaans/universiteite) beskikbaar te wees, of daar behoort koppelvlakke en skakels te wees na alle vaktaalaktiwiteite (Alberts 2015c).
- Daar is kundiges in die land wat oor 'n magdom vaktaalkennis beskik, en hierdie kundigheid moet benut word. Afgetrede akademië, vakkundiges en taalpraktisyns kan van groot waarde wees wanneer verklarings en vertalings gedoen moet word of kommentaar benodig word. Daar behoort 'n lys bygehou te word van alle individue wat as rolspelers by vaktaalontwikkeling betrek kan word (vgl. Alberts 2015c).
- Staatsdepartemente moet volgens wet aandag gee aan die ontwikkeling van die terminologie wat op hul onderskeie werksterreine van toepassing is, en wel in al elf amptelike tale in die geval van nasionale departemente, of in ten minste drie van die tale wat in 'n bepaalde provinsie gebruik word (*Government Gazette* 2012:6; 2013:25; ATKV 2015:96). Die staatsdepartemente behoort terminologieontwikkeling dus ook behoorlik te finansier.
- Die privaat sektor, mediahuise en uitgewers sou ook by die finansiering van vaktaalontwikkelingsprojekte betrek kon word, omdat hulle immers ook die eindgebruikers van terminologie is.
- Projekleiers en die vakkomiteeëde wat met die fisiese dokumentering van terminologiese inligting gemoeid is, behoort vir hul werk vergoed te word. Skenkings kan belê word en die opbrengs dan gebruik word om vaktaalprojekte te finansier. Slegs wanneer daar van vergoeding sprake is, kan daar ook van vordering sprake wees. Die ware toedrag van sake is dat die land opgeleide terminoloë en begeesterde vakkundiges, akademië en studente nodig het om meertalige en veeltematiese terminologie te ontwikkel.
- 'n Daadwerklike gesamentlike poging moet aangewend word om meertalige terminologie in 'n verskeidenheid van dissiplines te ontwikkel, te dokumenteer en nasionaal beskikbaar te stel. Sonder vaktaal kan daar immers nie sprake wees van behoorlike vakkommunikasie nie.

6. SAMEVATTING

Hoewel hierdie artikel op Afrikaans konsentreer, moet Afrikaans nie in isolasie beskou word nie, want die huidige Grondwet vereis by implikasie dat aandag gegee word aan die ontwikkeling van meertalige vaktaal. Suid-Afrika beskik oor magtigende wetgewing en taalstrukture wat die talebestel behoort te beskerm en te ontwikkel. Die vaktale van die amptelike tale moet in die toekoms saam ontwikkel word – nie net vir eie behoud en ontwikkeling nie, maar veral met die oog op vakgerigte kommunikasiebehoefes.

BIBLIOGRAFIE

- Abdulaziz, M.H. 1989. Development of scientific and technical terminology with special reference to African languages. *Kiswahili*, 56:32-49.
- Alberts, M. 1983. Aspekte van die rekenarisering van vakwoordeboeke. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Alberts, M. 1988. Vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika, INEG 917, Akademie-argief: AR 49: Agenda 19.6.1988, bylae.
- Alberts, M. 1990. *’n Bepaling van Afrikaanse vakleksikografiese behoeftes*. D.Litt et Phil.-tesis. Pretoria: UNISA.
- Alberts, M. 1997a. Legalese: South Africa’s 12th official language? (Unpublished paper read at the “Seminar on Language in Court”, Northern Department of Education, Arts, Culture and Sport, Thohoyandou, 16-17 May 1997.)
- Alberts, M. 1997b. Legal terminology in African languages. *Lexikos 7*, Afrilex Series 7:1997:179-191.
- Alberts, M. 1998. The harmonisation of Nguni and Sotho: terminological perspectives. In: Prah, K.K. (ed.) 1998:229-242.
- Alberts, M. 1999. Terminology in South Africa. *Lexikos 9*, Afrilex Series 9:18-35.
- Alberts, M. 2000a. Audit on South African terminology projects. July 2000. Unpublished document. Pretoria: National Terminology Service and the Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Alberts, M. 2000b. Terminology management at the National Language Service. *Lexikos 10*, Afrilex Series 10:234-251.
- Alberts, M. 2000c. Overview of current initiatives in Terminology in South Africa. *NEOTERM – World Specialized Terminology*. No 37/38. Warszawa 2000:47-58.
- Alberts, M. 2003. Vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika. In Botha, W. (red.): *’n Man wat beur. Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: WAT, pp. 127-161.
- Alberts, M. 2004a. Envisaged Lexicography and Terminology Training Centre, Department of African Languages, University of Pretoria, in conjunction with PanSALB. Unpublished document. Pretoria: PanSALB.
- Alberts, M. 2004b. *Establishment of a Lexicography and Terminology Training Centre at the Department of African Languages, School for Languages, University of Pretoria*. Unpublished document. Pretoria: PanSALB.
- Alberts, M. 2005a. Envisaged Lexicography and Terminology Training Centre, Department of African Languages, University of Pretoria, in conjunction with PanSALB. Unpublished document. Pretoria: PanSALB.
- Alberts, M. 2005b. Terminologieopleiding op universiteitsvlak. Ongepubliseerde referaat gelewer by die Akademie-simposium, 23-24 Junie 2005, Pretoria.
- Alberts, M. 2007. Voorstel vir die vestiging van ’n Terminologiesentrum aan die Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde dokument. Akademie, Pretoria.
- Alberts, M. 2008. National language and terminology policies – a South African perspective. *eDITion Terminologiemagazin, Ausgabe 1/2008*. Deutscher Terminologie-Tag e.V. (DTT), Deutsches Institut für Terminologie e.V. (DIT): 18-21.
- Alberts, M. 2010. National language and terminology policies – a South African perspective. *Lexikos 20*. Afrilex Series 20: 599-620.
- Alberts, M. 2012. Terminology as an aid in teaching and learning. Unpublished paper read at the “Closed workshop on verification of scientific terminology & International Translation Day”. 28 September 2012, Cape Peninsula University of Technology, Bellville.
- Alberts, M. 2013. The Afrikaans orthographical rules as guide for other South African languages. *Lexikos 23*. Afrilex Series 23:1-28.
- Alberts, M. 2014. Terminology development at tertiary institutions: a South African perspective. *Lexikos 24*. Afrilex Series 24: 1-26.
- Alberts, M. 2015a. Centre for Political and Related Terminology in Southern African Languages (CEPTSA) – translating and explanatory dictionaries. *Lexikos 25*. Afrilex Series 25: 1-34.

- Alberts, M. 2015b. 'n Oorsig van vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika met spesiale verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van Die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, November 2015.
- Alberts, M. 2015c. Die Akademie se Vaktaalbuuro – verlede, hede en toekoms. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van Die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Desember 2015.
- Alberts, M. & Mollema, N. 2013. Developing legal terminology in African languages as an aid to the court interpreter: a South African perspective. *Lexikos* 23. Afrilex Series 23: 29-58.
- ATKV. 2015. Jou taal, jou keuse: Dis wet! *Taalgenoot*. ATKV, Winter 2015: 96.
- Botha, W. 2003. *'n Man wat beur*. Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Botha, W., Alberts, M. & Kapp, P. 2010. The historical experiences in developing Afrikaans as a language. Unpublished paper read at the "Steering Committee: African Languages Roundtable", Department of Higher Education and Training, 22 October 2010, Pretoria.
- Buyts, F. 2014. Afrikaanse universiteit bekendgestel. *Pretoria East Rekord* November 2014:4.
- Carstens, A. 1997. *Introduction to terminology and terminography*. Pretoria: University of Pretoria.
- CLTAL. 2015. *Legal Terminology: Criminal Law, Procedure and Evidence/Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg*. Clairmont: Juta.
- Cluver, A.D. de V. & Scheffer, C.J. (reds.). 1984. *RGN-ondersoek na vaktaalaangeleenthede in Suidelike Afrika: Verslag van die ondersoek na organisatoriese aangeleenthede op vaktaalgebied*. Pretoria: RGN (Term-1).
- Cluver, A.D. de V. 1992. Die verskille en ooreenkomste tussen algemene leksikografie en vakleksikografie. *Algemene en vakleksikografie in die praktyk*. Referate gelewer tydens 'n werkwinkel in Pretoria op 16 Junie 1992. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding, pp. 32–48.
- Cluver, A.D. de V. 1995. Language development in South Africa. *Final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG): towards a national language plan for South Africa*. 1995. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Cluver, A.D. de V. 1996. *Language development*. Proceedings of a LANGTAG workshop on issues in language development: focussing on the future of the apartheid language boards and the harmonisation and development of African languages. 28 March 1996, Unisa, Pretoria.
- Department of Arts and Culture (DAC). 2002. *National language policy framework. final draft (NLPF)*. Pretoria: Department of Arts and Culture.
- Department of Arts and Culture (DAC). 2003. *Implementation plan: framework for the national language policy. final draft*. Pretoria: Department of Arts and Culture.
- Department of Arts, Culture, Science and Technology (DACST). 1996. *Overview, recommendations and executive summary from the final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG)*. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Department of Higher Education and Training. 2010. *African languages roundtable*. Paper read at the African Languages Roundtable, 22 October 2010, Pretoria.
- Ferreira, D.M. & Du Plessis, L.T. 2007. Terminologiebestuur in Suid-Afrika: 'n beoordeling van drie werkmodes. *Lexikos* 17. Lexikos-reeks 17: 56-76.
- Ferreira, D.M. 2002. Terminologiebestuur in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die posisie van histories ingekorte tale. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Fourie, D.J. 1994. The rejection of terminology: observations from the African languages. *South African Journal for African Languages* 12(1): 11-15.
- Galinski, C. & Schmitz, K-D (eds). 1996. *TKE '96: Terminology and Knowledge Engineering*. Frankfurt/M: Indeks Verlag
- Government Gazette. 2012. Use of Official Languages Act 12 of 2012. *Government Gazette* No. 35742, 2 October 2012. Cape Town: Government Printer.
- Government Gazette. 2013. Use of Official Languages Act — Proposed Regulations. *Government Gazette* No. 36392, Government Notice 411 of 2013, 26 April 2013: 56-67. Cape Town: Government Printer.
- Grobler, E., Prinsloo K.P. & van der Merwe, I.J. (eds). 1991. *The language atlas of South Africa: language and literacy patterns*. Pretoria: RGN.

- ISO. 2002. *Translation-oriented terminography*. International Organization for Standardization, ISO/TC37/SC2.
- Jordaan-Weiss, M. 1996. Practical terminology work in South Africa: problems, solutions and challenges. In: Galinski, C & Schmitz, K-D. (eds). 1996:373-380.
- Kapp, P.H. 2009. *Draer van 'n droom. die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909–2009*. Hermanus: Hemel-en-See Boeke.
- LANGTAG. 1995. *Towards a national language plan for South Africa: A report of the Language Plan Task Group (LANGTAG)*. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- LANGTAG. 1996. *Information on the Language Plan Task Group (LANGTAG)*. Pretoria: State Language Services, Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Luther, J. 2005. Vaktaalontwikkeling. Ongepubliseerde dokument.
- Marais, D. 2015. Afrikaans in gevaar? *Taalgenoot*. ATKV, Lente 2015: 61-63.
- McLachlan, T. 2015. Oor Afrikaans en die toekoms daarvan. In: Litnet seminare en essays, 2015-12-03. <http://www.litnet.co.za/oor-afrikaans-en-die-toekoms-daarvan/> [3 Desember 2015]
- Mtintsilana, P.N. & Morris, R. 1988. Terminography in African languages in South Africa. *South African Journal of African Languages*, 8(4):109-113.
- National Terminology Service. 1993. *Catalogue of technical dictionaries*. Pretoria: Department of National Education.
- National Terminology Service. 1997. *Directory of language resources in South Africa*. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- National Terminology Service. 1998. *Catalogue of technical dictionaries*. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Nkabinde, A.C. 1992. Lexicography in Zulu. *Algemene en Vakleksikografie in die praktyk: referate gelewer tydens 'n werkwinkel in Pretoria op 16 Junie 1992*: 84-95. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.
- Prah, K.K. (ed.). 1998. *Between distinction & extinction. The harmonisation & standardisation of African languages*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Prolingua. 2015. *Prolingua 65! 'n Vereniging vir Afrikaanse en Engelse Taalpraktisyne. An Association for English and Afrikaans Language Practitioners. 28 Oktober 1950 – 12 Augustus 2015*. Pamflet saamgestel ter viering van Prolingua se 65ste bestaansjaar.
- Roux, J.C. & Bosch, S. 2002. Human language technologies (HTL) and the national lexicographic units (NLUs). Ongepubliseerde dokument.
- Scheffer, C.J. 1987. Promoting and merging terminological activities in South Africa. *Logos* 7(2):31-34.
- Scheffer, C.J. 1992. Samewerking in die vaktaalomgewing. In: *Algemene en vakleksikografie in die praktyk: referate gelewer tydens 'n werkwinkel in Pretoria op 16 Junie 1992*: 115-126. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.
- Statistics South Africa. 2013. *Multilingual statistical terminology*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Suid-Afrika. 1961. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961.
- Suid-Afrika. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.
- Suid-Afrika. 1995. Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad 59 van 1995.
- Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- Suid-Afrika. 1999. Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

N.P. van Wyk Louw se opvattinge oor taalbewegings en die behoud van Afrikaans

N. P. van Wyk Louw's views on language movements and the maintenance of Afrikaans

J.C. STEYN

Navorsingsgenoot: Departement Afrikaans en Nederlands
Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat
E-pos: steynjaap@gmail.com



J.C. Steyn

J.C. STEYN was verbonde aan *Die Volksblad*, die Universiteit van Port Elizabeth (tans Nelson Mandela-Universiteit), die Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg) en die Universiteit van die Vrystaat. Hy het meer as 100 artikels in vaktydskrifte en boeke gepubliseer en is die skrywer van taalpolitieke, taal- en kultuurhistoriese boeke. Die vernaamste is *Tuiste in eie taal* (1980), *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938* (1987) en *'Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare* (2014). Ook in sy drie biografieë, *Van Wyk Louw: 'n lewe* (1998), *Pen vegter: Piet Cillié van Die Burger* (2002) en *Die honderd jaar van M.E.R.* (2004) gee hy aandag aan die taalstryd en die betrokkenes se opvattinge oor taal.

J.C. STEYN worked at *Die Volksblad*, the University of Port Elizabeth, the Rand Afrikaans University and the University of the Free State. He has published over 100 articles in journals and books and is the author of several works on language politics and language and cultural history. The most important of these are *Tuiste in eie taal* [Home in their own language] (1980), *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938* [Loyal Afrikaners Aspects of Afrikaner nationalism and South African language politics], (1987) and *'Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare* ['We make a language'. Afrikaans since the years of *Die Afrikaanse Patriot*] (2014). In three biographies he paid special attention to the language struggle and the views of the authors of Afrikaner nationalism.

These books are *Van Wyk Louw: 'n lewe* [Van Wyk Louw – A biography] (1998), *Penvegter: Piet Cillié van Die Burger* ['Penvegter': Piet Cillié of *Die Burger*] (2002) and *Die honderd jaar van M.E.R.* [The hundred years of M.E.R.]. (2004).

ABSTRACT***N. P. van Wyk Louw's views on language movements and the maintenance of Afrikaans***

In several essays and talks, the Afrikaans poet N. P. van Wyk Louw spoke about small nations and languages, language movements, language struggles and nationalism, and the survival of Afrikaans. The factors contributing to the success of a language movement are discussed in the current article, as based on Louw's view of language movements and his views on nationalism.

According to Louw, nationalism does not involve the glorification of the nation and language; self-glorification is a feature of chauvinism, the black angel of nationalism and actually its archenemy. In fact, a man "does not love his nation because it is worthy and the best nation on earth; he loves it for its misery."

Louw denied that nationalism is a form of limitation, narrowness, and selfishness. He argued his denial by referring to national rights. An example of a national right is the right to receive your intellectual development, in short your education, in a language that you understand. "When you see the value of national rights not only as rights your own group deserve, but as universal human rights, then you're already out of the limitations of your own group, and you will not only claim these rights for your own group".

He distinguishes between the imperialist and aggressive nationalism of the great nations on the one hand, and the nationalism of the people who rebel against this type of nationalism on the other. The two kinds of nationalism lead to two kinds of language movements. Louw described the defensive language movements of the communities that react against imperialist nationalisms.

A language movement can only start when historically conscious intellectuals are concerned about a "crisis of despair" in a nation or language community, and plan to retain the language, to uplift (or empower) the community and thus ensure the survival of the people or language community. Such a crisis occurs when a large number of community members question whether it is worthwhile to retain the language and continue as a language community.

The first agent used by communities in language movements are organizations and institutions established by the community.

A language movement has a great chance of success if it has political support and is therefore not politically so powerless that it cannot influence government decisions. A language movement cannot succeed without political means. The loss of political support in a multilingual country can seriously harm a minority language.

A language movement's chances of success in a multilingual country are best when the movement can succeed in connecting the struggle for the promotion of the language with the empowerment of a disadvantaged community.

This factor was the key in the Afrikaans language movement in the early twentieth century in South Africa. Afrikaans was the language of the largest groups of voters in the country, white and coloured. It was also the language of mainly poor groups – "those who felt as oppressed, those who wanted to uplift themselves, those who wanted to upturn the economic conditions before 1900 with a kind of revolution. And in this weakness lay power."

The recognition of this "material base" does not undermine the national value of the movement. This proves that it was not simply a case of playing with phrases and ideals, but "a piece of the full Afrikaans social reality". One could say: the Afrikaans language movement was the socialism of the poor Afrikaans people. The movement succeeded because it was the bearer of crucial needs – even economic needs. In this lay its strength.

It can have fatal consequences for a small nation and, by implication, a small language community, to have a small language group act unfairly against other groups in a multilingual country.

Louw pointed out that a national movement can be so blinded by national rights that it may commit injustice by keeping individual rights from other ethnic groups. It is because of this crisis that Louw made his famous statement: "I believe that in a strange way this is the crisis from which a nation can be reborn, young, creatively, it may appear, this 'dark night of the soul' in which the nation said: I would rather perish than persist through injustice."

In 1960, Louw criticized the National Party (NP) government's policy towards the coloured people. This he did in the preface to a startling case for white-coloured integration by D.P. Botha in Die opkoms van ons derde stand (The emergence of our third estate). In the preface, Louw rejected the NP policy towards coloured people. According to him, Afrikaner and South African nationalists spontaneously said: "We have done evil against the coloured people; we neglected and discarded them." This is according to Louw "a remarkable piece of national psychology".

What furthermore made this preface significant is that Louw alters his view of a people by declaring that he had a "sincere desire – no, an ardent wish" that "my people, white and coloured, and the language we speak, continue to exist in this country". He hoped that white and coloured would cease to look to the past and blame each other. One explanation for the growing apart of the two groups could be: "There was a time when the white Afrikaner had to fight so desperately to keep alive at least a core of his own indigenous, South African conviction, that he could not always see clearly."

Do Louw's views have value in this crisis in which Afrikaans and Afrikaners find themselves today? At least three of his beliefs can serve as clues. The first is the possibility to become the language of a group of people who are economically disadvantaged. The second is the development of the culture and the creation of institutions that can appreciate the culture, protect it and disseminate it. The third is to use the language out of self-respect and solidarity with the community.

KEY WORDS: N.P. van Wyk Louw, Afrikaans, language movement, nationalism, Afrikaner nationalism, language loyalty, language community, Afrikaners / Afrikaans-speaking people

TREFWOORDE: N.P. van Wyk Louw, Afrikaans, taalbeweging, nasionalisme, Afrikaner-nasionalisme, taalgetrouheid, taalgemeenskap, Afrikaners / Afrikaans-sprekendes

OPSOMMING

Die digter N.P. van Wyk Louw het hom in verskeie opstelle en praatjies uitgelaat oor klein volke en tale, taalbewegings, taalstryde en nasionalisme en die voortbestaan van Afrikaans. In hierdie artikel word op grond van sy siening van taalbewegings en sy opvattinge oor nasionalisme gelet op die faktore wat bydra tot die welslae van 'n taalbeweging. Hy betoog met voorbeelde dat 'n taalbeweging slegs kan begin wanneer histories bewuste intellektuele bekommerd is oor die taal en die taalgemeenskap en planne maak om die taal te behou en die gemeenskap op te hef. 'n Taalbeweging het 'n kans op welslae wanneer dit 'n "staatkundige stut" kan bekom en dus nie polities so magteloos is dat dit nie regeringsbesluite kan beïnvloed nie. Volgens Louw is 'n taalbeweging se kans op welslae die beste wanneer die beweging dit kan regkry om die strewe na die bevordering van die taal te verbind met die bemagtiging van die minder bevoorregte lede van die gemeenskap. Hy illustreer laasgenoemde stelling met 'n oortuigende verwysing na die vordering van Afrikaans in die eerste helfte van die twintigste eeu. Sonder om na enige taal te verwys meen hy ook dat dit noodlottige gevolge vir 'n klein gemeenskap kan hê om in 'n meertalige land onregverdig teenoor ander groepe op te tree.

INLEIDING

Die Nederlandse digter Jan Greshoff maak in 1941 ’n opmerking in sy dagboek oor ’n gesprek wat hy dié dag met sy vriend N.P. van Wyk Louw gevoer het. Hy skryf: “Ik begrijp nooit zijn overschatting van de taal. Zijn geheel bestaan draait om taalvraagstukken. Hij vergoddelijkt de taal. Voor mij blijft taal een uitdrukkings*middel*. En als er dan met kracht en geweld iets vergoddelijkt moet worden, dan het dichterschap, dat aan de taal zijn glans en zin wel verleent” (Steyn 1998:337).

Greshoff se gebrek aan begrip het waarskynlik deels voortgekom uit die feit dat hy ’n Nederlander was en dus lid van ’n volk wat nie ’n taalstryd teen verdringing deur ’n ander taal moes voer nie. Maar hy het gelyk gehad in dié opsig dat Louw ’n groot belangstelling in taal, in klein tale en veral in Afrikaans gehad het.

Taal het hom reeds in sy jeug geboei. Hy het vroeg kennis gemaak met Engels en Nederlands. Sy grootvader Van Wyk het voorgelees uit die Statebybel en kon gebede doen waarin daar byna geen Nederlandse taalfout was nie (Louw 1986a:538). Dikwels het die gesin die vakansie deurgebring op plase waar wit en bruin Afrikaanssprekendes baie kontak met mekaar gehad het. Daar was “speel-met-taal” ’n “hoë vorm van vermaak” – rympies, raaisels, woordspelletjies, stories vertel, terg en pla; die uitdink en smaaklike gebruik van byname (1986a:539).

Die taalbeweging was in sy jeug nog aan die gang. Op ’n dag het sy onderwyser uit radeloosheid oor sy verveelde leerlinge die *Bloemen uit de Hollandsche tuin* toegeklap en gesê dat hy vir hulle ’n “ander soort versie” gaan lees. Dit was “Die Vlakte” van Jan F.E. Celliers. “Ons het nie eens geweet daar bestaan so iets soos Afrikaans nie, en wat ons toe gehoor het, was vir ons die oopgaan van ’n nuwe wêreld” (1986b:197).

Oor taalstryde en taalbewegings het hy baie nagedink en geskryf. Vir die jeugblad, *Die Jongspan*, het hy jare lank ’n rubriek oor die nuus van die week behartig en onder meer die jong lesers ingelig oor die Vlaamse, Tsjeggiese, Turkse, Walliese en Friese taalstryde. Hy het dit steeds in verband gebring met die Afrikaanse taalbeweging en taalstryd.

In die 1930’s was hy gou die leiersfiguur van ’n nuwe digtersgeslag, die Dertigers. Oor dié digters en hul strewes het hy artikels in verskeie koerante en tydskrifte gepubliseer. Dikwels verwys hy hierin na die taalbeweging.

Sy grootste bydrae tot Afrikaans was sy poësie. ’n Taalkundige, J. du P. Scholtz, het die betekenis van sy werk vir die ontwikkelende kultuurtaal helder gestel: “Die Afrikaanse letterkunde, wat al voor 1925 deur die werk van veral digters soos Eugène Marais en C. Louis Leipoldt hoë aansien verwerf het, het na 1930 los gekom van sy lokale beperkings en deur die werk van ’n groot digter soos N.P. van Wyk Louw aan Afrikaans ’n status as literêre uitdrukkingsmiddel gegee wat nie meer in twyfel getrek kon word nie” (1980:25). Die skrywer en historikus Karel Schoeman noem Louw “Suid-Afrika se grootste digter en een van die min figure van wêreldformaat wat die land nog opgelewer het” (Schoeman 1986:187).

Terwyl Louw in die 1950’s professor in Amsterdam was, het hy soms aspekte van die Afrikaanse beweging met sy studente behandel. In ’n reeks opstelle, getitel “Die oop gesprek”, het hy in *Die Huisgenoot* dikwels oor taalverwante kwessies geskryf en in radiopraatjies wat later gepubliseer is, uitgewei oor die opkoms van tale – en veral van Afrikaans.

In een van hierdie praatjies betreur hy dit dat Afrikaanssprekendes nooit “’n diep, deurdagte teorie van sy optrede gegee het nie – iets wat ons sou kon noem: die filosofie van die klein tale se reg”. Met so ’n filosofie, sê hy, sou ons in die taalstryd aanmerklik sterker gestaan het: “ons sou ’n intellektuele en redelike wapen gesmee het waarmee ons die teenstand kan ontmoet. Maar meer nog: ons sou ’n bydrae tot die wysbegeerte van die menslike verhoudings gelever het – ’n

bydrae wat alleen deur een van die kleiner volke gelewer kán word. En daarmee sou ons nie alleen ons eie lewe verryk het nie, maar ook die lewe van die Europese kultuurkring waartoe ons behoort. So iets sou ’n verryking wees van die begrip: menslike vryheid, of: vrye menslikheid” (1986b:345).

Dié praatjies is opgeneem in ’n boek wat postuum in 1977 verskyn het. In daardie tyd was die aandag van politici en intellektuele op ander taal- en politieke vraagstukke as die taalbeweging toegespits. Die praatjies het dus nie die aandag gekry wat dit verdien nie en van ’n “filosofie van die klein tale se reg” het niks gekom nie

Die bedoeling met hierdie stuk is om ’n samevatting te gee van Louw se opvatting oor taalbewegings en die behoud van klein tale maar veral van Afrikaans – die opkoms daarvan as kultuurtaal en die prosesse waarvoor die taalgemeenskap op sy hoede moet wees. Louw beskryf naamlik nie alleen die prosesse nie, maar hy vermaan en waarsku ook soms sy lesers heel subtiel. Hy het besef dat die voortbestaan van klein gemeenskappe en tale nooit seker is nie. In ’n opstel uit 1938 skryf hy dat die wording van ’n klein volk en by implikasie ’n klein taal ’n waagspel is. “Tussen die groot magte moet hy opkom soos ’n plantjie tussen die pote van die grootvee opkom. Elke oomblik kan hy vertrap word” (1986:95).

Dis noodsaaklik om in hierdie stuk rekening te hou met die veranderings in gevoelswaarde en betekenis van sommige woorde. Een woord wat selfs redelik konserwatiewe taalgebruikers deesdae vermy, is *volk*. Miskien is dit weens die honende gebruik daarvan in sommige Engelse en Afrikaanse publikasies (onvertaald in Engels soos “the *Taal*” vroeër en tussen aanhalingstekens in Afrikaans), asook die emosionele “ons volk” in party politieke toesprake. Boonop kan een betekenisvariant van *volk* as rassisties opgevat word. Baie Afrikaanssprekendes vervang dus *volk* deur (*kultuur-*)*gemeenskap*. By Louw is *volk* ’n sentrale begrip, maar by hom het dit ’n betekenisverandering ondergaan, sodat hy in 1960 skryf van “my volk, Blank en Bruin”. (Daaroor later iets meer.) In sy behandeling van taalbewegings is daar al voortekens van dié verandering. In sy 1960-betekenis slaan *volk* by Louw dus op die hele taalgemeenskap. Wat Louw in sy bespreking van taalbewegings oor en vir Afrikaners meedeel, geld eintlik vir Afrikaanssprekendes. Maar ter wille van die outentisiteit word Louw se woorde onveranderd gelaat.

Louw se opvatting oor tale blyk veral uit drie artikelreekse. Twee daarvan was deel van “Die oop gesprek” in *Die Huisgenoot*, naamlik “Rondom die begrip ‘nasionaal’” (van 19 Oktober tot 9 November 1951) en “Kultuur en krisis” (van 25 Julie tot 22 Augustus 1952), wat albei opgeneem is in *Liberale nasionalisme* (1958) en *Versamelde prosa 1* (1986a). Die derde reeks is die reeds vermelde radiopraatjies, “Die opkoms van tale”, wat gepubliseer is in *Deurskouende verband* (1977) en *Versamelde prosa 2* (1986b). Alleen die laaste reeks handel oor taalbewegings, maar Louw se beskouings oor nasionalisme het baie raakpunte daarmee. Nasionalisme is so ’n omstrede begrip dat dit nodig is om te verduidelik wat Louw daaronder verstaan.

LOUW SE SIENING VAN TAALBEWEGINGS EN NASIONALISME

Die reeks “Rondom die begrip ‘nasionaal’” begin met die bevraagtekening deur ’n (waarskynlik denkbeeldige) jong Engelssprekende vriend wat heel krities staan teenoor iets wat Louw in 1936 kwytgeraak het in ’n artikel oor die strewes van die jong skrywers. In ’n opstel met die titel “Gedagtes oor die nasionalisme en die kuns” het hy verklaar dat “ons Afrikaanse nasionalisme vir ons jongeres ’n mag is wat dieselfde volstreckte eise aan ons stel as ’n godsdiens, wat ons dwing om die hele persoonlikheid in diens van ’n ideaal en van ’n menslike gemeenskap te stel en wat aan ons ’n volledige en mooi lewe voorhou om te volg” (1986a:25).

Wanneer Louw in 1951 daarop reageer, verduidelik hy wat hy onder nasionalisme verstaan en wat dit nie beteken nie. Ten eerste het hy die woorde “*dieselfde volstreckte eise*” (as ’n godsdiens)

in die pas aangehaalde 1936-stelling teruggetrek. “Geen enkele politieke geloof kan ’n volledige wêreldbeskouing wees nie. Daar is kante aan die mens wat buitekant die politiek lê; en daar is vlakke van die werklikheid wat bokant enige vorm van menslike gemeenskap uitreik.” Die politiek relatiewer nie die waardes nie, maar die waardes relatiewer die politiek. Soos elke ander politieke strewer moet die nasionalisme hom steeds “voor die regbank van die waardes verantwoord” (1986a:420-421).

Hoewel nasionalisme vir hom net so ’n universele begrip is as geregtigheid, erken hy dat dit ’n *-isme* is: “Dit is nie die een en volle waarheid op die gebied van die menslike samelewing nie” (1986a:431).

Tweedens kom nasionalisme nie neer op die verheerliking van die eie volk en taal nie – iets wat Louw se kritiese vriend beweer. Selfverheerliking is ’n kenmerk van chauvinisme, “die swart engel van die nasionalisme” (1986a:422-423). Die nasionalisme moet chauvinisme eintlik as ’n doodsvyand beskou en veral juis by klein volke. “(B)inne ’n klein, bedreigde volk moet die ware nasionalis kritiek en aansporing in ’n fyn ewewig hou – so fyn dat hy maar seker selde voel dat hy sy taak behoorlik verrig” (1986a:424). In werklikheid het ’n mens sy volk lief “nie omdat hy heerlik en die beste volk op aarde is nie; jy het hom lief om sy ellende” (1986a:424).

Louw was op sy hoede vir foute en oordrywings. Wanneer hy skryf oor Afrikaners se liefde vir hul taal, laat hy dit gepaardgaan met ’n vermaning: liefde vir die eie taal is nooit haat of minagting vir ’n ander taal nie. Daar is duisende “fel-nasionale Afrikaners wat vir die Engelse literatuur en taal die grootste liefde het” (1986b:348). Hy vra in 1952 aan sy Engelssprekende vriend en sy Afrikaanse lesers: “En jy self: as jy simpatie met die Bantoes voel ... dink jy ooit aan iets soos taalregte vir hulle?” (1986a:430).

Ten slotte ontken Louw ook dat nasionalisme ’n vorm van beperktheid, engheid en egoïsme is – ook weer ’n stelling van die kritiese briefskrywer. Louw beredeneer sy ontkenning daarvan deur te verwys na nasionale regte. ’n Voorbeeld van ’n nasionale reg is die reg om jou geestelike ontwikkeling, kortweg jou onderwys, te ontvang in ’n taal wat jy verstaan (1986a:429-430). “Wanneer ’n mens die waarde van nasionale regte insien, nie alleen as regte wat jou eie groep toekom nie, maar as universele menslike regte, dan is jy reeds uit die beperktheid van ’n eie groep uit en jy sal hulle dan nie alleen vir jou eie groep opeis nie” (1986a:431).

Heel versigtig laat Louw hom uit oor die moontlike gebrekkige denke van sommige nasionaliste. Hy glo dat die nasionalisme as stelsel nog maar half bewus is by baie mense wat dit emosioneel aanvaar. Dit geld ook sy eie mense. Daarby kan ’n nasionalis hom blind staar op nasionale regte, en as gevolg van sterk oortuigings hieroor, individuele regte by mense of groepe mense ontken. So kan ’n mens in ’n “nuwe vanggat van die onregverdigheid” stort (1986a:431). ’n Voorbeeld van ’n individuele reg is vir Louw “die reg om jou brood vry en behoorlik te verdien” (1986a:429).

Hoewel Louw nie hierdie terme gebruik nie, onderskei hy duidelik tussen die imperialistiese en aggressiewe nasionalisme van die groot nasies en die verdedigende nasionalisme van die volkere wat teen dié soort nasionalisme in verset kom. Die vorm van nasionalisme wat hy aanhang, kom ooreen met laasgenoemde. Terloops merk hy op dat die nasionalisme en liberalisme in die negentiende eeu “soos ’n linker- en regterhand saamgegaan en saamgewerk het – veral in die kleiner onderdrukte lande van Europa” (1986a:426).

Sy siening van die twee soorte nasionalismes bevestig Louw in “Die opkoms van tale” (1986b:334-342). Daarin gaan hy in op die verskil tussen twee soorte taalbewegings. Aan die een kant is daar ’n soort imperialisme wat nie bloot taalimperialisme was nie, maar ook politieke imperialisme. “In die algemeen gestel, is ’n heerserstaal die wapen van ’n heersende groep: hierdeur vergemaklik hy sy eie kommunikasie en administrasie en bemoeilik hy die kommunikasie

en organisasie van moontlike teenstanders; hy kan idees wat vir homself nuttig is (ons noem dit propaganda, vandag) op die ondergeskiktes oordra en die propageer van hul eie idees belemmer: en *baie belangrik*, hy kan die beste van die onderworpe groep na homself toe oorhaal wanneer hulle die heersende taal mooi leer beheer – ’n beperkte aantal, dit spreek vanself en met streng seleksie! – en op dié manier kan hy homself ook nog intellektueel *en* numeriek versterk en die ander verswak. ’n Wêreldtaal in sy groei [...] is bepaald nie ’n gestalte van lieflikheid nie!” (1986b:336).

Hierdie soort taalgroei het in die negentiende eeu in Europa in of aan die rand van vyf groot ryke ontstaan: Rusland, Pruise (later Duitsland), Oostenryk-Hongarye, Frankryk en Brittanje en twee “ryke-in-aftog” of “ryke-op-die-afdraand”: die Ottomaanse Ryk (vandag Turkye) en Spanje. Dié vyf ryke het onderskeidelik Russies, Duits, Frans en Engels “in hul onderdane ingestamp” (1986b:336).

Die staatkundige eenheid moes gewaarborg word deur eenheid van taal. Hierteen ontstaan veral in die negentiende eeu “die georganiseerde verset, die bewuste taalbewegings” (1986b:337). So kry die Russe te doen met die Poolse, Finse en ander taalbewegings; teen die Franse ekspansie kom in die suide Provensaals in verset en in die noorde Vlaams. In Groot-Brittanje ontstaan die Ierse, Walliese en Skotse bewegings “en teen die einde van die eeu begin dit in die verre Suid-Afrika roer”. Selfs “die kleine Nederland” hoor van ’n Friese beweging (1986b:337).

Louw onderskei dus duidelik twee soorte “taalbeweging” – hoewel hierdie woord gewoonlik nie vir die groot taal- en politieke imperialisties getinte bewegings gebruik word nie. Al kan ’n mens *nasionalisme* en *taalbeweging* nie gelykstel aan mekaar nie (Louw doen dit ook nie), was elk van hierdie taalbewegings ’n uitvloeisel of inherente deel van die betrokke nasionalisme. Dit is miskien om dié rede dat Louw nooit die nasionalisme verwerp het wat tot die opbou van verdrukte tale gelei het nie. ’n Verdedigende nasionalisme (’n benaming wat Louw egter nie gebruik nie) was ’n verstaanbare reaksie op ’n verdrukkende imperialisme en in werklikheid ’n noodsaaklike instrument in die stryd om die behoud van ’n klein taal en ’n volk.

Louw se insigte in taalbewegings en verdedigende nasionalismes wat daarop gerig was om verdrukte tale en taalgemeenskappe op te hef, vul mekaar dermate aan dat ’n mens dit kan kombineer in hierdie oorsig. Daar is trouens ’n ooreenkoms tussen Louw se nasionalisme en die sosiolinguïstiese begrip taalgetrouheid of taalloyaliteit. Dit blyk uit die definisie van laasgenoemde deur een van die baanbrekers in die ondersoek na taalkontak, Uriel Weinreich. Hy konstateer dat *language loyalty* soos nasionalisme ’n *idée-force* kan wees “which fills man’s brain and heart with new thoughts and sentiments and drives him to translate his consciousness into deeds of organized action” (Weinreich 1970:99; die aanhaling ontleen hy aan Kohn 1945:19 se beskrywing van nasionalisme). Wanneer ’n taalverskuiwing (“language shift”) dreig, wend die taalgetroues pogings aan om die bedreigde taal te behou en in reaksie op taalverstoring maak die taalgetroues die standaardtaal ’n simbool en ’n saak (“cause”). Taalgetrouheid is vir Weinreich ’n beginsel wat sprekers bewus en uitdruklik verenig om nadelige verandering aan die funksies, struktuur en woordeskat van hul taal teen te gaan. Louw maak nie gebruik van hierdie terme nie, maar die begrippe speel ’n kritieke rol in sy beskouings.

Louw beskryf die groter konteks van nasionale en taalbewegings in “Kultuur en krisis”. Daarin onderskei hy tussen drie soorte krisisse waarin ’n volk of kultuurgemeenskap kan beland. Die eerste is eksterne krisisse, soos militêre oorrumpeling (1986:460) en die tweede is interne krisisse waarby die bedreiging van binne die gemeenskap self kom. Daar is twee tipes hiervan: ’n krisis rakende die voortbestaan as volk of taalgroep, asook ’n etiese krisis.

Die bestaanskrisis kom voor wanneer ’n groot deel van die mense daaraan twyfel of die groep as kultuur- of taalgemeenskap moet voortbestaan (1986a:457, 460). Louw stippel dit nie so uit

nie, maar ’n mens kan uit die res van sy betoog aflei hy beskou ’n proses soos assimilasie of taalverskuiwing as die vernaamste gevolg van dié vertwyfeling. Die bedreigde groep word op so ’n wyse deel van die meerderheid (of opgeneem daarin) dat hy sy eie taal prysgee en die taal van die meerderheid aanneem. ’n Algemene oorsaak is ekonomies van aard: mense neem dikwels ’n taal aan wat hulle nodig het om vooruit te gaan in die lewe.

Die tweede interne krisis is ’n etiese of selfs metafisiese krisis (1986:460). Dit ontstaan wanneer ’n volk wat alles doen wat hy kan om voort te bestaan, voor die “laaste versoeking” kom: “om te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo die *voortbestaan in geregtigheid*” (1986:462).

Die aanleiding tot ’n taalbeweging of taalstryd (Louw gebruik die twee min of meer as sinonieme) is ’n interne krisis – die krisis van vertwyfeling of die groep as aparte kultuur- of taalgemeenskap moet bly voortbestaan en dus sy taal moet behou. Die dinge wat ’n groep onderneem om so ’n krisis te oorkom, is die onderwerp van die volgende afdeling.

DIE VERLOOP VAN TAAL- (EN NASIONALE) BEWEGINGS

Bewusmaking deur intellektuele

’n “Ware en bewuste” nasionale beweging ontstaan volgens Louw “waar enkeles ’n groot agterstand by hul volk gewaar”. Louw gebruik vir *agterstand* ook die woord *ellende*, wat hy omskryf as “’n diep gebrek”. “Denkende mense sien rondom hulle: armoede, hulpelose stryd, wanhoop; en hierteen begin hulle optree” (1986a:424). Dié ellende is nie alleen stoflik van aard nie. By ’n volk vir wie jy werklik omgee, sien jy ook “sy vooroordele, sy kleinlikhede, en sy geestelike agterstand” (1986a:425).

Die bewustheid van agterstande hoef nie logieserwys by taalgroepe tot ’n taalbeweging te lei nie. Mense sou ook kon besluit tot die aanvaarding van die dominante taal. Hoofregter J.H. de Villiers van die Kaapkolonie was in 1877 sekerlik geen stem roepende in die woestyn toe hy hom teen die Afrikaanse taalbeweging uitgespreek het nie en betoog het dat Afrikaners liever hul energie moes gebruik om “the rich and glorious language”, Engels, toe te eien “which is ready to our hands as a literary language of the first rank” (Scholtz 1974:278). Ook die bewustheid van ekonomiese ellende by swart Suid-Afrikaanse leiers het nie gelei tot ’n nasionalisme wat die ontplooiing van hul eie tale as oogmerk het nie.

Daarteenoor was dit die strewe van die meeste Afrikaanse intellektuele om wel as ’n gemeenskap met ’n eie taal te bly voortbestaan. In ’n artikel van 1946 skryf Louw: “Die Afrikaanse nasionalisme is gebore uit die Afrikaner se stryd van meer as ’n eeu om *as nasie* voort te bestaan”. Sy beskrywing lyk terselfdertyd byna na ’n voorspelling van wat ook ’n vyftig, sestig jaar ná 1946 sou gebeur “Die individuele bestaan sou nog vir ons gegun gewees het binne die groter geheel wat ons volk moes verswelg het; party van ons sou selfs goed daarby kon gevaar het en ryk geword het. Maar daar is van ons verwag om op te hou om voort te bestaan as ’n aparte volk met ’n eie taal en ’n aparte plek binne die nasies van die wêreld” (1986a:500).

In die aangehaalde frase oor ’n “ware en bewuste” nasionale beweging skryf Louw dat so iets ontstaan “waar *enkeles* ’n groot agterstand by hul volk gewaar” (1986a:424 – my kursivering). Hy beklemtoon dat ook (verdedigende) taalbewegings by *enkeles* ontstaan. Taalbewegings is nie spontane gebeurtenisse nie. “Hulle ontstaan eers waar die gees van die mens of van enkele mense ver voortgeskry het, en bowenal wanneer die mens sterk histories leer dink én vóél het; wanneer die mens uit die stadium van botte, spontane groei tot die stadium van bewuste insig en beplanning van gemeenskaplike lewe gekom het. Miskien is daarom die neëntiende eeu – die groot eeu van die geskiedenis-wetenskap se opkoms – ook die eeu van die Europese taalbewegings waarvan ons eie beweging ’n aftakking word” (1986b:339).

Taalbewegings, skryf Louw, is nie die gevolg van “eenvoudige volksverset” nie, maar is gedeeltelik die werk van intellektuele, veral dié met ’n historiese bewussyn. Daar is niks elitisties aan Louw se gebruik van *intellektueel* nie; dis min of meer sinoniem met “krities denkende mense”. (Sien 1986b:387-392 vir sy antwoord op die vraag: “Wat is ’n intellektueel?”) Ná die Anglo-Boereoorlog is die taalstryd begin deur onder andere die Boeregeneraals en sommige van hulle was manne sonder groot geleerdheid.

Louw maak dus (in 1957) ’n opmerking oor die Afrikatale wat nog nie heeltemal sy geldigheid verloor het nie. Die swart Suid-Afrikaanse gemeenskappe is oor baie dinge bekommerd, “maar oor die behoud van hulle pragtige tale – van dié tale waardeur hulle eintlike geestesgroeï sal moet plaasvind – bekommer min hulle”. As algemene stelling vervolg Louw: “Dit is nou eenvoudig so: oor stoflike dinge, veral geldsake, kom die massa maklik tot verset en opstand; maar hulle het intellektuele leiers nodig wat in die toekoms kyk om hulle warm te maak vir die onstofflike waardes wat eers in die verre toekoms sy volle vrugte (ook geldelike voordeel dan!) kan lewer” (1986b:338). (Koos Malan 2012 vergelyk die koestering van die eie tale deur die Europese nasionalismes en die onderspeel van die eie tale deur die Afrika-nasionalismes en bespreek die oorsake daarvan.)

Organisasies en instellings

Die voorwaarde vir die ontstaan van taalbewegings is dus krities denkende mense se insigte en hul vermoë tot beplanning. Maar hoe bereik hierdie intellektuele hul doelwitte?

Louw gaan in “Die opkoms van tale” nie in op ’n belangrike eerste middel in taalstryde nie en dit is die stigting van organisasies en ander instellings wat die gemeenskap moet oortuig van die waarde van die eie taal en wat die kennis daarvan aan die jonger geslag moet oordra, byvoorbeeld deur eie skole. Die Genootskap van Regte Afrikaners van 1875 het gesorg vir ’n eie koerant, tydskrif en uitgewery en ’n Afrikaanse skool, die *Gedenkskool fan di Hugenote*.

Hoewel Louw in sy opstel “Kultuurleiers sonder kultuur” wys op negatiewe kenmerke van sommige lede van organisasies (1986a:72-79), erken hy die waarde van sulke organisasies. Hy was trouens self lid van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) en die Afrikaner-Broederbond. Hy en sy broer W.E.G. Louw het die meeste organisasiewerk gedoen vir die FAK se boekeweek wat van 12 tot 16 November 1935 in Kaapstad gehou is. Na sy mening is die strydbaarheid van die Afrikaanse organisasies aan die Afrikaanse gemeenskap opgelê deur die ligging van dié gemeenskap tussen die magtige Engelse kultuur en die massa van Afrika. Sonder die strydbaarheid sou die Afrikaanse gemeenskap en kultuur verdwyn (1986a:79). Vandag is daardie Engelse kultuur nog magtiger weens globalisering en omdat ’n groot deel van die Afrika-elite Engels aanhang.

In 1937 het Louw ook hoë verwagtings gekoester van ’n ander organisasie. Dit was van die Afrikanerbond van Mynwerkers. Hy het dié vakbond beskou as ’n belangrike middel om die stedelike Afrikaners – “stedelike voortrekkers”, noem hy hulle – te organiseer en “Afrikaans te hou in hart & daad”, ’n beweging waarteenoor die eerste en tweede taalbeweging klein sou lyk. Hy het die Afrikanerbond van Mynwerkers beskou as die begin van ’n groot stuk opbouwerk en ’n poging om die mynwerkers vir Afrikaans te behou (Steyn 1998:171-175). Die vakbond het wel gou tot niet gegaan maar teen die einde van die twintigste eeu het sy destydse teenstander, die Suid-Afrikaanse Mynwerkersunie, later omvorm tot die vakbond Solidariteit, die stryd begin aanknoop vir Afrikaans en Afrikaanse werkers.

Organisasies was noodsaaklik vir die Afrikaanse beweging, maar hulle was nie voldoende om die welslae van die Afrikaanse beweging te verseker nie. Dié sukses is deur ’n ander middel bereik, naamlik die politiek.

Gebruik van politieke middele

Vir sy ondersoek na middele waarmee die leiers van taalbewegings hul doel bereik, bekyk Louw die lotgevallen van enkele klein Europese tale om so 'n indruk te kry van wat met sulke tale kan gebeur. Watter faktor is daar wat die een taalbeweging laat slaag het, terwyl die ontbreek van daardie faktor 'n ander laat misluk het?

In sy ondersoek identifiseer hy een belangrike faktor, naamlik 'n “staatkundige stut” (1986b:341) wat die taal kan bekom. In Finland en Tsjeggië het die taal- en nasionale beweging gelei tot “volkome nuwe staatsvorming: 'n Finland en 'n Tsjeggië met die eie taal as landstaal en politiek heeltemal vry van die vroeëre heerser. [...] In teorie lyk dit die logiese konsekwensie van 'n taalbeweging – maar hoef dit glad nie te wees nie” (1986b: 341). Jare ná Louw se stuk het 'n Britse sosiolinguïst, Peter Trudgill, hierdie politieke proses met ietwat ander woorde beskryf. Dit is die uitkoms van 'n strewe van 'n taalminderheid om deur middel van staatkundige outonomie 'n taalmeerderheid te word (1983:149). Die voordele van so 'n taalstaat lê voor die hand: die taalgroep het die mag om self te besluit oor lewensnoodsaaklike taalkwessies soos die onderrigmedium.

Byna net so geslaag is die soort taalbeweging wat deur die Vlaamse beweging verteenwoordig word: “volkome gelyke regte in die staat, die onderwys, die kulturele ontplooiing” (1986b:341). Louw meen (in 1957) dat die Afrikaanse beweging tussen die twee tipes in lê. “Afrikaans het nie tot volkome geslote staatsvorming gekom nie – en kán dit ook nie, wil dit nie – maar hy het aan regte miskien tog nog iets meer as die Vlaminge verower” (1986b:341). Die opmerking “kán dit ook nie, wil dit nie” verdien toeligtig. Wat die “kan” betref: die Afrikaanssprekendes is oor die hele land versprei en vorm nêrens 'n sterk genoeg konsentrasie om 'n Afrikaanse staat te vorm nie. En “wil nie” – in die destydse staatkundige bedeling was Afrikaans veilig en selfs in die huidige bedeling is daar geen beduidende steun vir 'n Afrikaanse staat nie. Die hoofstroommedia is sterk gekant teen 'n Afrikaanse tuisland of volkstaat.

Sedert Louw se praatjie van 1957 het baie natuurlik verander. België het staatkundige hervormings ondergaan wat die posisie van Nederlands in Vlaandere onaantasbaar gemaak het, terwyl Afrikaans ná 'n staatkundige hervorming in 1994 verswak is.

Was die staatkundige stut wel noodsaaklik vir Afrikaans om die “krisis van vertwyfeling” na die Anglo-Boereoorlog met welslae teë te gaan? Louw maak melding van die verdediging van Afrikaans in daardie krisis deur “taalhandhawing, die opkoms van 'n Afrikaanse literêre en geestelike lewe, ens.” (1986a:461). Onder daardie “ens.” sou Louw waarskynlik ook die vordering van Afrikaans tot onderrigmedium kon ingesluit het. In 'n koerantartikel in 1964 noem hy die Afrikaanse skool in die stad die instelling wat Afrikaans dáár gered het. “As die Afrikaanse stedelike skool vyf-en-twintig jaar later gekom het, was ons taal reddeloos verknoei. [...] Die skool met Afrikaans as voertaal was soos 'n rugdop wat nog net-net betyds oor ons sagte buitevels gegroei het – soos by 'n jong kreef, glo” (1986b:633). Louw verwys dus na 'n proses wat in die 1920's begin het.

Die verheffing van Afrikaans tot onderrigmedium en die stigting van Afrikaanse skole was die gevolg van politieke besluite. Deurslaggewend was besluite van die provinsiale rade om Afrikaans as onderrigmedium te erken; en dit was weer alleen moontlik omdat Hollands deur politieke liggame as onderwys- en amptelike taal erken is.

Ook die ontwikkeling van Afrikaans tot wetenskapstaal was vir Louw deel van die taalbeweging. Hy het gestudeer aan die Universiteit van Kaapstad en het ook daar dosent in die tweetalige fakulteit van opvoedkunde geword. Dit was vir hom “'n saak van eer” dat hy die kennis wat hy uit Nederlands, Engels en Duits opgedoen het, “in suiwer Afrikaans moes probeer voordra;

as ek nie kon vertaal nie, dan eie woorde vorm” (1986a:541). In sy latere artikels van die 1950’s was dit ondenkbaar dat enige regering Afrikaans as skool- en universiteitstaal kon bedreig en hy het nooit op so ’n moontlikheid ingegaan nie.

Die opbou van Afrikaans tot ’n literêre taal en die ontwikkeling en gebruik daarvan vir onderwys op alle vlakke was die oogmerke van die Afrikaanse beweging. Sonder die skepping van ’n waardevolle literatuur sou die taalbeweging vir Louw geen sin gehad het nie. In die 1930’s het hy dié oogmerk sterk beklemtoon. Dit was in ’n tyd toe hy, as die vernaamste woordvoerder van die Dertigers, die betekenis van die destyds nuwe letterkunde moes verdedig. Hy skryf byvoorbeeld in 1938 dat die strewe om ’n Afrikaanse gemeenskap met ’n eie taal te bly, net geregverdig kan word “deur die rykdom van onvervangbare waardes wat ons in dié taal voortbring”. Dit lei tot die gevolgtrekking: “As ons nie in Afrikaans so ’n letterkunde kan skep dat ons vir elke mens, selfs die beste geeste wat by ons gebore sal word, sy diepste verlange kan bevredig nie, as ons hom nie iets kan gee wat hy in geen ander taal kan kry nie, dan moet ons in alle eerlikheid ons stryd om die behoud van ons taal staak as ’n gevaarlike partikularisme, want dan sal dit die Afrikaanse mens in sy ontwikkeling strem” (1986a:164).

Die “rykdom van onvervangbare waardes” is ook op ’n ander manier van belang. Malan meen dat tale ’n bron van sosiale solidariteit vir taalgemeenskappe is, dat tale gemeenskappe definieer en dat veral letterkundige tale gemeenskappe oor geslagte heen met mekaar in kontak hou, bind en stabiliseer en dat elke letterkundige taal gevolglik die aard van outonome transgenerasie-artefakte aanneem wat deels outonoom van enige spesifieke (lewende) generasie bestaan. Gevolglik bestaan ’n taalgemeenskap in wese in die literatuur wat sy lede oor geslagte heen opelewer het (2014:84).

Die politiek is vir Louw ’n noodsaaklike aspek van die taalstryd maar dit is vir ’n volksbeweging “alleen ’n tegniese middel om ’n gestelde doel te bereik, maar dit is die kultuurskepper wat *reg* aan die doel, en dus aan die beweging, gee. Kultuur en politiek moet saamwerk soos oog en hand; sonder die politieke beweging is die kultuur soms nie by magte om sy pad te baan nie, maar sonder die kultuur is die politieke beweging altyd bloot ’n blinde gryp na mag.”

Die verkryging van die staatkundige stut was vir Louw nie die enigste middel vir die welslae van ’n beweging nie.

Die opheffing van die gemeenskap as dryfkrag

Louw konstateer dat die meeste taalbewegings so min of meer ten tyde van die Romantiek ontstaan het en die tekens toon van dié oorsprong, soos liefde vir die verlede. Die taalbewegings stam egter ook uit ’n ander moderne krag, naamlik die opheffing van die mense wat binne die volkstaal lewe. “Ons kan baie drade hierin onderskei: soms is dit die stryd van die massas om die stemreg, soms die stryd van nasionale minderhede om gelyke regte, soms is dit die opkomende stryd van arbeiders om beter ekonomiese toestande – hóé hulle ook al verskil, hul het almal dít gemeen: dat hulle die opheffing van die ‘gewone man’, of die ‘klein man’ beoog – juis hy wat so dikwels die volkstaal magtig is” (1986b:342).

Taalstryde kan kies om een van twee koerse in te slaan: “om na die verlede, die mooie, te kyk, óf om die kant van die gewone volk, die eenvoudiges, te kies en draer van hulle alledaagse stryd te wees”. Alleen ’n taalbeweging wat die tweede pad kies, “*dié van die volk in sy stryd om óp te kom*, ook ekonomies – alleen dié het kans op slaag” (1986b:342).

In die Afrikaanse beweging het één faktor die deurslag gegee – die enigste faktor ten gunste van die beweging, wat egter swaarder sou weeg as die ander dinge, skryf Louw. “Afrikaans was die taal van die grootste groepe stemgeregtigdes in die land, wit en bruin” (1986b:349). Opmerklik

is sy vermelding dat die kiesers wit én bruin was. Reeds in 1924 het dit 'n groot indruk op hom gemaak dat 'n bruin man op die modderskerm van 'n motor met genl. J.B.M. Hertzog gespring en geroep het: “Ons Generaaltjie! Ons Generaal!” (Steyn 1998:49). Dit was nadat Hertzog die verkiesing gewen het. Heelparty bruin kiesers het vir Hertzog se Nasionale Party gestem wat gelyke behandeling van Afrikaans en Engels probeer verseker het.

Louw skryf voorts Afrikaans was die taal van hoofsaaklik die arm groepe – “dié wat hulle as verdruktes gevoel het, dié wat wou opkom, dié wat die ekonomiese toestande van voor 1900 met 'n soort revolusie wou omkeer. En in hierdie swakheid het krag gelê.” Louw gebruik ook 'n ander beeld: “die petrol, wil ek beweer, was die ekonomiese nood: die motor was die stemreg” (1986b:349).

Die groot groei van die Afrikaanse beweging hang volgens Louw saam met die trek na die stede. Die Afrikaners wat in die negentiende eeu na die stad is, het te lande gekom in 'n “vreemde Engelssprekende wêreld, met vreemdes in alle magposisies. Die Afrikaner wat daarheen gegaan het, was magteloos en hulpeloos, tensy hy Engels geword het – wat nie altyd moontlik was nie. En vir hierdie swakke, hierdie ‘klein man’ was die taalbeweging meer as 'n redding – dit was 'n wapen. In sommige werkkringe waar tweetaligheid deur die staat verplig gemaak kon word, was sy taal vir die arm Afrikaner self 'n ekonomiese bate, regstreeks dus. Maar veel meer as dit: die Afrikaanse Beweging het die vreemde, uitlandse omgewing omgetower tot 'n ware stuk van Suid-Afrika waar die Afrikaner kon werk en woel, net soos op die plase. En naas die Afrikaner as handwerksman, kom daar Afrikaners as sakemanne, amptenare, onderwysers en wát nog meer kom. ‘Taalliefde’ wat as leuse so mooi was, het ook voedsame brood geblyk. Dit het nie alleen 'n gevoel van eiewaarde gegee aan mense wat so minderwaardig gelyk het nie, maar dit het soliede ekonomiese voordele gebied” (1986b:350).

Die erkenning van hierdie “stoflike ondergrond” doen niks af aan die ideële waarde van die beweging nie. Dit bewys dat dit nie bloot “speel met frases en ideale was nie, maar “'n stuk van die volle Afrikaanse sosiale werklikheid. 'n Mens kan inderdaad sê: die Afrikaanse Taalbeweging was die sosialisme van die arm Afrikaner”. Die beweging het geslaag omdat “hy draer van lewensbehoefte was – selfs van ekonomiese behoeftes. In hierdie aardsheid het sy krag gelê. En ons skaam ons nie daarvoor nie” (1986b:350).

Die welslae van die Afrikaanse beweging kan dus hoegenaamd nie verklaar word uit “sentiment” nie – waarmee Louw twee saamvat: taalliefde of “eerbied vir die taal” (1986b:348) en taal trots.

Dit is 'n vraag of Louw nie hiermee die *idée-force* van Kohn en Weinreich onderskat nie. Daardie faktor het hy in die 1930's sterk beklemtoon: die vasbeslote, uitdagende Afrikaans-nasionale weerstand wat hy in 'n gedig in *Die halwe kring* (1937) verwoord het: “dat ons nie kon gebuig word / soos hul geweld dit wou”. Hy was indertyd van mening dat, as die Afrikaners nie in die Anglo-Boereoorlog gaan veg het nie, die Afrikaners as volk “van slapheid en feitlik van skaamte” sou gesterf het. “Maar uit die trots van die driejarige stryd teen 'n wêreldmag is die nuwe Afrikaanse nasionalisme gebore wat nie langer te keer was nie” (1986a:98).

Die geskiedenis staaf sy destydse siening. Die vernaamste kenmerk van die politieke en kulturele aktiwiteite van die Afrikaners in die jare ná die Anglo-Boereoorlog was die taalstryd teen verdringing deur Engels. Taalorganisasies, kerke, politieke partye, onderwysers- en vroueverenigings het aan die taalstryd deelgeneem en die houding versterk dat taal deel is van die identiteit van die Afrikaner: wie verengels, is verag as verraai. Dit was die plig van 'n Afrikaner om Afrikaans te bly. Ná die verlies van die vryheid was die taal die één ding wat die volk nie durf prysgee nie (Zietsman 1992:192). Die Afrikaanse nasionalisme het geleidelik tot 'n bevredigende taalbeleid vir skole in Transvaal en die Oranjerivier-kolonie (Vrystaat) ná selfbestuur,

asook tot die aanvaarding van Hollands as een van die amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika. Dit was 'n deel van die staatkundige stut van die beweging. Die ywer van Afrikaanse nasionaliste het die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 meegebring.

Hierdie nasionalisme het in wisselende en later afnemende mate 'n rol gespeel in die taalbeweging. Soos reeds aangehaal, het Louw betoog: “die petrol, wil ek beweer, was die ekonomiese nood: die motor was die stemreg” (1986b:349). Maar sonder die wil om winste by die stembus te omskep in winste vir Afrikaans, sou die Afrikaanse beweging ook nie veel bereik het nie. Om by Louw se beeld te bly: die Afrikaanse nasionalisme was die bestuurder wat die pedaal moes intrap.

'n Belangrike element in die beweging was die Afrikaanse media en ander meningsvormers. As daar 'n duisend is wat intelligent genoeg is om te dink en die gawe het om te skryf, sê Louw, sal hulle maklik die miljoen kan vind wat hulle volg. “Ons geluk as volk lê miskien bloot daarin dat ons nog nooit 'n duisend ‘kultuurmense’ in Suid-Afrika teen ons gehad het nie” (1986a:459).

Ten opsigte van die verloop van die beweging sou 'n mens miskien ook kon betoog dat die belang van die “stoflike ondergrond” vir die Afrikaners 'n belangriker dryfveer was as vir die bruin Afrikaanssprekendes. Laasgenoemde is in minder mate bevoordeel deur die destydse stelsel.

Wat die welslae van die beweging betref, is Louw se siening juis. Sy “filosofie” het nog 'n eienskap: dit stel die vraag na die volhoubaarheid van alles wat met die Afrikaanse beweging bereik is. Vooraf is dit nodig om op die evolusie in Louw se denke te fokus.

NÁ DIE TAALBEWEGING: LOUW EN NP-NASIONALISME

Louw se opvatting van nasionalisme het verskil van dié van die regerende Nasionale Party (NP). Hy het in sy laaste jare met dié party gebots en betrokke geraak in verskeie polemieke. Die verskille het gegaan oor rasgeoriënteerde beleide en maatreëls.

“Vanggat van die onregverdigheid”

Soos aangehaal, het Louw rekening gehou met die moontlikheid van 'n “blind staar op nasionale regte” waardeur individuele regte by mense of groepe mense ontken kan word. So kan 'n mens in 'n “nuwe vanggat van die onregverdigheid” stort (1986a:431).

Hierop het Louw kort daarna uitvoeriger ingegaan in “Kultuur en krisis”, waarin hy die groot krisisse onderskei waarin 'n volk of taalgroep kan beland. Dit is vroeër in hierdie artikel aangehaal. Ten opsigte van “voortbestaan in onreg” vra Louw: hoe kan onreg 'n *volks*krisis (en by implikasie 'n *taalk*krisis) wees? Louw antwoord met 'n teenvraag: “Hoe kan 'n klein volk lank bly voortbestaan as hy iets haatliks en iets boos is vir die beste binne – en buite – hom?” (1986:463).

Louw het die geskiedenis goed genoeg geken om die stelling te kwalifiseer met die adjektief *klein*. Groot volke en ryke kan onreg pleeg en daardeur floreer, terwyl kleiner volke kan ly onder die onreg van die grotes en die reaksie op onreg deur hulle self. Engeland kon met oorlog en dwangmaatreëls sy taal en kultuur dominant maak in Suid-Afrika, maar Engeland was magtig, én die oorwinnaar in die Anglo-Boereoorlog. Louw self noem Duitsland, wat ná 1918 vir die versoeking geswig en ontsettend daarvoor geboet het (1986a:462), terwyl sy mense Duitsers gebly en hul taal behou het. Onreg of geen onreg, die Duitse taal is in Duitsland veranker.

Louw was van mening dat die beëindiging van onreg positiewe gevolge kan hê. “Ek glo dat op 'n vreemde manier dit die krisis is waaruit 'n volk herbore, jonk, skeppend, te voorskyn kan kom, hierdie ‘donker nag van die siel’ waarin hy gesê het: Ek sal liever ondergaan as deur ongeregtigheid bly voortbestaan” (1986a:463).

Intellektuele en politici het stellings oor onreg dikwels in die 1980's aangehaal in hul ywer om 'n einde aan die *apartheidsregime* te maak. Maar *reg* en *onreg* is glibberige woorde waarmee mense 'n oordeel uitspreek of 'n houding oor 'n toedrag van sake verwoord. In die Suid-Afrika van 2016 beskou sommige mense die gebruik van Afrikaans aan 'n paar historiese Afrikaanse universiteite as onderrigtaal as 'n reg, ander as 'n onreg.

Die subjektiwiteit van woorde soos *onreg* blyk ook uit iets wat Louw in 1966 gesê het in 'n praatjie enkele maande ná 'n polemiekie oor 'n opvoering van sy drama *Die pluimsaad waai ver*. Hy het gevra:

Mag 'n nasionale digter sy volk se swakhede, selfs sy tye van ondergang belig? Nie alleen mag hy; hy moet. Hy durf nie sê alles gaan lekker, ons gaan van hoogtepunt tot hoogtepunt. Hy mag nie sy volk *sag* maak met troospraatjies nie, maar *hard*, met die wys op tragiese moontlikhede.

Onlangs met die Pluimsaad-affêre het ek so die gevoel gekry: party mense wou gehad het ek moes die Boere-oorlog laat wen het; ten minste moes die stuk geëindig het met ons nuwe republiek.

Ander wou weer gehad het dat ek vir president Steyn profeties die herrysenis van die volk moes laat sien het. Maar dink net watter vermindering van daardie groot tragiese ondergang, as die president vooruit kon geweet het wat sou kom. Die heldhaftigheid lê nie daar waar die held weet 'alles kom reg' nie, maar daar waar hy sê: 'Ek gaan die geregtigheid doen al is dit dan ook finaal die ondergang'. (Aangehaal in Steyn 1998:1064)

Die *geregtigheid* in die laaste sin kan slaan op die beëindiging van die destydse bedeling, maar ook op die einde van die Vrystaatse republiek. In laasgenoemde geval het dit gegaan oor voortveg vir vryheid of oorgee. Die prysgawe van vryheid was dus vir Louw 'n vorm van ongeregtheid.

Die geskiedenis van Afrikaans sedert 1994 toon hoe moeilik dit vir 'n klein taal is om ontslae te raak van die stigma van onreg ("die taal van die verdrukter") en hoe die taal blykbaar nog lank vir baie "binne – en buite – hom" iets haatliks en iets boos is. Ook wys dit hoe 'n klein taal kan ly onder die politiek van vergelding deur die voormalige verdruktes – hoewel dit ook die taal van 'n aansienlike deel van die gewese verdruktes was.

“My volk, Wit en Bruin”

Louw het “Kultuur en krisis” geskryf na aanleiding van die “konstitusionele krisis” van die 1950's. Hierdie krisis is veroorsaak deur die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers wat die bruin kiesers van Kaapland op 'n afsonderlike kieserslys geplaas het. Die “krisis” het ontstaan toe die Appèlhof die wet in Maart 1952 ongeldig verklaar het omdat die vereiste prosedure in die Grondwet nie gevolg is by die aanname van die wet nie. Hierdie wetgewing en die maatreëls om die grondwetlike bepalinge te omseil, vervul baie Afrikaners nou met skaamte, en ook in dié tyd was talle daarteen en het party hulle in die openbaar daarteen uitgespreek.

Louw was teen die wet gekant, maar laat merk niks daarvan in “Kultuur en krisis” nie. Ook al sou sy kritiek gepas gewees het, sou dit in die destydse partypolitieke klimaat waarskynlik teenproduktief gewees het. Die Verenigde Party-opposisie sou dit vir seker uitgebuit het, en Louw – wat bowendien ook oor persoonlike sake in 'n kwesbare posisie was (Steyn 1998:585-593) – het byna nooit in die openbaar uit Amsterdam, waar hy professor was, kommentaar op aktuele politieke sake in Suid-Afrika gelewer nie. Dit was onmoontlik om op dié afstand met die politieke subtiliteite op die hoogte te bly. Dit was voor die tyd van die internet, e-posse en digitale koerante. Gewoonlik

het dit byna drie weke geduur voordat koerante soos *Die Burger* uit die Kaap in Nederland kon aankom – ’n hele week s’n op ’n keer.

Prinsipiële kommentaar was meer effektief. Die opstelle het in 1952 geen reaksie uitgelok nie omdat minder goed ingeligte lesers dit waarskynlik as te algemeen en “filosofies” beleef het. Maar juis die prinsipiële en teoretiese aard daarvan het veroorsaak dat hulle al hoe relevanter geraak en veral sedert die 1970’s tog ’n beduidende rol in die politiek kon speel.

In die 1950’s het Louw ’n al hoe groter begrip gekry van die onreg teenoor die bruin bevolking. In 1960 het Louw – nadat hy sowat twee jaar terug was in Suid-Afrika – wel duidelike kritiek uitgespreek op die NP-regering se beleid teenoor die bruin mense. Dit het hy gedoen in die voorwoord tot ’n opsienbarende pleidooi vir wit-bruin integrasie deur D.P. Botha in *Die opkoms van ons derde stand*. In dié voorwoord het Louw die NP-beleid teenoor bruin mense verwerp. Volgens hom het Afrikaner- en Suid-Afrikaanse nasionaliste spontaan gesê: “Ons het verkeerd gehandel teenoor die Bruin mense; ons het hulle verwaarloos en afgestoot”. Dit is volgens Louw “’n merkwaardige stuk nasionale psigologie” (1986b:623).

Wat hierdie voorwoord ook betekenisvol maak, is dat Louw sy opvatting van *volk* wysig deur te verklaar dat hy ’n “innige begeerte – nee, ’n hartstogtelike *wil*” het dat “my volk, Blank en Bruin, en die taal wat ons praat, in hierdie land bly voortbestaan” (1986b:623). Hy het gehoop dat wit en bruin nie aanhoudend na die verlede sal kyk en mekaar daaroor verwyt nie. Een verklaring vir die uitmekaar groei van die twee groepe sou kon lui: “(D)aar was ’n tyd toe die Blanke Afrikaner so wanhopig moes veg om ten minste ’n *kern* van ’n eie inheemse, by ’n Suid-Afrika aangepaste oortuiging aan die lewe te hou, dat hy nie altyd helder kon sien nie” (1986b:624). Sy breër opvatting van ’n volk het Louw enkele jare later uitgewerk in die drama *Die pluimsaad waai ver* (die eerste keer opgevoer in 1966), waarin hy almal wat aan die Vrystaatse kant aan die vryheidsoorlog deelneem, beskou as behorende tot die Vrystaatse Afrikaners. Dit sluit naas die Afrikaners ook Engelssprekendes, Kaapse rebelle, Nederlanders en bruin mense in.

In die 1960’s is die benaming *bruin Afrikaners* soms gebruik, maar dit het nooit inslag gevind nie. Die politici was teen die begrip “bruin Afrikaner”, maar byna die helfte van die Afrikaners wat in 1977 in ’n meningsopname gevra is of hulle Afrikaanssprekende bruin mense as Afrikaners sal beskou, het bevestigend geantwoord (*Rapport*, 6 Maart 1977).

Taalpolitieke kritiek op sensuur

Oor min sake het Louw so dikwels met die NP-regering gebots as oor sensuur en die regering se houding teenoor die Sestigters, ’n nuwe geslag skrywers. Hy het in koerantbriewe en -artikels betoog dat sensuur skade doen aan Afrikaans.

Die aanname van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1963 is voorafgegaan deur ’n lewendige debat in koerante, veral *Die Burger*. Verskeie skrywers het daaraan deelgeneem. Louw se woorde het gewig gedra.

Sy brief lui hy praat as Afrikaner “wat nog nooit (hier of in Europa) my Afrikaner-nasionalisme weggesteek of verdoesel het nie”. Hy was van oordeel: “Ek twyfel of selfs Milner ’n meer doeltreffende middel sou kon bedink het om Afrikaans te kniehalter en aan Engels in Suid-Afrika vrye teuels te gee. Vir die jong aspirant-skrywer (ook die Afrikaanse!) in Suid-Afrika – is dit nie asof hier gesê word: Boeta, as jy jou sê wil sê, gebruik Engels! En as jy nie Engels goed genoeg ken nie, léér dit, soos Joseph Conrad; maar skryf in Engels en behou jou siel” (Steyn 1998:955).

Louw het ook in die bresse getree vir die digter Breyten Breytenbach toe die departement van binnelandse sake ’n visum aan sy vrou Yolande geweier het om Suid-Afrika te besoek. Die publiek het die mening van Breytenbach oor die rede vir die weiering gedeel: “Hulle het geen rede aan my verstrekk nie, maar die rede is klaarblyklik dat sy uit Viëtnam kom”.

Die belangrikste reaksie was ’n brief van protes en kritiek deur Louw op 30 Mei 1965 in *Dagbreek en Sondagnuus*: “Ek praat as Afrikaner, maar ek praat ook namens die Afrikaanse literatuur wat sy eie eer en waardigheid het – ’n eer en waardigheid wat onafhanklik is van die politiek en wat sal voortleef wanneer die grootste deel van ons tyd se politiek en die groot massa van ons politici begrawe en vergeet sal wees. (So het Celliers en Leipoldt hulle tyd se magtiges half-vergeet sien word.) Dis namens hierdie literatuur dat ek praat, en ek praat vandag met pyn en skaamte.” Ook: “Die Afrikaanse nasionalisme waarin ek opgegroeï het en waarbinne ek hoop om te sterwe, was vir my die grootste beweging binne ons geskiedenis en ’n teken van uitgroei, van steeds voller lewe. Word dit nou ’n verstarde ideologie, wat deur amptenare met duimstokke afgemeet kan word?” As aanhanger van Afrikaanse nasionalisme het Louw dus sensuur en rasgebaseerde maatreëls afgekeur.

Nasionale regte van ander groepe

Wat betref nasionale regte as “universele menslike regte” wat ook ander groepe toekom, het die NP-nasionalisme beter gevaar. So het die regering moedertaalonderrig sedert 1953 in swart skole uitgebrei, radio- en televisiedienste in die Afrikatale ingestel en regionale amptelike status aan dié tale toegeken in die TBVC-state oftewel die tuislande en ander selfregerende gebiede – ’n beleid wat om ander redes deur die swart taal- en kultuurgemeenskappe verwerp is. In swart hoërskole was Afrikaans en Engels die voertale. Die bepaling rakende Afrikaans is lank nie uitgevoer nie, maar toe dit wel op onoordeelkundige wyse gebeur, het dit help lei tot die 1976-opstand. Die gevolg daarvan was dat Engels die enigste voertaal in swart hoërskole geword het.

Hoewel Engels die groot mededinger van Afrikaans was, het die Afrikaanse beweging nooit ’n Afrikaans-eentalige samelewing en staat nagestreef nie, maar van die begin van die taalstryd af vir tweetaligheid gewer, dit wil sê die gelyke behandeling van Afrikaans en Engels. Toe sekere Afrikanergroepe in die vroeë 1940’s hulle vir ’n Afrikaans-eentalige staat beywer het, het Afrikaanse politieke meningsvormers hulle sterk teengestaan.

Die etiese beginsels wat daarin die deurslag gegee het, is duidelik verwoord deur *Die Volksblad* wat op 24 September 1942 betoog het dat sommige Afrikaners vanweë taalonreg van een kant wil wraak neem deur op hul beurt die Engelse se regte in ’n komende republiek te verdruk. “Maar verdrukking was nog nooit ’n antwoord op verdrukking nie. Intendeel leer die Christelike geloof ons om ons onreg te beantwoord met reg. Want om onreg te stapel op onreg maak van die wêreld ’n hel; en om in ’n land met twee volke beurtelings die een en dan die ander te onderdruk, maak van so ’n land ’n voortdurende hel vir eers die een en dan die ander helfte van die bevolking”. Terselfdertyd is die aanhaling ook tekenend van ’n tyd toe daar nog nie rekening gehou is met die politieke regte van die verskillende swart volke van Suid-Afrika nie.

Individuele regte en die taalgemeenskap

Teen die einde van die 1980’s het dit vir die NP duidelik geword dat ’n nuwe bedeling onvermydelik is. Ongelukkig was Louw se belangrike insigte in individuele en nasionale regte toe al vergete. Hy was van mening dat ’n “goeie Engelsman” aan die begin van die twintigste eeu nie daaraan sou gedink het om ’n individuele reg aan Afrikaners te ontnem nie, maar maklik daartoe kon kom om hul nasionale regte te ontken – “bloot omdat hy sy eie nasionale regte so vanselfsprekend besit het, dat hy onbewus daarvan was” (1986a:430). Teen die einde van die 1980’s en daarna was baie Afrikaners blykbaar onbewus van die waarde van nasionale regte vir hul eie gemeenskap.

Die klem het al meer geval op individuele regte. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 1989 aangevoer dat taalregte in ’n menseregte-akte beskerm moet word deur middel van individuele

regte. Die NP en Demokratiese Party het positief daarop gereageer (aangehaal deur Steyn 1990). Pleidoioe vir groeps- of minderheidsregte het feitlik taboe geraak – of polities baie inkorrekt.

Malan (2014), wie se opvatting aansluit by dié van Louw, redeneer dat, hoewel individuele taalregte wel belangrik is, daar ten minste twee nie-individuele belange is waarna individuele regte nie behoorlik kan omsien nie. Die eerste is die *taalgemeenskap*, veral die gemeenskappe van moedertaalsprekers wie se gemeenskaplike identiteit in beduidende mate deur hul gemeenskaplike taal gedefinieer word en wat derhalwe ’n gemeenskaplike belang in hul taal het. Hierdie belang is nie individueel verdeelbaar nie en kan nie na enige spesifieke individu, losstaande van ander, herlei word nie. Die tweede belang is die *taal self*, wat noodwendig in stand gehou moet word ten einde sowel individuele as gemeenskapsbelange in die taal moontlik te maak.

Hiermee het die onderhandelars voor 1994 nie genoeg rekening gehou nie, sodat daar weer ’n “krisis van vertwyfeling” in die Afrikaanse gemeenskap ontstaan het. Daaroor iets meer in die volgende afdeling.

DIE VOLHOUBAARHEID VAN DIE AFRIKAANSE BEWEGING

By groot volke en taalgemeenskappe is dit selde ’n vraag of hul tale sal kan voortbestaan. ’n Klein gemeenskap moet egter steeds op sy hoede wees vir bedreigings van sy bestaan. In “Kultuur en krisis” maak Louw ’n opmerking wat ook vir klein tale geld: “Ons weet dit: ons volksbestaan is nooit volkome veilig nie; die bedreiging kan soms gaan wegkruip of hom doodhou, maar hy wag altyd net sy dag af” (1986a:458).

Wat van die toekoms? Dit is die vraag waarmee Louw “Die opkoms van tale” afsluit (1986b:350). Dit is vir hom die belangrikste vraag van almal. Is die faktore wat die welslae van die beweging verseker het, nog geldig en nog sterk genoeg? Of moet ons ook “vertraging, verslapping, verandering en doodloop verwag?” (1986b:346).

Sommige bewegings kon hul suksesse konsolideer, soos die Tsjeggiese, Finse en Vlaamse bewegings. Daarvoor het die “staatkundige stut” gesorg. Dit is die een belangrike krag wat ontbreek by enkele kleiner taalbewegings wat misluk het. Dit geld nou ook vir die Afrikaanse beweging: party “staatkundige stutte” het ná 1994 weggeval en in werklikheid word die taal van staatkundige kant ondermyn in die instellings soos die staatsdiens, die staatsmedia, die regeringsbeleid oor die openbare skole en universiteite. Engels is weer, soos in die groot imperiale state, die administratiewe en kommunikasietaal van die staat – die ander tale is dit in veel geringer mate of glad nie.

Die agteruitgang van Afrikaans as openbare en onderwysaal het so ver gegaan dat die historikus en politieke wetenskaplike, Hermann Giliomee, in ’n artikel met die veelseggende titel “Die troebele toekoms van die Afrikaners en Afrikaans”, ná ’n omvattende en nougesette ontleding van ontstellende gegewens oor Afrikaners en Afrikaans tot die gevolgtrekking kom: “Die kans dat albei in die loop van die een-en-twintigste eeu kan verdwyn, is nie meer vergesog nie” (Giliomee 2014:594). Die filosoof, Carel Boshoff, verklaar in ’n werk oor die denke van Louw dat die Afrikaner “in die volste sin van die woord in ’n bestaanskrisis” verkeer. Die “onvolhoubaarheid van sy bestaan het hom ingehaal en die bestaan het as ‘t ware tot stilstand gekom” (2014:217).

Het Louw se opvatting nog waarde in hierdie krisis waarin Afrikaans hom nou bevind? Minstens drie van sy opvattinge kan as leidrade dien.

Die eerste is die “praktiese faktor” (1986b:348) wat hy in die slot van sy betoog aanroer. “Veel van die nood waardeur ons gelewe het, het verdwyn; ons wêreld het vir die Afrikaners maklik geword. Het hiermee nie ook die stukrag agter die taalbeweging verdwyn nie? Ek wil alleen sê: as die taal nie voortgaan om draer van reële en vitale behoeftes van groot groepe te wees nie, dan is daar nóg, soos by alle klein tale, kans op versand en doodloop” (1986b:350).

Het Afrikaans nog die moontlikheid om die taal te word van 'n groep mense “*in sy stryd om óp te kom*, ook ekonomies” (1986b:342)? Die staat sorg deur sy beleid dat baie Afrikaanssprekendes verplig is om Engels te beskou as die taal wat belangrik is in hul stryd om op te kom. Engels is die taal van opwaartse sosiale en ekonomiese mobiliteit. In verband met die negentiende-eeuse toestand het Louw gemeld dat dit destyds nie moontlik vir baie Afrikaners was om Engels te word nie. Dié toestand het verander. Die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes is Engels goed magtig. Afrikaans-Engelse tweetaligheid was immers dekades lank tot 1990 die staatsbeleid. Aan die ander kant is baie Suid-Afrikaners wat sedert 1994 deur die staat gemarginaliseer word, Afrikaanssprekend: veral wit, maar in toenemende mate ook bruin Afrikaanssprekendes. Hulle word benadeel deur die beleide van regstellende aksie en verteenwoordigheid. Dit is veral die oorwegend Afrikaanse vakbond Solidariteit wat vir hierdie groep in die bresse tree.

Soos reeds gemeld, het Louw in 1937 die vakbondwese beskou as 'n instrument vir taalbehoud. Sy mening oor die Afrikanerbond van Mynwerkers is 'n voorloper van sy latere siening oor die sosiale aard van die taalbeweging. Die werk van Solidariteit en die Solidariteit-beweging kom die naaste aan 'n beweging wat met Louw se woorde “draer van lewensbehoefte”, selfs van ekonomiese behoeftes, is. Daar was in 2016 geen ander beweging, organisasie of liggaam wat naastenby soveel kon vermag het nie.

'n Tweede leidraad vir volhoubaarheid bied die optredes wat Louw as noodsaaklik ag vir 'n volk wat 'n krisis van vertwyfeling beleef. Hy beskou die opbou en beskerming van die kultuur as 'n taak vir die “kultuurmense”. Die kultuurmense is die mense wat sorg dat die gemeenskap 'n “waardevolle besit het wat die moeite werd is om te behou”. Dit is nie alleen die makers of skeppers van so 'n kultuurbesit nie, dit wil sê die denkers, kunstenaars en wetenskaplikes, maar “ook die wat die besit waardeer, hoed, versprei”. Dit is die lesers, kritici, onderwysers, “die beste soort joernaliste, knap tegnici, ekonomiese leiers en baie ander; ‘propagandiste’ in die oorspronklike en hoogste sin van die woord.” 'n Gemeenskap wat ryk is aan hierdie soort mense, versamel iets wat hom as gemeenskap die moeite van die bestaan werd maak (1986a:462). In 'n krisis van vertwyfeling, sê Louw, stel die kultuurmense sy werk “van opbou en verbreiding van die kultuur” (1986:465).

Met dié soort opbouwerk is die Afrikaanse gemeenskap besig. Skrywers, die Afrikaanse onderwys, die Afrikaanse media en kultuurorganisasies is die vernaamste persone en instellings wat die kultuur skep, waardeer, beskerm en verbrei.

Vir die opbou, beskerm en verbrei van die kultuur val veral twee inisiatiewe op: dié van kykNET en die Solidariteit-beweging. KykNET het reeds vier Afrikaanse TV-kanale en is gedeeltelik of volledig te sien buite Suid-Afrika soos in Namibië en 'n paar Engelssprekende lande waarheen baie Afrikaanssprekendes geëmigreer het. Die vakbond Solidariteit het die tegniese kollege Sol-Tech begin omdat daar geen behoorlike tegniese opleiding in Afrikaans is nie en het ook 'n Afrikaanse universiteit Akademia aangepak. Sowel in Suid-Afrika as Namibië is daar bowendien verskeie private skole wat van Afrikaans as onderrigmedium gebruik maak.

'n Derde leidraad in Louw se denke raak die individuele lede van die taalgemeenskap. Hy wys daarop in 'n betoog oor Afrikaners se onverskilligheid en onwilligheid rakende taalhandhawing. Dis deels daaraan te wyte dat die Afrikaners se belangrikste geestelike kontakte vroeër met Nederland en Engeland was. Dit is volke wat die minste aandag gegee het aan die soort probleme wat in taalbewegings op die voorgrond staan. In 'n onbedreigde taalgebied soos Nederland is die taalliefde volkome onbewus. Dit sou net kon verander as Nederland oorval en verower word deur 'n mag wat sy eie taal tot staatstaal verhef en sorg dat Nederlands uit die skool en openbare lewe geweerd word sodat 'n Nederlander die soort afjak sou kry wat hy as kind moes aanhoor. “'n Ou, baie eerbiedwaardige man op ons dorp [het] in 'n staatskantoor van nie-anders-

kan-nie Afrikaans gepraat” en te hore gekry: “Can’t you speak white!” Dit het gekom “van ’n snip van ’n klein amptenaar, wat egter geweet het dat hy self die hele staatsmag agter hom het” (1986b:344).

Nederlanders sal weet dat daar in so ’n geval ook “woeste verset” sou kom – nog meer as in die Tweede Wêreldoorlog – en dat dit nie sal kom van mense wat slegs Nederlands kan praat nie, maar juis van intellektuele leiers wat die vreemde taal die beste ken. “En hulle sal dan sien dat dit nie bekrompenheid is nie; dat die Vlaming wat Frans uitstekend ken, sy taal handhaaf uit selfrespek en uit ’n diepe solidariteit met die eenvoudige mense van die massa” (1986b:344).

Hierdie selfrespek en solidariteit met die gemeenskap het ook by Afrikaanssprekendes bestaan, maar is sedert 1994 in ’n tyd van bedreiging nie vanselfsprekend nie. ’n Deel van die geskiedenis is altyd – soos in *Die dieper reg* verwoord – die “trouloosheid / van dié wat om ’n ander diens / soos knegte jou verlaat” (Louw 1938:20). Sommige Afrikaners met ’n hoë onderwyspeil beskou hulleself nie meer as Afrikaners nie (Giliomee (2009:715). Giliomee konstateer ook dat party Afrikaners nie alleen geen vinger verroer vir die behoud van die taal nie, maar dat hul selfs dié bestry wat dit wel in universiteite as voertaal wil behou. Hulle beskuldig die taalstryders daarvan dat hulle hunker na apartheid. Hulle het soos in die negentiende-eeuse Kaapkolonie “prefabricated collaborators” van die maghebbers geword. (Dié uitdrukking woord aangehaal deur Giliomee 2009:713.)

Ten dele is hierdie houding ’n gevolg van die krisis van “voortbestaan in onreg”, ten dele ook ’n gebrekkige nadink oor die geskiedenis van Afrikaans en Engels in Suid-Afrika. Engels word die sondes van sommige van sy sprekers vergewe (slawerny, oorlog, koloniserings), maar Afrikaans moet boet vir die sondes van party van sy sprekers. In die naam van dekolonisasie het studente in 2016 betoog teen Afrikaans; hulle wou slegs Engels hê – die vernaamste taal van kolonisasie. Teen Afrikaans is betoog selfs by instellings waar die beswaar van uitsluiting as gevolg van Afrikaans nie geld nie en dus waar alle lesings wens ’n beleid van parallelmedium ook in Engels aangebied word.

SLOT

’n Egte teorie of filosofie oor “die klein tale se reg” het Louw nie uitgewerk nie, maar ’n mens kan uit sy beskouings ’n paar hipoteses, of swakker: ’n paar veralgemenings, oor taalbewegings en taalstryde aflei.

1. ’n Taalbeweging kan net begin wanneer histories bewuste intellektuele bekommerd is oor ’n “krisis van vertwyfeling” in ’n volk of taalgemeenskap en planne maak om die taal te behou, die gemeenskap op te hef (of te bemagtig) en sodoende die voortbestaan van die volk of taalgemeenskap te verseker. So ’n krisis ontstaan wanneer ’n groot aantal lede van die gemeenskap twyfel of dit die moeite werd is om as kultuurgemeenskap voort te bestaan en die taal te behou.
2. ’n Taalbeweging het ’n groot kans op welslae wanneer dit ’n “staatkundige stut” kan bekom en dus nie polities so magteloos is dat dit nie regeringsbesluite kan beïnvloed nie. ’n Taalbeweging kan nie sonder politieke middele slaag nie. Die verlies van die staatkundige stut in ’n meertalige land kan ’n minderheidstaal ernstig benadeel.
3. ’n Taalbeweging se kans op sukses in ’n meertalige land is die beste wanneer die beweging daarin kan slaag om die strewe na die bevordering van die taal te kan verbind met die opheffing van ’n minder bevoorregte gemeenskap.

4. Dit kan noodlottige gevolge vir 'n klein volk en by implikasie 'n klein taalgroep hê om in 'n meertalige land onregverdig teenoor ander groepe op te tree.

Louw sê filosofie is “niks anders nie as: ‘streng en omvattend dink’” (Louw 1986b:37). Louw het strenger en omvattender, maar ook oorspronklik, oor klein tale en veral Afrikaans, gedink as enige ander Afrikaanse skrywer of denker. Dit maak van sy taalfilosofie en taalpolitiek een van die “monnemente” waarvan mense maklik die waarde onderskat.

BIBLIOGRAFIE

- Boshoff, Carel. 2014. *NP van Wyk Louw en die nuwe Afrikaner*. Pretoria: FAK.
- Giliomee, Hermann. 2009. *The Afrikaners*, expanded and updated edition Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, Hermann. 2014. Die troebel toekoms van Afrikaners en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(4), Desember 2014: 571-595.
- Kohn, Hans. 1945. *The idea of nationalism; a study in its origin and background*. New York.
- Louw, N.P. van Wyk. 1938. *Die dieper reg*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Louw, N.P. van Wyk. 1986a. *Versamelde prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- Louw, N.P. van Wyk. 1986b. *Versamelde prosa 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Malan, Koos. 2012. 'n Oorweging van die sosiopolitieke kragte wat inwerk op die betekenis en toepassing van die diskresionêre taalklousule van die Suid-Afrikaanse grondwet, in *LitNet Akademies* 9(1), 2012.
- Malan, Koos. 2014. An analysis of the legally protectable interests pertaining to language. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg*: 66-84.
- Schoeman, Karel. 1986. *Die wêreld van die digter*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Scholtz, G.D. 1974. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel III 1874-1881. Johannesburg: Perskor.
- Steyn, J.C. 1990. Menseregte en taalregte. *Suid-Afrikaanse Tydskrif Vir Taalkunde* 8(1): 39-47.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw – 'n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Trudgill, Peter. 1983. *Sociolinguistics. An introduction to language and society*. Harmondsworth: Penguin.
- Weinreich, Uriel. 1970 (eerste druk 1953). *Languages in contact*. Den Haag: Mouton.
- Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk*. Pretoria: Unisa.

Enkele minder bekende Afrikaanse woordeboek-monumente

A few lesser known Afrikaans dictionary monuments

RUFUS H. GOUWS

Departement Afrikaans en Nederlands

Universiteit van Stellenbosch

E-pos: rhg@sun.ac.za



Rufus Gouws

RUFUS GOUWS is Professor in Afrikaanse taalkunde in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy navorsing fokus primêr op die metaleksikografie en woordeboeknavorsing – ’n gebied waarin hy op nasionale en internasionale vlak wyd publiseer. Hy is ’n redakteur van twee toonaangewende internasionale tydskrifte in die leksikografie, te wete *Lexikos* en *Lexicographica*, asook van die boekreeks *Lexicographica Series Maior*. Gouws is ’n NNS-geëvalueerde navorsers en die ontvanger van verskeie beurse, pryse en toekennings, onder meer die SAAkademie se CJ Langenhovenprys vir Taalwetenskap. Hy vul sy werk in die teoretiese leksikografie aan met aktiewe deelname aan die leksikografiepraktyk as redakteur/mederedakteur van verskillende woordeboeke, onder meer die bekende Afrikaanse woordeboek HAT, die internasionale *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of lexicography and dictionary research* en ANNA, die vernuwende woordeboek met Nederlands en Afrikaans as taalpaar.

RUFUS GOUWS is Professor of Afrikaans linguistics in the Department of Afrikaans and Dutch at the University of Stellenbosch. In his research he focuses primarily on metalexicography and dictionary research – a field in which he publishes widely nationally as well as internationally. He is editor of two renowned international journals on lexicography, namely *Lexikos* and *Lexicographica*, as well as the book series *Lexicographica Series Maior*. Gouws is a NRF rated researcher and the recipient of a number of prizes and awards, inter alia the CJ Langenhoven prize for Linguistics, awarded by the South African Academy for Science and Arts. He complements his work in the field of theoretical lexicography with active participation in the practice of lexicography in his capacity as editor or co-editor of various dictionaries, among which the well-known Afrikaans dictionary HAT, the international *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of lexicography and dictionary research* and ANNA, the innovative dictionary pairing Afrikaans and Dutch.

ABSTRACT

A few lesser known Afrikaans dictionary monuments

Dictionaries reflect the actual use of a given language, they also contribute to the documentation and eventual standardisation of the language. This applies to dictionaries that have the language for general purposes as its subject matter, but also to dictionaries that focus on different languages for special purposes. The lexicographic practice of Afrikaans displays a comprehensive collection

of dictionaries that represent a broad typological spectrum. This collection includes both better and lesser known dictionaries and dictionary types. As a container of knowledge, each dictionary can be regarded as a monument of the language treated in that dictionary. However, many dictionaries do not receive the recognition they deserve as practical language instruments, because their typological category puts them beyond the day to day dictionary experience of the majority of people.

This paper pays attention to products from both the lexicographic practice and the field of dictionary research, also known as metalexigraphy, that have become monuments within the broad field of lexicography. Metalexigraphic publications receive only scant attention. The primary discussion is directed at the lexicographic practice, with the main focus on the contribution of a few lesser known Afrikaans dictionaries. In this regard, two major classes are distinguished, i.e. community projects and innovative products.

Within the first category, the attention is focused on a dictionary that displays the creativeness of members of the Afrikaans language community in the formation of neologisms. It is shown that although these neologisms may not become part of the standard variety of the language, they do emphasise the creative nature of Afrikaans – and this dictionary gives evidence of this word-formation products. A second dictionary in this category represents a product with the genuine purpose to make people aware of a language that is becoming extinct and to reflect something of the people and the culture of this language. This community-driven dictionary has an innovative, genuine purpose, showing how members of the Jul'hoan speech community, as well as people from the English and Afrikaans speech communities, compiled a selection of core vocabulary items from the Jul'hoan lexicon, arranged in thematic categories that reflect important aspects from their daily life. The use of pictorial illustrations as guiding elements of the articles results in an interesting article structure and allows access from picture to word. The members of the speech community were not only involved in the planning and compilation of the dictionary, but their artists created the pictorial illustrations that reflect something of the world view of the community.

In the second category, a few dictionaries are mentioned because of their innovative approach. One dictionary is discussed in more detail, i.e. a bilingual dictionary with Afrikaans and English as language pair, but which was compiled specifically for English speaking users who want to learn Afrikaans. The target user and the genuine purpose of the dictionary were identified in an unambiguous way. This dictionary adheres to an integrated approach that sees a creative use of a frame structure with a variety of outer texts. It successfully negotiates a transtextual functional approach to outer texts, and supplies the envisaged target users with data from which information can be retrieved to satisfy both communicative and cognitive needs. The selection of outer texts adds to the comprehensive knowledge transfer made available in this dictionary. This polyfunctional dictionary was planned in such a way that dictionary and grammar are integrated into a single source. The lexicographers clearly identified the needs and reference skills of their target users, and the outer texts complement the lexicographic treatment and enhance the nature and extent of information retrieval in this dictionary.

Although the focus in this article remains on lexicographic practice, the discussion is done within a theoretical framework, i.e. the general theory of lexicography, which looks at dictionary structures, and function theory, emphasising the importance that the compilation of any dictionary needs to be preceded by an identification of the function(s) the dictionary has to address.

KEY TERMS: community projects, dictionary typology, frame structure, general dictionaries, guiding elements, integrated approach, lexicographic functions, neologisms, outer texts, specialised dictionaries, standardisation, text production, word lists

TREFWOORDE: algemene woordeboeke, buitetekste, geïntegreerde benadering, gemeenskapsprojekte, gidselemente, leksikografiese funksies, neologismes, raamstruktuur, standaardisering, teksproduksie, vaktiaalwoordeboeke, woordeboektipologie, woordelyste

OPSOMMING

Woordeboeke weerspieël nie net die woordeskat van 'n taal nie, maar dra ook by tot die standaardisering van 'n taal. Dit geld sowel woordeboeke waarin algemene taal as dié waarin die vaktiaal bewerk word. Die Afrikaanse leksikografiese praktyk vertoon 'n uitgebreide tipologiese verskeidenheid, wat bekende en minder bekende woordeboeke en woordeboeksoorte insluit. Elke woordeboek kan aanspraak maak op monumentstatus, alhoewel talle woordeboeke se rol in die leksikografiese ontwikkeling van Afrikaans nie genoegsaam erken word nie. In hierdie artikel is die fokus op enkele minder bekende woordeboeke wat wel monumente van en vir Afrikaans is. Daar word aandag gegee aan woordeboeke wat gemeenskapsgedrewe produkte is en onder meer blyke gee van die kreatiewe woordskeppingskrag van die Afrikaanse taalgemeenskap. Daarbenewens word daar ook gewys op vernuwende leksikografiese produkte wat saamgestel is om aan spesifieke leksikografiese behoeftes van hulle teikengebruikers te voldoen.

1. INLEIDEND

Algemene taalgbruikers beskou 'n woordeboek dikwels as die belangrikste bron van veral taalkundige inligting, maar ook as 'n gesagsbron (vergelyk onder meer Wells 1973 en Odendal 1978). Op grond van hierdie gesag van woordeboeke, ten regte of ten onregte, is 'n woordeboek 'n instrument wat 'n bepaalde status verleen aan die taal wat daarin bewerk word. Woordeboeke weerspieël die werklike taalgebruik wat 'n spesifieke taal kenmerk, en as sodanig sien gebruikers dit as 'n toonbeeld, 'n bewys van die gevestigdheid van die betrokke taal. Woordeboeke word monumente wat ter erkenning van en ter ere van 'n taal opgerig word.

Juis omdat daar aan woordeboeke 'n bepaalde gesag toegeken word, en omdat woordeboeke, ondanks hulle ander bydraes, wel 'n sekere preskriptiewe rol vervul, is woordeboeke ook van wesenlike belang by die standaardisering van taal. Hierdie belang van woordeboeke is in die metaleksikografiese literatuur reeds uitvoerig bespreek (vergelyk onder meer Gallardo 1980 en Zgusta 1989). Gallardo (1980) toon ook aan dat daar normaalweg 'n volgorde is waarin nuwe woordeboeksoorte tot 'n taal toegevoeg word. Voordat die standaardiseringsproses voltooi is, sal 'n taal veral oor een of meer tweetalige woordeboeke beskik, veral woordeboeke waarin die algemene taal en nie die vaktiaal nie, bewerk word, terwyl eentalige verklarende woordeboeke tipies is van 'n reeds gestandaardiseerde taal. Ook in die ontwikkeling van die Afrikaanse woordeboekversameling is hierdie onderskeid aantoonbaar. Dit blyk onder meer uit Van der Merwe (1971) se weergawe van 'n aantal vroeë Afrikaanse woordelyste wat tipies Afrikaanse woorde bevat, dikwels met hulle Nederlandse ekwivalente of 'n kort betekenisparafrase in Nederlands as bewerking. Hierdie lyste, asook ander tweetalige woordeboeke, het die verskyning van volwaardige eentalige verklarende Afrikaanse woordeboeke, sowel as die samestelling van 'n verskeidenheid ander Afrikaanse woordeboektipies voorafgegaan.

'n Uitgebreide woordeboektipologie het metterjare die Afrikaanse leksikografiese praktyk gekenmerk, en 'n omvattende versameling woordeboeke en woordeboeksoorte is tot beskikking van 'n uiteenlopende gebruikersgroep gestel. Vergelyk onder meer Zgusta (1971) en Gouws (2014) vir 'n bespreking van woordeboektipologie. Woordeboeke wat op die algemene taalgebruik gerig is, die verstektipe-woordeboek, is uitgebrei om woordeboeke in te sluit wat die taalgebruik van spesifieke gebruikersgroepe weergee. Hier het die pedagogiese opdrag van woordeboeke gelei

tot die daarstelling van skool- en later ook aanleerderwoordeboeke, met aanleerderwoordeboeke wat een van die belangrikste ontwikkelings in die leksikografiese praktyk van die laaste kwart van die vorige eeu was. Naas woordeboeke wat primêr vir die oordrag van taalkundige data voorsiening maak, dit wil sê algemene woordeboeke, het woordeboeke met die leksikon van verskillende vakgebiede as teiken na vore getree om 'n tipologiese kategorie te vestig wat op 'n groot gebruikersgroep se vakspesifieke behoeftes gerig is. By die beoordeling van die woordeboeke en woordeboeksoorte van enige taal is dit belangrik dat die rol van vakwoordeboeke nie geringgeskat mag word in vergelyking met die rol van algemene woordeboeke nie. Vakwoordeboeke is eweneens van wesenlike belang vir die sukses van 'n taal se leksikografiese aanbod en bewerking, ondanks die feit dat hulle bydrae dikwels nie genoegsaam erken en in ag geneem word wanneer daar oor woordeboeke gepraat word nie. Volgens Kilgarriff (2012:27) is die verhouding tussen woordeboeke wat die algemene taal bewerk en vakwoordeboeke te vergelyk met die ooreenkoms tussen internasionale lughawens en plaaslike vliegvelde. Hierdie vergelyking mag juis wees, maar dit onderskat die belangrike rol van vakwoordeboeke in die uitbreiding van 'n taal as wetenskapstaal. Die Afrikaanse leksikografiepraktyk is ruimskoots verryk en uitgebrei deur 'n wye versameling vakwoordeboeke – wat monumente is van Afrikaans se status as gevestigde wetenskapstaal.

Daar bestaan ook talle ander woordeboeke wat nie gereeld gebruik word deur die algemene lede van die Afrikaanse taalgemeenskap nie, of dikwels hoegenaamd nie geken word nie. Die monumentstatus van sulke woordeboeke mag nie ontken word nie. In hierdie artikel gaan enkele van hierdie woordeboeke bespreek word.

2. LEKSIKOGRAFIESE ONTWIKKELING, TAALSTANDAARDISERING EN DIE WERKLIKE DOEL VAN WOORDEBOEKE

'n Oorsig oor die ontwikkeling van die leksikografiese praktyk en die doel van leksikograwe met hulle woordeboeke gee blyke van die rol van woordeboeke as taalstandaardiseringsinstrumente, maar wat steeds gerig is op die behoeftes van spesifieke gebruikersgroepe. Met vroeë woordeboeke wou leksikograwe die taal vasvang en weergee, maar ook veel meer as dit bereik. Die tematies geordende woordeboeke van die Middeleeue en vroeër het probeer om woorde in temas te groepeer en op hierdie manier kennis oor te dra. Die skolastici wou kennis organiseer, sorteer en klassifiseer, en hulle het gepoog om die sogenaamde *omne scibile* (= alles wat wetenswaardig is) vas te vang – vergelyk in hierdie verband McArthur (1986:52 e.v.). As “tesourus”, dit is die skatkamer van die taal, lewer woordeboeke mettertyd bewys daarvan hoe 'n gegewe taal wat genoegsaam ontwikkel is, in 'n bepaalde vorm opgeteken en bewaar kan word – en hoe die standaardvariëteit van so 'n taal in veral sy algemene een- en tweetalige woordeboeke aangebied en sodoende gevestig en uitgebou word.

Woordeboektitels is dikwels veelseggend ten opsigte van dit wat die leksikograaf met die betrokke woordeboek beoog het. Vergelyk in hierdie verband titels soos die volgende: *Ianua Linguarum* (“Die poort van Tale”) (Bathe 1615), *Ianua Linguarum Reserata* (“Die poort van tale ontsluit”) (Komensky 1631). In hierdie verband moet die titel van die boek waarin die eerste Afrikaanse woordeboek, dié van Changuion (1844), as aanhangsel verskyn, nie geringgeskat word nie. Die woordeboek *Proeve van Kaapsch Taaleigen* is 'n byvoegsel tot Changuion se boek *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld*. In sy inleidende opmerkinge stel Changuion die hoofdoel van sy boek duidelik, naamlik om

... het Nederduitsch, voor zoo ver de taal, die in deze Kolonie gesproken wordt, dien naam dragen mag, van deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwijzen te zuiveren,

of althans den weg daartoe aan te wijzen.

Changuion wou, aldus Van der Merwe (1971:viii), met sy boek

die Hollandse taal so 'n hegte grondslag gee aan die Kaap dat Afrikaans (Kaapsch Taaleigen) geen ingang sou kon vind nie.

Met sy *Proeve van Kaapsch Taaleigen*, 'n woordeboek met ongeveer 400 lemmata, wou hy die taal van die Kapenaars suiwer. Hier kom 'n puristiese, preskriptiewe en standaardiseringsbenadering sterk na vore, iets wat vandag steeds kenmerkend van baie woordeboeke is. Changuion wou, ironies genoeg, met hierdie eerste Afrikaanse woordeboekmonument eerder 'n bydrae tot die Hollandse dialektstudie lewer (vergelyk weer eens Van der Merwe 1971:viii) as om Afrikaans te bevorder.

Soos Changuion se woordeboek nie as afsonderlike publikasie verskyn het nie, maar as aanhangsel in 'n ander boek, was daar in die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie ook ander woordeboeke wat as deel van 'n groter boek verskyn het. Soos die geval met Changuion, was daar ook ander gevalle waar die leksikograwe nie altyd 'n positiewe houding gehad het teenoor Afrikaans, die taal wat in hulle woordeboeke bewerk is nie. Een so 'n woordelys was dié van Tromp (1879a), wat 'n hoofstuk was in sy boek *Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der Annexatie van de Transvaal* (Tromp 1879b). Alhoewel hierdie monument wel ter erkenning van Afrikaans was, was dit geensins tot verering van Afrikaans nie. Hy begin sy hoofstuk met die volgende woorde (vergelyk Van der Merwe 1971:23):

De Afrikaansche taal,, is zeker wel het leelijkste en meest vermengt dialect, dat ooit bestond.

En dan:

Dat de taal belangwekkend en de aandacht overwaard is, is zeker, maar dat zij leelijk, misvormd en wanluident is, is nog zekerder. (Van der Merwe 1971:24)

Die motivering vir die opstel van sy woordelys stel Tromp self so:

Voor de aardigheid zal ik hier een lijst van de gebruikelijkste en eigenaardigste woorden en uitdrukkingen invoegen. (Van der Merwe 1971:26)

Deur hierdie optekening en bewerking, al is dit net “voor de aardigheid” gedoen, is nog 'n deel van die leksikon vasgevang en sodoende het so 'n beperkte woordelys ook meegedoen aan die vaslegging en uiteindelijke standaardisering van Afrikaans.

Hierdie publikasies het ook daartoe bygedra dat die Afrikaanse leksikografie gevestig is en algaande uitgebrei het om vandag 'n veelsydige en multifunksionele tipologiese verskeidenheid te vertoon waarin die algemene en gespesialiseerde leksikon van Afrikaans omvattend aangebied en bewerk word.

Uit die titels van 'n aantal Afrikaanse woordeboeke wat 'n opname en bewerking van die standaardvariëteit van die algemene gebruikstaal as teiken het, kan die woordeboeksoort, die teikengebruiker en die aard van die leksikale gerigtheid dikwels afgelei word. Vergelyk in hierdie verband titels soos *Basiswoordeboek van Afrikaans* (Gouws et al. 1994), *Grondslagfasewoordeboek* (Gouws, Ronél et al. 2010), *Aanleederswoordeboek/Learner's Dictionary* (Du Plessis 1993) en *Kernwoordeboek/Concise Dictionary* (Pheiffer et al. 2007).

As vakgebied met sowel 'n praktiese as 'n teoretiese komponent (onderskeidelik die praktyk van woordeboekmaak en die teoretiese besinning oor die leksikografie, ook bekend as woordeboeknavorsing of metaleksikografie) vertoon die ontwikkeling van die leksikografie

verskillende fases. Die praktyk is veel ouer as die teorie – vergelyk onder meer McArthur (1986), Gouws (1989), Gouws, Schweickard & Wiegand (2013) – maar met die koms van die teoretiese leksikografie was daar ook verskillende fases, met die klem op onderskeidelik die taalkundige inhoud van woordeboeke, die strukture van woordeboeke en die funksies van woordeboeke. Vergelyk in hierdie verband Gouws (2005a).

Alhoewel die Afrikaanse leksikografie in vergelyking met tale wat deel gehad het aan die vroeë ontwikkeling van die leksikografie, 'n laat toetredende tot sowel die leksikografiese praktyk as die metaleksikografie gemaak het, is al die fases wat elders in die leksikografiese ontwikkeling geld, ook in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie te bespeur.

In hierdie artikel word enkele aspekte van die Afrikaanse leksikografie bespreek. Daar word aangedui dat 'n verskeidenheid woordeboeke en metaleksikografiese bydraes 'n wesenlike rol daarin gespeel het – en steeds speel – om Afrikaans as 'n gestandaardiseerde taal met 'n breë tipologiese en subtipologiese verskeidenheid algemene en vakspesifieke gebruiksmoontlikhede te vestig en te weerspieël. Dit geld in sowel die eentalige as die twee- en meertalige leksikografie waar elkeen van hierdie woordeboeke, asook die metaleksikografiese bydraes, 'n eiesoortige monument vir en van Afrikaans is, en gesamentlik ook die feesviering rondom die negentigjarige erkenning van Afrikaans as amptelike taal regverdig. Hierdie artikel poog egter nie om 'n uitvoerige oorsig te gee van die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie nie; dit is 'n onderwerp wat uitvoerig bespreek word in onder meer Gouws (1986; 2003; 2005; 2008; 2013) en Heestermans (1990). Daar word slegs aan enkele aspekte aandag gegee.

3. MONUMENTE GROOT EN KLEIN

In sowel die Afrikaanse praktiese as teoretiese leksikografie is daar talle produkte wat met reg op monumentstatus kan aanspraak maak. Een van die belangrike vroeë teoretiese bydraes wat rigtinggewend in verdere metaleksikografiese gesprekke was, was Boshoff (1926), waarin kriteria aangebied is vir die beplanning en opstel van 'n standaardwoordeboek van Afrikaans. Indien dié kriteria met meer erns deur destydse praktiserende leksikograwe benader is (vergelyk Grobler 1978) sou daar na alle waarskynlikheid 'n beter gehalte standaardwoordeboek in die vroeë fases van die eentaligewoordeboekpraktyk gewees het, iets waaraan Afrikaans mank gegaan het in 'n stadium van sy standaardiseringsproses toe eentalige woordeboeke leidende rolspelers moes wees. Dié metaleksikografiese monument is ongelukkig nie gou genoeg gevolg deur 'n ooreenstemmende monument in die leksikografiepraktyk nie. Veral die opstellers van die WAT – dit is die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, wat in 1926 begin is – sou veel by hierdie voorstelle van Boshoff kon baat, en dit sou spoedig tot die beplande standaardwoordeboek kon lei. Ná Boshoff se werk was daar talle ander metaleksikografiese bydraes wat 'n teoretiese basis help skep het vir 'n verbeterde leksikografiese praktyk – vergelyk onder meer Combrink (1962; 1979), Odendal (1961a; 1961b; 1962; 1979) en Eksteen (1962; 1965).

In hierdie artikel val die klem nie op die teoretiese leksikografie nie, maar eerder op die Afrikaanse leksikografiepraktyk. Dit is ook nie bekende monumente, soos die WAT (Schoonees et al. 1951–), *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary* (Bosman et al. 1984), *Groot woordeboek/Major Dictionary* (Eksteen 1997), HAT (Luther et al. 2015) of die *Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary* (Du Plessis 2005) wat hier bespreek word nie, maar eerder 'n paar woordeboeke met 'n beperkter aanslag en omvang en wat tot dusver minder aandag in die teoretiese gesprek gekry het. Die aandag is vervolgens op enkele Afrikaanse woordeboeke, wat in twee hoofkategorieë val, te wete gemeenskapsprojekte en vernuwende projekte. Die woordeboeke wat bespreek word, word as Afrikaanse leksikografiese projekte beskou, selfs waar

dit om twee- of meertalige woordeboeke gaan. Dat Afrikaans as een van die behandelde tale optree, kwalifiseer 'n woordeboek as behorende tot die Afrikaanse woordeboekversameling.

3.1 Gemeenskapsprojekte

Hausmann (1989:13) se onderskeid tussen woordeboekkultuur en gebruikersvriendelikheid in die leksikografie is steeds relevant en geldig. “Woordeboekkultuur” verwys daarna dat 'n bepaalde gemeenskap by die leksikografie moet aanpas, dit wil sê woordeboekvaardighede en kennis van die gebruik van woordeboeke moet bekom, terwyl “gebruikersvriendelikheid” impliseer dat die leksikografie by die gemeenskap moet aanpas. Woordeboeke is praktiese instrumente en moet daarom bruikbaar wees. Volgens die gebruikersperspektief, 'n benadering wat die afgelope dekades reeds 'n bepalende invloed in die leksikografie het en die idee van gebruikersvriendelikheid voorop stel (vergelyk onder meer Hartmann 1989 en Van der Merwe-Fouché 1999) moet die leksikograaf in die beplanning van enige woordeboek 'n duidelik geïdentifiseerde teikengebruiker hê, en vertrouwd wees met sowel die leksikografiese behoeftes as die naslaanvaardighede van daardie teikengebruiker.

In die praktyk was dit egter nie so maklik om op 'n ondubbelsinnige manier te kon vasstel wat die werklike behoeftes van 'n bepaalde teikengebruiker is nie, omdat die potensiele gebruikersgroep van 'n bepaalde woordeboek dikwels nie duidelik genoeg aantoonbaar was nie, en leksikograwe hulle nie noodwendig in ag geneem het nie. Gevolglik verwys Wiegand (1977:59) reeds na die gebruiker as die “bekante Unbekante”, die bekende onbekende. Baie navorsing is sedertdien gedoen om maniere vas te stel waarop die behoeftes van gebruikers beter bepaal kon word: Vergelyk in hierdie verband onder meer Wiegand (1998), en Lew (2011), en vir die ontwerp van woordeboeke wat op die spesifieke gebruikers se behoeftes gerig is, byvoorbeeld Otto (1989).

Woordeboeke word deur leksikograwe saamgestel wat ag slaan op die vermeende behoeftes van hulle gebruikers. In die onlangse leksikografiese praktyk word die teikengebruikers van woordeboeke soms die geleentheid gegun om deel te neem aan die leksikografiese proses vir die daarstelling van 'n woordeboek wat op hulle behoeftes gerig is. Vergelyk in hierdie verband onder meer die werk aan verskillende Wiki-produkte, waar gebruikers help met die leksikografiese bewerking en veranderinge aan bestaande inskrywings kan aanbeveel. Die aanlyn leksikografie maak dit ook moontlik vir gebruikers om kommentaar op woordeboeke te lewer, wat daartoe lei dat leksikograwe deurlopend veranderinge aan hulle woordeboeke kan aanbring. Die toepassing van die beginsel van “gelyktydige terugvoering” (vergelyk De Schryver & Prinsloo 2000) gee aan gebruikers die geleentheid om kommentaar op woordeboekmateriaal te lewer terwyl die woordeboek saamgestel word. Dit maak dit vir die leksikograwe moontlik om aanpassings te maak selfs voordat die woordeboek voltooi is.

Woordeboeke bly egter meestal produkte wat die uitvoering van 'n plan van die leksikograaf is. In enkele gevalle word woordeboeke op 'n ander manier beplan en gemaak. Gebruikers besluit om 'n bepaalde woordeboek te maak, of die behoeftes van 'n bepaalde taalgemeenskap of gebruikersgroep noop iemand wat nie 'n opgeleide leksikograaf is nie, om aan die samestelling van 'n woordeboek te begin werk. Ook in en vir Afrikaans bestaan daar sulke woordeboeke, en hulle vorm 'n reeksie leksikografiese monumente waarvan die waarde en bydrae tot die leksikografiese praktyk nooit onderskat mag word nie. Vervolgens word twee sulke woordeboeke kortliks bespreek. Die status van die leksikograaf en die metaleksikografiese oordeel oor so 'n woordeboek is nie hier van bepalende belang nie. Wat wel ter sake is, is die bydrae wat dit binne die bepaalde sprekersgroep maak.

3.1.1 Die “Wildewoordeboek”

Wildewoordeboek (Van Niekerk et al. 1997) is ’n onkonvensionele woordeboek wat nie deur gevestigde leksikograwe beplan of gemaak is nie, maar wat ’n skat van data bevat wat wys op die kreatiewe vermoë van Afrikaans. Dié woordeboek is die regstreekse gevolg van die behoefte aan ’n gepaste Afrikaanse woord in ’n bepaalde gebruikssituasie. Luidens “’n Wilde woord vooraf”, die voorteks geskryf deur die hoofsamesteller, is dié woordeboek saamgestel na aanleiding van ’n vraag van ’n opvoeder van die Hoërskool Richardsbaai by ’n debatsaand in 1993 aan die hoofsamesteller, toe sy wou weet wat “’n lékker Afrikaanse woord” vir die Engelse “lucky draw” sou wees. Sy voorstel aan haar was: “Vra die kinders; hulle is kreatiewer as ons ...” Dit het gelei tot ’n kompetisie, die Laat-Afrikaans-groei-kompetisie, wat voorstelle opgelewer het soos ’n *gelukpluk(kie)*, *gelukkíe-plukkie*, *nommerpas* en *pryspret*. ’n Laat-Afrikaans-leef-kompetisie is daarna uitgebrei na ’n afdeling vir laerskoolleerders in KwaZulu-Natal maar later ook veel wyer, en is toe die Laat-Afrikaans-groei-kompetisie genoem.

Wildewoordeboek bevat meer as 1500 nuutskeppinge wat as deel van die kompetisie versamel is. Die woordeboek is die produk van taalskepping vanuit ’n wye geografiese verspreiding, en kan met reg as ’n gemeenskapsprojek beskou word. Talle woorde is die voorstelle van leerders uit die laerskool, maar senior leerders en selfs volwassenes het ook daartoe bygedra. Baie van die nuutskeppinge getuig van humor en selfs stuitigheid, en behoort veral tot die informele register van Afrikaans.

Die woordeboek het ’n eenvoudige artikelstruktuur met enkelwoorde sowel as meerwoordige leksikale items, byvoorbeeld **you must be joking**, en selfs hier en daar ’n kollokasie, byvoorbeeld **oorvol minibus/motor**, as makrostrukturelemente. Hierdie lemmata word meestal in Engels verstrekk, soms met ’n Afrikaanse glos, koteksaanduiding of kort omskrywing onmiddellik ná die lemma. Hierdie ondersteunende inskrywings, soos die lemmata ook in vet aangebied, is meestal in Afrikaans, byvoorbeeld **dice (met motorfiets)**, **stick (... vir ete)**, **trim (hare)**. Alle lemmata is egter nie in Engels nie. Die woordeboek bevat ook Afrikaanse lemmata soos **brandsiek brak**, **inwoner van Gauteng**, **informele drag**. In sommige artikels sluit die bewerking ’n illustrasieprentjie in – vergelyk die artikels van die lemmatekens **bungee jump**, **relax** en **scrap-yard**. Die verstekbewerking is Afrikaanse ekwivalente vir die Engelse lemmata, of nuutskeppingsinonieme vir die Afrikaanse lemmata. Hier gee die woordeboek blyke van die kreatiwiteit van die kompetisiedeelnemers met voorstelle soos die volgende:

backfire tru-knor, hoesproes, pypknal
cute wipgat, soenig, beertjiemooi
face-lift hysbakkies
hangover slingerkop, oggendroes, klopkop
nerd fundivakie, briljantjie, dik-brilkind
once in a blue moon die dag wanneer mans swanger word, as Afrika vrede het
price boom prysploff, pryshyser
spiral perm frilkrul, kronkelkapsel, draaikrul, noedelhare

Die samestellers van *Wildewoordeboek* stel dit duidelik in die woord vooraf dat baie van die woorde in hierdie woordeboek nooit ’n “normale” woordeboek sal haal of omgangstaal sal word nie – die verstrekte nuutskeppings sal “waarskynlik slegs pretwoorde of modewoorde bly.” Anders as woordeboeke wat tot die breë kategorieë van algemene verklarende en vertalende woordeboeke behoort, probeer *Wildewoordeboek* se samestellers nie die werklike taalgebruik weerspieël nie, maar veel eerder die werklike skeppingskrag van die taal. Dit is ’n woordeboek wat voorstelle vir

oorweging en moontlike gebruik aan die hand doen. Dit is nie 'n deskriptiewe, preskriptiewe of selfs proskriptiewe woordeboek nie (vergelyk Bergenholtz & Gouws 2010) maar 'n woord-skeppingswoordeboek waar die leksikograaf gewoon die voorstelle van lede van die Afrikaanse taalgemeenskap weergee. Hierdie tipologiese benadering om tot die publikasie van 'n gemeenskapswoordskeppingswoordeboek te lei, verteenwoordig 'n eiesoortige bydrae tot die Afrikaanse leksikografie. Dit sal interessant wees om oor 'n verdere dekade vas te stel hoeveel van die woorde wat hier opgeneem is, wel die standaardvariëteit van Afrikaans gehaal het.

Wildewoordeboek bied as gemeenskapswoordeboek 'n leksikografiese bewerking wat die resultaat is van 'n kompetisie om nuutskeppings te vorm. Dit is nie die eerste Afrikaanse leksikografieprojek waar 'n kompetisie ter sprake is nie. Postma (1896) se woordelys, vir die eerste keer gepubliseer in Van der Merwe (1971), is vergesel van 'n brief aan ds. S.J. du Toit waarin hy sê:

Dit is mij doel om hiermee te compiteer vir die prijs vir 'n lys van suiwer gesmede Afrikaanse woorde. (Van der Merwe 1971:53)

Hierdie woordelys, nie 'n gemeenskapsprojek nie, maar die werk van 'n individuele leksikograaf, bied nie nuutskeppings, soos *Wildewoordeboek* nie, maar eerder woorde wat volgens die samesteller in die omgewing van Burgersdorp en in die Vrystaat en Transvaal bekend was. Alhoewel Van der Merwe 'n groot rol gespeel het in die rangskikking in verskillende rubrieke van die woorde in Postma se lys, bied dié woordelys 'n insiggewende versameling woorde, en die tematiese klassifikasie weerspieël 'n deelversameling van die Afrikaanse leksikon op 'n manier wat aansluit by die makrostrukturele ordening van die heel vroeë woordeboeke (vergelyk McArthur 1986). Die tematiese rubrieke in Postma se *Afrikaanse woordgebruik* is onder meer "Algemeen", "Woorde in di dire en insekte wêreld", "Woorde in di plante wêreld", "Ambagte", "Boere", "Fisse", "Minerale", "Siektes".

Hierdie lys van Postma wys nogmaals daarop dat ook die vroeë Afrikaanse woordelyste en produkte 'n wesenlike leksikografiese bydrae gelewer het, en met reg deel van 'n verskeidenheid Afrikaanse leksikografiese monumente is.


3.1.2 *Die Jul'hoan Tsumkwe Dialect / Prentewoordeboek vir kinders / Children's picture dictionary*

Nog 'n andersoortige woordeboek wat uit eie reg monumentstatus verdien, is die drietalige *Jul'hoan Tsumkwe Dialect / Prentewoordeboek vir kinders / Children's picture dictionary*. Hierdie besondere woordeboek is die resultaat van 'n samewerkingsprojek tussen lede van die Namibiese Jul'hoan uit die Tsumkwestreek en akademici uit verskillende vakgebiede (vergelyk die inligtingsbrosjure in hierdie woordeboek). Dié woordeboek bied in elke artikel 'n illustrasieprent as gidselement aan die linkerkant van die artikel. Vir hierdie illustrasieprent word daar dan Jul'hoansi-, Afrikaanse en Engelse ekwivalente verskaf. Die illustrasieprente met hulle bewerking wat die gebruiker van die prentjie na die woord lei, is verdeel in temas uit die alledaagse lewe en kultuur van die Jul'hoansi-taalgemeenskap, te wete "Diere", "Voëls", "Insekte, reptiele en goggas", "Tuiste en die gesin", "Jag", "Versamel", en "Dans".

Die woordeboek het 'n raamstruktuur (vergelyk Kammerer & Wiegand 1998) met verskeie voortekste, waaronder 'n inleiding wat agtergrond oor die ontstaan, beplanning en samestelling van dié woordeboek verstrek, en 'n teks waarin die uitspraak van die Jul'hoan-klik- en ander klanke bespreek word. 'n Waardevolle agtertekste bied 'n lysing van die verskillende tematiese afdelings, met 'n lys van die woorde wat in die betrokke veld val in elk van die drie tale. Hierdie lys is alfabeties georden volgens die alfabetwaarde van die Afrikaanse woorde. 'n Ingeslote interaktiewe CD bied die uitspraak van elke Jul'hoan-woord, asook 'n foto- en videogalery.

Dit is 'n gemeenskapswoordeboek, want die samestellers het hulp van die Jul'hoan-gemeenskap gekry by die keuse van lemmas maar, heel belangrik, ook by die ontwerp en uitleg van hierdie woordeboek. In die metaleksikografiese gesprek word die belang van die uitleg van 'n woordeboek reeds lank erken (vergelyk onder meer Almind & Bergenholtz 2000). Die artikeluitleg van hierdie woordeboek is sodanig dat die illustrasieprente dominante aanduiders in die artikel is met betrekking tot plasing en grootte. Die gebruik van illustrasieprente as gidselemente van elke artikel verteenwoordig 'n nietradisionele benadering tot die makro- en artikelstruktuur wat gewoonlik gekenmerk word deur verbale gidselemente.

Die illustrasieprente is deur lede van die Jul'hoan-gemeenskap gedoen. Daardeur raak hulle medeleksikograwe van hierdie woordeboek. Die manier waarop die prente geteken is, weerspieël iets van die kunstenaarsaanslag van lede van hierdie gemeenskap en versterk die gemeenskaps-gedrewe aard van hierdie woordeboek. Dit is reeds merkbaar uit die illustrasies op die buiteblad van dié woordeboek:



Figuur 1: Buiteblad van die “Jul'hoan Tsumkwe Dialect / Prentewoordeboek vir kinders / Children's picture dictionary”.

Elke leksikograaf moet by die beplanning van elke woordeboek 'n werklike doel vir die betrokke woordeboek formuleer en dit in die samestelling deurvoer – vergelyk Wiegand (1998:229). In navoring van Wiegand sê Gouws (2014:380) dat

die werklike doel van 'n woordeboek daarin geleë is dat dit gebruik word sodat daar, aan die hand van die leksikografiese data in die woordeboek, inligting ontsluit kan word oor bepaalde aspekte van taalkundige uitdrukkings wat tot die onderwerpsgebied van die betrokke woordeboek behoort.

Die werklike doel van 'n woordeboek kan ook verder strek as die blote onttrekking van inligting uit die data ten opsigte van daardie leksikale items wat deur die lemtekniese verteenwoordig word.

In die “Foorberig” van die baanbrekende tweetalige Afrikaanse woordeboek *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary* (Anoniem (S.J. du Toit) 1902/04) sê die uitgewers, die opstellers van hierdie “Foorberig”, dat hulle hoofdoel met die woordeboek was

om samewerking te beforder tussen di twee hoofrasse, Afrikaners en Engelse, in ons land: dat hulle wederkerig mekaars tale in sofer ken dat hulle mekaar kan verstaan ...

Die rudimentêre mikrostruktuur van die *Jul'hoan Tsumkwe Dialect/Prentewoordeboek vir kinders/Children's picture dictionary* is 'n bewys daarvan dat inligtingonttrekking deur middel van 'n uitvoerige leksikografiese bewerking nie die werklike doel van die leksikograwe met hierdie woordeboek was nie. Op die ingeslote inligtingsbrosjyre sê die samestellers dat hierdie projek gemeenskapsgedrewe is “met die oogmerk om die Jul'hoan-kultuur te dien.”

Die redaksionele span bestaan uit 'n verskeidenheid lede, ook vanuit die Jul'hoan-gemeenskap, en hulle doel met die woordeboek was verder ook om bewustheid van die Jul'hoan-taal en -kultuur aan te wakker en om te verhoed dat hierdie taal, 'n bedreigde taal, uitsterf. Op die agterste buiteblad word die volgende boodskap in al drie die tale oorgedra: “Hou jou mense, jou taal en jou kultuur na aan mekaar.” Deur hierdie boodskap en die praktiese uitvoering daarvan deur middel van die woordeboek, is hierdie leksikografiese produk 'n monument vir elk van die tale wat daarin verskyn – ook vir Afrikaans.

3.2 Vernuwende projekte

Binne verskillende tipologiese en subtipologiese kategorieë het Afrikaans vernuwende leksikografiese produkte gelewer wat die krag en gesofistikeerdheid van die Afrikaanse leksikografie en die gevestigdheid van algemene en vakspesifieke Afrikaans beklemtoon. Enkele voorbeelde van sulke vernuwende produkte is

- die tweetalige woordeboek *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*, ook bekend as ANNA (=Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Afrikaans) (Martin et al. 2011), 'n lees- en raadplegingswoordeboek met 'n unieke, geïntegreerde makrostruktuur,
- die vakwoordeboek *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of Lexicography and Dictionary Research* (Wiegand et al. 2010), 'n veeltalige vakwoordeboek met Afrikaans as een van die tale waarin ekwivalente vir die leksikografiese terme verstrek word, en
- *Annerlike Afrikaans* (Prinsloo 2009), die insiggewende woordeboek van Afrikaanse kontreitaal.

3.2.1 Die “Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers”

In hierdie artikel word slegs een woordeboek in die kategorie van vernuwendende projekte kortliks bespreek, naamlik die *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* (Luther et al. 2011). Reeds in die titel van hierdie woordeboek word die aangewese teiken-gebruikersgroep geïdentifiseer, naamlik Engelssprekende gebruikers. Dit word ook in die titel aangedui dat hierdie boek sowel ’n woordeboek as ’n grammatika is.

Gouws (2012) pleit ten gunste van ’n benadering van geïntegreerde woordeboekgebruik, waar ’n woordeboek ’n raamstruktuur vertoon met verskillende tekste met relevante data, waaraan die gebruikers inligting kan onttrek ter bevrediging van hulle leksikografiese behoeftes. So ’n benadering vereis dat daar vir die betrokke woordeboek ’n duidelik geïdentifiseerde teikengebruiker moet wees, en dat die leksikograaf vertrouwd moet wees met die leksikografiese behoeftes, maar ook die naslaanvaardighede, van hierdie gebruikersgroep. ’n Geïntegreerde benadering kan ook verder gevoer word as die aanbieding van voor- en agtertekste, wat tipies by ’n woordeboek wat tot ’n bepaalde tipologiese kategorie behoort, ingesluit word. ’n Gevorderde vlak van integrasie kan daartoe lei dat die woordeboek as een van ’n reeks naslaanbronne deel van ’n naslaanpakket vorm, met ’n mediostruktuur wat die gebruiker van die woordeboek na ander naslaanbronne lei. Met verwysing na vakleksikografie, wys Gouws (2013a) op nog ’n fase in die geïntegreerde benadering, naamlik waar ’n vakwoordeboek as buitetekste van ’n handboek aangebied kan word om aan die gebruiker vanuit die handboek kitstoegang tot die relevante data in die woordeboek te gee.

Die *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* is ’n voorbeeld van die praktiese toepassing van bepaalde teoretiese beginsels met betrekking tot die geïntegreerde benadering. In hierdie artikel word die sentrale tekste van hierdie woordeboek nie bespreek nie; die aandag is slegs op die buitetekste.

3.2.1.1 Leksikografiese funksies in die buitetekste

In die huidige ontwikkeling van die teoretiese leksikografie staan die erkenning van die waarde van leksikografiese funksies sentraal (vergelyk Tarp 2008). In die beplanning en samestelling van enige woordeboek moet die leksikograaf vroegetydig besluit wat die funksie(s) van die beplande woordeboek sal wees. Die hoof funksies is die kommunikatiewe funksies, naamlik teksproduksie, teksbegrip en vertaling, en die kognitiewe funksie. Die *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* se teikengebruikersgroep is duidelik geïdentifiseer, en die struktuur van die woordeboek, die leksikografiese bewerking in die artikels van die sentrale tekste, en die verskillende buitetekste van hierdie woordeboek is gerig op die behoeftes van die aangewese teikengebruiker. Die inhoud en struktuur dra daartoe by dat hierdie woordeboek aan sowel die kommunikatiewe as die kognitiewe behoeftes van teikengebruikers voldoen en daardeur die betrokke funksies kan vervul.

Die *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* bevat ’n tweerigtingwoordeboek met Afrikaans en Engels as taalpaar. As didaktiese bron vir Engelssprekendes wat Afrikaans wil leer, bevat die geïntegreerde buitetekste, dit wil sê daardie buitetekste wat ter bereiking van die werklike doel van die woordeboek ingesluit word (vergelyk Bergenholtz, Tarp & Wiegand 1999), ’n verskeidenheid data waaraan die gebruikers relevante inligting ter bevrediging van hulle spesifieke behoeftes kan onttrek. Hierdie buitetekste, in Afrikaans en Engels aangebied, is onder meer ’n prentjiewoordeboek waarin prentjies oor ’n verskeidenheid temas (“Liggaam”, “Werkwoorde van beweging (liggaam)”, “Werkwoorde van beweging (hande)”, “Geluide” en “Voorsetsels”) van Afrikaanse en Engelse byskrifte voorsien word ter vervulling van sowel die

kommunikatiewe as die kognitiewe funksies. 'n Volgende buitetekste bevat 'n tematiëse woordeboek met woorde en uitdrukkings vir temas soos “Noodsaaklike frases”, “Getalle”, “Tyd”, “Inkopies”, “Sport” en “Reis en vervoer”. Die buitetekste “Essensiële kommunikasie” is afgestem op teksproduksie, en gee aan die gebruikers leiding oor die gepaste taalgebruik in kommunikasiesituasies, waar dit byvoorbeeld gaan om raad vra, versoeke en uitnodigings rig, verskoning vra, aanwysings vra, oor die telefoon praat en toestemming vra. Vir die teikengebruiker van hierdie woordeboek is hierdie leiding van onskatbare waarde.

Die kognitiewe funksie van die woordeboek word ook in die buitetekste gehandhaaf met 'n uitvoerige afdeling “Kitsgids: Suid-Afrika & Namibië”. Hier word data soos die amptelike tale, die provinsies, die geldeenheid, die leuse en die nasionale volkslied aangebied.

'n Transtekstuele benadering tot leksikografiese funksies (vergelyk Gouws & Steyn 2005) word suksesvol in hierdie woordeboek toegepas.

3.2.1.2 Die grammatika

Talle Afrikaanse woordeboeke vertoon 'n raamstruktuur en in die pedagogiese leksikografie word buitetekste dikwels gebruik ter bevrediging van die teikengebruikers se kommunikatiewe en kognitiewe behoeftes. Dit is nie die belangrikste vernuwende waarde van die *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* nie. Die benutting van die raamstruktuur om 'n buitetekste aan te bied, met 'n grammatika, gerig op die behoeftes van die spesifieke teikengebruikers, wys op die suksesvolle toepassing van 'n gevorderde vlak van geïntegreerde woordeboekgebruik.

Die “Grammar Guide”, 'n uitgebreide buitetekste met sy eie voortekste om 'n gedeeltelike sekondêre raamstruktuur te vorm, se metataal is slegs Engels, omdat dit op Engelssprekende gebruikers gerig is. Hierdie buitetekste bevat data wat tipies in 'n grammatikahandboek aangetref word, maar die geïntegreerde aanbod in hierdie woordeboek verhoog die toegang daartoe, en dra by tot 'n veeldoelige geïntegreerde naslaanbron en inligtingswerktuig. 'n Kort oorsig oor Afrikaans word gevolg deur afdelings waarin onder andere die klankstelsel van Afrikaans, spelling en woordeskat, sinne en paragrawe bespreek word. Hierdie buitetekste beslaan nie minder nie as 122 bladsye, en bied toegang tot data met groot toegevoegde waarde vir Engelssprekendes wat Afrikaans leer.

Die *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* is 'n woordeboek wat die Afrikaanse leksikografiepraktyk vernuwend verryk en eiesoortige monumentstatus verdien.

4. TEN SLOTTE

Woordeboeke is houers van inligting, maar is ook produkte wat die ontwikkeling van 'n taal, sy kreatiewe vermoë, en iets van die kultuur en die wêreldsiening van die taalgemeenskap weerspieël en kan help vestig. Afrikaans beskik oor 'n woordeboekversameling wat oor 'n breë front data beskikbaar stel wat gebruikers in talle verskillende gebruikssituasies kan help in hulle soektog na inligting. Naas 'n groot aantal bekende woordeboeke, is daar ook talle minder bekende woordeboeke waarin hulp gevind kan word en wat bydra om die leksikon van Afrikaans omvattend op te teken en te bewerk. Hierdie woordeboeke speel 'n rol in die leksikografiese vergestaltung van Afrikaans wat nie onderskat mag word nie, en wat, soos bekender en omvattender woordeboeke, deel vorm van die leksikografiese monumentreeks van Afrikaans.

LITERATUUR

WOORDEBOEKE

- Anoniem (S.J. du Toit) 1902/1904. *Patriotwoordeboek/Patriot dictionary*. Paarl: D.F. du Toit. (Ook in Van der Merwe 1968. *Patriotwoordeboek Heruitgegee*. Pretoria: J.L. van Schaik.)
- Bathe, W. 1615. *Ianua Linguarum*.
- Bosman, D.B. et al. (reds.) (1984⁸). *Tweetalige woordeboek/Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.
- Changuion, A.N.E. 1844. Proeve van Kaapsch taaleigen. In Changuion, A.N.E. 1844. *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld*. Rotterdam: J. van der Vliet. (Ook in Van der Merwe, H.J.J.M. 1971: 2-18.)
- Du Plessis, M. 1993. *Tweetalige Aanleerderswoordeboek. Bilingual Learner's Dictionary. Afrikaans-Engels/English-Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Plessis, M. (red.). 2005. *Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Eksteen, L.C. et al. (reds.). 1997.¹⁴ *Groot Woordeboek/Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Gouws, R.H., Ponelis, F.A. & Feinauer, A.E. 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Gouws, Ronél et al. (reds.). 2010. *Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/English*. Kaapstad: Maskew Miller Longman
- Jones, Kerry L. et al. (reds.). 2014. *Jul' hoan Tsumkwe Dialect/Prentewoordeboek vir kinders/Children's picture dictionary*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.
- Komensky, A. 1631. *Ianua Linguarum Reserata*.
- Luther, J. et al. (reds.). 2011. *Longman-HAT-Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers*. Kaapstad: Pearson.
- Luther, J. et al. (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.
- Martin, W. et al. (reds.). 2011. *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*. Houten: Prisma.
- Pheiffer, F. et al. (reds.). 2007. *Kernwoordeboek, Concise Dictionary Afrikaans-Engels/English-Afrikaans*. Kaapstad: Pharos.
- Postma, W. 1896. Afrikaanse woordgebruik. In Van der Merwe, H.J.J.M. (1971): 51-57.
- Prinsloo, A. 2009. *Annerlike Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Schoonees, P.C. et al. (red.). 1951 – *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Tromp, T. M. 1879a. De Afrikaansche Taal. In Van der Merwe, H.J.J.M. 1971: 21-28.
- Van Niekerk, F. et al. (reds.). 1997. *Wildewoordeboek*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Wiegand, H.E. et al. (eds). 2010. *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of Lexicography and Dictionary Research*. Berlin: De Gruyter.

ANDER BRONNE

- Almind, R. & Bergenholtz, H. 2000. Die ästhetische Dimension der Lexikographie. In Fix, U. & Wellmann, H. (Hrsg.). 2000. *Bild im Text – Text im Bild*. Heidelberg: C. Winter, pp. 259-288.
- Bergenholtz, H. & Gouws, R.H. 2010. A Functional Approach to the Choice between Descriptive, Prescriptive and Proscriptive Lexicography. *Lexikos* 20: 26-51.
- Bergenholtz, H. Tarp, S. & Wiegand, H. E. 1999. Datendistributionsstrukturen, Makro- und Mikrostrukturen in neueren Fachwörterbüchern. In Hoffmann, L. et al. (Hrsg.). 1999. *Fachsprache/Languages for Special Purposes. An International Handbook of Special-Language and Terminology Research*. Berlin: De Gruyter, pp. 1762-1832.
- Boshoff, S.P.E. 1926. 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans. *Gedenkboek ter ere van die G.R.A. Potchefstroom*, pp. 307-328.
- Changuion, A.N.E. 1844. *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld*. Rotterdam: J. van der Vliet.
- Combrink, J. G. H. 1962. 'n Prinsipiële beskouing oor WAT IV. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 2(4): 199-221.
- Combrink, J. G. H. 1979. Die sesde deel van die WAT. *Standpunte* 140 (32/2): 49-64.
- De Schryver, G-M & Prinsloo, D.J. 2000. The Concept of “Simultaneous Feedback”: Towards a New Methodology for Compiling Dictionaries. *Lexikos* 10: 1-31.

- Eksteen, L. C. 1962. 'n Inleidende studie van die metodes van die leksikografie. Onuitgegewe tesis. Universiteit van Pretoria.
- Eksteen, L. C. 1965. Die leksikale definisie. 'n Leksikografiese ondersoek. Onuitgegewe proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- Gallardo, A. 1980. Dictionaries and the Standardization Process. In Zgusta, L. (ed.). 1980. *Theory and Method in Lexicography*. Columbia: Hornbeam Press, pp. 59-69.
- Gouws, R.H. 1986. Afrikaans Lexicography. In Hartmann, R.R.K. (ed.). 1986: *The History of Lexicography*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 75-83.
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.
- Gouws, R.H. 2003. Oor patriotte en ander leksikografiese vernuwers. In Botha, W.F. (red.). 2003. *'n Man wat beur*. Stellenbosch: Buro van die WAT: 71-85.
- Gouws, R.H. 2005. Lexicography in Africa. In Brown, K. (red.). *Encyclopedia of Language & Linguistics*. 2nd Edition. Oxford: Elsevier 2005, pp. 95-101.
- Gouws, R.H. 2005a. Meilensteine auf dem historischen Weg der Metalexikographie. *Lexicographica* 21: 158-178.
- Gouws, R.H. 2008. "Om die vonnis van kortstondigheid te besweer". Die WAT as herinneringsplek. In Huigen, S. & Grundlingh, A. (reds.). 2008. *Van Volksmoeder tot Fokopolisiekar*. Stellenbosch: SUN PRESS, pp. 159-167.
- Gouws, R.H. 2012. Towards a system of integrated dictionary use. In Karpova, O & Kartashkova, F. et al. (eds). 2012. *Multi-disciplinary Lexicography: Traditions and Challenges of the XXI-st century*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing, pp. 134-144.
- Gouws, R.H. 2013. Aspects of Afrikaans lexicography. Gouws, R.H. et al. (reds.). 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlyn: De Gruyter, pp. 827-835.
- Gouws, R.H. 2013a. Establishing and developing a dictionary culture for specialised lexicography. Jesenšek, V. (ed.). 2013. *Specialised Lexicography*. Berlyn: De Gruyter, pp. 51-62.
- Gouws, R.H. 2014. Leksikografie. In Carstens, W.A.M. en Bosman, N. (reds.). 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 373-407.
- Gouws, R.H. Schweickard, W. & Wiegand, H.E. 2013. Lexicography through the ages: From the early beginnings to the electronic age. Gouws, R.H. et al. (eds). 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlyn: De Gruyter, pp. 1-24.
- Gouws, R.H. & Steyn, M. 2005. Integrated outer texts: a transtextual approach to lexicographic functions. In Barz, I., Bergenholtz, H., Korhonen, J. (eds). 2005. *Schreiben, Verstehen, Übersetzen und Lernen: Zu ein- und zweisprachigen Wörterbüchern mit Deutsch*. Frankfurt a.M./Bern/New York/Paris: Peter Lang, pp. 127-136.
- Grobler, H. 1978. 'n Voorlopige toepassing van S.P.E. Boshoff se kriteria vir 'n groot woordeboek op WAT I-VI. *Klasgids* 12(4): 29-46.
- Hartmann, R.R.K. 1989. Sociology of the Dictionary User: Hypothesis and Empirical Studies. In Hausmann, F.J. et al. (eds). 1989: 102-111.
- Hausmann, F.J. 1989. Die gesellschaftlichen Aufgaben der Lexikographie in Geschichte und Gegenwart. In Hausmann, F.J. et al. (eds). 1989. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography*. Berlyn: De Gruyter, pp. 1-19.
- Hausmann, F.J. et al. (eds). 1989-1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography*. Berlyn: De Gruyter.
- Heestermans, H. 1990. Lexikographie und Lexikographie des Afrikaans. In: Hausmann, F.J. et al. (eds). 1989-1991: 2010-2022.
- Kammerer, M. & Wiegand, H.E. 1998. Über die textuelle Rahmenstruktur von Wörterbüchern. Präzisierungen und weiterführende Überlegungen. *Lexicographica* 14: 224-238.
- Kilgarriff, A. 2012. Review of Fuertes-Olivera and Bergenholtz, *e-Lexicography: The Internet, Digital Initiatives and Lexicography*. *Kernerman Dictionary News* 20: 26-29.
- Lew, R. 2011. 'User studies: Opportunities and Limitations.' In K. Akasu and S. Uchida (eds). *Asialex2011 Proceedings*. Kyoto: Asian Association for Lexicography, pp. 7-16.
- McArthur, T. 1986. *Worlds of reference*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Odendal, F. F. 1961a. Leksikografiese probleme I. *Standpunte* 14 (6): 53-61.
- Odendal, F. F. 1961b. Leksikografiese probleme II. *Standpunte* 15 (1): 49-54.
- Odendal, F. F. 1962. Leksikografiese probleme III. *Standpunte* 16: 48-55.
- Odendal, F. F. 1978. Die gesag van die woordeboek. In Snyman, H. (red.). 1978. *Uit vier windstreke*. Kaapstad: Nasou, pp. 65-77.
- Odendal, F. F. 1979. Plus positief en plus negatief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 19 (1): 24-41.
- Otto, A.N. 1989. Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Tarp, S. 2008. *Lexicography in the Borderland between Knowledge and Non-knowledge. General Lexicographical Theory with Particular Focus on Learner's Lexicography*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Tromp, T. M. 1879b. *Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der Annexatie van de Transvaal*. Leiden: E.J. Brill.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelyste*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Merwe-Fouché, M. 1999. Gebruikersperspektief in die Leksikografie. Onuitgegewe proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Wells, R.A. 1973. *Dictionaries and the authoritarian tradition*. Den Haag: Mouton.
- Wiegand, H.E. 1977. Nachdenken über Wörterbücher: Aktuelle Probleme. In Drosdowski, G., Henne, H. & Wiegand, H.E. *Nachdenken über Wörterbücher*. Mannheim: Bibliographisches Institut: 51-102.
- Wiegand, H.E. 1998. *Wörterbuchforschung*. Berlyn: De Gruyter.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.
- Zgusta, L. 1989. The Role of Dictionaries in the Genesis and Development of the Standard. In Hausmann, F.J. et al. (eds). 1989-1991: 70-79.

Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans

The role of the Afrikaans Wikipedia in the growth of Afrikaans

LAURETTE PRETORIUS

Skool vir Interdisiplinêre Navorsing en Nagraadse Studies

Universiteit van Suid-Afrika

E-pos: pretol@unisa.ac.za



Laurette Pretorius

LAURETTE PRETORIUS is professor in rekenaarwetenskap en lei die Unisa Strategiese Projek: Die Unisa Akademie vir Afrikatale en die Wetenskap, wat die intellektualisering van die Afrikatale op die terreine van die wetenskap, tegnologie, akademiese en onderwys deur middel van taaltegnologie ten doel het.

Sy het nagraadse kwalifikasies in rekenaarwetenskap, suiwer wiskunde en toegepaste wiskunde aan die Universiteite van Stellenbosch, Suid-Afrika, Pretoria en Potchefstroom verwerf. Haar navorsing is toegespits op die natuurliketaalverwerking (NTV) van die hulpbron-skaars Suid-Afrikaanse tale, insluitende Zoeloe, Xhosa, Tswana en Afrikaans. Haar navorsingsbelangstellings sluit ook die rol van natuurlike taal en veeltalige NTV in semantiese berekening en ontologie-ontwikkeling, beheerde natuurlike taal vir domein-spesifieke presiese masjienvertaling en taalgenerering in. Sy het reeds meer as 80 artikels in wetenskaplike tydskrifte en portuur-gekeurde konferensieverrigtinge gepubliseer, is sedert 2004 'n NRF-gegradeerde navorser en het tans 'n B-gradering.

Sy het uitgebreide navorsingbesoeke gebring aan die Xerox Navorsingsentrum Europa, Frankryk; Tilburg Universiteit, Nederland; die Departement Rekenaarwetenskap, Universiteit van Göteborg, Swede; die Insight Centre for Data Analytics, Nasionale Universiteit van Ierland, Galway; en die Universiteit van Helsinki, Finland.

LAURETTE PRETORIUS is a professor of computer science and leads the Unisa Strategic Project: The Unisa Academy of African Languages and Science, the aim of which is to intellectualise the African Languages in the scientific, technological, academic and educational domains by means of language technology.

She holds postgraduate degrees in computer science, pure mathematics and applied mathematics of the Universities of Stellenbosch, South Africa, Pretoria and Potchefstroom. Her research specialisation is the natural language processing (NLP) of the lesser-resourced Southern African languages, including Zulu, Xhosa, Tswana and Afrikaans. Her research interests also include the role of natural language and multilingual NLP in semantic computing and ontology development, controlled natural language for domain specific precise machine translation and language generation. She has published more than 80 articles in scientific journals and peer-reviewed conference proceedings, has been an NRF rated researcher since 2004 and currently holds a B-rating.

She has undertaken extended research visits to the Xerox Research Centre, Europe, France; Tilburg University, The Netherlands; the Department of Computer Science, University of Gothenburg, Sweden; the Insight Centre for Data Analytics, National University of Ireland, Galway; and the University of Helsinki, Finland.

ABSTRACT***The role of the Afrikaans Wikipedia in the growth of Afrikaans***

In 2015, Afrikaans celebrated its 90th birthday as an official language of South Africa. In the course of these 90 years, Afrikaans progressed in the physical space from a so-called kitchen and domestic language to a mature, fully developed language, suitable and extensively used in all walks of life, including the church, school, university, science, sports, culture, law and economics. From being considered as “language of the oppressor”, Afrikaans grew into a model for the other South African languages; into a language of hope (Langner 2015). Influential writers refer to the electricity, the wonder, the triumph, but also the tragedy of Afrikaans (Steyn 2014; McLachlan 2010) due to the recently increasing pressure towards terminating the use of Afrikaans in secondary and higher education, and the work place. By 2015 it was clear that the efforts towards advancing Afrikaans were by no means a matter of the past.

Now, in its 91st year, Afrikaans is confronted with the #AfrikaansMustFall movement, which has manifested itself in both the physical and digital space (often also referred to as cyberspace). Here we consider digital space as the non-physical space within which we communicate by means of telecommunication and computer networks, more specifically the Internet, and the World Wide Web. In terms of the role that digital space and specifically the social media are playing in this movement, it resembles what has become known as the “Arab spring”, a movement that has radically changed the world. Similarly, the position of Afrikaans has been changed irrevocably by #AfrikaansMustFall. This raises the question of how to address this issue, also in the context of language planning.

The past 15 years have been characterised by an increasing migration of Afrikaans speakers into the digital space – a space that offers exciting new opportunities for Afrikaans.

In order to make a constructive contribution to the growth of Afrikaans, this article posits the following:

- that the focus until recently has been on the use and growth of Afrikaans in the physical space, but*
- that the space in which (Afrikaans) speakers live has been radically changed by the advent of modern (personal) computers, mobile technology and ever-increasing and faster electronic networks, which has resulted in a shift towards life in the digital space;*
- that every aspect of the Afrikaans speaker’s existence, also his/her communication and language, has been affected by this shift;*
- that this trend is of key importance for future language diversity, and therefore also for Afrikaans;*
- that the vitality of Afrikaans will be determined increasingly by its use in the digital space; and*
- that the Afrikaans Wikipedia is a prerequisite for Afrikaans to ascend and flourish in the digital space.*

It is shown that language resources and language technology are central to this endeavour. In particular, it is explicated how the Afrikaans Wikipedia plays a pivotal role in the digital vitality of Afrikaans and that a high-quality, growing Wikipedia is a prerequisite for Afrikaans and also any other language to ascend in the digital realm. We also discuss various possibilities for Afrikaans speakers to contribute to the Afrikaans Wikipedia.

The structure of the article is as follows: Following the introduction, Section 2 discusses the notion of language growth in the physical space. We consider various frameworks for studying

language vitality, focussing on the conceptual similarities between these frameworks. In Section 3 we explore the concepts of the digital space, the Internet and the World Wide Web, paying specific attention to the essential components of successful web search. In Section 4 we explore the extent to which South Africans live in the digital space. By means of an example, we illustrate the difference between the English and Afrikaans web search experience and the related significance of the size of the respective Wikipedias. We then briefly emphasise the ground-breaking work of András Kornai (2013), which shows that the existence of a large, high-quality, growing Wikipedia is a necessary condition for the digital ascent of a language. Section 5 is devoted to a brief summary of those language resources and language technologies that are necessary for the digital ascent and vitality of a language. The situation of Afrikaans is described in this regard. Section 6 discusses Wikipedia, the largest, multilingual, open and free online-encyclopaedia on the Web, with its more than 36 million articles, 292 languages and almost 500 million unique visitors per month. We briefly explain what Wikipedia is and how it plays a key role in the so-called Semantic Web, the intelligent machine-processable web. Section 7 focuses on the Afrikaans Wikipedia, provides short guidelines on how to contribute to a “digital language movement”, and concludes that the Afrikaans Wikipedia should play a vital role in the growth of Afrikaans in the digital space.

KEY CONCEPTS: Afrikaans, Wikipedia, on-line encyclopaedia, language growth, digital language vitality, physical realm, digital realm, Internet, World Wide Web, Semantic Web, digital language resources, language technology, DBpedia, content translation, digital language movement

TREFWOORDE: Afrikaans, Wikipedia, aanlynensiklopedie, taaluitbou, digitale groeikrag, fisiese ruimte, digitale ruimte, Internet, Wêreldwye Web, Semantiese Web, digitale taalhulpbronne, taaltegnologie, DBpedia, inhoudsvertaling, digitale taalbeweging

OPSOMMING

Afrikaans het in sy eerste 90 jaar as amptelike taal van Suid-Afrika van 'n sogenaamde kombuistaal tot 'n volledige onderwys-, wetenskaps- en kultuurtaal ontwikkel. Tog is Afrikaans in die fisiese ruimte waarin sy sprekers hulle bevind, toenemend onder druk en word sy amptelike gebruik weereens bedreig. Vanweë die tegnologiese voortuitgang op die gebied van telekommunikasie en rekenaarnetwerke, die Internet en die Wêreldwye Web het daar in die afgelope 15 jaar 'n digitale ruimte (kuberruimte) ontstaan waarbinne ook Afrikaanssprekendes toenemend leef. Hierdie artikel beskou die posisie van Afrikaans in hierdie digitale ruimte. Onlangse gesaghebbende navorsing deur András Kornai (2013) het aangetoon dat die bestaan van 'n groot, hoëgehalte-, groeiende Wikipedia 'n noodsaaklike voorwaarde is vir die digitale groeikrag van 'n taal. In hierdie artikel word die Afrikaanse Wikipedia van nader beskou. Ons toon aan dat dit nog nie omvangryk genoeg is om Afrikaans volledig in die digitale ruimte te vestig nie. Die rol van die Afrikaanse Wikipedia, beide as enorme oop en vrye aanlynensiklopedie en as spilpunt van die Semantiese Web en web-skaal taalhulpbronne en taaltegnologie, word uiteengesit. Praktiese riglyne vir hoe elke Afrikaanssprekende betrokke kan raak by die ontwikkeling van die Afrikaanse Wikipedia, word kortliks bespreek. Die artikel kom tot die slotsom dat 'n soort digitale taalbeweging met die ontwikkeling van die Afrikaanse Wikipedia as fokus nodig is om die posisie van Afrikaans in die digitale ruimte te verseker en vol te hou.

1. INLEIDING

In 2015 het Afrikaans sy 90ste verjaarsdag as amptelike taal van Suid-Afrika gevier. In hierdie 90 jaar het Afrikaans in ons fisiese wêreld (leefruimte) van sogenaamde kombuis- en huistaal ontwikkel tot volwaardige kansel-, skool-, universiteits-, navorsings-, sport-, kultuur-, regs- en ekonomiese taal. Afrikaans is al beskou as die taal van die onderdrukker, 'n model vir die ander Suid-Afrikaanse tale, en ook as 'n taal van hoop (Langner 2015). Afrikaans word, saam met moderne Hebreeus, beskou as een van die taalwonderwerke van die 20ste eeu (Prah 2006). Gesaghebbende skrywers het geskryf oor die elektrisiteit, die wonder, die triomf, die sieraad, maar ook die tragedie van Afrikaans (Steyn 2014; McLachlan 2010) vanweë toenemende druk op die gebruik van Afrikaans in skole, universiteite en die werkplek. Teen 2015 was daar dus steeds die suggestie van 'n uitboutsak wat nooit voltooi sal wees nie.

Nou, in sy 91ste jaar, is Afrikaans gekonfronteer met die #AfrikaansMustFall-beweging, 'n beweging wat hom in die fisiese sowel as die digitale leefruimte (kuberruimte) uitspeel. Ons beskou die digitale leefruimte as die (nie-fisiese) ruimte waarbinne ons deur middel van telekommunikasie- en rekenaarnetwerke, meer spesifiek die Internet, en die Wêreldwye Web, of kortweg die Web, kommunikeer. In terme van die rol wat die digitale ruimte en spesifiek die sosiale media daarin speel, herinner hierdie beweging sterk aan wat nou bekend staan as die "Arabiese lente", 'n beweging wat die wêreld vir altyd ingrypend verander het. Afrikaans se posisie sal ook nooit weer wees wat dit voor #AfrikaansMustFall was nie. Die vraag wat ontstaan, is hoe om hierdie realiteit ten beste, ook binne die konteks van taalbeplanning, aan te spreek.

Die afgelope 15 jaar het ons toenemend in die digitale ruimte inbeweeg, en dit is hier waar daar ook opwindende nuwe geleenthede vir Afrikaans is. Ten einde 'n positiewe en konstruktiewe bydrae tot die posisie van Afrikaans te lewer, word die volgende standpunt in hierdie artikel gestel en begrond:

- dat die fokus tot baie onlangs op die gebruik en uitbou, die kwyn of groei, van Afrikaans in die *fisiese leefruimte* was – die huis, die werkplek, die kerk, die skool, die universiteit, die inkoopentrum, die bank, die hof, die parlement, die sportveld, die gedrukte media, die radio, ensovoorts; maar
- dat die ruimte waarin die Afrikaanssprekende leef, die afgelope 50 jaar radikaal verander het met die koms van die moderne (persoonlike) rekenaar, mobiele tegnologie, al groter en vinniger wordende elektroniese netwerke, ensovoorts, wat veroorsaak het dat ons ons toenemend ook in die sogenaamde *digitale leefruimte* bevind;
- dat elke faset van die Afrikaanssprekende se bestaan, en dus ook sy kommunikasie en taal, hierdeur geraak word;
- dat hierdie tendens van kardinale belang is vir taaldiversiteit in die toekoms, en dus spesifiek ook vir Afrikaans;
- dat die groeikrag van Afrikaans toenemend bepaal sal word deur sy gebruik in die digitale ruimte; en
- dat die Afrikaanse Wikipedia 'n noodsaaklikheid is vir Afrikaans om hierdie geleenthede te benut en in die digitale ruimte te floreer.

Ons toon dan aan dat taalhulpbronne en taaltegnologie sentraal staan in hierdie poging. In die besonder verduidelik ons dan hoedat die Afrikaanse Wikipedia 'n onontbeerlike spilpunt is vir die digitale groeikrag van Afrikaans – meer nog, dat sonder 'n groot, goeie en groeiende Wikipedia, Afrikaans en ook enige taal tot digitale sterfte gedoem is. Ons bespreek dan ten slotte hoe elke belangstellende spreker en gebruiker van Afrikaans 'n bydrae tot die Afrikaanse Wikipedia kan en behoort te lewer.

Die struktuur van die artikel is soos volg: Ná die inleiding, handel Afdeling 2 oor wat taaluitbou in die fisiese ruimte behels. Verskeie raamwerke vir die studie van die groeikrag van 'n taal word beskou, met spesifieke verwysing na die konseptuele ooreenkomste tussen hierdie raamwerke. In Afdeling 3 beskryf ons in meer besonderhede wat ons verstaan onder die digitale ruimte, die Internet, die Web en 'n suksesvolle websoektog. Afdeling 4 handel oor wat taaluitbou in die digitale ruimte behels. Aan die hand van 'n voorbeeld word die verskil tussen die Engelse en die Afrikaanse websoektog-ervarings geïllustreer en in verband gebring met die onderskeie groottes van die Engelse en Afrikaanse Wikipedias. Ons beklemtoon aan die hand van die baanbrekerswerk van András Kornai (2013) dat die bestaan van 'n groot, goeie en groeiende Wikipedia 'n voorvereiste is vir die voortbestaan van 'n taal in die digitale ruimte. Afdeling 5 bevat 'n kort opsomming van die taalhulpbronne en taaltegnologie wat belangrik is vir die groeikrag van 'n taal in die digitale ruimte, en beskou die posisie van Afrikaans in hierdie verband. Afdeling 6 handel oor Wikipedia, die grootste veeltalige, oop en vrye aanlynensiklopedie op die Web met sy meer as 36 miljoen artikels, 292 tale en bykans 500 miljoen unieke besoekers per maand. Ons verduidelik kortliks wat Wikipedia is en hoe Wikipedia 'n kernrol vervul in die sogenaamde Semantiese Web, die intelligente, masjien-leesbare web. In Afdeling 7 beskou ons die Afrikaanse Wikipedia van naderby, verskaf bondige riglyne oor hoe om betrokke te raak by 'n "digitale taalbeweging", en sluit af met 'n samevatting van die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans in die digitale ruimte.

2. TAALUITBOU IN DIE FISIESE RUIMTE

Ten einde sin te maak van die uitbou, of anders gestel, die groeikrag, van 'n taal in die digitale ruimte, is dit nuttig om eers te besin oor wat dit in die fisiese ruimte sou beteken. Die faktore waarvolgens die groeikrag van 'n taal bepaal word, is reeds omvattend nagevors (Obiero 2010). Vir die doeleindes van hierdie artikel bepaal ons ons by die mees algemene benaderings, te wete dié van UNESCO,¹ SIL International² en Kornai (2013), wat in wese heelwat ooreenstem:

UNESCO:

1. Tussengenerasietaaloordrag
2. Totale aantal sprekers
3. Verhouding sprekers in die totale bevolking
4. Verskuiwing in terreine van taalgebruik
5. Response tot nuwe terreine en media
6. Besikbaarheid van stof vir taalonderrig en geletterdheid
7. Regerings- en institusionele taalhouding en beleid, insluitend status en gebruik
8. Houding van die taalgemeenskap jeens hul eie taal
9. Hoeveelheid en kwaliteit van dokumentasie.

Aan die hand van UNESCO se nege faktore beskryf Dwyer (2011) hoedat hierdie faktore gebruik kan word om die groeikrag van 'n taal te bepaal. Terwyl dit relevant is om hierdie ontleding vir die groeikrag van Afrikaans in die fisiese ruimte te doen, val dit buite die bestek van hierdie artikel. SIL ondersoek die groeikrag van 'n taal aan die hand van die volgende:

¹ <http://www.unesco.org/new/en/culture/themes/endangered-languages/language-vitality/>

² <http://www.sil.org/language-assessment/language-vitality>

1. Funksies (terreine van gebruik) van 'n taal
2. Verwerwing (oordrag tussen generasies) van 'n taal
3. Motiewe en redes vir die gebruik van 'n taal
4. Regeringsbeleid aangaande taalgebruik
5. Spesifieke nisareas (bepaalde kontekste) waarin die taal gebruik word.

Die gesaghebbende Hongaarse rekenaartaalkundige, András Kornai, gebruik die volgende faktore (in volgorde van belangrikheid) in sy navorsing oor taalsterfte in die fisiese ruimte:

1. Grootte van die gebruikerspopulasie en die generasie-verspreiding: Die aantal en ouderdomme van die sprekers
2. Aansien: Die status en die nut wat die gebruik van 'n taal aan sy sprekers bied
3. Identiteitsfunksie: Die mate waartoe 'n spreker met 'n taal geassosieer wil wees en dit wil gebruik
4. Funksionele geskiktheid: Gebruiksomvang en gebruiksbevoegdheid van 'n taal
5. Funksionele verspreiding: Aktiewe gebruik oor geografiese, sosio-demografiese en ander grense heen.

Opsommend, hoewel daar verskillende konseptualiserings en formulerings is van die faktore wat 'n taal se groeikrag bepaal, blyk dit by nadere beskouing van die bostaande dat die groeikrag van 'n taal in die fisiese ruimte basies bepaal word deur sy aantal aktiewe sprekers, en veral die jonger generasies; die mate waartoe hulle die taal kan en wil gebruik; die mate waartoe die taal geskik is vir gebruik oor vele en veranderende terreine heen; en hoe wyd en diep die taal sigself reeds gevestig het. Omdat 'n taal en sy gebruikers so nou verbonde is aan mekaar, kom dit as geen verrassing nie dat soortgelyke faktore ook in die digitale ruimte geld.

3. DIE DIGITALE RUIMTE, DIE INTERNET EN DIE WÊRELDWYDE WEB

Om werklik die strategiese waarde van Wikipedia te kan beskryf, is dit nodig om 'n uiteensetting te gee van wat die digitale ruimte, die Internet en die Web is. Ons het reeds die *digitale ruimte* as die (nie-fisiese) ruimte waarbinne ons deur middel van telekommunikasie- en rekenaarnetwerke, meer spesifiek die Internet, en die Web kommunikeer, gedefinieer.

Kortweg gestel, is die Internet 'n reuse globale netwerk van rekenaarnetwerke waardeur reeds miljarde (teen 2020 meer as 50 miljard) rekenaars en digitale toestelle van oor die hele wêreld met mekaar geskakel is deur middel van telefoonlyne, kables, satellietverbindinge en ander netwerktegnologieë. Deur middel van die Internet is dit moontlik om enige rekenaar of toestel met enige ander een te verbind, op voorwaarde dat hulle aan die Internet gekoppel is. Die transmissie van inligting oor die Internet maak gebruik van 'n gestandaardiseerde suite protokolle bekend as TCP/IP (Transmission Control Protocol/Internet Protocol). Niemand besit die Internet nie. Verskeie organisasies regoor die wêreld, insluitend die telefoonmaatskappye van die onderskeie lande, werk egter saam aan die werking, instandhouding en ontwikkeling daarvan. Die Internet het tans meer as 3,3 miljard gebruikers, 45% van die wêreld se bevolking,³ en is beskikbaar in 201 lande.⁴ In Suid-Afrika met sy bevolking van 55 miljoen⁵ gebruik 28,5 miljoen (52%) mense tans die Internet.⁶ Die gebruike van die Internet word ruweg in drie groepe verdeel: vir

³ <http://www.worldometers.info/world-population/>

⁴ <http://www.internetlivestats.com/internet-users-by-country/>

⁵ <http://www.worldometers.info/world-population/population-by-country/>

⁶ <http://www.internetlivestats.com/internet-users-by-country/>

kommunikasie, vir lêeroordrag en vir die deel van inligting. Voorbeelde van kommunikasiedienste is elektroniese pos (e-pos), elektroniese poslyste, Internetgebaseerde telefonie, blitsboodskappe en aanlynklets, en voorbeelde van lêeroordragdienste is FTP (File Transfer Protocol) en Telnet (aanteken by 'n afgeleë rekenaar).

Die Web word ten beste beskryf as 'n model vir die deel van inligting wat bo-op die Internet gebou is en wat gebruik maak van HTTP (Hyper Text Transfer Protocol) om die funksies van skakel en blaai in die Web te bewerk en die kommunikasie tussen webbedieners en webgebruikers moontlik te maak. In meer praktiese terme is die Web 'n versameling teksbladsye, digitale foto's, musieklêers, video's, animasies, ensovoorts, wat in die vorm van sogenaamde webbladsye beskikbaar is oor die Internet. Elke webbladsy het 'n unieke identiteit, naamlik 'n sogenaamde URL (Uniform Resource Locator). 'n Webbladsy bevat tipies hiperteksskakels na ander webbladsye. Die Web gebruik programmatuur in die vorm van sogenaamde blaaiers soos Mozilla Firefox, Google Chrome, Internet Explorer, Opera en Safari om toegang tot hierdie webbladsye te kry. As 'n gebruiker reeds die URL van 'n bepaalde webbladsy ken, kan hy of sy dit in die soekvenstertjie van die blaaiër intik en so by die bladsy uitkom. Ten einde nuttige inligting vir die gebruiker op te spoor, maak die Web ook van soekenjins gebruik. Soekenjins soos Google, Yahoo en Bing is programmatuur wat die sleutelwoorde wat 'n gebruiker in die blaaiër se soekvenstertjie intik, gebruik om tersaaklike webbladsye te vind deur sistematies deur miljoene bladsye te soek wat in die betrokke soekenjin se databasis geïndekseer is. Die soekstrategie maak gebruik van patroonherkenning om die sleutelwoorde in tekste raak te sien. Soekenjins gebruik op hul beurt webspinnekoppe (programmatuur) om hierdie databasisse te bou. Spinnekoppe blaai outomaties en sistematies deur die Web en maak kopieë van al die webbladsye wat 'n soekenjin vir die doeleindes van vinniger soektogte in sy databasis wil indekseer. Kortom, vir die soek van inligting in die Web gebruik ons die blaaiers om by die soekenjins uit te kom, en die soekenjins om die gevraagde inligting te vind. Dit is dus duidelik dat dit die gesofistikeerdheid van die soekenjin is wat bepaal hoe goed of bruikbaar die inligting is wat die soektog oplewer. Ons kom terug na hierdie aspek wanneer ons die verskillende gedaantes van die Web bespreek.

Die mate waartoe ons toenemend in die digitale ruimte leef, staan in direkte verband tot die ontwikkeling van die Web. Web 1.0 (ongeveer 1991–1998) staan bekend as die statiese lees-Web, waarin die meeste Internet-gebruikers slegs die miljoene statiese webbladsye wat toe bestaan het, kon lees. Dit was 'n web van dokumente vir menslike verbruik en word beskou as die begin van die inligtingsontploffing. Groot hoeveelhede inligting was tegelyk altyd en onmiddellik beskikbaar. Daar was egter 'n duidelike onderskeid tussen die skeppers en die verbruikers van inligting, en geen kommunikasie was moontlik nie. Aanlyn-inkope dateer uit hierdie tydperk. Die keuse van taal was uitsluitlik die prerogatief van die eienaar van die inligting.

Die behoefte aan aktiewe interaksie en deelname van algemene gebruikers van die Web het tot Web 2.0 (ongeveer 1999–2008) gelei. Hierdie sogenaamde sosiale web, die dinamiese, lees-skryf-web waarin die skeidslyn tussen skepper en verbruiker vervaag het en almal in beginsel kon bydra, het 'n nuwe era ingelei. Die populariteit en die impak van die sosiale media, blogs, forums en aanlyn video-stroom het dit vir 'n ieder en 'n elk moontlik gemaak om met enkele klikke eie inhoud aanlyn te publiseer. Tipiese voorbeelde hiervan is Twitter, YouTube, Flickr, Instagram, Facebook, LinkedIn en natuurlik in 2001 Wikipedia (sien ook Afdeling 6). Web 2.0 was steeds net mens-leesbaar en taal was steeds die prerogatief van die skepper van die inligting. Hierdie web het dit egter ook vir Afrikaanssprekendes in beginsel moontlik gemaak om op groot skaal Afrikaanse inhoud te skep en te verbruik en so mee te leef in die digitale ruimte.

Web 3.0, ook bekend as die Semantiese Web (SW), is 'n verdere ingrypende uitbreiding van die Web soos dit hierbo beskryf is. Die SW is nie net mens-leesbaar nie, maar ook masjien-leesbaar,

d.w.s. leesbaar deur rekenaarprogramme, en staan ook bekend as die lees-skryf-uitvoer-web. Waar die Web 1.0 'n web van dokumente was, is die SW 'n web van data waar dit primêr gaan oor die semantiek (betekenis) van die data. Ten einde masjien-leesbaar te wees, word die SW gekenmerk deur 'n reeks tegniese standaarde, waarvan die belangrikste drie die volgende is:⁷

- (i). RDF (Resource Description Framework): Die datamodelleringstaal vir die SW. Alle inligting in die SW word in RDF gestoor en voorgestel.
- (ii). SPARQL (SPARQL Protocol and RDF Query Language): Die navraagtaal van die SW. Dit is spesifiek ontwerp om datanavrae oor 'n verskeidenheid (RDF) stelsels te doen.
- (iii). OWL (Web Ontology Language): Die skemataal of kennisvoorstellingstaal van die SW. Met OWL kan 'n mens konsepte noukeurig definieer, sodat hierdie konsepte maksimaal herbruikbaar is en op 'n verskeidenheid van maniere gekies en gekombineer kan word, soos wat verskillende toepassings en doelwitte dit vereis.

'n Uitgebreide verduideliking van hierdie standaarde val buite die bestek van hierdie artikel, maar die belangstellende leser word na Allemang en Hendler (2011) verwys. Ons keer terug na hierdie standaarde wanneer ons Wikipedia as spilpunt vir die SW bespreek.

Hierdie tegniese standaarde het dit ook moontlik en nodig gemaak vir soekenjins om “slimmer” te wees – om semanties te soek, in plaas van net patroonherkenning en sleutelwoorde te gebruik. In Afdeling 6 toon ons kortliks aan hoedat Wikipedia 'n sentrale rol hierin speel.

Die SW is van kardinale belang vir veeltaligheid in die Web. Die feit dat die SW masjien-leesbaar is, maak dit moontlik om, deur middel van die SW tegniese standaarde, veeltalige taaltegnologie te ontplooi wat oorkruisligheid moontlik maak, waar inligting wat in een taal beskikbaar is, ook vir gebruikers in ander tale toeganklik word – in effek 'n Veeltalige Semantiese Web (VSW), waarin Afrikaans ook teenwoordig is en groei.

Die Web ontwikkel steeds⁸ en die moontlikhede is legio. Die Web van Dinge (Web of Things) bestaan reeds – 'n web waaraan nie net mense nie, maar ook slim toestelle deelneem deur inligting te gebruik, maar ook te skep. Die skatting is dat daar teen 2020 ses keer meer slim toestelle as mense aan die Web gekoppel sal wees. Deur die toepaslike taaltegnologie te ontwikkel, kan ons seker maak dat hierdie toestelle in Afrikaans met ons kommunikeer – nog 'n manier om Afrikaans in die digitale ruimte te vestig. Die Web word toenemend onsigbaar en alomteenwoordig soos die fisiese en die digitale ruimtes toenemend ineenvloei. Persoonlike toestelle soos selfone, yskaste en motors funksioneer buite die politieke sfeer van 'n beweging soos #AfrikaansMustFall, en gebruikers is dus vry om Afrikaanse taaltegnologie aan te wend in hulle daaglikse lewe.

4. TAALUITBOU IN DIE DIGITALE RUIMTE

Voordat ons besin oor taaluitbou in die digitale ruimte, beskou ons kortliks Suid-Afrikaners se teenwoordigheid in die digitale ruimte. Suid-Afrika met sy bevolking van 55 miljoen (28 580 290 met Internettoegang) het naas Egipte (30 835 256 met Internettoegang) die tweede meeste Internetgebruikers in Afrika.⁹ Ons buurstate het almal minder as 20%. Tabel 1 toon aan waarvoor Suid-Afrikaners hierdie toegang hoofsaaklik gebruik.¹⁰ Uit hierdie tabel is dit duidelik dat ons reeds meeste van ons daaglikse aktiwiteite in die digitale ruimte uitvoer. Tabel 2 lys die mees

⁷ <http://www.cambridgesemantics.com/semantic-university/introduction-semantic-web>

⁸ <http://svicenter.com/technologyweb-3-0-semantic-web-future-internet-will-change-everything/>

⁹ <http://www.internetlivestats.com/internet-users-by-country/>

¹⁰ <http://mybroadband.co.za/news/internet/115575-what-south-africans-do-on-the-internet-4.html>

besoekte webblaaie in Suid-Afrika¹¹ en die wêreld,¹² onderskeidelik. Algemene soekenjins, sosiale media, vermaaklikheid, handel en loopbaannetwerke, en inderdaad Wikipedia, is almal teenwoordig en ondersteun die inligting in Tabel 1.

TABEL 1: Internetgebruik van Suid-Afrikanners in 2015

Suid-Afrikanners se gebruik van die Internet	Persentasie Suid-Afrikanners wat dit benut
E-pos	88.39%
Bankwese	65.60%
Navorsing / verkryging van inligting	62.32%
Nuus lees / aanlyntydskrifte lees	60.27%
Sosiale netwerke	54.56%
Inkope	34.42%
Werk soek	34.22%
Musiek aflaai	28.67%
Gidssoektogte	25.96%
Blitsboodskappe	23.08%
Klets	21.70%
Kyk TV en video's aanlyn	18.65%
Luister aanlyn radio	16.86%
Video's aflaai	14.18%
Blog	11.10%
Aandelehandel	7.05%
Sosiale afspraak	3.16%
Dobbel	1.64%
Geen van bogenoemde	1.17%

¹¹ <http://www.thespacestation.co.za/top-20-south-african-websites-for-september-2015/>

¹² <http://listabuzz.com/top-10-most-visited-websites-in-the-world/>

TABEL 2: Toptien webblaaie in Suid-Afrika en die wêreld in 2015

Rang	Suid-Afrika	Die wêreld
1	Google	Google
2	Google.co.za	Facebook
3	Facebook	YouTube
4	YouTube	Yahoo
5	Yahoo	Baidu.com
6	Gumtree.co.za	Wikipedia
7	Twitter	Tencent QQ
8	Amazon	LinkedIn.com
9	LinkedIn.com	Taobao.com
10	Wikipedia	Twitter

Kortom, dit is in die digitale ruimte waar ook die sprekers van Afrikaans toenemend deesdae hul banksake doen, aankope doen, sosiaal verkeer, musiek luister, films kyk, navorsing doen, koerant lees, korrespondeer en studeer. Tot nou was dit moontlik om al hierdie aktiwiteite in die fisiese ruimte in Afrikaans te verrig. Wat nou gemaak as die digitale ruimte stelselmatig besig is om die fisiese ruimte se funksies oor te neem? Ten einde Afrikaans te laat voortbestaan, sal die sprekers van Afrikaans die taal met hulle moet saamneem soos wat hulle toenemend in die digitale ruimte leef. Tans is dit nie die geval nie. Die webblaaie in Tabel 2 wat al die dienste verskaf en aktiwiteite in Tabel 1 ondersteun, gebruik hoofsaaklik Engels.

Ter illustrasie beskou ons die volgende tipiese voorbeeld:

Gestel iemand doen navorsing in die digitale ruimte en wil graag uitvind wie die vrou van John F Kennedy was. Die persoon gaan onmiddellik na Google, die nommer-een-webblad in Suid-Afrika en die wêreld, en tik die volgende vraag in die soekvenstertjie: “Who was the wife of John F Kennedy?” Die eerste wat aangebied word, is die inligting in Figuur 1: Die antwoord op die vraag, ’n foto van Jackie Onassis, verdere inligting oor haar en die bron van die inligting, naamlik die Engelse Wikipedia. Verder kry die navorser nie net die Wikipedia-bron nie, maar verskeie ander bronne (sien Figuur 2) waaruit die gegewe antwoord duidelik blyk. Die taak is suksesvol en vinnig afgehandel.

Gestel nou die navorser wil graag dieselfde navorsing in Afrikaans doen. Die persoon gaan weer na Google en tik die volgende vraag in die soekvenstertjie: “Wie was die vrou van John F Kennedy?” Wat eerste aangebied word, is ’n fragment uit ’n Huisgenoot-artikel wat deur Google geïndekseer is, soos in Figuur 3 getoon. Die antwoord is nie noodwendig daar nie, maar sleutelwoorde wat in die vraag voorkom, is beklemtoon. Verder bied die daaropvolgende trefslae van Google (sien Figuur 3) geen verdere lig op die saak nie. Die navorser moet dus verdere moeite doen deur nog ’n keer op die webadres <http://huisgenoot.com/nuus/charismatiese-president-se-dood-wereldwyd-herdenk/> te klik. Let op dat die antwoord toevallig in die fragment voorkom, maar nie beklemtoon is nie. Daarna moet die navorser die Huisgenoot-artikel lees om die antwoord op sy of haar vraag te vind. Dit is opvallend dat Google geen nuttige inligting in die Afrikaanse Wikipedia kon vind nie.

Dit is onwaarskynlik dat die ernstige Afrikaanse navorser, student of skooler tyd en geduld sal hê om in Afrikaans te soek, as die antwoord vinnig en akkuraat in Engels kom, maar die poging in Afrikaans lomp en stadig is.

John F. Kennedy / Spouse

Jacqueline Kennedy Onassis

m. 1953–1963



Jacqueline Lee "Jackie" Kennedy Onassis was the wife of the 35th President of the United States, John F. Kennedy, and First Lady of the United States during his presidency from 1961 until his assassination in 1963. [Wikipedia](#)

More about Jacqueline Kennedy Onassis

Figuur 1: Google se inligting, onttrek uit die Engelse Wikipedia

Jacqueline Kennedy Onassis - Wikipedia, the free ...
https://en.wikipedia.org/wiki/Jacqueline_Kennedy_Onassis ▾
 Jump to Assassination and funeral of **John F. Kennedy** - **Jacqueline Lee "Jackie" Kennedy Onassis** (née Bouvier, pronounced /ˈdʒækliːn ˈliːˈbuːviɪr/; July 28, 1929 – May 19, 1994) was the wife of the 35th President of the United States, John F. Kennedy, and First Lady of the United States during his presidency from 1961 until his assassination in 1963.
 Aristotle Onassis - Pink Chanel suit of Jacqueline - John Vernou Bouvier III - Lasata

Life of Jacqueline B. Kennedy - John F. Kennedy ...
www.jfklibrary.org > JFK ▾
 In 1942, when Jackie was about to turn thirteen, her mother **married** a ... During this time, Jacqueline met **John F. Kennedy**, who was a congressman and soon to ...

Jacqueline Kennedy Onassis - Publisher, U.S. First Lady ...
www.biography.com/people/jacqueline-kennedy-onassis-9428644 ▾
Jacqueline Kennedy Onassis was born **Jacqueline Lee Bouvier** on July 28, 1929, in Southampton, New York. She married John F. Kennedy in 1953.

Figuur 2: Bevestiging van die Engelse Wikipedia se antwoord uit verskeie bronne



Figuur 3: Google se inligting, onttrek uit 'n Huisgenoot-artikel

Dit blyk dus dat die stand van Afrikaans in die digitale ruimte tans nog heelwat te wense oorlaat. Die rol wat die Engelse Wikipedia in die Web speel, is steeds van uiterste belang omdat die Afrikaanse Wikipedia soos dit nou is, nie soektogte in Afrikaans ten volle ondersteun nie. Ons is nou gereed om taaluitbou en die groeikrag van 'n taal in die digitale ruimte van nader te beskou. Ons het reeds verwys na die navorsing van Kornai (2013 & 2015). Die faktore wat hy voorhou vir die groeikrag van 'n taal in die digitale ruimte, is 'n aanpassing en herformulering van die faktore vir die fisiese ruimte (soos in Afdeling 1 uiteengesit):

1. Grootte van die gebruikerspopulasie en die generasie-verspreiding: Aantal digitale boorlinge – aktief in digitale interaksie
2. Aansien: Geniet die taal digitale aansien en is dit digitaal nuttig?
3. Identiteitsfunksie: Kies gebruikers 'n bepaalde taal bo 'n ander in die digitale ruimte?
4. Funksionele geskiktheid: Die bestaan en wye beskikbaarheid van digitale taalhulpbronne en taaltegnologie, sodat die taal se gebruiksomvang en gebruikbevoegdheid in die digitale ruimte verseker is
5. Funksionele verspreiding: Die bestaan van 'n groot, hoëgehalte-, groeiende Wikipedia.

Die eerste drie faktore handel oor die gebruikers van Afrikaans in die digitale ruimte – oor hul aantal, ouderdom en houdings jeens die taal. Faktore vier en vyf handel oor hulpbronne wat in plek moet wees vir die genoemde gebruikers om Afrikaans suksesvol, toenemend en omvattend in die digitale ruimte te kan gebruik. Hoewel hierdie artikel nie in die eerste plek gaan oor faktor vier nie, hang dit tog nou saam met wat ons oor Wikipedia wil sê. Derhalwe gee ons in die volgende afdeling kortliks daaraan aandag.

In sy artikel “Digital Language Death” toon Kornai (2013) sistematies aan dat

Of the approximately 7,000 languages spoken today, some 2,500 are generally considered endangered. Here we argue that this consensus figure vastly underestimates the danger of digital language death, in that less than 5% of all languages can still ascend to the digital realm. We present evidence of a massive die-off caused by the digital divide.

...for the 95% of the world's languages where one or more of these drivers are missing, there is very little hope of crossing the digital divide

...To summarize a key result of this study ...: **No wikipedia, no ascent.**

Hy trek dus 'n duidelike lyn tussen die agteruitgang van 'n taal in die digitale ruimte en die afwesigheid van 'n florerende Wikipedia vir die taal. Dit is insiggewend om daarop te let dat sedert die publikasie van sy 2013-artikel, geen van sy bevindinge nog bevraagteken of weerlê is nie. Intendeel, verdere bevestiging en verfyning daarvan geniet tans aandag (Kornai 2015; Fenyvesi 2015; Soria 2015; Gibson 2015 & 2016).

Volgens Gibson (2015), word Kornai se assessering van digitale taalgroekrag, soos beskryf in sy "Digital Language Death"-artikel, as "the dominant model" beskou.

Soria (2015) skryf dat

Kornai's "Digital language death" [Kornai 2013] represents the first attempt at devising reliable indicators of Digital Vitality ... by bringing the traditional methods of language vitality assessment to the digital realm. In doing so, he correctly identifies active digital uses of a language as a crucial factor in determining its Digital Vitality, and therefore suggests to complement the indicators of digital presence of a language (i.e. number of web pages in a given language) with other proxies for digital language use, such as the existence of an active Wikipedia community in the language.

Fenyvesi (2015) skryf

In a paper meticulously supported by ample empirical data and mathematical calculations, Kornai [2013] has argued that digital language death will be the fate of a great number of the languages existing today – primarily those that exist as minority languages only – unless their speakers (and the professionals supporting them) succeed in meeting some [or] all important criteria like having a community of digitally literate users and a Wikipedia in the language.

5. DIGITALE TAALHULPBRONNE EN TAALTEGNOLOGIE

Funksionele geskiktheid, faktor vier van Kornai (2013) vir die groekrag van 'n taal in die digitale ruimte, het te make met die bestaan en wye beskikbaarheid van digitale taalhelpbronne en taaltegnologie sodat die taal se gebruiksomvang en gebruikbevoegdheid in die digitale ruimte verseker is. Onder taalhelpbronne verstaan ons¹³ 'n versameling spraak- of teksdata en -beskrywings in masjien-leesbare formaat wat gebruik word vir die

- bou, verbetering of evaluering van algoritmes en stelsels vir natuurliketaalverwerking of spraak;
- as kernhelpbronne vir programmatuurlokaliseringsstelsels, spraakstelsels en die taaltegnologie-industrie;
- taalstudies, elektroniese publikasie, internasionale transaksies, domeinkenners en ander gebruikers.

Voorbeelde van sodanige taalhelpbronne is geskrewe en gesproke korpora (datastelle), masjien-leesbare leksika, terminologiedatabasisse, spraakversamelings, ensovoorts. Ten einde hierdie hulpbronne ten beste aan te wend, is basiese programmatuur noodsaaklik vir die verkryging, voorbereiding, versameling, bestuur, aanpassing en gebruik van hierdie hulpbronne. Een van die belangrikste verskille tussen wêreldtale met groot kommersiële reikwydte en kleiner tale is die wye beskikbaarheid, die hoeveelheid en die kwaliteit van taalhelpbronne. Sonder hierdie bronne is geen betekenisvolle taaltegnologie moontlik nie.

¹³ <http://www.elra.info/en/about/what-language-resource/>

Taaltegnologie verwys na rekenaarmatige metodes, rekenaarprogramme en elektroniese artefakte wat toegespits is op die analise, produksie en die wysiging van taalktekste en spraakuitinge, en wat op die een of ander wyse gegrond is in die kennis van menslike taal. Van die belangrikste toepassings van taaltegnologie is sekerlik taaltoetsers, websoektogte, masjienvertaling en spraakinteraksie. Tegnologieë wat tipies hiervoor nodig is, sluit in speltoetsers, outeurerondersteuning, rekenaargesteuende taalaanleer, inligtingherwinning, inligtingonttrekking, teksopsomming, vraag-antwoordsisteme, spraakherkenning en spraaksintese, wat op hulle beurt weer 'n verskeidenheid basiese komponente benodig (Ananiadou, McNaught &Thompson 2012).

'n Uitgebreide bespreking van taalhulpbronne en taaltegnologie vir Afrikaans val buite die bestek van hierdie artikel, maar die belangstellende leser kan meer inligting hieroor vind in byvoorbeeld, (Beesley, Bosch & Pretorius 2013; Grover et al. 2010).

Kornai beskryf 'n drievlakhiërargie as minimale vereistes vir taaltegnologie, naamlik (i) die beskikbaarheid van toevoer- en afvoermetodes vir die alfabet en ander Afrikaansspesifieke karakters; (ii) die beskikbaarheid van 'n aantal woordvlakhulpmiddels soos elektroniese woordeboeke, woordafbrekers en speltoetsers, weliswaar en ongelukkig nie almal oop en vryelik beskikbaar nie; (iii) Frase- en sinsvlakhulpmiddels soos woordsoortetiketteerders, benoemde-entiteitsherkenners, vlaksinsontleders, spraakherkenning en masjienvertaling. In terme hiervan is Afrikaans goed geposisioneer: In Maart 2016¹⁴ is Afrikaans, op grond van die nuutste beskikbare data, as digitaal “Lewenskragtig” bevind, tweede op die vierpuntskaal van “Florerend” (Thriving), “Lewenskragtig” (Vital), “Erfenis” (Heritage) en “Stil” (Still) (Kornai 2013). Tans is Afrikaans een van bykans 250 tale wat die potensiaal het om in die digitale ruimte te kan oorleef.

6. WIKIPEDIA

6.1 Wikipedia as ensiklopedie

Wikipedia is in 2001 deur die Wikimedia Stigting¹⁵ gestig met die volgende visie:¹⁶ “Imagine a world in which every single human being can freely share in the sum of all knowledge. That’s our commitment.” Vandag, ná 15 jaar, is Wikipedia steeds die beste voorbeeld van 'n suksesvolle, dinamiese, veeltalige, sosiale webtoepassing. Met sy meer as 39 miljoen artikels oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe is Wikipedia die grootste, vrye-inhoud-,¹⁷ algemene kennis-, webgebaseerde ensiklopedie ooit. Wikipedia verteenwoordig 292 tale, en het bykans 500 miljoen unieke besoekers per maand. Die Afrikaanse Wikipedia is op 1 November 2001 gestig as die elfde Wikipedia en is tans die 86ste grootste.

Die sukses van Wikipedia is sekerlik eerstens toe te skryf aan die feit dat dit as 'n gemeenskapsprojek gekonseptualiseer is wat volledig oop, vry en self-regulerend is. Die volledige geskiedenis van elke artikel in Wikipedia is vryelik beskikbaar, Wikipedia stel gereeld statistiek beskikbaar oor die deelname daaraan, vordering daarmee, ensovoorts. Deelnemers kan as anonieme gebruikers bydra, maar kan ook gebruikersname kies. Daar is ook stelsels in plek om vandalisme aan te spreek. As ensiklopedie word die gebruik van wetenskaplike verwysings in artikels aangemoedig. Nog 'n belangrike aspek van Wikipedia is dat sy ensiklopediese aard meebring dat die taalgebruik oor die algemeen van 'n hoë gehalte en register is – anders as ander sosiale media.

¹⁴ Persoonlike kommunikasie van Andras Kornai op 22 Maart 2016

¹⁵ <https://wikimediafoundation.org/wiki/Home>

¹⁶ <https://wikimediafoundation.org/wiki/Vision>

¹⁷ <https://en.wikipedia.org/wiki/Wikipedia:Copyrights>

Hoe betroubaar is Wikipedia as ensiklopedie? Omdat enigiemand inligting of artikels kan bydra, redigeer en verander, is die argument dikwels dat mense onbetroubare inligting daarop beskikbaar sou kon maak. Dit is natuurlik waar, maar daar is ook die teenargument dat 'n volgende persoon dit ook weer kan regstel. Die realiteit is dat dit met tyd, en met vele toegewyde en kundige medewerkers, beter word. Goeie Wikipedia-artikels het gewoonlik ook baie verwysings wat nagevolg en gebruik kan word om die inligting te verifieer. Die Engelse Wikipedia bevat 'n uitgebreide artikel, getiteld “Reliability of Wikipedia”,¹⁸ met 237 verwysings waarin die kwaliteit toenemend bevestig word. Hierdie tema het dus in sigself 'n navorsingsveld geword.

Hoe omvattend is Wikipedia as ensiklopedie? Teen Maart 2016 het die Engelse Wikipedia 5, 105 616 artikels van goeie gehalte gehad, teenoor die 39 239 artikels van die Afrikaanse Wikipedia, waarvan talle kort en sommige van swakker gehalte was. Daarteenoor het die Hebreeuse Wikipedia 186 663 artikels en die Katalaanse 500 815 gehad¹⁹ – dit terwyl Afrikaans meer moedertaalsprekers (6,9 miljoen) as beide Hebreeus (5 miljoen) en Katalaans (4 miljoen) het. Dat waardevolle werk oor die afgelope vyftien jaar aan die Afrikaanse Wikipedia gedoen is, ly geen twyfel nie. Dat daar vele artikels en 'n groeiende aantal van hoogstaande gehalte is, is sekerlik waar, maar as Afrikaans in groeikrag in die digitale ruimte moet aanhou toeneem, lê hef aan vir die Afrikaanse Wikipedia nog voor.

6.2 Wikipedia as spilpunt vir die Semantiese Web en taaltegnologie

Wikipedia het meer as 'n ensiklopedie geword. Dit is geen wonder dat die grootste, veeltalige, webgebaseerde, vrye-inhoud-kennisbron die verbeelding van twee verskillende, maar tog aanverwante vakgemeenskappe aangegryp het nie: (i) die Semantiese Web-gemeenskap wat hom besig hou met kennisvoorstelling, intelligente inligtingonttrekking, semantiese soek en soekenjins; en (ii) die taaltegnologie-gemeenskap wat voortdurend op soek is na taaldata (die Web en Wikipedia as korpus) vir navorsing in natuurliketaalverwerking en, meer spesifiek dan, parallelle korpora (taaldata in meerdere tale) vir masjienvertaling. Hierdie twee vakgemeenskappe het mekaar in die konteks van die Veeltalige Semantiese Web (VSW) gevind. Dit is juis die VSW wat veeltaligheid in die digitale kennisontploffing moontlik maak, wat ook as digitale platform vir kulturele en taaldiversiteit dien, en as een van die belangrikste moderne tegnologiese ontwikkelings vir die demokratisering van kennis – 'n sogenaamde virtuele kennismeent – beskou word (Pretorius2014).

Maar hoe presies het Wikipedia die spilpunt vir veeltalige digitale taalhulpbronne en tegnologieë, asook webskaal-kennisstelsels en semantiese soek geword?

Net soos Wikipedia, is DBpedia²⁰ 'n gemeenskapsprojek wat ten doel het om eksakte gestruktureerde inligting uit Wikipedia te onttrek en op die Web beskikbaar te stel. Dit maak gebruik van die drie tegniese tale van die SW, wat in Afdeling 3 bespreek is (RDF, SPQL en OWL), om die inligting te struktureer en beskikbaar te stel vir die gevorderde algoritmes en rekenaarsstelsels wat die SW en die moderne soekenjins onderlê. DBpedia maak dit moontlik om komplekse navrae aan Wikipedia te rig, en ook ander datastelle met die Wikipedia-data te skakel, om sodoende verdere waarde toe te voeg aan die Wikipedia-data. As enorme databasis maak DBpedia dit moontlik om die steeds groeiende versameling van kennis in Wikipedia beskikbaar te maak onder 'n vry en oop lisensie, soortgelyk aan dié van Wikipedia. Die volledige DBpedia-databasis bevat tans 38 miljoen etikette en opsommings in 125 verskillende tale, meer as 25 miljoen

¹⁸ https://en.wikipedia.org/wiki/Reliability_of_Wikipedia

¹⁹ https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_Wikipedias

²⁰ <http://wiki.dbpedia.org/>

7. 'N DIGITALE TAALBEWEGING?

Kan ons praat van 'n digitale taalbeweging? “'n Taalbeweging is ... nie alleen 'n stryd om bepaalde 'hoë funksies' vir die taal te verower nie, maar om die taal ook geskik te maak vir dié funksies” (Steyn 1980:211). 'n Volledige uiteensetting van die Afrikaanse taalbewegings sedert 1875 is buite die bestek van hierdie artikel. Ons beklemtoon egter graag enkele aspekte van hierdie taalbewegings ten einde aan te toon dat ons in hierdie artikel te make het met 'n digitale taalbeweging met die Afrikaanse Wikipedia as kern. Die Eerste Taalbeweging is onder andere gekenmerk deur die skep van oorspronklike Afrikaanse tekste oor 'n wye verskeidenheid terreine (Steyn 1980:139) en die totstandkoming van *Die Afrikaanse Patriot*, die eerste Afrikaanstalige koerant. Steyn (1980:211-218) gee verder 'n kompakte opsomming van die onskatbare betekenis en omvang van Afrikaanse skryfwerk wat gedurende die Tweede Taalbeweging (sedert 1905) plaasgevind het. Wanneer Webb (2010) egter skryf oor 'n Derde Taalbeweging sedert 2003, verwys hy hoofsaaklik na georganiseerde pogings om diegene wat Afrikaans praat, te verenig tot “a single inclusive community, which should then become a cohesive entity and possess power”. Hierdie taalbewegings, al drie in die fisiese ruimte, het dus gefokus op die grootskaalse skep van Afrikaanse inhoud deur en vir 'n bepaalde taalgemeenskap, die Afrikaanssprekendes. In hierdie opsig toon dit 'n duidelike ooreenkoms met die skep van 'n groot en groeiende Afrikaanse Wikipedia deur en vir die totale Afrikaanssprekende gemeenskap, inderdaad 'n digitale taalbeweging.

Wat is dus nodig vir Afrikaans om deur middel van sy Wikipedia in die digitale ruimte te gedy? Die kort antwoord is dat die Afrikaanse Wikipedia aansienlik en voortdurend uitgebrei moet word. Wikipedia is 'n gemeenskapsprojek, en as sodanig is dit dus die verantwoordelikheid van al die sprekers van 'n taal om daaraan mee te doen.

Die alternatief om professionele vertalers te gebruik, kan slegs 'n korttermynmaatreël wees en is helaas nie volhoubaar nie. Dit blyk duidelik uit die volgende kosteberekening: Veronderstel argumentsonthelwe dat die doelwit is om teen 2025, wanneer Afrikaans as amptelike taal 100 jaar oud is, 100 000 artikels in die Afrikaanse Wikipedia te hê. Dit sou beteken dat nog ongeveer 60 000 artikels toegevoeg moet word. As ons reken dat 'n artikel gemiddeld 1 500 woorde lank moet wees (die artikel oor FW de Klerk is 1 822 woorde lank, en die een oor Nelson Mandela 1 275 woorde) en dat die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SATI) tans 'n tarief van 65 sent per woord aanbeveel, beloop die koste R975 per artikel, en sal dit R58,5 miljoen kos om 60 000 artikels te vertaal. In die huidige ekonomiese klimaat is dit nouliks haalbaar.

Die Wikimedia Stigting wat die programmatuur vir Wikipedia onderhou, het 'n geïntegreerde vertaalomgewing²⁶ (Content Translation (CX))²⁷, spesifiek vir die vertaling van Wikipedia-artikels, ontwikkel (Laxström, Giner & Thottingal 2015).

Dit hou verskeie voordele in:

- Dit is maklik om te gebruik;
- Dit is met Wikipedia geïntegreer, met behoud van uitleg, beeldmateriaal, wiskundige formules, skakels, ensovoorts – alles sigbaar tydens vertaling;
- Dit het 'n koppelvlak soortgelyk aan wat Wikipedia self gebruik vir redigering. Dus sal vertalers dieselfde koppelvlak hier kan gebruik as wat hulle tydens redigeerwerk op Wikipedia benodig;
- Dit voorkom duplisering van artikels, deurdat dit reeds die skakeling van bestaande artikels met Engelse brontekste deur middel van Wikidata ken;

²⁶ https://www.mediawiki.org/wiki/Content_translation

²⁷ <http://blog.wikimedia.org/2015/04/08/the-new-content-translation-tool/>

- Dit verskaf konteksinsligting vanuit Wikipedia self, wat onder andere help met die korrekte hantering van skakels;
- Dit maak dit makliker om aan die konvensies en vereistes van Wikipedia te voldoen – só word die risiko van weerstand van die Wikipedia-gemeenskap verlaag, en die kanse op positiewe samewerking met bestaande medewerkers verhoog;
- Dit behou vertalings outomaties vir ander en latere gebruik. Dit is 'n langtermynbydrae tot Wikipedia en die wyer gemeenskap vir navorsing;
- Dit word wyd gebruik in vele tale in Wikipedia, en die programmatuur word deur die Wikimedia Stigting onderhou en verder ontwikkel;
- Dit hanteer die aanpassing van skakels outomaties. Kategorieë word sover moontlik outomaties aangepas vir die Afrikaanse stelsel van kategorisering, en verminder só handmatige werk wat agterna gedoen moet word;
- Dit bied reeds ondersteuning vir sjablone, verwysings en tabelle wat algemeen voorkom in langer, meer komplekse artikels;

Die inhoudsvertalingstelsel het tans enkele nadele, maar die stelsel word deurlopend verbeter en die verwagting is dat die onderstaande nadele in die afsienbare toekoms uit die weg geruim sal word:

- Dit maak nie voorsiening vir die vertaler om sy eie vertaalgeheue en terminologie te gebruik nie;
- Dit vereis 'n internetverbinding;
- Slegs webblaaiers se ingeboude speltoetsers is beskikbaar.

Die Afrikaanssprekende gemeenskap sal dus gratis en verniet skouer aan die wiel moet sit. 'n Taalbeweging is inderdaad nodig waarin kundige Afrikaanssprekendes op groot skaal self artikels vertaal deur van die CX Inhoudvertaling (soos hierbo beskryf) gebruik te maak, self redigeer, skryf en terminologie ontwikkel. Die Afrikaanssprekende gemeenskap is ideaal toegerus om te verseker dat Afrikaans ook sy status as taalwonderwerk in die digitale ruimte handhaaf. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns onlangs 'n projek geloods om vrywillige kundiges touwys te maak oor hoe om tot die Afrikaanse Wikipedia by te dra.

8. SLOT

Onlangse navorsing het getoon dat Afrikaans een van die ongeveer 250 tale wêreldwyd is wat nog die potensiaal het om digitaal te bestaan en te gedy. Ook in die digitale ruimte is Afrikaans dus nog 'n taal van hoop. 'n Noodsaaklike voorwaarde hiervoor is egter dat Afrikaans 'n groot, groeiende en hoëgehalte-Wikipedia het – 'n gegewe wat ons verduidelik deur Wikipedia se rol as enorme oop en vrye aanlyn ensiklopedie te bespreek, en ook te toon hoe Wikipedia, as spilpunt van die Semantiese Web en web-skaal taalhulpbronne en taaltegnologie, die Veeltalige Semantiese Web moontlik maak. Verder is ook aangetoon dat die Afrikaanse Wikipedia egter nog nie omvangryk genoeg is om Afrikaans volledig in die digitale ruimte te vestig nie. Praktiese riglyne vir hoe Afrikaanssprekendes betrokke kan raak by die ontwikkeling van die Afrikaanse Wikipedia is vervolgens kortliks bespreek. Ons kom tot die slotsom dat 'n soort digitale taalbeweging waarin die Afrikaanse Wikipedia eweneens sentraal staan, nodig is om die posisie van Afrikaans in die digitale ruimte te verseker en vol te hou.

BIBLIOGRAFIE

- Allemang, D. & Hendler, J. 2011. *Semantic web for the working ontologist*. 2de uitgawe. Amsterdam: Elsevier.
- Ananiadou A., McNaught J. & Thompson, P. 2012. *The English language in the digital age*. In: G. Rehm & H. Uszkoreit, eds. *White paper series*. Berlyn: Springer.
- Beesley, K.R., Bosch, S. & Pretorius, L. 2013. The impact of language technologies on South Africa's lesser-studied official languages. *Tromsø International Conference on Language Diversity*, 6-8 November 2013, Invited Thematic Workshop on 'The Impact of Language Technology on Society', 8 November 2013, Noorweë.
- Chiaros, C., Hellmann, S. & Nordhoff, S. 2012. Linking linguistic resources: Examples from the Open Linguistics Working Group, In: Christian Chiaros, Sebastian Nordhoff and Sebastian Hellmann (eds). *Linked Data in Linguistics. Representing Language Data and Metadata*. Heidelberg: Springer, pp. 201-216.
- Dwyer, A.M. 2011. Tools and techniques for endangered-language assessment and revitalization. In: *Trace Foundation Lecture Series Proceedings*. New York: Trace Foundation. Aanlyn: http://www.trace.org/events/events_lecture_proceedings.html
- Fenyvesi, A. 2015. Multilingualism and minority language use in the digital sphere: the digital use of language as a new domain of language use. In: *Proceedings of the 3rd International Conference on Linguistic and Cultural Diversity in Cyberspace*. Yakutsk, Russiese Federasie, Moskou, 30 Junie – 3 Julie 2014.
- Gibson, M. 2015. A framework for measuring the presence of minority languages in cyberspace. In: *Proceedings of the 3rd International Conference on Linguistic and Cultural Diversity in Cyberspace*. Yakutsk, Russiese Federasie, Moskou, 30 Junie – 3 Julie 2014.
- Gibson, M. 2016. Assessing digital vitality: analytical and activist approaches. In: *Proceedings of CCURL 2016, 2nd workshop on collaboration and computing for under-resourced languages, 'Towards an alliance for digital language diversity'*, 10th International Conference on Language Resources and Evaluation, LREC 2016, Portorož, Slovenia.
- Grover, A.S., Van Huyssteen, G.B. & Pretorius, M.W. 2011. The South African Human Language Technology Audit. *Language Resources and Evaluation*, 45(3), pp. 271-288.
- Kornai, A. 2013. Digital Language death. *PLoS ONE*, 8(10): e77056. doi:10.1371/journal.pone.0077056.
- Kornai, A. 2015. A New Method of Language Vitality Assessment. In: *Proceedings of the 3rd International Conference on Linguistic and Cultural Diversity in Cyberspace*. Yakutsk, Russiese Federasie, Moskou, 30 Junie – 3 Julie 2014.
- Langner, D. 2015. Afrikaans 90: Afrikaans is 'n taal van hoop. Aanlyn: <http://maroelamedia.co.za/afrikaans/afrikaans-90-afrikaans-is-n-taal-van-hoop/>
- Laxström, N., Giner, P. & Thottingal, S. 2015. Content translation: computer-assisted translation tool for Wikipedia articles. Aanlyn: <http://arxiv.org/abs/1506.01914>
- Margaretha, E. & Lungen, H. 2014. Building linguistic corpora from Wikipedia articles and discussions. *Journal for Language Technology and Computational Linguistics*, 29(2):59-82.
- McLachlan, T. 2010. Die groei van Afrikaans sedert 1910 tot 'n volwaardige taal. Aanlyn: <http://www.standpunte.co.za/standpunte/>
- Obiero, O.J. 2010. From assessing language endangerment or vitality to creating and evaluating language revitalization programmes. *Nordic Journal of African Studies*, 19(4):201-226.
- Prah, K.K. 2006. *Challenges to the Promotion of Indigenous Languages in South Africa*. Kaapstad: The Center for Advanced Studies of African Society.
- Pretorius, L. 2014. The Multilingual Semantic Web as Virtual Knowledge Commons: The Case of the Under-Resourced South African Languages. In: P. Buitelaar & P. Cimiano, eds. *Towards the Multilingual Semantic Web: Principles, Methods and Applications*. Heidelberg: Springer.
- Soria, C. 2015. Towards a notion of "Digital Language Diversity". In: *Proceedings of the 3rd International Conference on Linguistic and Cultural Diversity in Cyberspace*. Yakutsk, Russiese Federasie, Moskou, 30 Junie – 3 Julie 2014.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2014. *'Ons gaan 'n taal maak' – Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Centurion: Kraal Uitgewers.
- Webb, V. 2010. Constructing an inclusive speech community from two mutually excluding ones: the third Afrikaans language movement. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(1):106-120.

Die DBAT: 'n Onbekende digitale taalkundemuseum¹

The DBAL: An unknown digital language museum

ADRI BREED

Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit
E-pos: Adri.Breedt@nwu.ac.za



Adri Breed



Wannie Carstens

WANNIE CARSTENS

Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit
E-pos: Wannie.Carstens@nwu.ac.za

JAKO OLIVIER

Vakgroep Afrikaans vir Onderwys
Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Noordwes-Universiteit
E-pos: Jako.Olivier@nwu.ac.za



Jako Olivier

ADRI BREED is 'n dosent in Afrikaanse taalkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus. In 2007 voltooi sy haar Meestersgraad in Afrikaanse letterkunde (Skryfkuns) aan die NWU en in 2012 haar PhD in Afrikaanse taalkunde. Sy bestee tien maande van haar studietydperk in Antwerpen, België. Adri was vir etlike jare by die ATKV-Skryfskool betrokke as fasiliteerder. In haar vrye tyd hou sy haarself besig met vryskut-videoproduksies en regiewerk en sy skryf ook graag gedigte, teaterstukke en draaiboeke wanneer die geleentheid hom voordoen.

ADRI BREED is a lecturer in Afrikaans linguistics at the Potchefstroom campus of the North-West University (NWU). She completed a master's degree in Afrikaans literature studies (creative writing) at the NWU in 2007 and a PhD in Afrikaans linguistics in 2012. During the completion of her PhD she spent ten months in Antwerp, Belgium. For many years Adri was involved as a facilitator at the ATKV Writing School. In her free time she does freelance video production and direction and she also likes to write poetry, plays and screenplays as the opportunity arises.

¹ Die name van die outeurs word alfabeties aangedui, maar al drie outeurs het gelykmatig tot die skryf van die artikel bygedra. Die twee anonieme keurders word bedank vir hul kommentaar tot die verbetering van die artikel.

WANNIE CARSTENS is die huidige direkteur van die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus van die NWU. Hy dien of het gedien in verskeie liggame wat Afrikaans raak, o.a. as stigterslid en eerste voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (ATR; 2008–2011), voorsitter van die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (2011–2014), asook voorsitter van die Raad van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (2011–2014). Hy was ook ondervoorsitter van die Raad van PanSAT (2014–2015).

As gegradeerde NNS-navorsers is hy die alleenouteur van twee akademiese boeke (*Norme vir Afrikaans* 2011, 5de uitgawe; *Afrikaanse-Tekslinguistiek* 1997); en van twee as mede-outeur, te wete *Teksredaksie* (2010, 2012) saam met Kris van de Poel, asook van *TextEditing* (2012), saam met Kris van de Poel en John Linnegar. 'n Boek, met prof Edith Raidt as mede-outeur, met die titel *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal* verskyn in die loop van 2016 en 2017.

WANNIE CARSTENS is the current director of the School of Languages at the Potchefstroom campus of the NWU. He serves and has served on different bodies relating to Afrikaans, amongst others as founding member and first chairperson of the Afrikaans Language Council (ATR; 2008–2011), chairperson of the Council of the SA Academy for Science and Arts (2011–2014), as well as chairperson of the Council of the Afrikaans Language Museum and Monument (2011–2014). He was also Deputy Chairperson of PanSALB (2014–2015).

As an NRF-rated researcher he is also sole author of two academic books (*Norme vir Afrikaans* 2011, 5th edition; *AfrikaanseTekslinguistiek* 1997); and co-author of two books: *Teksredaksie* (2010, 2012) with Kris van de Poel as well as *TextEditing* (2012), with Kris van de Poel and John Linnegar. A book, with Prof. Edith Raidt as co-author, entitled *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal* will be published in the course of 2016 and 2017.

JAKO OLIVIER is 'n medeprofessor in die vakgroep Afrikaans vir Onderwys, Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys, Fakulteit Opvoedingswetenskappe by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Hy het sy PhD in 2011 aan die NWU verwerf, waar hy die akkommodering en bevordering van meertaligheid in skole deur middel van vervlegte en e-leer nagevors het. Hy het ook aan die voormalige PU vir CHO 'n BA, BA Honneurs (cum laude), Nagraadse Onderwysertifikaat en MA (cum laude) voltooi. Voor hy in 2010 by die NWU as dosent aangesluit het, was hy betrokke by die onderrig van inligtingstechnologie en tale by skole in die Verenigde Koninkryk en in Suid-Afrika. Hy was van 2010 tot 2015 aan die Skool vir Tale, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die NWU verbonde as dosent in Afrikaanse taalkunde, waarna hy na die Fakulteit Opvoedingswetenskappe geskuif het.

Sy navorsingsbelangstellings sluit e-leer in die taalklaskamer, vervlegte leer, taalbeplanning en -beleid, meertaligheid in die onderwys, Afrikaanse taalvariasie en skermvertaling in.

JAKO OLIVIER is an associate professor in the subject group Afrikaans for Education, School of Human and Social Sciences for Education, Faculty of Education Sciences of the North-West University (Potchefstroom campus). He obtained his PhD in 2011 at the NWU in which he researched the accommodation and promotion of multilingualism in schools by means of blended and e-learning. He also completed a BA, BA Honours (cum laude), Postgraduate Certificate in Education and MA (cum laude) from the former PU for CHE. Before he joined the NWU as lecturer in 2010, he was involved in teaching information technology and languages in schools in the United Kingdom and in South Africa. From 2010 to 2015 he was a lecturer in Afrikaans linguistics in the School of Languages, Faculty of Arts of the NWU after which he moved to the Faculty of Education Sciences.

His research interests include e-learning in the language classroom, blended learning, language planning and policy, multilingualism in education, Afrikaans language variation and screen translation.

ABSTRACT***The DBAL: An unknown digital language museum***

The Digital Bibliography of Afrikaans Linguistics (DBAL) is a comprehensive database of Afrikaans linguistics and language-related sources. This database includes more than 16 000 sources, of which 9 500 are available in full-text format. In addition, 1 500 links to external full-text sources are also listed. This article reports on research on the usage patterns of the DBAL. In this regard, the assumption that the extensive archive provided by the DBAL is not used sufficiently by potential users is confirmed.

The DBAL was based on the Bibliografie Nederlandse Taal- en Letterkunde (BNTL) or Bibliography of Dutch Linguistics and Literature. In terms of the establishment of the DBAL, it was important that the database not only includes lists of sources but also provides an archive of digitalised sources. From the start of the development of the database in 1993 up to its official launch in 2010, the database now includes not only articles from academic journals, books, dissertations and theses, but also reviews, newspaper articles and online material. A process of digitalisation of out-of-print books on Afrikaans linguistics was also initiated. After acquiring the necessary rights from authors, publishers or families of deceased authors, a number of key historical works on Afrikaans linguistics and related fields were scanned and added to the database.

The entries in the database cover 193 different categories. The majority of sources in the database are listed under “Diachronic linguistics and language history”, followed by “Education and teaching”, “Language practice and the study of language in use”, “Language politics” and “Lexicography”. Usage statistics indicate that from June 2010 up to December 2015 a total of 6 672 searches were conducted on the DBAL. This included searches from 1 038 individual devices. Most of the visitors are from South Africa; however, a fair number of visitors from Belgium, the Netherlands and Germany were also noted.

A survey was conducted among current and prospective users of the DBAL. Most of the respondents were university lecturers, researchers or students. However, a small number of language practitioners and journalists were also part of the research population. Most of the respondents indicated that they work in the fields of sociolinguistics, descriptive linguistics, language history or language practice. The majority of respondents are associated with universities in South Africa; however, a small number of international universities were also represented. The responses indicate the importance of word of mouth in terms of the marketing of the database. Most respondents who are already users of the database noted that they use the database at least once a month.

From the survey it is clear that the DBAL is regarded as a useful research resource. It is also clear that more should be done towards marketing the database among potential users and especially linguistics students. Furthermore, greater co-operation from role-players such as Afrikaans linguists and linguistics lecturers is needed. A future expansion to the DBAL would be multilingual interfaces, as well as the inclusion of even more international materials. In addition, the DBAL can clearly act as a prototype for similar projects in related fields and for other South African languages.

As a research resource the DBAL clearly has an important role to play. The DBAL has established itself as a digital monument of the Afrikaans language. The groundwork has been laid for the development of the DBAL from an archive of digitalised material to the basis of a dynamic open-source knowledge community of Afrikaans linguists.

KEYWORDS: Digital Bibliography of Afrikaans Linguistics, linguistics database, Afrikaans linguistics sources, linguistic usage patterns, digitalisation of sources

TREFWOORDE: Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde, taalkundedatabasis, Afrikaanse taalkundebronne, taalkundige gebruikerspatrone, digitalisering van bronne

OPSOMMING

Die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) is 'n omvattende databasis van Afrikaanse taalkundebronne. Meer as 17 000 bronne is hierop gekatalogiseer, en die voltekste van ongeveer 9 500 bronne is beskikbaar. Verder word daar vir ongeveer 1 500 bronne skakels na die volteks aangebied. Uit 'n ondersoek na die gebruikerspatrone van die DBAT word ons vermoede bevestig dat hierdie databasis nie gereeld genoeg besoek word nie en dat die ryk argief wat die DBAT aanbied, nie genoegsaam deur potensiële gebruikers ontgin word nie. Uit 'n meningsopname onder bestaande en potensiële gebruikers, is dit egter duidelik dat die DBAT 'n handige en nuttige navorsingshulpmiddel is, en dat 'n groter poging aangewend behoort te word om die databasis bekend te stel en te bemark onder alle moontlike gebruikers, veral onder taalkundestudente. Daar moet ook meer moeite gedoen word om verskeie rolspelers, soos Afrikaanse taalkundiges en taalkundedosente, as medewerkers te betrek.

1. INLEIDING

Volgens die elektroniese WAT (2016) word 'n *museum* gedefinieer as 'n “gebou, plek of instelling waar voorwerpe van blywende geskiedkundige, natuurkundige, wetenskaplike of kunswaarde vir openbare besigtiging en navorsingsdoeleindes versamel, bewaar en uitgestal word”. Indien 'n webblad as 'n kuberruimte gesien word, kan die *Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde* (DBAT), volgens hierdie definisie, as 'n virtuele taalkundemuseum geklassifiseer word. Dit is 'n ruimte waar geskiedkundige en wetenskaplike Afrikaanse taalkundebronne vir die algemene publiek beskikbaar gestel word.

Ten spyte van sy bruikbaarheid, is ons hipotese dat hierdie databasis nie gereeld genoeg besoek word nie en dat die ryk argief wat die DBAT aanbied, nie genoegsaam deur potensiële gebruikers ontgin word nie. Dit wil op die oog af vir ons lyk asof hierdie hulpmiddel eerstens nie bekend is onder alle Afrikaanse taalkundestudente, -dosente en -navorsers nie, asook nie onder ander belanghebbendes, soos joernaliste en taalliefhebbers nie. Tweedens is dit ook moontlik dat die databasis bepaalde leemtes of onontwikkelde groei-areas het wat optimale benutting deur potensiële gebruikers belemmer.

In hierdie artikel word ons hipotese getoets. Daar word derhalwe ondersoek ingestel na die wyse waarop die DBAT tans gebruik word. Die doel is om 'n oorsig te kry oor die huidige gebruikspatrone van die webblad ten einde moontlike leemtes of groei-areas vir die databasis te identifiseer. Verder het die artikel ten doel om inligting te verskaf rakende die aard en ontwikkeling van die databasis, om sodoende verdere moontlike gebruikers attent te maak op die bestaan van hierdie nuttige navorsingshulpmiddel. Ons hoop dat hierdie artikel ook sal help om skrywers van Afrikaanse taalkundepublikasies te motiveer om die projekmedewerkers van hul werk te verwittig.

Die DBAT het sy bestaan te danke aan 'n soortgelyke Nederlandse databasis, te wete die *Bibliografie Nederlandse Taal- en Letterkunde* (BNTL). Hierdie Nederlandse naslaanbron bestaan al verskeie dekades. Aanvanklik is die BNTL in 1970 as 'n tekspanklikasie in verskeie boekdele beskikbaar gestel, maar dit is mettertyd ontwikkel tot 'n elektroniese databasis. Die bedoeling was om die bibliografie beskikbaar te stel vir enige navorser wat internettoegang het. Verder sou

geregistreerde gebruikers ook kon help om die databasis uit te brei deur self titels en tekste tot die databasis toe te voeg.

Die proses om die BNTL te digitaliseer en op die Internet² beskikbaar te stel, is in 2008 voltooi (vgl. Carstens 2010; BNTL 2015). Daar is kritiek teen die BNTL uitgespreek dat dit net 'n katalogus van inligting is wat geen bronne elektronies beskikbaar stel nie (vgl. Devlieghere & Vanhooren 2008:6).

'n Behoefte is in 1993 deur prof. PC Paardekoper (1920–2013), vroeër verbonde aan die KU Leuven se Kortrijk-kampus, teenoor prof. Wannie Carstens van die NWU (voormalige PU vir CHO) uitgespreek dat 'n ooreenstemmende Afrikaanse databasis ontwikkel moet word. Verdere navraag deur Carstens aan ander Afrikaanse taalkundiges het laat blyk dat die behoefte ook op eie bodem bestaan.

Carstens het derhalwe eienaarskap van die projek geneem en in dieselfde jaar met onderhandelinge begin om só 'n projek van stapel te stuur. Die doel van hierdie projek was om vir enigeen wat binne én buite Suid-Afrika daarin belang sou stel, toegang te verleen tot akademiese inligting oor publikasies rakende die Afrikaanse taal- en letterkunde, maar terselfdertyd ook die kritiek wat teen die BNTL uitgespreek is te vermy, deur ook te poog om soveel as moontlik bronne elektronies op die nuwe Afrikaanse databasis beskikbaar te stel.

Die ontwikkeling van die DBAT tot die databasis soos dit vandag daar uitsien, kan in drie fases opgesom word.

Die eerste fase, 1993 tot 2003, word gekenmerk deur befondsingsaansoeke, onderhandelinge en strategiese beplanning rakende die struktuur en omvang van die projek. In hierdie tydperk is daar byvoorbeeld met medewerkers van die *Koninklijke Bibliotheek* (KB) in Den Haag, Nederland, gekorrespondeer om die formaat van die nuwe databasis te bepaal en daarna te help verfyn. Verder is daar ook in hierdie tydperk by die *Fonds Neerlandistiek* aansoek gedoen om befonding (Carstens & Van Zyl 2004). Die befonding wat deur hierdie instansie bewillig is, het gehelp om die oprigting- en beplanningsfase van die projek 'n sukses te maak.

Hoewel die aanvanklike bedoeling was om 'n databasis vir beide taal- en letterkundebronne te skep, was dit duidelik dat die projek afgebaken moet word om die haalbaarheid daarvan te verseker. Daar is dus besluit dat Carstens uitsluitlik sal fokus op die skep van 'n taalkundedatabasis, en dat die *Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum* (NALN) op 'n latere stadium sou meewerk aan die letterkundedatabasis.

Tydens die tweede fase, 2004 tot 2010, raak die *Ferdinand Postma Biblioteek* (FPB) van die Noordwes-Universiteit intensief betrokke by die projek. Die FPB bewillig fondse om 'n medewerker (me. Hester Lombard) aan te stel om saam met Carstens 'n stelsel vir die bibliografie te ontwikkel. Daar word ook deur die FPB 'n navorsingslokaal beskikbaar gestel en ingerig vir Afrikaanse navorsingsmateriaal. In hierdie fase word 'n hele aantal bronne in die ontwikkelende databasis ingewerk.

Daar is hoofsaaklik gefokus op die katalogisering van artikels in vaktydskrifte, asook boeke, verhandelinge en proefskrifte oor die Afrikaanse taalkunde. Die aanvanklike vertrekpunt was om die volledige biografiese besonderhede van elke moontlike bron oor die Afrikaanse taalkunde te verkry en op te neem in die databasis. Sedertdien is besluit om ook resensies, koerantberigte en internetartikels of -berigte in te sluit. Sedert 2006 verrig me. Carla Ubbink (as opvolger van me. H Lombard) die taak om die versamelde materiaal in kategorieë te deel en nuwe materiaal op te spoor en te katalogiseer.

² Die BNTL se skakel is <http://www.bntl.nl/>

Ons bevind ons tans in die derde ontwikkelingsfase. Hierdie fase het op 24 Mei 2010 'n aanvang geneem met die amptelike bekendstelling van die DBAT. Sederdien word daar deurlopend aan die bibliografie gewerk: 'n Aansienlike hoeveelheid nuwe bronne is toegevoeg, sommige bronne word gedigitaliseer, en aandag word gegee aan die bruikbaarheid van die bibliografie. Hierdie fase behoort ook toenemend gekenmerk te word deur die verbetering van die bruikbaarheid van die DBAT, en derhalwe is dit nou 'n goeie tyd om 'n *bestekopname* van die toestand van die databasis, asook 'n *meningsopname* onder die huidige sowel as potensiele gebruikers te maak.

2. DIE DBAT: 'N BESTEKOPNAME

2.1 Inskrywings

Waar daar in 2007 slegs ongeveer 8 200 inskrywings op die DBAT gekatalogiseer is, is daar tans meer as 17 000 bronne (April 2016) op die DBAT beskikbaar wat betrekking het op die Afrikaanse taalkunde. Daar word dus deurlopend aandag gegee aan die uitbreiding, relevansie, bruikbaarheid en volledigheid van die DBAT. Ongeveer 9 500 bronne se volteks is op die DBAT beskikbaar, en vir 'n verdere ongeveer 1 500 word skakels na die volteks aangebied.

Met behulp van die DBAT is dit moontlik vir navorsers om die grootste gedeelte van alle Afrikaanse taalkundebronne onmiddellik elektronies te bekom. Die volle spektrum van die Afrikaanse taalkunde word gedek – vanaf die begin van die 20ste eeu tot in 2015. Die bibliografie word weekliks bygehou. Die bedoeling is om van die oudste tot die mees resente gepubliseerde Afrikaanse taalkundebronne op die DBAT beskikbaar te stel. Nietemin word daar nie aanspraak gemaak op volledigheid nie. Die DBAT is slegs 'n weerspieëling van die data wat deur normale en toeganklike navorsingskanale deur die projekmedewerkers bekom kan word.

Tans is daar ook 'n aktiewe proses aan die gang om ouer Afrikaanse bronne te digitaliseer deur dit te skandeer, sodat dit opnuut elektronies wêreldwyd beskikbaar gestel kan word. 'n Hele aantal belangrike en ikoniese Afrikaanse taalkundeboeke word al vir etlike jare nie meer gedruk nie, en is byvoorbeeld moeilik bekombaar vir taalkundestudente. Die DBAT probeer dus om in hierdie behoefte te voorsien deur die bronne beskikbaar te stel deur inskandering.

Probleme en kwessies met kopiereg van bronne bly egter altyd 'n uitdaging. Soos genoem, is sommige Afrikaanse taalkundeboeke nie meer algemeen beskikbaar nie, maar kopiereg verhoed dat dit geskandeer en op DBAT versprei kan word. Derhalwe moet daar deurlopend onderhandel word met outeurs, families van outeurs of uitgewers om die bronne te mag digitaliseer. Tot dusver was dit nog moontlik om binne die grense van die kopieregwette te bly. In hierdie verband volg ons die benadering van die BNTL.³

Alle rekords is ingedeel volgens kategorieë. Tans word daar 193 kategorieë onderskei, maar dit is die taak van die medewerkers om deurlopend hierdie kategorie-indelings en subverdelings te verfyn, om sodoende 'n gebruiker se soektog verder af te baken tot relevante titels.

Tabel 1 en Figuur 1 dui aan watter kategorieë tans onderskei word, asook die hoeveelheid inskrywings per kategorie wat op die DBAT gevind kan word. Hieruit kan interessante

³ Die BNTL probeer in soverre dit prakties haalbaar is, outeursregtoestemming via die normale regskanale te kry. In die gevalle waar dit nie moontlik is nie, soos as 'n familielid van die oorspronklike outeur nie opgespoor kan word nie, word daar by die betrokke bron in die DBNL aangedui dat die bron te goeder trou gebruik word vir opvoedkundige en wetenskaplike doelstellings. 'n Verdere versoek word dan gerig: “Wanneer iemand meent enig recht te kunnen doen gelden op een in de DBNL opgenomen publicatie, dan verzoeken wij dit zo spoedig mogelijk te melden via dbnl.auteursrecht@kb.nl.” (BNTL 2015)

gevolgtrekkings gemaak word, byvoorbeeld dat binne die Afrikaanse taalkunde daar meestal gepubliseer word oor onderwerpe wat handel oor Diachroniese Taalkunde en Taalgeskiedenis, Taalonderrig en Taalpraktyk- en taalgebruikskunde.

’n Afleiding soos hierdie is uiteraard ook handig om die leemtes binne die ondersoekveld van Afrikaanse taalkunde te identifiseer. Die kategorieë word hier onder in terme van die aantal inskrywings per kategorie aangedui in volgorde van meeste tot minste inskrywings per kategorie. Sodoende kan maklik gesien word in watter Afrikaanse taalkundevelde baie navorsing beskikbaar is, en watter velde tans nog onderontgin is.

TABEL 1: DBAT-kategorieë en hoeveelheid inskrywings per kategorie

Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings
Diachroniese Taalkunde en Taalgeskiedenis	4 174	Taalgids	9	Taalbeleid	2
Onderwys en onderrig (Taalonderrig)	2 027	Taalkunde en Letterkunde	9	Taalbemagting	2
Taalpraktyk en Taalgebruikskunde	1 717	Afrikaans en die media	8	Taalfoute	2
Taalpolitiek	1 179	Gebaretaal	8	Taalverwerwing	2
Leksikografie	1 153	Kommunikasie	8	Vereenvoudigde taal	2
Historiese taalkunde	783	Onderwys en onderrig: taalaanleer	8	Aanleerprogramme	1
Leksikologie	679	Onderwys en onderrig: kindertuin	7	Afrikaans en musiek	1
Sosiolinguistiek en variasie-taalkunde	642	Tyd en Modaliteit	7	Afrikaans in die regte	1
Sintaksis	615	Variasietalkunde Tsotsitaal	7	Afrikaanse taalkunde	1
Spelling	453	Afrikaanse Taalraad	6	Kommunikasie	1
Taalsuiverheid	379	Onderwys en onderrig: sintaksis	6	Grammatikalisering	1
Terminologie	368	Idiome	5	Invloed van tale op Afrikaans	1
Pleknaamkunde	347	Onderwys en onderrig: meertaligheid	5	Kaapse Afrikaans	1
Morfologie	342	Onderwys en onderrig: mondelinge werk	5	Konkordansie	1
Onderwys en onderrig: moedertaal	226	Onderwys en onderrig: tegnologie	5	Leestekens	1
Vertaalkunde en Tolkwerk	225	Onderwys en onderrig: tweedetaalonderrig	5	Media, koerante	1

TABEL 1: DBAT-kategorieë en hoeveelheid inskrywings per kategorie (*vervolg*)


Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings
Fonologie	214	Retorika	5	Metodologie	1
Semantiek	212	Sosiolinguistiek en Variasie-taalkunde, dialektologie	5	Neurolinguistiek	1
Tekslinguistiek en Diskoers-analise	182	Taalkontak	5	Onderwys en Afrikaans	1
Pragmatiek	163	Afrikaans in die buiteland	4	Onderwys en onderrig: aanvangsonderrig	1
Fonetiek	160	Afrikaans universiteitstaal	4	Onderwys en onderrig: Afrikaans as addisionele taal	1
Onderwys en onderrig: lees	158	Bemagtiging	4	Onderwys en onderrig: bronne	1
Onderwys en onderrig: eksamen	134	Onderwys en onderrig: klankleer	4	Onderwys en onderrig: ekspo	1
Algemene Taalkunde	118	Onderwys en onderrig: kreatiwiteit	4	Onderwys en onderrig: evaluering	1
Normatiewe taalkunde	114	Onderwys en onderrig: leer en leerprobleme	4	Onderwys en onderrig: foute-analise	1
Naamkunde	105	Onderwys en onderrig: rekenaargesteuende onderrig	4	Onderwys en onderrig: gebruik van biblioteek	1
Taalbeplanning	98	Onderwys en onderrig: skryf	4	Onderwys en onderrig: grondslagfase	1
Bibliografie	92	Rekenaarlinguistiek	4	Onderwys en onderrig: handboek	1
Onderwys en onderrig: stelwerk	81	Taalfilosofie	4	Onderwys en onderrig: kurrikulumontwerp	1
Stilistiek	79	Taaloudit	4	Onderwys en onderrig: kursusse	1
Algemene Taalteorie	69	Teksstudie	4	Onderwys en onderrig: leer materiaal	1
Onderwys en onderrig: taalhandboeke	69	Toegepaste Linguistiek	4	Onderwys en onderrig: literatuuronderrig	1
Afrikaans algemeen	53	Etimologie	3	Onderwys en onderrig: luister	1
Persoonsnaamkunde	52	Forensiese linguistiek	3	Onderwys en onderrig: media	1
Taaltegnologie en Rekenaar-linguistiek	49	Gay-taal	3	Onderwys en onderrig: multikulturaliteit	1
Onderwys en onderrig: leerplan	42	Genealogie	3	Onderwys en onderrig: spraakopleiding	1

TABEL 1: DBAT-kategorieë en hoeveelheid inskrywings per kategorie (*vervolg*)

Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings
Akademiese Geletterdheid	40	Kognitiewe grammatika	3	Onderwys en onderrig: taalbevordering	1
Meertaligheid	35	Lees	3	Onderwys en onderrig: taalhouding	1
Bybelvertaling	31	Onderwys	3	Onderwys en onderrig: taalvariasie	1
Algemene Linguistiek	28	Onderwys en onderrig: dowe kinders	3	Onderwys en onderrig: toetsing	1
Geletterdheid	26	Onderwys en onderrig: taalonderrig	3	Onderwys en onderrig: vertaling	1
Onderwys en onderrig: spelling	26	Onderwys en onderrig: taalverwerwing	3	Onderwys en onderrig: visuele onderrig	1
Interpunksie	23	Onderwys en onderrig: uitspraak	3	Onderwys en onderrig: woordeboek	1
Kognitiewe Taalkunde	23	Skryfgids	3	Psigolinguistiek	1
Vaktaal	22	Standaardisering	3	Reklametaal	1
Sakekommunikasie	21	Advertensietaal	2	Sillabus	1
Ensiklopedie	19	Afkortings	2	SMS-taal	1
Anglismes	18	Afrikaans en Afrikatale	2	Spraaktegnologie	1
Onderwys en onderrig: grammatika	17	Aspek	2	Styl	1
Onderwys en onderrig: metodiek	17	Bemaking van Afrikaans	2	Taalbestuur	1
Onderwys en onderrig: taalkunde	17	Bibliografiese Verwysings	2	Taalgestremdhede	1
Sake-Afrikaans	17	Diername	2	Taalhoudinge	1
Algemene Taalwetenskap	16	Digitalisering	2	Taalonderrig: woordeskat	1
Teksversorging	16	Humor	2	Taalregte	1
Bronnegids	13	Internet	2	Taalteorie	1
Onderwys en onderrig: taalsuiwerheid	13	Kreolisering	2	Taalvariasie	1
Dokumentontwerp	12	Linguistiese seksisme	2	Tekswetenskap	1
Taaltegnologie	12	Masjienvertaling	2	Tolkopleiding	1
Invloed van Engels op Afrikaans	11	Onderwys en onderrig: beleid	2	Transformasioneel generatiewe grammatika	1

TABEL 1: DBAT-kategorieë en hoeveelheid inskrywings per kategorie (*vervolg*)

Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings	Kategorie	Aantal inskrywings
Teksversorging/Teksredaksie	11	Onderwys en onderrig: leksikologie	2	Variasietaalkunde Tronktaal	1
Afrikaans en Tegnologie	10	Onderwys en onderrig: oefeninge	2	Verkleinwoorde	1
Grammatikaboeke	10	Onderwys en onderrig: uitkomsgerigte onderwys	2	Werkwoorde	1
Korpuslinguistiek	10	Onderwys en onderrig: woordeskat	2	Woordeboekgebruik	1
Onderwys en onderrig: vreemdetaalonderrig	9	Regsafrikaans	2		
Taalgeskiedenis ATR	9	Standaardtaal	2		

**Figuur 1:** DBAT-kategorieë en hoeveelheid inskrywings per kategorie

Aangesien daar gepoog word om alle beskikbare Afrikaanse taalkundebronne op die DBAT in te sluit, kom die bronne op die databasis derhalwe in 'n groot verskeidendheid formate voor (vergelyk Tabel 2: Formate van bronne op die DBAT).

TABEL 2: Formate van bronne op die DBAT

Formaat	Aantal inskrywings
Boek	1 639
CD ROM	11
e-Proefskrif	115
Elektroniese bron	476
Ensiklopedie	5
Feesbundel	75
Gedenklesing	19
Inougurele rede	12
Klankopname	1
Koerant	561
Kongresverhandelinge	80
Lesing	4
Persverklaring	1
Proefskrif	727
Referaat	19
Resensie	1 156
Tydskrif	9 822
Versamelwerk	1 382
Verslag	23
Woordeboek	452

2.2 Die algemene DBAT-gebruiker

2.2.1 'n Meningsopname onder gebruikers

Soos reeds hier bo aangetoon, is ons hipotese dat weinig van die moontlike gebruikers enigsins bewus is van die DBAT, maar ook dat daar moontlik bepaalde leemtes of onontwikkelde groeiareas is wat gebruikers verhinder om die databasis optimaal te benut. Om hierdie hipotese te toets, het ons 'n meningsopname in die vorm van 'n elektroniese vraelys per e-pos en op sosiale media⁴

⁴ Die vraelys is hoofsaaklik versprei deur twee relevante e-poslyste (naamlik aan alle Afrikaanse taalkundiges wat by 'n universiteit werksaam is, asook na alle lede van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut) en op relevante Facebook-bladsye, (naamlik *NWU Skool vir Tale*, *Vakgroep Afrikaans en Nederlands NWU Potchefstroom*, *SAALA – Southern African Applied Linguistics Association*, *Lysa Lssa*, *Taaloggas en Balbyters*, *Departement Afrikaans en Nederlands – US*, *Afdeling Afrikaans en Nederlands – Universiteit van die Vrystaat*, *Beter Afrikaans en Viva Afrikaans*).

onder moontlike gebruikers versprei om redes vir die onderbenutting van die DBAT te identifiseer. Die vraelys is gedeeltelik gebaseer op 'n soortgelyke vraelys wat deur Voorbij (1999) opgestel is wat ten doel gehad het om die gebruik van die BNLT te ondersoek.

Ons meningsopname is gestruktureer om te bepaal i) hoeveel moontlike gebruikers steeds nie bewus is van die DBAT nie; ii) wat die basiese demografiese inligting van die huidige DBAT-gebruikers is; iii) in watter taalkundevelde huidige gebruikers werksaam is; iv) waarvoor die huidige gebruikers die DBAT gebruik; v) hoe gereeld huidige gebruikers die DBAT gebruik; en vi) hoe nuttig en bruikbaar huidige gebruikers die DBAT vind. Aangesien ons aangeneem het dat heelparty deelnemers nie bewus van die DBAT is nie, is daar ook op die vraelys 'n elektroniese skakel na die databasis aangebied, om sodoende deelnemers 'n geleentheid te gee om wel die webblad te besoek en sy bruikbaarheid te evalueer.

Die vraelys is deur 108 deelnemers beantwoord. Slegs 42 van die persone wat die vraelys beantwoord het, was reeds bewus van die DBAT. Die ander 66 deelnemers het nog nooit vantevore van die DBAT gehoor nie. Ten spyte van die relatief klein aantal deelnemers, is ons egter van mening dat hierdie bevindings ons hipotese bevestig: Te min moontlike gebruikers is reeds bewus van die DBAT.

58 van die deelnemers wat nie vantevore van die DBAT gehoor het nie, is egter van mening dat dit wel 'n bruikbare hulpmiddel is. Slegs vyf deelnemers was van mening dat die DBAT nie vir hul nuttig sal wees nie, en drie deelnemers het nie hierdie vraag beantwoord nie.

Uit die antwoorde van die 44 deelnemers wat wel vantevore bewus was van die DBAT, kan belangrike afleidings gemaak word (vergelyk Tabel 3):

- Die meeste DBAT-gebruikers is taalkundedosente ($n=18$), -navorsers ($n=16$) en/of studente ($n=12$). Sommige gebruikers is ook werksaam as vertalers, taalversorgers, teksredigeerders, tolke en joernaliste. Aangesien die meeste gebruikers verbonde is aan 'n universiteit, kan ons hieruit aflei dat die DBAT inderdaad as 'n akademiese en navorsingsbron gebruik word.
- Die meeste deelnemers het aangedui dat hulle in die taalkundevelde werk van Sosiolinguistiek ($n=13$), Grammatika ($n=12$), Taalgeskiedenis ($n=11$) en Taalpraktyk ($n=11$). Soos reeds vroeër aangetoon, handel die meeste inskrywings op die DBAT ook oor temas binne Diachroniese Taalkunde en Taalgeskiedenis, Taalonderrig en Taalpraktyk en Taalgebruikskunde. Daar is dus 'n duidelike korrelasie tussen dit waarmee akademië hulle besig hou en die bronne wat beskikbaar is om in navorsing te gebruik. Dit bevestig die belang van 'n databasis soos die DBAT. Die beskikbaarstelling van navorsingsmateriaal dra wesenlik by tot die ontwikkeling van 'n spesifieke veld.
- Die meeste gebruikers het van die DBAT gehoor by hul dosente ($n=11$) of by 'n kollega ($n=16$). Dit is 'n aanduiding dat mondelinge reklame steeds die belangrikste en mees algemene manier is om die DBAT te bemark. Dit wil egter voorkom asof die meeste gebruikers maar eers onlangs van die DBAT te wete gekom het, aangesien die meeste deelnemers vir minder as twee jaar van die DBAT bewus is.
- Die meeste van die huidige gebruikers gebruik die DBAT ten minste een keer per semester ($n=12$) of een keer 'n maand ($n=11$), en heelparty gebruikers gebruik dit selfs meer gereeld.
- Die meeste van die gebruikers het aangedui dat hul reeds 'n doktorsgraad verwerf het ($n=18$), wat vir ons 'n sterk aanduiding is dat die DBAT hoofsaaklik deur gevestigde taalkundenavorsers gebruik word. Ook uit die lae responskoers van die meningsopname wil dit vir ons voorkom asof voorgraadse studente hoegenaamd nie bewus is van die databasis nie.

- Die meeste gebruikers is geaffilieer met Suid-Afrikaanse universiteite (n=29), hoewel daar ook deelnemers was wat aan buitelandse universiteite (n=3) verbonde was, asook aan akademiese vakverenigings binne Suid-Afrika (n=5).
- Aangesien die DBAT 'n databasis van Afrikaanse taalkundebronne is, is dit te verwagte dat die meeste van die gebruikers Afrikaanssprekend (n=33) is. Tog word die databasis ook gebruik deur sprekers van ander tale soos Tswana (n=1) en veral Nederlands (n=5).
- Die meeste gebruikers het gevoel dat die DBAT nuttig is (n=15), aangesien hulle die meeste van die tyd die bronne gevind het waarna hul gesoek het.
- Hoewel gebruikers oor die algemeen voel dat die DBAT redelik gebruikersvriendelik is (n=26), voel die outeurs dat daar tog ruimte vir verbetering bestaan. Daar is nie op die vraelys enige besonderhede ingesluit omtrent wat met gebruikersvriendelikheid bedoel word nie, dus is daar op die deelnemers se algemene ervaring van die koppelvlak gesteun.

TABEL 3: Antwoorde van respondente wat vantevore bewus was van die DBAT

1. Wat is jou beroep?		2. In watter spesialisasieveld(e) van taalkunde werk jy?	
Dosent	18	Sosiolinguistiek	13
Navorsor	16	Grammatika	12
Student	12	Taalgeskiedenis	11
Vertaler	7	Taalpraktyk	11
Afgetree	1	Nie 'n spesifieke veld nie	8
Joernalis	1	Taalpolitiek	8
Taalliefhebber	1	Vertaling	8
Taalversorger	1	Teksredaksie	5
Teksredigeerder	1	Semantiek	3
Tolk	1	Taalverwerwing	2
3. Waar het jy gehoor van die DBAT?		4. Hoe gereeld gebruik jy die DBAT?	
By my dosent	11	Nog nooit gebruik nie	10
By my kollega	16	Ten minste een keer per jaar	5
By 'n kongres	5	Ten minste een keer per jaar	5
Op die radio	2	Ten minste een keer per maand	11
Nagraadse studie	1	Ten minste een keer per semester	12
Op bemarkingsmateriaal oor die DBAT	2	Ten minste een keer per week	3
Raakgesien op die NWU-webblad	6		
Raakgesien op die VivA-tuisblad	6		
5. Wat is jou hoogste kwalifikasie?		6. By watter instansies is jy geaffilieer?	
Matriek	3	Binnelandse universiteit	29
'n Diploma	1	Buitelandse universiteit	3
'n Graad	2	Vakorganisasie	5
'n Honneursgraad	10		
'n Meestersgraad	8		
'n Doktorsgraad	18		

TABEL 3: Antwoorde van respondente wat vantevore bewus was van die DBAT (*vervolg*)

7. Wat is jou huistaal?		8. Hoe nuttig is die DBAT as navorsingshulpmiddel?	
Afrikaans	33	Baie nuttig, want ek kry altyd die inligting oor Afrikaanse taalkunde wat ek benodig	6
Nederlands	3	Nuttig, want ek kry meestal die inligting oor Afrikaanse taalkunde wat ek benodig	15
Setswana	1	Redelik nuttig, maar ek kry nie altyd die inligting oor Afrikaanse taalkunde wat ek benodig nie	14
Tweetalig	5	Glad nie nuttig nie, ek kry byna nooit waarna ek soek nie	0
9. Hoe gebruikersvriendelik is die DBAT			
Baie gebruikersvriendelik			9
Redelik gebruikersvriendelik			26
Glad nie gebruikersvriendelik nie			0

Aangesien die vraelys 'n goeie geleentheid was om op direkte wyse terugvoer van DBAT-gebruikers te kry, is daar ook op die vraelys in 'n invulvraag aan die respondente die geleentheid gegee om kommentaar te lewer op hoe die DBAT verbeter kan word.

Dit is uit die meningsopname (vergelyk die terugvoer van 'n respondente hieronder) duidelik dat gebruikers, sowel as potensiële gebruikers wat vantevore nog nie van die DBAT gehoor het nie, voel dat dit 'n nuttige navorsingshulpmiddel is. 'n Voorbeeld van so 'n terugvoer⁵ is:

- *Dit voldoen aan my persoonlike behoeftes. Ek kry toegang via my skootrekenaar, en ervaar min probleme.*

Nietemin is daar bepaalde sake waaraan aandag gegee behoort te word.

Die DBAT poog om soveel as moontlik voltekste beskikbaar te stel. Terwyl die proses van digitalisering nog aan die gang is, word wel skakels gebied na tekste wat reeds op ander plekke elektronies beskikbaar is. Soos ons uit eie ervaring al gevind het, gebeur dit dan soms dat skakels wat op die DBAT aangebied word, nie meer geldig is nie, aangesien die elektroniese dokumente op ander webwerwe dikwels verskuif of verwyder word. Hierdie sentiment kom duidelik uit die volgende respons na vore:

- *Maak seker dat alle skakels werk – ek het al artikels op die DBAT gevind wat nie beskikbaar is nie.*
- *Soms as 'n mens op 'n “skakel na volteks”-skakel klik, en jy is nie op die NWU-netwerk nie, dan is daar nie toegang tot die volteks nie. Ek vermoed dit is omdat die universiteit op die publikasie ingeteken is, maar 'n individu nie; dit is egter soms misleidend as 'n mens verwag om toegang tot die volteks te kan verkry, en dit is nie die geval nie.*

⁵ Kommentaar van respondente is woordeliks in die artikel aangedui, en geen taal-, tik- of spelfoute is reggemaak deur die outeurs van hierdie artikel nie.

Verder het gebruikers nie altyd toegang tot die ruimtes (byvoorbeeld universiteitsbiblioteke) waar die volteks gestoor word nie, en kan hulle derhalwe nie die DBAT-skakel gebruik om by die volteks uit te kom nie.

Die volgende aanbevelings is ook deur die respondente gemaak:

- *Dit gaan baie help als daar aangegee kan word by die soekopties dat jy net n pdf of ander document kan kry om te download.*
- *En dit gaan help as n artikel net een keer genoem word (eventueel met al die plekke waar dit verskyn het)*
- *Dit lyk heel verouderd maar gewoonlik kry ek wat ek soek. Ek waardeer dit dat ek reeds op die eerste bladsy kan sien of 'n artikel volledig beskikbaar is of nie.*
- *Dit sal help as DBAT bronne beskikbaar maak, al is die soekwoorde nie spesifiek nie – veral as mens nog nie seker is watter bronne nuttig sal wees nie.*
- *Bekendmaking van aanwinste in DBAT d.m.v. verspreidingslys van geïnteresseerdes in spesifieke vakgebiede.*
- *nog meer oudere publicaties opneem.*
- *En ook nog meer opletten of er buiten Zuid Afrika over Afrikaanse taalkunde gepubliceerd word.*

Duidelik is daar inhoudelike en tegniese aspekte wat in die uitbreiding van die DBAT aandag moet kry.

2.2.2 Huidige gebruikerspatrone

Die meningsopname het onses insiens 'n relatiewe lae responskoers gehad, en dit is moeilik om werklik daaruit agter te kom hoe die DBAT deur gebruikers gebruik word. Ons aanvaar uiteraard dat nie alle gebruikers van die DBAT aan die meningsopname deelgeneem het nie, en om die DBAT deurlopend te kan verbeter, is dit belangrik om te weet hoe die DBAT gebruik word om te kan bepaal wat moontlike leemtes en groei-areas is.

'n Ondersoek na die gebruikerspatrone van die DBAT het getoon dat daar vanaf Junie 2010 tot Desember 2015 'n totaal van 6 672 soektogte op die DBAT uitgevoer is. Van hierdie soektogte is 2 943 (44,1%) binne die Noordwes-Universiteit en 3 729 (55,9%) van buite uitgevoer. In hierdie verband is 1 038 unieke IP-adresse, oftewel unieke toestelle, wat die DBAT besoek het, geïdentifiseer. Gegewe die feit dat daar landswyd in 2014 ten minste 5 000 ingeskrewe universiteitstudente was wat Afrikaans as 'n universiteitsmodule geneem het (vergelyk Rooi 2014), bevestig dit ons hipotese verder dat studente (wat onses insiens van die belangrikste moontlike gebruikers van die DBAT is) nie genoegsaam ingelig word oor die bestaan van die databasis nie.

Aangesien besoekers aan die DBAT se IP-adresse in 'n databasis gestoor word, kan besoeke aan die databasis oor tyd heen ondersoek word. In Tabel 4 word die soektogte per die gebruiker se land van oorsprong weergegee.

TABEL 4: Soektogte per gebruiker se land van oorsprong


Land	Aantal soektogte
Suid-Afrika	5 302
België	598
Nederland	297
Duitsland	203
VSA	67
Verenigde Koninkryk	50
Switserland	31
Frankryk	23
Australië	18
Oostenryk	17
Pole	14
Kanada	11
Namibië	11
Brasilië	7
Italië	6
Rusland	4
Serwië	4
Botswana	3
Israel	2
Swede	1
Finland	1
Tsjeggiese Republiek	1
Spanje	1
Totaal	6 672

Daar is wel 'n interessante gebruikerspatroon te bespeur. Ten spyte van die feit dat die DBAT slegs 'n Afrikaanse koppelvlak het, word die DBAT ook in ander wêrelddele gebruik. Dit is uiteraard nie verrassend dat daar 'n hele aantal gebruikers in België en Nederland gevind word nie, maar dat gebruikers in lande soos die VSA, VK en veral ook sommige Oos-Europese lande gevind word, is wel opmerklik. Dit is duidelik dat daar buite Suid-Afrika en buite die Afrikaanse taalkundeomgewing óók 'n behoefte bestaan om toegang tot Afrikaanse taalkundebronne te bekom. Hiermee is een van die oorspronklike doelwitte van die DBAT, te wete die internasionale beskikbaarheid van bronne oor die Afrikaanse taalkunde, gedeeltelik bereik.

Hierdie tendens is as 'n duidelike groeipunt vir die DBAT geïdentifiseer. Tans is die DBAT gerig op Afrikaanse navorsers. Dit is egter duidelik dat die DBAT-koppelvlak ook in ander tale vertaal moet word (na byvoorbeeld Engels) om ook bruikbaar te wees vir nie-Afrikaanssprekendes. Internasionale navorsers wat in vergelykende taalkunde of taaltipologie werk, sou immers ook beduidend kon baat vind by die DBAT.


'n Verdere aanduiding van die wyse waarop die DBAT tans gebruik word, is die hoeveelheid soektogte wat op die DBAT geloods word.

Soos in Figuur 2 aangetoon word, was daar beslis 'n toename in die gebruik van die DBAT vanaf 2010 tot 2013. In 2014 was daar egter 'n sterk afname in die gebruik van die DBAT, maar weer in 2015 'n sterk toename. Die rede vir die 2014-afname is nie vir ons duidelik nie. In die eerste bestaansjaar van die DBAT is 1 011 soektogte uitgevoer, terwyl daar teen 2015 in totaal 6 672 soektogte uitgevoer is. Uiteraard word die DBAT met die verloop van tyd selfs meer bruikbaar, aangesien daar deurlopend inskrywings tot die DBAT gevoeg word. Die verwagting is derhalwe dat die DBAT se gebruik elke jaar ook aansienlik sal toeneem.



Figuur 2: Jaarlikse DBAT-besoeke

Die maandelikse soektoginligting is 'n aanduiding van die kontekste waarbinne die DBAT gebruik word. Soos in Figuur 3 gesien kan word, word die DBAT meer gereeld gebruik tydens die akademiese termyn, maar in maande wat as die akademiese vakansiemaande (dit is Oktober, Desember en Julie) gereken word, neem die gebruik van die DBAT af. Dit kan ter ondersteuning dien vir die feit dat die DBAT as akademiese hulpmiddel dien wat navorsing en onderrig ondersteun.



Figuur 3: DBAT-soektogte volgens maande.

3. AFSLUITING: UITBREIDING EN VOORUITSKOUING

Uit 'n meningsopname wat op toepaslike sosiale media versprei is, sowel as 'n ondersoek na die werklike gebruikerspatroon van die databasis, word ons hipotese bevestig dat die DBAT nog nie optimaal deur potensiële gebruikers besoek en gebruik word nie. Dit is egter vir ons duidelik dat die DBAT die potensiaal het om verder ontwikkel te word om bronne oor Afrikaanse taalkunde vir 'n groter publiek beskikbaar te stel. Die volgende punte is hier van belang:

- 'n Groter poging moet aangewend word om maandelike gebruikers (veral studente) bewus te maak van die DBAT. Vanaf 2015 word die DBAT-skakel op die webblad van Viva (Virtuele Instituut vir Afrikaans), asook die BNTL ingesluit.
- Verder kan 'n Facebook-groep begin word om nuwe publikasies (soos voorgestel deur een van die gebruikers) aan die gebruikers bekend te stel, amper soos 'n leeslys of iets soos Linguistlist.org.
- Om die DBAT so volledig en relevant as maandelik te maak, is dit belangrik dat taalkundiges en ander rolspelers in die uitbreiding van die DBAT moet meewerk, en in wese hierdie projek hulle eie moet maak. In hierdie proses is bemarking (byvoorbeeld die voorstel van die gebruiker om lys van nuwe aanwinste te versprei) nodig.
- Twee- of meertalige aanbieding van die koppelvlak en resultate is 'n maandelike groeipunt. Dit is duidelik dat ook andertaliges die databasis besoek, en veral ook in ooreenstemming met die internasionalisering van Afrikaanse taalkunde, is dit belangrik dat hierdie bronne beskikbaar word.
- In hierdie verband sal 'n Nederlandse en Engelse koppelvlak ook van waarde vir die DBAT wees. Hierdie sake sal ook relevant wees met die inskakeling van die DBAT by Viva.
- Namate internasionale publikasies meer word, sal daar waarskynlik ook meer publikasies verskyn wat nie in Afrikaans geskryf is nie, en ook nie in Suid-Afrikaanse of Nederlandse tydskrifte verskyn het nie. Tans fokus die DBAT hoofsaaklik op die werk van plaaslike navorsers en publikasies in hoofsaaklik nasionale tydskrifte, en hierdie aspek behoort uitgebrei te word.

- Uit die lesse wat in die ontwikkeling van die DBAT geleer is, kan soortgelyke projekte in verbandhoudende velde en veral in ander Suid-Afrikaanse tale ook ondersteun word.

Senekal (2011:50) dui aan dat digitale bronne die geleentheid aan navorsers bied “om navorsing anders te benader”. Digitalisering van bronne behoort tot gevolg te hê dat verskillende soorte bronne toeganklik is vir meer navorsers, en dat metodes ontwikkel moet word wat op geoutomatiseerde wyse die analise van groter stelle data of inhoud moontlik kan maak (Senekal 2011:51). Waar navorsing vantevore ’n tydsame en arbeidsintensiewe proses was, kan ’n digitale navorsingshulpmiddel soos die DBAT die navorser (ervare en beginner) help om ’n groter hoeveelheid bronne in ’n korter tydperk baie meer omvattend of dieper te ontgin.

As digitale monument is die DBAT duidelik gevestig. Die rol van die databasis is nie net om as argief van gedigitaliseerde materiaal te dien nie, maar om eerder as ’n basis vir ’n lewende oopbron-kennissgemeenskap van taalkundiges te dien.

BIBLIOGRAFIE

- BNTL. 2015. *Bibliografie van de Nederlandse Taal- en Literatuurwetenschap*. [28 November 2015].
- Carstens, W.A.M. 2010. Die DBAT as bemagtigingsinstrument vir die Afrikaanse taalkunde: rol en moontlikhede. Referaat gelewer tydens die LVSA-kongres, Unisa, Pretoria, 27-29 September 2010. http://library.nwu.ac.za/dbtw-wpd/images/BATL/LVSA_2010_DBAT.pdf [20 Julie 2015].
- Carstens, W.A.M. & Van Zyl, D. 2004. Die ontwikkeling van ’n BATL – ’n vorderingsverslag. Referaat gelewer tydens die SAVN/ALV-kongres, Potchefstroom, 25 April 2004.
- DBAT. 2015. *Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde*. <http://library.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/DBAT.htm> [16 November 2015].
- Devlieghere, J. & Vanhooren, S. 2008. ‘Zoeken is zilver, vinden is goud’: internet en de informatievoorzieningen voor het onderwijs Nederlands. *Levende Talen Tijdschrift*, 9(4):3-11. http://taalunieversum.org/onderwijs/tijdschriften/devlieghere_vanhooren_zoeken_is_zilver.pdf [21 Februarie 2015].
- Die Elektroniese WAT: Die Woordeboek van die Afrikaanse taal. 2015. *Museum*. <http://viva-afrikaans.org/> [20 Julie 2015].
- Rooi, J. 2014. Afrikaans as vak toon plek-plek groei. *Rapport*. 18 Junie. http://m24arg02.naspers.com/argief/berigte/rapport/2014/06/18/8/jrafrikans_31_0_232661015.html/ [13 Desember 2015]
- Senekal, B.A. 2011. Die digitalisering van NALN se knipselversameling: Die bemiddeling van 21ste-eeuse navorsing in die Afrikaanse letterkunde. *Litnet Akademies*, 8(2):46-65.
- Voorbij, H. 1999. Onder neerlandici: Ervaringen met de BNTL. *Informatie Professional*, 3(12):28-33.

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en markbehoefte in die Afrikaanse gemeenskap

The Virtual Institute for Afrikaans and the Afrikaans community's market needs

GERHARD B VAN HUYSSTEEN

Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt)
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
E-pos: gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za



Gerhard van
Huyssteen



Melodi Botha

M BOTHA

Departement Ondernemingsbestuur
Universiteit van Pretoria
E-pos: melodi.botha@up.ac.za

ALEX ANTONITES

Departement Ondernemingsbestuur
Universiteit van Pretoria
E-pos: alex1@up.ac.za



Alex Antonites

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaanse taalkunde en taaltegnologie aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien sedert 2005 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en is tans voorsitter van dié liggaam. Vanaf 2009–2014 dien hy ook op die paneel van mensetaaltegnologiese kundiges van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is onder andere ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, die CL Engelbrecht-prys vir taalkundenavorsing vir sy aandeel in die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, en die Stalsprys vir multi- en interdisiplinêre spanwerk. Hy het al verskeie grootskaalse, internasionale multimiljoenrandprojekte gelei, waaronder projekte vir Microsoft, MTN en die Suid-Afrikaanse regering. Van Huyssteen is veral bekend vir sy bydrae as taalkundige in die ontwikkeling van tekstegnologiese toepassings en verskeie elektroniese hulpbronne vir Afrikaans, asook as konseptualiseerder, samesteller en beoordelaar van die kykNET-program *Op die Spel*.

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaans linguistics and language technology at the North-West University. He has served on the “Taalkommissie” (Language Commission) of the “Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns” (South African Academy for Science and Arts) since 2005, and is currently chair of this commission. He also served on the Human Language Technology Expert Panel of the Department of Arts and Culture from 2009–2014. He is the recipient of, among others, the Elizabeth Eybers Bursary, CL Engelbrecht Award for linguistic research for his contribution to the publication of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, and the Stals Award for multi- and interdisciplinary team work. He initiated and led numerous large-scale, international, multimillion rand projects for institutions like Microsoft, MTN and the South African government. Van Huyssteen is known for his contribution as a linguist in the development of text technology applications and various resources for Afrikaans, as well as the conceptualiser and developer of the kykNET programme *Op die Spel*.

MELODI BOTHA is tans in diens van die Universiteit van Pretoria as 'n senior dosent in entrepreneurskap in die Departement Ondernemingsbestuur. Haar velde van kundigheid sluit in: sakeplanne; geleentheidsherkenning; entrepreneurskaponderwys en -opleiding; en die bemagtiging van vroue-entrepreneurs in Suid-Afrika. Sy ontwikkel die Vroue-entrepreneurskapsprogram (bekend as WEP) aan die Universiteit van Pretoria en het reeds meer as 200 vroue-entrepreneurs opgelei. Melodi voltooi beide haar BCom- en meestersgraad cum laude, waarna sy haar doktorsale studies in Ondernemingsbestuur aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Hiervoor ontvang sy die Sasol-merietetoekenning vir die beste nagraadse student, die Elsabé Smith Achievement Award vir beste prestasie, asook die Prof B de Loorprys vir die beste navorsingsproefskrif aangebied vir die DCom-graad in ondernemingsbestuur in 2006. Sy publiseer drie artikels uit haar proefskrif en ontvang die toekenning vir die beste referaat gelewer by 'n internasionale entrepreneurskapskongres in 2006 in Brasilië. Sy het ook reeds verskeie akademiese artikels in nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer.

MELODI BOTHA is currently employed by the University of Pretoria as a senior lecturer in entrepreneurship in the Department of Business Management. Her fields of expertise include: business plans; opportunity identification; entrepreneurship education and training; and the empowerment of women entrepreneurs in South Africa. She developed the Women's Entrepreneurship Program (known as WEP) at the University of Pretoria and has already trained more than 200 women entrepreneurs. Melodi completed both her BCom and master's degree Cum Laude, and completed her doctoral studies in Business Management at the University of Pretoria. Melodi's DCom received the Sasol Merit Award for the best graduate student, Elsabe Smith Achievement Award for best performance, as well as Prof B de Loor Price for the best research thesis presented for the DCom degree in business management, 2006. She published three articles from her thesis and received the award for the best paper presented at an international entrepreneurship conference in Brazil. She also published several academic articles in national and international journals.

ALEX ANTONITES is tans 'n medeprofessor in die Departement Ondernemingsbestuur aan die Universiteit van Pretoria, asook permanent-deeltyds by die Gordon Institute of Business Sciences (GIBS) waar hy entrepreneurskap, kreatiwiteit en innovasie in die MBA-program doseer. Op 'n internasionale vlak doseer hy ook jaarliks in die veld van sakemodel-innovasie aan die Voralberg Universiteit in Oostenryk. Alex het die UP Business Incubator begin, is verantwoordelik vir die oprigting van verskeie nuwe innoverende ondernemings, en is hoof van die Mamelodi Business Clinic ('n sake-inkubator vir die informele sektor). Met sy passie om die entrepreneuriese proses te fasiliteer, is hy direk betrokke by 'n verskeidenheid van sake-ondernemings (beide op aandeelhouding- en direksievlak, in 'n verskeidenheid van bedryfstakke), en het hy talle openbare en private sektororganisasies tot hoër vlakke van prestasie gelei. Hy is ook tans 'n nuutvoerende direkteur van twee prominente maatskappye in die private sektor, sowel as adjunkvoorsitter van die Capital City Chamber of Commerce (CCBC). Alex het 'n internasionale toekenning vir sy "CIO"-model (model vir entrepreneuriese kreatiwiteit, innovasie en geleentheidsontleding) gekry en het verskeie referate by nasionale en internasionale entrepreneurskapkongresse gelewer en gepubliseer. Sy kernspesialisasiegebied is entrepreneuriese kreatiwiteit en innovasie; sy nuwe boek oor dié onderwerp, *Exploring Creativity and Innovation: a structured approach for entrepreneurs, managers and other game changers*, word eersdaags gepubliseer.

ALEX ANTONITES is currently an associate professor in the Department of Business Management at the University of Pretoria and adjunct faculty at the Gordon Institute of Business Sciences (GIBS) where he lectures entrepreneurship, creativity and innovation in the MBA program. On an international level he also teaches annually in the field of business model innovation at the Voralberg University in Austria. Alex started the UP Business Incubator, is responsible for the construction of several new innovative businesses, and is head of the Mamelodi Business Clinic (a business incubator for the informal sector). With his passion to facilitate the entrepreneurial process, he was directly involved in a variety of businesses (both on shareholding- and board level in a variety of enterprises), and has led numerous public and private sector organizations to higher levels of performance. He is currently a non-executive director of two major companies in the private sector, as well as deputy chairman of the Capital City Chamber of Commerce (CCBC). Alex received an international award for his "CIO" model (model for entrepreneurial creativity, innovation and opportunity analysis). He presented numerous papers at national and international entrepreneurship conferences and also published in journals. His field of specialisation is entrepreneurial creativity and innovation – his new book on the subject, *Exploring Creativity and Innovation: a structured approach for entrepreneurs, managers and other game changers*, will be published shortly.

ABSTRACT***The Virtual Institute for Afrikaans and the Afrikaans community's market needs***

The Virtual Institute for Afrikaans (VivA) is a research institute and service provider for Afrikaans in digital contexts. It is a registered non-profit company, with the Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), North-West University (NWU), Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), and Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) as its founding members.

In order to make informed choices regarding VivA's product and service offering, mixed method research was conducted to determine shortcomings in the Afrikaans offering of digital language products. For purposes of the quantitative research, an online questionnaire was completed by 319 respondents (demographic representation of mostly white, mother-tongue speakers of Afrikaans between the ages of 30 and 65), while a focus group with ten respondents (mostly white, mother-tongue speakers of Afrikaans between 15 and 62) was used to gather qualitative information. The focus group session was recorded, transcribed, coded and then analysed to derive seven key themes that are associated with VivA.

One of the key findings is that a large part of the Afrikaans users in this sample did not know of the existence of the Afrikaans Wiktionary and Wikipedia. This finding directed VivA's priorities in other directions, although it will keep on exploring ideas and methods to change this perception.

It was also clear that Afrikaans users have a need for four specific Afrikaans electronic aids, namely an online/mobile version of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (Afrikaans Word-list and Spelling Rules); an Afrikaans grammar checker; a terminology bank; and automatic translation tools. Despite the fact that the majority of respondents had a fairly negative experience with regard to automatic translation assistance, it was found that a significant number of respondents are still positive about it, and have a strong need for such a high-quality product.

On the basis of this research, the needs of the Afrikaans community related to language products and services were determined, and various products and services were introduced in order to meet these identified needs. Hence, VivA's initial products and services offering includes: a dictionary portal (where users can access various free and commercial dictionaries online, as well as via an online and offline Android and iOS app); grammar portal (where users, especially international researchers, can access extensive information about the phonology, morphology and syntax of Afrikaans, presented comparatively with Dutch and Frisian as part of the international Taalportaal project); language advice portal (where users can get telephonic and online answers to language-related questions from a professional language advisor); corpus portal (where users can do online corpus queries in a large and growing collection of written and transcribed spoken Afrikaans corpora); and information portal (with access to a blog, competitions, etcetera).

The article concludes with an overview of potential future research and development topics, including a motivation for the need for regular technology audits.

KEYWORDS: Afrikaans; market research; market needs; technology; human language technology; mobile application; dictionary; language advice service; terminology; grammar; Wikipedia; Wiktionary; Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA); Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV); Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK); North-West University (NWU); Dagbreek Trust; Taalportaal

TREFWOORDE: Afrikaans; marknavorsing; markbehoefte; tegnologie; mensetaaltegnologie; mobiele toepassing; woordeboek; taaladviesdiens; terminologie; grammatika; Wikipedia; Wiktionary; Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA); Afrikaanse

Taal- en Kultuurvereniging (ATKV); Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK); Noordwes-Universiteit (NWU); Dagbreek Trust; Taalportaal

OPSOMMING

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) is 'n navorsingsinstituut en diensverskaffer vir Afrikaans in digitale kontekste. Ten einde verantwoorde keuses met betrekking tot VivA se produk- en diensaanbod te maak, is kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gedoen om tekortkominge in die Afrikaanse mark van digitale taalprodukte te bepaal. Sewe temas is uit die fokusgroepgesprek geïdentifiseer. Een van die belangrikste bevindinge is dat 'n groot deel van die Afrikaanse gebruikers in hierdie steekproef nie geweet het van die Afrikaanse *Wiktionary* en *Wikipedia* nie. Dit het duidelik geblyk dat Afrikaanse gebruikers veral 'n behoefte het aan vier elektroniese Afrikaanse hulpmiddels, te wete 'n aanlyn/mobiele weergawe van *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*; 'n Afrikaanse grammatikatoets; 'n terminologiebank; en outomatiese vertaalhulpmiddels. Ofskoon die meerderheid respondente 'n redelik negatiewe belewenis met betrekking tot outomatiese vertaalhulp gehad het, is bevind dat 'n beduidende aantal tog positief daaroor is en 'n sterk behoefte aan so 'n hoëkwaliteitprodukt het. Op grond van hierdie navorsing is die markbehoefte van die Afrikaanse gemeenskap bepaal en verskeie produkte en dienste is voorgestel. Ten einde aan die geïdentifiseerde markbehoefte te voldoen, sluit VivA se aanvangsprodukte en -dienste onder andere die volgende in: *Woordeboekportaal*; *Taalportaal*; *Adviesportaal*; *Korpusportaal*; en *Inligtingsportaal*.

1. INLEIDING

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) is 'n navorsingsinstituut en diensverskaffer vir Afrikaans in digitale kontekste en is in Februarie 2015 geregistreer as maatskappy sonder winsoogmerk. VivA se stigterslede is:

- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK);
- Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV);
- Die Dagbreek Trust (vanaf 2015 die Trust vir Afrikaanse Onderwys; TAO); en
- Noordwes-Universiteit (NWU).

Gedurende die konseptualiserings- en oprigtingsfase (2010–2014) van VivA moes strategiese besluite geneem word oor die produkte en dienste wat VivA aan eindgebruikers wil bied. Dit het gou geblyk dat daar geen literatuur in die openbare domein bestaan oor die verwagtinge en behoeftes van die Afrikaanse gemeenskap ten opsigte van Afrikaanse taalprodukte nie. Die enigste literatuur wat beskikbaar is, is meestal beperk tot baie spesifieke domeine (vergelyk Van Schouwenburg & Pienaar 2005), of tot algemene taalvoorkeure van Suid-Afrikaners (vergelyk Ntshingila 2006). Indien marknavorsing deur maatskappye gedoen is, word dit nie in die openbare domein beskikbaar gestel nie, waarskynlik ten einde 'n mededingende voordeel te behou.

Desgevolglik het ons in 2013 gerigte marknavorsing in die Afrikaanse taalgemeenskap gedoen om te bepaal wat die primêre markbehoefte is. Dié ondersoek is ook ondersteun deur sekondêre marknavorsing, d.i. literatuur- en websoektogte om algemene inligting oor die grootte van die potensiele mark te bepaal, beskikbare produkte en dienste te verken, ensovoorts. Hierdie sekondêre navorsing word nie verder in hierdie artikel bespreek nie, maar die leser word verwys na Jacobs et al. (2013) vir 'n redelik omvattende oorsig oor demografiese tendense in die Afrikaanse gemeenskap.

Die hoofdoel van hierdie artikel is om in hierdie hiaat te voorsien deur 'n beskrywing van VivA se primêre marknavorsing in die openbare domein beskikbaar te stel. Hierdie bevindinge sou as basis kon dien vir verdere navorsing, ten einde 'n meer omvattende of gedetailleerde blik op die taalgedrag en -behoefte van Afrikaanssprekendes te gee.

In afdeling 2 word 'n bondige totstandkomingsgeskiedenis van VivA geskets. In afdeling 3 word die navorsingsmetodologie van die empiriese navorsing uiteengesit, terwyl die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate in onderskeidelik afdeling 4 en 5 aangebied word. 'n Aantal van die insigte uit die primêre en sekondêre markondersoek word in afdeling 6 toegepas op die keuse van produkte, dienste en verspreidingskanale vir VivA. Die artikel sluit in afdeling 7 af met idees vir verdere markondersoek, en navorsings- en ontwikkelingsprioriteite vir die onmiddellike toekoms.

2. BONDIGE GESKIEDENIS

Sedert die totstandkoming van die SAAWK (voorheen *Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*) in 1909 word nie net wetenskap, tegnologie en kuns bevorder nie, maar ook die **gebruik en kwaliteit van Afrikaans**. Die Taalkommissie (TK) van die SAAWK was tot dusver die primêre agent vir die nastreef van hierdie doel, en die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) wat deur die TK saamgestel word, dien as instrument om aan taalgebruikers leiding te gee oor die gebruik van geskrewe, formele Standaardafrikaans. Die eerste uitgawe van die AWS is in 1917 gepubliseer, terwyl die tiende uitgawe in 2009 die lig gesien het. Die AWS as produk van die SAAWK kan gesien word as die oudste en belangrikste lewende erfstuk van Afrikaans.

Ná die publikasie van die tiende uitgawe van die AWS in 2009 het die TK besin oor hoe om Afrikaans in die een-en-twintigste eeu relevant en bruikbaar te hou. In gesprek met prof Rufus Gouws (Universiteit Stellenbosch; US) is voorlopig besluit dat die tyd aangebreek het om 'n omvattende, aanlyn grammatika van Afrikaans te ontwikkel, soortgelyk aan die bekende *Algemene Nederlandse Spraakkunst* (ANS; Haeseryn et al. 1997). 'n Beplanningsdinksrum is op 3 Junie 2011 by die kantoor van die SAAWK in Pretoria gehou, waar verskeie taalkundiges en taalpraktisyns oor so 'n projek besin het. By dié geleentheid is prof Gerhard van Huyssteen (NWU) as projekteier aangewys, terwyl proff Ernst Kotzé (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit; NMMU) en Rufus Gouws (US) as raadgevers benoem is.

Ongeveer dieselfde tyd het die bestuur van die NWU die behoefte uitgespreek om grootskaalse projekte vir Afrikaans en Setswana van stapel te stuur ten einde dié tale se hoë funksies te ontwikkel en uit te brei; prof Van Huyssteen is deur die bestuur genader om voorstelle rakende Afrikaans te maak. Teen hierdie agtergrond is die voorstel vir 'n Afrikaanse navorsings- en ontwikkelings-instituut, soortgelyk aan die Nederlandse Meertens Instituut (MI) in Amsterdam, gebore.

Uit gesprekke met prof Hans Bennis (MI) het dit aan die lig gekom dat die Nederlandse Organisasie voor Wetenskapelijk Onderzoek (NWO) €1.7 miljoen vir die periode 2011–2015 toegeken het aan die Taalportaalconsortium (bestaande uit die Meertens Instituut, Fryske Akademie, Universiteit Leiden en Instituut voor Nederlandse Lexicologie), met die doel om 'n omvattende, vergelykende grammatika vir Nederlands en Fries op te stel. In oorleg met die konsortium was dit duidelik dat dit waarskynlik vir almal voordelig sal wees indien Afrikaans op dieselfde manier beskryf word. In Januarie 2014 word 'n formele samewerkingsooreenkoms tussen die SAAWK en Meertens Instituut onderteken om samewerking op die Taalportaalprojek moontlik te maak.

Indertyd sê verskeie maatskappye en organisasies hulle (finansiële) steun aan dié inisiatief toe, waaronder (in alfabetiese volgorde) AfriForum, Afrikaanse Taalraad, Fonds Neerlandistiek, PUK-Kanselierstrust, Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) aan die NWU, en Vriende vir Afrikaans. Rapport en Radio Sonder Grense (RSG) verbind hulself tot mediavennote van VivA, terwyl LAPA

Uitgewers, Maroela Media, Protea Boekhuis, RSG en die webwerf WatKykJy onderneem om korpuse op VivA se webwerf beskikbaar te stel. Daar word ook met verskeie woordeboekskrywers en -uitgewers, waaronder die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) en Pearson (met betrekking tot die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT)), onderhandel om hulle woordeboekmateriaal op VivA beskikbaar te stel. Ook word vooraanstaande taalkundiges aan die NMMU, NWU, Universiteit van Johannesburg (UJ), Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) en US gekontrakteer om mee te werk aan die Taalportaal-projek. Met die substansiële finansiële ondersteuning vir 'n tydperk van vyf jaar van die ATKV, NWU, SAAWK en TAO word VivA op 2 Februarie 2015 as maatskappy sonder winsmotief geregistreer.

Op 17 Julie 2015 word VivA se webwerf (ontwikkel deur BlueTek Computers) en mobiele toepassing vir Android- en iOS-toestelle (ontwikkel deur CText en geborg deur die Atterbury Trust) geaktiveer en amptelik op RSG bekendgestel. Die tweede fase van die bekendstellingsveldtog het op 23 Oktober 2015 afgeskop, en tot en met die voorlê van hierdie artikel het VivA 2 366 intekenaars op die webwerf gehad, terwyl die mobiele toepassing 10 611 keer afgelaai is.

3. MARKNAVORSINGSMETODOLOGIE

Met die oog op 'n meer noukeurige omskrywing van die marksegmente van VivA, asook om 'n beter begrip te kry van die vraag-en-aanbod in die mark en markbehoefte, is 'n omvattende markondersoek in September 2013 in samewerking met die Departement Ondernemingsbestuur aan die Universiteit van Pretoria gedoen. Die doel van die marknavorsing was om die primêre Afrikaanse gebruiker se behoeftes beter te leer ken; daarom is die bevindinge beskrywend van aard in die vorm van frekwensieanalises van veranderlikes.

Östlund, Kidd, Wengström en Rowa-Dewar (2011) beklemtoon dat gemengde metodes van navorsing, waar kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes gekombineer word, toenemend erken word as die waardevolste metode omdat dit potensieel kan kapitaliseer op die onderskeie sterkpunte van kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings. Kwantitatiewe navorsing is gedoen deur aanlyn vraelyste aan potensiële Afrikaanse gebruikers te stuur. Die self-opgestelde proefvraelys is deur vyf potensiële verbruikers ingevul, waarna terugvoering ontvang en verwerk is om die vraelys meer gebruikersvriendelik te maak. 'n Totaal van 319 respondente het vrywillig die aanlyn vraelys voltooi, en beskrywende statistiek is gebruik ter ontleding van die data.

Kwalitatiewe navorsing is ook gedoen deur tien geselekteerde respondente aan 'n fokus-groepgesprek te laat deelneem. Tydens hierdie gesprek is 'n gestruktureerde vraelys gebruik wat bestaan het uit oop én geslote vrae. Oop vrae verskaf die geleentheid aan respondente om hulle eie menings en opinies te lug. Fokusgroepgesprekke word gebruik om te verseker dat antwoorde op al die vrae van elke respondent verkry word en gee ook aan die respondente die geleentheid om hulle eie gesprekke oor spesifieke temas te lei (Cooper & Schindler 2014). 'n Fokusgroepgesprek dien as 'n effektiewe manier om deur middel van ondersoekende interaksie die omvang en aard van behoeftes te verstaan, asook om die individue se gedrag, oortuigings en aannames op 'n dieper vlak as die beskrywende statistiese ontleding te bestudeer. Tydens die fokusgroepgesprek kon respondente breedvoerig kommentaar lewer op die VivA-konsep. Die fokusgroep het bestaan uit drie tersiêre studente, een dosent, twee hoërskoolleerlinge, twee persone wat hulself as taalliefhebbers bestempel het en twee persone vanuit die sakewêreld. Die demografiese profiel van die fokusgroep kan soos volg saamgevat word: Afrikaanssprekende (80% se huistaal was Afrikaans), wit (70% wit, 20% bruin en 10% swart) mans en vrouens (50% elk) tussen die ouderdomme 15-62 jaar.

4. KWANTITATIEWE BEVINDINGE

As dit kom by die betroubaarheid van kwantitatiewe navorsing is daar verskeie outeurs wat 'n bydrae lewer tot die terminologie. Joppe (2000:1) definieer betroubaarheid as: "Die mate waartoe resultate met die verloop van tyd konsekwent is en 'n akkurate voorstelling weergee van die totale populasie wat bestudeer word. As die resultate van 'n studie onder 'n soortgelyke metodologie herhaal word en konsekwent is, dan word die navorsingsinstrument as betroubaar beskou." Charles (1995) stem saam dat instrument- (vraelys)items se konsekwentheid bepaal word deur die toets-hertoets-metode (op twee verskillende tye). Hierdie kenmerk van die instrument verwys na die stabiliteit daarvan. As ons te doen het met 'n stabiele instrument, dan behoort die resultate soortgelyk te wees. 'n Hoë mate van stabiliteit dui op 'n hoë graad van betroubaarheid, aangesien dit beteken dat die resultate herhaal kan word. McDaniel en Gates (2001) wys daarop dat konsekwentheid deur interne betroubaarheid geëvalueer kan word, spesifiek deur die vermoë om soortgelyke resultate met behulp van verskillende steekproewe gedurende dieselfde tydperk te produseer.

Ten einde die interne konsekwentheid van die kwantitatiewe data te bepaal, is die oorspronklike steekproef (N=319) verdeel in twee ewekansige substeekproewe van ongeveer dieselfde grootte. Eerstens is die verspreiding van demografiese data (vrae 2 en 3) getoets vir beduidende verskille; nieparametriese toetse soos die chikwadraattoets van onafhanklikheid is gebruik. Versuim om die nulhipotese te verwerp, toon aan dat die twee substeekproewe uit dieselfde populasiegroep afkomstig is. In die tweede plek is 'n ewekansige toets vir beduidende verskille tussen die twee substeekproewe op ordinale data gedoen (vrae 8, 12, 15 en 17). Beduidende verskille is getoets deur die Mann-Whitney *U*-toets te gebruik. Versuim om die nulhipotese te verwerp, toon dat die twee substeekproewe soortgelyke resultate oplewer.


Tabel 1 toon 'n opsomming van die resultate van die nieparametriese toetse. Betekenisvolle waardes van meer as 0,05 dui daarop dat die nulhipotese (wat geen verskil of onafhanklikheid verklaar nie) nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp kan word nie. Die resultate dui duidelik aan dat die nulhipotese nie in een van die toetse verwerp kan word nie; dit dui dus op die interne konsekwentheid van die data.

TABEL 1: Statistiese bevestiging van interne betroubaarheid


Onafhanklike veranderlike: Ewekansige verdeling van die steekproef			
Afhanklike veranderlike	Toets	Beduidendh.	Verwerp H0
Ouderdomsgroep (Vraag 2)	Pearson-chikwadraat	0,209	Nee
Beroep (Vraag 3)	Pearson-chikwadraat	0,324	Nee
Gebruik van Engelse <i>Wiktionary</i> (Vraag 8)	Pearson-chikwadraat	0,805	Nee
Gebruik van Engelse <i>Wikipedia</i> (Vraag 12)	Pearson-chikwadraat	0,314	Nee
Ervaring met outomatiese vertaalhulp (Vraag 15)	Mann-Whitney U	0,131	Nee
Gebruik van Afrikaanse app/webblad (Vraag 17)	Pearson-chikwadraat	0,965	Nee

4.1 Demografie van die steekproef

Die teikengroep van VivA is Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners; 91% van die respondente se huistaal was dienooreenkomstig Afrikaans (vergelyk Figuur 1). Volgens Figuur 2 was 31% van die respondente tussen die ouderdom van 50 en 65 jaar, terwyl dié tussen die ouderdomsgroepe 30-39 en 40-49 elk 21% was.




Figuur 1: Afrikaans as huistaal (“Is jou huistaal Afrikaans?”)



Figuur 2: Ouderdomsgroep van respondente


Die teikengroep van VivA sluit mense in wat Afrikaans in sy hoë sowel as sy lae funksies gebruik, hoewel die primêre teikengroep daardie (potensiële) gebruikers is wat ook Afrikaans professioneel in hoëfunksiedomeine gebruik. Dié groep sluit vertalers, redigeerders, opvoeders, professionele persone, skrywers en musikante, joernaliste en dies meer in. Uiteraard gebruik hierdie gebruikers ook Afrikaans in laefunksiedomeine soos in sosiale kontekste of op sosiale media om in Afrikaans met mekaar te kommunikeer.

Die respondente se beroepe is van so 'n aard dat hulle oor die algemeen in die hoëfunksiedomein geklassifiseer kan word. Soos in Figuur 3 aangedui, is 25% van die respondente opvoeders van Afrikaans – hetsy in primêre-, sekondêre- of tersiêre onderrig. Vertalers, redigeerders of subredakteurs verteenwoordig 24% van die respondente.



Figuur 3: Respondente se beroepe

Die steekproef was helaas nie verteenwoordigend van die populasie van Afrikaanssprekendes nie: 93% van die respondente was afkomstig uit die wit bevolkingsgroep, terwyl die ander 7% saamgestel was uit die bruin, swart en ander bevolkingsgroepe. Vergelyk Figuur 4 in dié verband.




Figuur 4: Bevolkingsgroep van respondente

Die demografiese profiel van die vraelysrespondente kan dus soos volg saamgevat word: Afrikaanssprekende, wit hoëfunksiedomeingebruikers in die ouderdomsgroep 30-65 jaar.


4.2 Tegnologiegebruik

Met betrekking tot die gebruik van tegnologie (sien Figuur 5), het 51% van die respondente aangedui dat hulle rekenaars (lessenaar- en skootrekenaars) met die Microsoft Windows-bedryfstelsel gebruik om toegang tot die internet te verkry. Naas rekenaars word selfone die meeste gebruik (30%) vir internettoegang. Tablette word nog nie so algemeen gebruik nie: slegs 13% verkry toegang tot die internet op dié manier, met Apple- en Android-tablette kop aan kop met 'n gebruiksyfer van 6% elk.



Figuur 5: Internettoegangsmiddels


Die vraag is aan respondente gestel of hulle mobiele toepassings (oftewel apps) op hulle selfone/tablette/rekenaars vir vermaak- of werkdoeleindes gebruik (sien Figuur 6). Die meeste respondente (30%) het aangedui dat hulle sulke toepassings vir vermaak of persoonlike doeleindes gebruik. Ongeveer 26% van die respondente maak gebruik van mobiele toepassings vir beide werk en vermaak, terwyl 21% dit slegs vir werkdoeleindes gebruik. 72 van die respondente (23%) maak glad nie daarvan gebruik nie.



Figuur 6: Respondente se gebruike van mobiele toepassings (“Waarvoor gebruik jy apps?”)


4.3 Gebruik van kennisbronne en woordeboeke

’n Relatief insiggewende bevinding is dat slegs 11% van die respondente die Engelse *Wiktionary* gereeld (meerdere kere per week) gebruik, terwyl 33% van die respondente nie geweet het wat die Engelse *Wiktionary* is nie. Ongeveer 37% het aangedui dat hulle die Engelse *Wiktionary* nog nooit gebruik het nie, maar wel ander produkte gebruik. Hierdie resultate dui daarop dat daar wel ’n behoefte is aan digitale woordeboekprodukte, maar dat die Afrikaanse gebruikers nie van die gratis *Wiktionary*-produk bewus is nie.




Figuur 7: Gebruik van die Engelse Wiktionary (“Hoe gereeld gebruik jy die Engelse Wiktionary?”)

In vergelyking met die Engelse *Wiktionary* het bykans 63% van die respondente aangetoon dat hulle onbewus is van die bestaan van die Afrikaanse *Wiktionary*. Ongeveer 23% van die respondente het erken dat hulle nie die Afrikaanse *Wiktionary* gebruik nie, maar wel ander aanlyn produkte soos die WAT en Pharos se aanlyn woordeboeke.




Figuur 8: Gebruik van die Afrikaanse Wiktionary (“Hoe gereeld gebruik jy die Afrikaanse Wiktionary?”)

Die feit dat 51% van die respondente nie van die Afrikaanse *Wiktionary* geweet het nie (sien Figuur 9), dui daarop dat die bemarkingstrategie en bemarkingsimplementering van produkte en dienste baie belangrik sal wees om tegnologieopname te verseker. Ongeveer 14% van die respondente het aangedui dat hulle van ander Afrikaanse woordeboeke gebruik maak, terwyl 5% van respondente nie die kwaliteit van die Afrikaanse *Wiktionary* vertrou nie. 'n Verdere 3% van die respondente het gevoel dat die Afrikaanse *Wiktionary* te min Afrikaanse inskrywings bevat. Kwaliteit en reikwydte is dus ook faktore wat in gedagte gehou moet word wanneer produkte bemark word.




Figuur 9: Redes waarom die Afrikaanse *Wiktionary* nie gebruik was nie (“Hoekom gebruik jy nie die Afrikaanse *Wiktionary* meer gereeld nie?”)

Teenoor die onbekendheid van die Afrikaanse (en selfs Engelse) *Wiktionary* staan die hoë frekwensie waarteen die Engelse *Wikipedia* gebruik word. Soos aangedui in Figuur 10 word dit meerdere kere per maand deur 74% van die respondente gebruik.



Figuur 10: Gebruik van die Engelse *Wikipedia* (“Hoe gereeld gebruik jy die Engelse *Wikipedia*?”)

Soos in die geval van die Afrikaanse *Wiktionary*, het 'n groot deel van die respondente (36%) aangetoon dat hulle nie van die Afrikaanse *Wikipedia* bewus is nie (sien Figuur 11). Dit is wel belowend dat meer respondente van die Afrikaanse *Wikipedia* bewus is. Onses insiens suggereer dit dat die populariteit en gebruik van dienste soos die Afrikaanse *Wiktionary* én *Wikipedia* kan groei indien dit meer bekend word onder gebruikers, en indien die kwaliteit en reikwydte van sodanige dienste uitgebrei word.



Figuur 11: Gebruik van die Afrikaanse Wikipedia (“Hoe gereeld gebruik jy die Afrikaanse Wikipedia?”)

Aanlyn woordeboeke en woordelyste (soos *Pharos Aanlyn* en die aanlyn weergawe van die WAT) word oor die algemeen meer gebruik as die CD-ROM-weergawes van dié woordeboeke, ten spyte van die persepsie by sommige uitgewers dat dit belangrik is om woordeboeke op CD-ROM beskikbaar te stel. (Sien Tabel 2; respondente kon meerdere opsies kies. Let op dat die HAT nog nie aanlyn nie, maar slegs op CD-ROM beskikbaar was ten tyde van die marknavorsing.) Uiteraard moet in gedagte gehou word dat hierdie markondersoek aanlyn gedoen is en dat al die respondente dus wel toegang tot die internet het. Verdere navorsing sou gedoen moet word om te bepaal of CD-ROM's nog enigsins 'n lewensvatbare modus van aflewering is.

Dit is ook opvallend dat baie respondente (39%) gewoon na antwoorde soek deur dit te google, met ander woorde sonder om van 'n spesifieke diensverskaffer of produk gebruik te maak. Hierdie gedrag is nie ongewoon of verassend nie en hou belofte in vir die uitbreiding van die Afrikaanse *Wikipedia* en *Wiktionary*, aangesien Google se algoritme soekresultate van hierdie platforms hoog lys. Vir ander woordeboekplatforms impliseer dit ook dat Google-soekresultate moet toon dat meer inligting oor 'n gesoekte woord (soekstring) beskikbaar is op die bepaalde woordeboekplatform (selfs al sou dit beteken dat iemand ingeteken moet wees op daardie woordeboekplatform). As 'n gebruiker byvoorbeeld op Google na <spesifiseer> soek, sou hy/sy kon verwag dat die voorspellende teks of resultate aantoon dat 'n definisie of vertaling van dié woord op 'n bepaalde

woordeboekplatform beskikbaar is (soos wat byvoorbeeld gebeur as 'n mens na die Nederlandse <specificeren> soek). Dit is die verantwoordelikheid van die ontwikkelaar om 'n platform so te implementeer dat Google se algoritme resultate van daardie webwerf in die soekresultate kan insluit.


TABEL 2: Gebruik van bestaande elektroniese hulpmiddels

translate.google.com (<i>Google Translate</i>)	40%
As ek iets wil weet, google ek dit net.	39%
www.pharosonline.co.za (Pharos se aanlyn woordeboeke)	29%
www.woordelys.co.za (<i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i>)	25%
Afrikaanse Speltoetser (CTexT, Noordwes-Universiteit)	24%
e-HAT (elektroniese <i>Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal</i> ; CD-ROM)	21%
www.woordeboek.co.za (<i>Woordeboek van die Afrikaanse Taal</i>)	18%
www.thefreedictionary.com (<i>The Free Dictionary</i>)	15%
Pharos 5-in-1 (CD-ROM)	14%
Ander (noem soveel soos jy wil)	12%
Afrikaanse Tesourus (CTexT, Noordwes-Universiteit)	11%
Ek gebruik nie elektroniese taaldienste-/produkte nie.	11%
<i>Woordeboek van die Afrikaanse Taal</i> (CD-ROM)	10%
Afrikaanse Woordafbreker (CTexT, Noordwes-Universiteit)	10%
Grammatikatoetser (CTexT, Noordwes-Universiteit)	10%
Vertaalgeheuesagteware (soos byvoorbeeld <i>Autshumato</i> , <i>Trados</i> , <i>OmegaT</i> , ens.)	9%
WSpel (www.wspel.co.za; speltoetser)	8%
Pharos Speller (speltoetser)	8%
www.bing.com/translator (<i>Bing Translator</i>)	4%
<i>Etimologiewoordeboek van Afrikaans</i> (CD-ROM)	3%
Aspell (aspell.net; speltoetser)	1%
<i>Princeton WordNet</i> (wordnet.princeton.edu)	1%

4.4 Elektroniese taalhulpmiddels

Dit is verrassend dat *Google Translate* heel boaan die lys van mees gebruikte elektroniese hulpmiddels staan (vergeyk Tabel 2), aangesien daar dikwels 'n populêre persepsie is dat masjiënvertaling swak en onbruikbaar is. Figuur 12 dui die respondente se ervarings ten opsigte van outomatiese vertaalhulp, byvoorbeeld *Google Translate*, aan. Dit was duidelik dat die

meerderheid van respondente inderdaad negatief voel oor outomatiese vertaalhulp: 47% van die respondente is redelik negatief, negatief of baie negatief. Ofskoon die algemene gevoel negatief is, is dit tog verrassend dat soveel as 29% van die respondente wél positiewe ervarings met outomatiese vertaalhulp het. 'n Mens kan verwag dat dié belewenis in die toekoms met rasse skrede sal groei soos wat die kwaliteit van outomatiese vertaalhulp verbeter.



Figuur 12: Respondente se ervaring van outomatiese vertaalhulp ("Wat is jou ervaring met outomatiese vertaalhulp?")

Ten spyte van die redelike negatiewe belewenis met betrekking tot outomatiese vertaalhulp het 40% van die respondente aangedui dat hulle *Google Translate* ten minste een keer per maand gebruik, terwyl 'n verdere 9% aangedui het dat hulle ander vertaalgeheuesagteware (soos byvoorbeeld *Autshumato*, *Trados* of *OmegaT*) gebruik (sien Tabel 2). Dit skets 'n positiewe prentjie vir die toekoms van outomatiese vertaalhulp en is definitief 'n area waarin in die toekoms belê moet word. Om aan navorsers en ontwikkelaars leiding te gee oor rigtings wat hulle met hulle werk kan inslaan, is die respondente gevra wat hulle verwagtinge van outomatiese vertaalhulp is (sien Tabel 3; respondente kon meerdere opsies kies). Dit is duidelik dat daar geen enkele vereiste is wat ooglopend belangriker as ander vereistes is nie, maar dit blyk tog dat gebruikers tevrede is met vertalings wat nie perfek is nie. Dat 'n outomatiese vertaalhulpsisteem wel aanlyn beskikbaar moet wees, kan met stelligheid aanvaar word: 45% van die respondente het dit aangedui as 'n vereiste, terwyl slegs 24% aangedui het dat dit ook vanlyn beskikbaar moet wees.

TABEL 3: Respondente se verwagtinge oor outomatiese vertaalhulp

Dit moet aanlyn beskikbaar wees.	45%
Dit moet ten minste van Engels na Afrikaans kan vertaal.	41%
Dit moet ten minste van Afrikaans na Engels kan vertaal.	36%
Ek is tevrede met 'n vertaling waarvan die taal nie eksieperfeksie is nie – ek verander self die taagebruik soos ek daarvan hou.	34%
Dit is noodsaaklik dat meerdere Suid-Afrikaanse tale (soos Xhosa of Tswana) deel moet wees van die vertaalhulp.	33%
Ek is tevrede met 'n vertaling wat my help om naastenby te verstaan waaroor 'n dokument gaan.	28%
Die taagebruik van die vertaling moet baie goed wees – ek wil nie na die tyd aan die taal verander nie.	25%
Dit moet beskikbaar wees al het ek nie 'n Internetverbinding nie.	24%
Dit is noodsaaklik dat meerdere Europese tale (soos Spaans of Frans) deel moet wees van die vertaalhulp.	21%
Dit moet help om my dokumente en vertalings te orden.	21%
Ek het geen verwagtinge nie, want ek het dit nog nooit gebruik nie.	11%
Ander	4%


Op die vraag oor watter elektroniese Afrikaanse hulpmiddels die respondente in hulle versameling van hulpmiddels mis, het vier hulpmiddels duidelik na vore gekom (sien Tabel 4):

- **Aanlyn/mobiele weergawe van AWS:** Die feit dat 'n aanlyn weergawe of mobiele toepassing van die AWS eerste gelys word (deur 51% van die respondente) kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die respondente gewerf is via die TK se Facebookblad. 'n Veilige afleiding om uit hierdie bevinding te maak, sou wees om te sê dat gebruikers wel 'n behoefte het aan 'n gesaghebbende aanlyn en/of mobiele bron oor die Afrikaanse spel- en skryfwyse.
- **Afrikaanse Grammatikatoetser:** Hoewel daar wel 'n Afrikaanse grammatikatoetser vir Microsoft Word beskikbaar is (CTeXt 2008), is dit duidelik dat gebruikers behoefte het aan 'n goeie grammatikatoetser – een wat kwaliteitsgewys waarskynlik vergelyk kan word met die Engelse grammatikatoetser in Microsoft Word. Hierdie inligting kan as motivering dien vir die ontwikkelaars van die bestaande grammatikatoetser om dit verder te verbeter.
- **Terminologiebank:** 44% van die respondente het aangedui dat hulle 'n behoefte het aan 'n omvattende, aanlyn terminologiebank, terwyl 23% aangedui het dat hulle programmatuur sou wou hê wat help om terminologie te bestuur.
- **Outomatiese vertaalhulpmiddel:** Ter bevestiging van ander resultate wat hierbo beskryf is, het 41% van die respondente genoem dat hulle outomatiese vertaalhulp wat beter as *Google Translate* is, sal gebruik. 'n Addisionele 19% van die respondente het ook aangedui dat hulle vertaalhulpmiddels wat ander Suid-Afrikaanse tale insluit, sou gebruik, en 16% sal dit graag aanlyn wil gebruik.

TABEL 4: Gapings in die arsenaal van elektroniese taalhulpmiddels


'n Aanlyn weergawe of mobiele toepassing van die <i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i>	51%
'n Goeie Afrikaanse grammatikatoetser	47%
'n Omvattende, aanlyn terminologiebank	44%
Outomatiese vertaalhulpmiddel (wat beter vaar as <i>Google Translate</i>)	41%
'n Groot versameling Afrikaanse tekste ('n korpus) wat ek kan gebruik om te deursoek vir taalpatrone	28%
'n Meer uitgebreide weergawe van die Afrikaanse <i>Wikipedia</i>	27%
Sagteware om te help met die bestuur van terminologie	23%
Outomatiese vertaalhulpmiddel (wat ander Suid-Afrikaanse tale insluit)	19%
Aanlyn sagteware wat vertaalgeheue opbou en stoor (byvoorbeeld aanlyn weergawes van <i>Autshumato</i> , <i>Trados of OmegaT</i>)	16%
Sagteware wat outomatiese opsommings kan maak van lang dokumente	15%
Sagteware wat die leesbaarheid van 'n dokument kan bepaal	11%
'n Meer uitgebreide weergawe van die Afrikaanse <i>Wiktionary</i>	10%
Ander	6%

Daar is ook aan respondente gevra of hulle gebruik sal maak van 'n webwerf of mobiele toepassing waar hoëkwaliteitinligting rakende Afrikaans beskikbaar gestel word. Die respondente was relatief positief oor hierdie moontlikheid, aangesien 40% aangedui het dat hulle van so 'n mobiele toepassing of webblad sal gebruik maak, mits dit gratis is (sien Figuur 13). Ongeveer 14% van die respondente was bereid om 'n eenmalige bedrag van R100 vir so 'n mobiele toepassing/webblad te betaal, terwyl 18% van die respondente aangedui het dat hulle hoogstens R100 per jaar sal betaal. Daar was ook 15% van die respondente wat aangedui het dat hulle nie sal omgee om markverwante pryse vir hoëkwaliteitinligting in Afrikaans te betaal nie. Die respondente wat glad nie van so 'n mobiele toepassing of webblad gebruik sal maak nie, is in die minderheid met 7%.



Figuur 13: Gebruik van die mobiele toepassing/webblad vir hoëkwaliteitinligting in Afrikaans (“Sal jy ’n webwerf of app gebruik waar hoëkwaliteitinligting rakende Afrikaans beskikbaar gestel word?”)

Hierdie bevindinge stem ooreen met die respondente se gevoel oor ’n taaladviesdiens waar hulle hulp by ’n menslike ekspert kan kry: 43% van die respondente het aangedui dat hulle so ’n gratis diens sal gebruik (sien Figuur 14).



Figuur 14: Gebruik van ekspert vir taaladvies (“Sal jy van ’n diens gebruik maak waar jy hoëkwaliteitinligting rakende Afrikaans by ’n ekspert kan kry?”)

4.5 Inferensiële statistiek

In Tabel 5 en 6 word chikwadrattoetse uitgevoer op vyf verskillende veranderlikes, naamlik (1) die tegnologieë wat toegang tot die internet verleen; (2) ervaring met outomatiese vertaalhulp; (3) verwagting van outomatiese vertaalhulp; (4) behoefte aan elektroniese taalprodukte en dienste; en (5) elektroniese hulpmiddels wat gemis word in die arsenaal van elektroniese taalhulpmiddels. Hierdie veranderlikes word vergelyk met ouderdomsgroepe (sien Tabel 5) en beroepskategorieë (sien Tabel 6) om statisties betekenisvolle verskille te bepaal.

TABEL 5: Betekenisvolle verskille tussen die verskillende ouderdomsgroepe rakende elektroniese taalprodukte en -dienste

Veranderlike	Frekwensie				Chi-kwadrat-waarde	p-waarde
	14 – 29 jaar	30 – 49 jaar	50 – 65 jaar	Ouer as 65 jaar		
Tegnologieë wat toegang tot die internet verleen	63	135	97	22	88.74	0.06
Ervaring met outomatiese vertaalhulp	62	132	93	20	43.59	<0.001***
Verwagting van outomatiese vertaalhulp	62	132	93	20	38.09	0.05***
Behoeftte aan elektroniese taal-dienste en produkte	60	125	87	20	87.88	0.28
Elektroniese hulpmiddels wat gemis word in die arsenaal van elektroniese taalhulpmiddels	58	120	84	20	31.56	0.88

P *** Statisties beduidende verskil

$\alpha < 0.05$ (95 % betroubaarheidsvlak)

$\alpha < 0.001$ (99 % betroubaarheidsvlak)

Uit Tabel 5 is dit duidelik dat daar statisties betekenisvolle verskille tussen die verskillende ouderdomsgroepe en hulle ervaring en verwagting van outomatiese vertaalhulp is. Respondente wat in die 30-49-ouderdomsgroep val, het meer ervaring van outomatiese vertaalhulp as respondente in die ander ouderdomsgroepe. Ook het die 30-49-ouderdomsgroep 'n groter verwagting van outomatiese vertaalhulp as die ander ouderdomsgroepe. Dit is 'n interessante bevinding dat daar egter nie 'n statisties betekenisvolle verskil ten opsigte van die respondente se behoefte aan elektroniese taalprodukte en -dienste is nie, wat kan beteken dat al die ouderdomsgroepe 'n ewe groot behoefte daaraan het.

TABLE 6: Betekenisvolle verskille tussen die verskillende beroepskategorieë rakende elektroniese taalprodukte en -dienste

Veranderlike	Frekwensie						Chikwadratwaarde	p-waarde	
	Graad 1 – 12-skoolleerling	Tersiere student	Opvoeder (onderwyser of dosent)	Vertaler, redigeerder en subredakteur	Joernalis, kopieskrywer, skepper van oorspronklike tekste	Afgetredene			Ander beroepe
Tegnologieë wat toegang tot die internet verleen	11	29	80	77	37	18	65	70.43	0.85
Ervaring van outomatiese vertaalhulp	11	29	77	74	37	17	62	41.78	<0.001***
Verwagting van outomatiese vertaalhulp	11	29	77	74	37	17	62	58.54	<0.001***
Behoeftte aan elektroniese taal-dienste en produkte	10	29	74	74	33	17	55	182.04	<0.001***
Elektroniese hulpmiddels wat gemis word in die arsenaal van elektroniese taalhulpmiddels	10	29	71	71	32	15	54	69.92	0.07

P *** Statisties beduidende verskil
 $\alpha < 0.05$ (95 % betroubaarheidsvlak)

$\alpha < 0.001$ (99 % betroubaarheidsvlak)

Uit Tabel 6 is dit duidelik dat daar ook statisties betekenisvolle verskille tussen die verskillende beroepskategorieë en hulle ervaring en verwagting van outomatiese vertaalhulp is. Respondente wat opvoeders; en vertalers, redigeerders en subredakteurs is, het meer ervaring van outomatiese vertaalhulp as respondente in die ander beroepskategorieë. Dié twee groepe het ook 'n groter verwagting van outomatiese vertaalhulp as respondente in die ander kategorieë. Op grond hiervan het ons verwag dat daar ook 'n statisties betekenisvolle verskil ten opsigte van die respondente se behoefte aan elektroniese taalprodukte en -dienste moet wees. Dit beteken dat opvoeders; en vertalers, redigeerders en subredakteurs 'n groter behoefte aan elektroniese taalprodukte en -dienste het as die respondente in die ander beroepskategorieë.

5. KWALITATIEWE BEVINDINGE

Die VivA-konsep is omvattend aan die fokusgroep verduidelik, en hulle anonimiteit is verseker deurdat hulle insette slegs met behoud van hulle anonimiteit gebruik sou word. Daar is aan die tien geselekteerde respondente verduidelik dat hulle vrywillig aan die fokusgroep deelneem en dat hulle op enige stadium kon onttrek; hulle het geen insentief ontvang nie. Mondelinge toestemming is vanaf elke respondent verkry om 'n opname van die fokusgroeppesprek te maak, asook om hulle aanhalings in notas vas te lê en te gebruik op voorwaarde dat hulle anonimiteit verseker word.

Die terugvoer het grotendeels gefokus op die positiewe sowel as negatiewe aspekte van die VivA-konsep, soos wat dit tydens die kontakssessie onder hulle aandag gekom het. Volgens Kritzinger (1995) is fokusgroeppesprekke veral toepaslik wanneer die onderhoudvoerder 'n reeks van oop vrae aan die respondente rig, juis om hulle aan te moedig om die sake van belang in hul eie woordeskat te verken. Die data word daarvolgens geanaliseer, en temas word gegenereer.

Die fokusgroeppesessie het een tot twee uur geduur en is daarna getranskribeer, gekodeer en ontleed om sleuteltemas wat verband hou met VivA te bepaal. Eerste- en tweedevlakkodering is gebruik om die temas te identifiseer. Geloofwaardigheid en betroubaarheid is verkry deur ander akademië wat in kwalitatiewe navorsing spesialiseer, te betrek om die vrae aan die fokusgroeppespondente na te gaan. Hierdie akademië het ook die kodes en temas geverifieer. Respondentrefleksies is ook gedoen, waardeur respondente bevestig het dat die kodering met die bevindinge ooreengekom het. Tracy (2010) stel dat respondentweerspieëling 'n belangrike vorm van geloofwaardigheid is, deurdat dit 'n verband tussen die bevindinge van die navorser en die begrip van die respondente wat bestudeer word, bepaal.

5.1 Die generering van temas

Die volgende sewe temas is in die fokusgroeppesprek geïdentifiseer:

- **Toegang en gebruik van mobiele en stasiese apparatuur:** Die meeste respondente kry toegang tot die internet vanaf beide mobiele en stasiese apparatuur, byvoorbeeld hulle selfone of rekenaars, hoewel tablette ook gebruik word; laasgenoemde word merendeels gebruik vir persoonlike en sosiale doeleindes. Respondente het aangedui dat hulle meestal werksgeoriënteerde programmatuur op hulle rekenaars gebruik – dit sluit woordeboeke en so meer in. Selfone word oor die algemeen meer gebruik vir persoonlike, vermaak- en sosiale doeleindes, maar kan ook vir werksdoeleindes aangewend word. Selfone kan veral aangewend word wanneer die persoon 'n woord of stelling vinnig wil nagaan.
- **Bekendheid met en gebruik van Wiktionary:** Beide die Engelse en Afrikaanse weergawe van *Wiktionary* is óf onbekend aan die respondente, óf nie deur die respondente as 'n topgehaltehulpmiddel beskou nie. Die feit dat die gehalte van *Wiktionary* nie deur die respondente vertrou word nie, is ook bespreek. Volgens die respondente word die Engelse *Wiktionary* nie so gereeld gebruik nie, aangesien dit baie makliker is om eerder Google of ander aanlyn Engelse woordeboeke te gebruik. Die respondente is dit eens dat dit moeiliker is om relevante inligting in die Engelse *Wiktionary* te vind as in ander woordeboektoepassings of -webblaaie (byvoorbeeld TheFreeDictionary.com). Ontwikkelers van woordeboektoepassings en -webblaaie moet dus in gedagte hou dat gebruikers vertrou is met die wyse waarop woordeboekinligting tradisioneel aangebied word en dat daar dus nie te veel van dié norm afgewyk moet word nie. Geen van die respondente is vertrou met die Afrikaanse *Wiktionary* nie en het ook erken dat hulle nie sommer van

die Afrikaanse *Wiktionary* gebruik sal maak nie. Dieselfde redes as vir die gebruik van die Engelse *Wiktionary* geld hier. Die hoërskoolleerlinge en tersiêre studente is daarteen gekant vanweë die feit dat enige persoon op *Wiktionary* data kan verander. Die studente en dosent het daarop gewys dat die webblaai of toepassings van gevestigde uitgewers (soos Pharos of Dictionary.com) eerder gebruik sal word, omdat dit meer gesaghebbendheid dra.

- **Bekendheid met en gebruik van Wikipedia:** Die Engelse *Wikipedia* word meer deur die respondente gebruik (ook gemiddeld een of meer kere per week), maar gewoonlik nie vir skool- of werksdoeleindes nie. Die meeste van die respondente het aangedui dat hulle dit slegs gebruik as hulle interessante inligting op die internet wil vind en so gou as moontlik meer van die onderwerp te wete wil kom. Respondente het ook aangedui dat sou *Wikipedia* vir werks- of skooldoeleindes gebruik word, dit net die vertrekpunt van 'n reeks soektogte op die internet is: *Wikipedia* word slegs deur hulle gebruik om verwysings na ander relevante webblaai of soekterme te verkry. Die Afrikaanse *Wikipedia* word hoegenaamd nie deur die fokusgroep gebruik nie, en slegs een van die respondente het geweet dat 'n Afrikaanse *Wikipedia* beskikbaar is.
- **Behoeftes aan outomatiese vertaalhulp:** Die individuele ervaring van outomatiese vertaalhulp is oor die algemeen redelik negatief – verrassend genoeg veral onder die jonger respondente. Hoewel die outomatiese vertaalhulp *Google Translate* meestal deur die respondente gebruik word, word dit bloot net as 'n hulpmiddel beskou. Woorde en sinne word vertaal deur *Google Translate*, maar die gebruiker redigeer self die teks sodat die inhoud taalkundig korrek is. Volgens die respondente is daar 'n behoefte vir 'n produk wat veral die konteks en sinskonstruksie van die inhoud kan verstaan en vertaal. Tydens die gesprek is aangedui dat outomatiese vertaalhulp veral vinnig moet wees, maar ook van so 'n gehalte dat die gebruiker naastenby kan verstaan waaroor 'n dokument gaan. Dit moet ten minste van Afrikaans na Engels en van Engels na Afrikaans kan vertaal en moet aanlyn beskikbaar wees. Die respondente het ook genoem dat hulle nie van so 'n produk gebruik sal maak as hoë kostes daaraan verbonde is nie – hulle sal dan eerder aanhou om *Google Translate* of 'n ander gratis vertaalhulpmiddel te gebruik. Veral die hoërskool- en tersiêre studente het genoem dat hulle nie sal betaal vir so 'n toepassing nie. Die respondente het verder genoem dat hulle wel 'n eenmalige bedrag sal betaal vir 'n aanlyn vertaaldiens vir spesifieke projekte waar hoëgehaltevertaling binne 'n sekere tydperk verwag word.
- **Bekendheid met en gebruik van die aanlyn AWS:** Die respondente het verskillende menings oor die aanlyn AWS gehad. Die jonger garde het almal genoem dat hulle nie die AWS sal gebruik nie, selfs al is dit verniet. Die vermoede is dat die AWS nie so bekend en gesaghebbend onder jonger mense is nie, en/of dat hulle na meer inligting as slegs spellingleiding soek. Die ouer respondente het groot belangstelling in die aanlyn AWS getoon en was bereid om daarvoor te betaal – 'n eenmalige R100.00 aansluitingsfooi, of selfs R100.00 per jaar.
- **Aanlyn taaladvies en ander voorstelle:** Vir toegang tot definisies en vertalings van woordegebruik het die respondente meestal Pharos se aanlyn woordeboeke en/of *Google Translate* (selfs vir vertalings van enkelwoorde) verkies. Net twee van die respondente gebruik woordeboeke op CD-ROM's, waarvoor hulle betaal het. Daar is 'n persepsie onder die respondente dat die inligting wat hulle benodig êrens gratis op die internet beskikbaar is en dat hulle slegs die soektog na daardie inligting moet verbeter. Sommige respondente het ook daarop gewys dat dit veral by die skool of huis somtyds makliker

is om 'n papierwoordeboek te gebruik as om inligting aanlyn te soek. Slegs een respondente in die fokusgroep was deel van 'n groep wat aanlyn taaladvies op Facebook verskaf. Die betrokke respondente het die Facebookgroep verlaat, omdat die groep te informeel was en die besprekings soms onprofessioneel en persoonlik geraak het. Die inligting wat verskaf word, is ook nie altyd akkuraat of gesaghebbend nie, aangesien baie van die deelnemers aan sulke groepe maar net raai wat die antwoord op 'n vraag is, of dink dat dit 'n openbare stemming is om te besluit “wat reg lyk, klink of voel”. Die jonger respondente het ook genoem dat hulle ongemaklik voel om aanlyn hulp te soek – veral met betrekking tot Afrikaanse taalkwessies. Volgens die respondente laat “taalpuriste” op Afrikaanse webblaaie of Facebookgroepe (maar ook elders op Facebook, soos in hulle eie plasings of waar hulle kommentaar lewer) hulle “minderwaardig en dom” voel, aangesien die respondente hulle tale meng of nie altyd die “korrekte” Afrikaans kan gebruik nie. Dit is baie negatief ervaar, en hulle het aangedui dat hulle nie van 'n diens gebruik sal maak waar sulke “taalpuriste” hulle (in die openbaar) kan verneder nie. Die idee van hoëkwaliteits taaladvies wat deur 'n menslike deskundige verskaf word, is in 'n baie goeie lig gesien deur veral die ouer respondente. Die ouer respondente het ook geen probleem daarmee om daarvoor te betaal nie, hetsy 'n eenmalige of jaarlikse bedrag. Die studente het gesê hulle sal dit gebruik vir take en so meer as dit verniet is en hulle vinnige terugvoer op vrae wil ontvang. Van die respondente het weer verwys na die idee dat hulle 'n dokument aanlyn aan 'n persoon kan stuur, wat die inhoud dan vertaal of redigeer.

- **Vertroue in en voorstelle vir VivA:** In die gesprek oor VivA is aangedui dat die woord “instituut” in VivA se naam uiters belangrik is, aangesien dit tot die gesaghebbendheid van VivA sal bydra. Daar is ook genoem dat die vertroue in VivA sal toeneem indien VivA deur sekere universiteite en maatskappye ondersteun word. Die jonger individue het daarop gewys dat die gebruik van VivA se webblad op 'n manier met pret moet verband hou; speletjies en veral vasvrae is goed ontvang as opsies wat gebruik kan word, terwyl die taalgebruik op die webblad maklik verstaanbare, alledaagse Afrikaans moet wees – nie hogere Afrikaans nie. 'n Idee wat baie goed ontvang is, is dié van 'n blad waar mense voorstelle vir Afrikaanse sinonieme kan gee, of voorstelle vir Afrikaanse vertalings van nuwe Engelse woorde. Die voorstelle waarvan die meeste gebruikers hou, kan dan in 'n woordeboek opgeneem word. Die respondente het voorgestel dat so 'n diens of projek veral van sosiale media gebruik maak, op voorwaarde dat dit “sonder die neerhalendheid van sommige Facebookgroepe” moet geskied. Die respondente het deur die bank 'n baie positiewe reaksie getoon op die VivA-konsep. Die meeste van hulle het gesê hulle wens die VivA-produkte en -dienste was reeds beskikbaar, want hulle het reeds dokumente of projekte waarvoor hulle VivA sou kon gebruik, veral met betrekking tot vertaling.

6. INTERPRETASIE EN TOEPASSING

Gegewe bostaande markondersoek, kon keuses gemaak word ten aansien van die produk- en diensaanbod van VivA, wat hieronder aan die hand van pertinente vrae bespreek word.

6.1 Watter produkte en dienste moet aangebied word om aan die markbehoefte te voldoen?

Hier bo is die topvierbehoefte uitgelig; VivA het besluit om soos volg op elk te reageer:

- **Aanlyn/mobiele weergawe van AWS:** Ná onderhandeling met die uitgewer van die AWS, Pharos, is ooreengekom dat die woordelysgedeelte van die AWS gratis beskikbaar gestel mag word in 'n toepassing, maar nie op VivA se webwerf nie. Die volledige weergawe (insluitend reëls) sal vanaf 2017 op Pharos se aanlyn platform (pharosaanlyn.co.za) beskikbaar gestel word.
- **Afrikaanse Grammatikatoetser:** Aangesien CText reeds 'n Afrikaanse grammatikatoetser vir Microsoft Word ontwikkel het (CText 2008), is daar besluit dat verdere ontwikkelingswerk aan CText oorgelaat sal word. In die toekoms sal daar met hulle saamgewerk word om die moontlikheid te ondersoek om die grammatikatoetser as 'n aanlyn webdiens aan te bied, geïntegreerd met ander skryfhulpmiddels.
- **Terminologiebank:** 'n Weergawe van die *Autshumato*-terminologiebestuurstelsel is op VivA se bedieners geïnstalleer. Die stelsel word nie net gebruik vir VivA se projekte nie (soos byvoorbeeld om 'n databasis van veel voorkomende taalvrae saam te stel), maar is ook gratis tot beskikking van ander terminologieprojekte wat nie per se by VivA geaffilieer is nie.
- **Outomatiese vertaalhulpmiddel:** Soos in die geval van die grammatikatoetser, word die ontwikkeling van outomatiese vertaalhulpmiddels oorgelaat aan ander rolspelers, soos CText. VivA sal wel die moontlikhede ontgin om aanlyn, webgebaseerde implementasies van sulke vertaalhulpmiddels op sy webblad beskikbaar te maak.

Ten einde aan die geïdentifiseerde markbehoefes te voldoen, sluit VivA se aanvangsprodukte en -dienste (vanaf 2015) die volgende in:

- **Woordeboekportaal**, waar gebruikers in 'n verskeidenheid gratis woordeboeke (soos *Tweetalige Kuberwoordeboek* en *Wat praat jy!*, beide van Protea Boekhuis) en kommersiële woordeboeke (soos die WAT en HAT) na woorde kan soek;
- **Taalportaal**, waar gebruikers meer kan leer oor die fonologie, morfologie en sintaksis van Afrikaans;
- **Adviesportaal**, waar gebruikers direk vrae kan stel aan VivA se taaladviseur;
- **Korpusportaal**, waar gebruikers in groot versamelings tekste (geskrewe korpusse en getranskribeerde weergawes van gesproke korpusse) na patrone van taalgebruik kan soek; en
- **Inligtingsportaal**, waar gebruikers toegang kry tot nuttige skakels, aan kompetisies kan deelneem en gereelde blogs kan lees.

Vanaf 2016 sal twee addisionele portale beskikbaar gestel word:

- **Tegnologieportaal**, waar gebruikers toegang kan kry tot aanlyn, webgebaseerde tegnologieë (soos byvoorbeeld 'n masjienvertaalsisteem) en demonstrasiemodelle van taaltegnologieë (byvoorbeeld die spraaksintese-tegnologie wat aan die Wetenskaplike en Industriële Navorsingsraad ontwikkel is); en
- **Opleidingsportaal**, waar gebruikers aan webinare kan deelneem, podsendinge van kort opleidingskursusse kan aflaai, en moontlik toegang kan kry tot 'n taalaanleerprogram wat in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat ontwikkel word.

Hierdie produkte en dienste word op drie maniere aan eindgebruikers beskikbaar gestel:

- **Webwerf (viva-afrikaans.org):** Gebruikers moet gratis registreer en het dan toegang tot 'n verskeidenheid gratis produkte en dienste, of hulle kan ook inteken op 'n aantal premium produkte en dienste;

- **Woordeboekportaal- mobiele toepassing** (Android en iOS): Gebruikers kan die mobiele toepassing gratis aflaai om vanlyn toegang tot 'n verskeidenheid woordeboeke te kry; en
- **Sosiale media:** VivA gebruik Facebook, Twitter, Instagram en YouTube om met eindgebruikers te kommunikeer (byvoorbeeld as deel van die taaladviesdiens) en 'n bewustheid van VivA se produkte en dienste te skep.

Benewens die produkte en dienste wat op die publiek gerig is, is ook onder andere die volgende stelsels geïmplementeer om die bestuur van VivA en sy projekte te ondersteun:

- **Terminologiebestuurstelsel:** Die aanlyn *Autshumato*-terminologiebestuurstelsel (wat deur CText vir die Departement Kuns en Kultuur ontwikkel is en gratis beskikbaar is in die oopbronskodedomein) is geïmplementeer om alle terminologieprojekte te ondersteun. Nie net word eksterne woordeboekmateriaal (soos die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* van die Buro van die WAT) hierop gehuisves nie, maar al VivA se eie woordeboekmateriaal word ook hierop ontwikkel. Soos hierbo genoem, is hierdie platform ook gratis tot beskikking van ander terminologieprojekte wat nie per se by VivA geaffilieer is nie – dit word gesien as 'n gratis diens om die ontwikkeling van Afrikaanse terminologie te stimuleer en ondersteun.
- **Vraelysstelsel:** Bestaande aanlyn vraelysstelsels (soos Qualtrics.com of Monkeysurvey.com) word streng beperk as dit gratis aangebied word, of lisensies vir onbeperkte gebruik is buitensporig duur (veral binne die Suid-Afrikaanse konteks). Die LimeSurvey-platform (wat gratis beskikbaar is in die oopbronskodedomein) is dus op VivA se bedieners geïnstalleer en word gratis aan taalkundenavorsers beskikbaar gestel.
- **Foutsporingstelsel:** Om sistematiese kommunikasie tussen verskillende sisteemontwikkelaars te ondersteun, is die aanlyn Bugzilla-platform (wat ook gratis in die oopbronskodedomein beskikbaar is) geïmplementeer.
- **Forumstelsel:** Die TK gebruik al 'n aantal jare 'n geslote forumstelsel waar besprekings tussen sittings gevoer word. Dié forum is oorgeskakel na VivA se bediener, en soortgelyke fora is geskep vir lede van die Afrikaanse Taalportaalprojek en ander groepe binne VivA.
- **Lêerbestuurstelsel:** Dropbox is gekies as die sisteem waarmee lêers in VivA bewaar en bestuur word.
- **Vergaderingstelsel:** Aangesien VivA se medewerkers oor die hele land en wêreld verspreid is, word gereelde virtuele vergaderings met behulp van die Adobe Connect-stelsel gehou. Dié platform sal ook in die toekoms vir webinar gebruik word.

6.2 Hoe moet die kostemodel daar uitsien?

Die marknavorsing het duidelik laat blyk dat die oorgrote meerderheid respondente verwag dat produkte en dienste gratis moet wees, veral aangesien hulle gewoon is aan soortgelyke produkte en dienste wat gratis in Engels beskikbaar is. Die verstekstelsel is dus 'n gratis model: soveel as moontlik inhoud word deur finansiering gesubsidieer en dan gratis aan gebruikers beskikbaar gestel.

Daar is drie uitsonderings op dié model:

- **Kommersiële woordeboeke:** Sommige (kommersiële) uitgewers (soos die Buro van die WAT en Pearson) is afhanklik van inkomste wat deur die verkoop van hulle woordeboeke gegenereer word. Sulke woordeboeke word op VivA se webblad beskikbaar gestel teen 'n jaarlikse intekentaryf, soortgelyk aan die intekentaryf op die betrokke uitgewer se eie webblad.

- **Korpusportaal:** Gebruikers moet R100 per jaar betaal om toegang tot die korpussoektoegplatform te kry. Op dié manier wil VivA verhoed dat enige persoon (die breë publiek) soektoegte op die platform kan doen, aangesien hoëvlakkennis vereis word om die platform te gebruik. As ondersteuning vir sulke eindgebruikers gebied moet word, sal dit hoë kostes kon impliseer. Boonop is dit 'n meganisme om die korpusverskaffers te beskerm en aan hulle verslag te kan doen: as eindgebruikers spesifiek inteken en betaal vir toegang tot die Korpusportaal, verseker dit beter beheer oor wie die korpusse gebruik.
- **Adviesportaal:** In beginsel word die taaladviesdiens ten volle deur VivA gesubsidieer. Om egter te verhoed dat mense onnodige vrae aan die taaladviseur stel (byvoorbeeld sonder om eers self na antwoorde te soek op die webwerf), of om poetsbakkers hok te slaan, is 'n kredietstelsel geïmplementeer. Gebruikers wat op VivA se webwerf registreer, kry 'n aantal gratis krediete per jaar; vir elke vraag aan die taaladviseur word vyf krediete "betaal". Indien 'n gebruiker nie meer krediete het nie, kan ekstra krediete in die winkel aangeskaf word.

6.3 Watter modi van aflewering moet gebruik word?

Die primêre en sekondêre marknavorsing het aangetoon dat byna alle respondente toegang tot die internet het. Die verstekmodus vir aflewering is dus aanlyn. Die sekondêre marknavorsing het egter ook getoon dat skoliere nie altyd aan die internet verbind is nie, en daarom is besluit om ook 'n vanlyn mobiele toepassing, wat spesifiek op skoliere gerig is, beskikbaar te stel.

7. GEVOLGTREKKING

Benewens die direkte implikasie wat hierdie marknavorsing op die Afrikaanse taalgbruiker het (d.i. dat daar verskeie nuwe gebruikersvriendelike produkte beskikbaar gestel kon word wat spesifiek op hulle geïdentifiseerde behoeftes afgestem is), maak dit ook vir die eerste keer inligting in die openbare domein aan ander navorsers, ontwikkelaars en finansiers beskikbaar. Hierdie navorsing kan as vertrekpunt geneem word vir verdere markondersoek, asook vir leiding met betrekking tot navorsings- en ontwikkelingsprojekte.

- **Markondersoek:** Enige markondersoek moet veral twee aspekte verreken, naamlik vraag en aanbod. Met betrekking tot die vraag in die mark, is dit die doel om te bepaal wat die behoeftes van eindgebruikers is; dié soort navorsing is in beginsel oneindigend, aangesien gebruikers se behoeftes verander soos wat nuwe tegnologieë of hulpbronne ontwikkel word. Dit is dus belangrik om op 'n gereelde basis navorsing soos hierdie te herhaal, aangesien dit 'n mens insig sal gee in veranderende neigings onder gebruikers. So byvoorbeeld het die meerderheid respondente nog die BlackBerry-bedryfstelsel gebruik ten tyde van data-insameling van hierdie ondersoek, terwyl dit ten tyde van publikasie alombekend is dat BlackBerry nie meer die mees gebruikte bedryfstelsel onder Suid-Afrikaners is nie; Mxit was in 2013 nog 'n afleweringmodus om mee rekening te hou, maar in 2015 het die maatskappy aangekondig dat hy nie meer sake gaan doen nie (Mzekandaba 2015). Toekomstige marknavorsing moet dus voortdurend ook dié soort vrae bly beantwoord.

Met betrekking tot die aanbod, is dit belangrik dat tegnologie-oudits ook op gereelde grondslag gedoen word. In 2010 is 'n omvattende oudit van die mensetaaltechnologie-landskap in Suid-Afrika gedoen en is bevind dat Afrikaans van al die Suid-Afrikaanse tale die sterkste staan (Sharma Grover, Van Huyssteen en Pretorius 2011). Intussen is

nuwe tegnologieë en hulpbronne vir Afrikaans ontwikkel, en so 'n tegnologieoudit sal dus binnekort weer uitgevoer moet word. 'n Tegnologieoudit moet egter nie net op mensetaal tegnologieë fokus nie, maar ook op beskikbare programmatuur, mobiele toepassings en webwerwe (Van Huyssteen 2015). Die aanpassing moet ook voortdurend gemaak word teen die agtergrond van die eksponensiële groei in tegnologiese ontwikkeling van beide apparatuur en programmatuur, waar gebruikersgerief die botoon voer. Boonop groei toegang tot tegnologie en die internet ook eksponensieel: wat in 2013 waar was oor mense se toegang tot die internet, is sekerlik nie in 2016 meer waar nie.

- **Navorsing en ontwikkeling:** 'n Belangrike aspek wat in toekomstige navorsing aandag moet geniet, is faktore wat 'n invloed het op tegnologieopname. Uit hierdie marknavorsing kan reeds afgelei word dat die kostemodel 'n belangrike rol speel: Afrikaanse gebruikers is tot 'n bepaalde mate bereid om te betaal vir produkte en dienste, maar aangesien baie soortgelyke produkte en dienste gratis is vir die Engelse mark, is Afrikaanssprekendes geneig om te verwag dat dit ook gratis in Afrikaans beskikbaar moet wees. Navorsing kan gedoen word oor die bevatlikheid van alternatiewe finansieringsmodelle, soos byvoorbeeld skarebefondsing.

Navorsing oor die omvang en kwaliteit van oopbrondomeinkennisbronne soos *Wikipedia* en *Wiktionary* sal ook belangrik was, asook die moontlike verandering in eindgebruikers se persepsies oor dié hulpbronne. Ten tyde van hierdie marknavorsing het dit duidelik geblyk dat die Afrikaanse weergawes van hierdie bronne grootliks onbekend is; daarom het VivA besluit om verdere ontwikkeling van dié hulpbronne nie as eerste prioriteit te stel nie. Soos wat hierdie bronne egter groei, verander eindgebruikerpersepsies, en daar kan dus navorsing gedoen word oor moontlikhede om dié bronne outomaties uit te brei en verder bekend te stel.

Spesifiek met betrekking tot eindgebruikerstegnologieë het dit duidelik geblyk dat die ontwikkeling van aanlyn masjienvertaling- en terminologieontwikkelingsstelsels, asook 'n meer uitgebreide grammatikatoetsers van die belangrikste ontwikkelingsprioriteite behoort te wees. Navorsers en ontwikkelaars sou dus in die onmiddellike toekoms op dié tegnologieë kon fokus.

ERKENNING

Die marknavorsing is deur VivA (met behulp van skenkings en saaikapitaal soos bespreek in afdeling 2) gefinansier. Erkenning word gegee aan Marlie Coetzee en Rianda Reyneke wat gehelp het met die insameling en verwerking van data.

BIBLIOGRAFIE

- Charles, C. M. 1995. *Introduction to educational research*. 2nd ed. San Diego: Longman.
- Cooper, D.R. & Schindler, P.S. 2014. *Business research methods*. 12th ed. New York: McGraw-Hill Education.
- CTexT. 2008. Afrikaanse SkryfGoed (Afrikaanse Speltoetsers 3.1, Afrikaanse Grammatikatoetsers 1.0, Tesourus 1.0 en Woordafbreker). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Haeseryn, W., Romijn, K., Geerts, G., De Rooij, J. & Van den Toorn, M.C. 1997. *Algemene Nederlandse Spraakkunst*. Tweede, hersiene druk. Twee bande. Groningen/Deurne: Martinus Nijhoff Uitgevers/Wolters Plantyn. XXVIII + XXIX + 1717 pp., plus register met ongenommerde pp.
- Jacobs, F., Langer, D. & Steyn, J. 2013. *Toekoms in eie taal – 'n Risiko-ontleding van die Afrikaanse taalgemeenskap en vertrekpunte vir 'n taalstrategie*. Pretoria: FAK. 96 pp.
- Joppe, M. 2000. *The Research Process*. 6 April 2016. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.ryerson.ca/~mjoppe/rp.htm>

- Kritzing, J., 1995. Qualitative research. Introducing focus groups. *British medical journal*. 311(7000):299.
- Ntshingila, F. 2006. Most speak Zulu at home, English at work, says survey. *Sunday Times*. 28 May. p. 5.
- McDaniel, C. & Gates, R. 2001. *Marketing Research*. Burr Ridge: Irwin/McGraw-Hill.
- Mzekandaba, S. 2015. Mxit era comes to an end. *IT Web*. 26 Oktober. [Aanlyn beskikbaar:] http://www.itweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=147283
- Östlund, U., Kidd, L., Wengström, Y. & Rowa-Dewar, N. 2011. Combining qualitative and quantitative research within mixed method research designs: a methodological review. *International journal of nursing studies*. 48(3): 369-383.
- Sharma Grover, A, Van Huyssteen, GB & Pretorius, MW. 2011. The South African Human Language Technology Audit. *Language Resources and Evaluation*. 45(3): 271-288.
- Tracy, S.J. 2010. Qualitative quality: Eight “big-tent” criteria for excellent qualitative research. *Qualitative Inquiry*, 16(10):837-851.
- Van Huyssteen, GB. 2015. *Afrikaans negentig – Afrikaans digitaal*. Hoofrede by Gents colloquium over het Afrikaans. Universiteit van Gent, Gent, België. 23 Oktober.
- Van Schouwenburg, B. & Pienaar, M. 2005. Taalbeleid aan finansiële instellings. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*. 23(4): 335-347.

'n Ortografiese brug tussen Japannees en Afrikaans – die keuse van 'n Romeinse transliterasiesisteem


An orthographic bridge between Japanese and Afrikaans – the choice of a roman transliteration system

ERNST KOTZÉ

Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit

Port Elizabeth

E-pos: ernst.somerstrand@gmail.com



Ernst Kotzé

ERNST KOTZÉ is emeritus professor aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth, en navorsingsgenoot en dosent in forensiese linguistiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Hy studeer aan die Universiteite van Kaapstad (BA & BA (Hons)) en die Witwatersrand (MA & PhD). Sy navorsingsgebiede sluit in algemene taalwetenskap en sosiolinguistiek, Afrikaanse taalkunde, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde en forensiese linguistiek. Hy was voorheen voorsitter van die Taalkommissie van die SAAkademie vir Wetenskap en Kuns.

ERNST KOTZÉ is emeritus professor at the Nelson Mandela Metropolitan University, Port Elizabeth, and research associate, as well as lecturer in forensic linguistics, at the North West University, Potchefstroom. He studied at the Universities of Cape Town (BA & BA (Hons)) and the Witwatersrand (MA & PhD). Areas of research include general and Afrikaans linguistics, sociolinguistics, lexicography, language planning and policy, historical linguistics, translation studies and forensic linguistics. He is a previous chairperson of the Language Commission of the SA Academy for Science and Arts.

ABSTRACT

An orthographic bridge between Japanese and Afrikaans – the choice of a roman transliteration system

In this article the focus is on the linguistic, and more particularly the orthographic, aspect of a translating dictionary between Afrikaans and Japanese to be published shortly. The orthographic aspect specifically relates to the transliteration of the indigenous Japanese script in the roman alphabet and the linguistic considerations which influenced the choice of particular forms. The fact that the two languages are typologically, genealogically and geographically as far apart as is possible on this planet, brings about certain challenges to ensure optimal accessibility to the other language, and in particular to Japanese. These challenges led to decisions regarding the representation of Japanese words written in the roman alphabet – this forms the basis of the article.

Japanese utilises various systems of writing, but the most general and default form is the logographic writing system, which is based on Chinese. This fact makes it extremely difficult for

the average Western learner of Japanese to master simultaneously the orthography, the pronunciation and grammar of the language. Unlike Chinese, Japanese utilises, in addition to the logographic system (kanji), also a phonetic system of 46 basic syllabic symbols (hiragana), mainly to represent grammatical words and affixes, but also as pronunciation guidance for words written in kanji. A parallel phonetic system (also 46 symbols), to wit katakana, which is a mirror image of hiragana, is used for loan words, to express emphasis, for onomatopoeic words, terminology and some names of Japanese companies and products.

In addition to the abovementioned writing systems, Japanese is also written in the roman alphabet. Three comparable writing systems exist, namely the so-called Hepburn-system (or Hebon-shiki), Kunrei-shiki, and Nihon-shiki. In Japanese, the systems are collectively known as roomaji [rɔːmadʒi], and all Japanese already learn at primary school level to use one of the systems, in particular Kunrei-shiki. (In translating dictionaries a choice for a specific system is normally done, mostly for Hebon-shiki, or adapted versions, for reasons to be discussed shortly.) In short, romanised Japanese is used predominantly to make texts accessible to non-Japanese foreigners, while the logographic-cum-syllabic system is used by Japanese among themselves. As an introduction, an outline is given of the historical development of roomaji from the first Japanese-Portuguese dictionary in 1603 to the present-day situation.

One of the functionally most important reasons for the use of roomaji in handbooks and dictionaries for foreigners is that it enables the learner to concentrate from the outset on the grammar and pronunciation of the language – a much simpler task than first having to learn to read and write logographically. Unlike in the case of inflecting languages, the grammar of Japanese is also relatively uncomplicated. One would hence be able to regard the use of a roomaji orthography as a bridging facility, until such time as the learner of Japanese has become conversant with the indigenous writing system(s).

A further contributing factor is the fact that logographic-syllabic writing does not utilise spaces between words, so that syntactic and morphological categories in Japanese operate invisibly at the level of orthography. In Afrikaans, spacing of words is naturally of importance, because it is one of the ways to distinguish between affixes and independent grammatical words.

By way of example:

私は講演でパワーポイントの提示を使います。

Ek gebruik 'n Powerpoint-aanbieding vir my voordrag.

(I use a PowerPoint presentation for my address.)

In this sentence, all kanji symbols are black, katakana (for loanwords from Western languages) blue, and hiragana (for affixes and particles) red. If the Japanese sentence is romanised, the orthographic parsing becomes visible:

Watashi	wa	kooen	de	pawaapointo	no	teeji	o	tsukaimasu.
私	は	講演	で	パワーポイント	の	提示	を	使います。
ek		(theme) voordrag	by	Powerpoint	se	aanbieding	(object)	gebruik (form. suffix)
I		(theme) lecture	at	Powerpoint	's	presentation	(object)	use (form. suffix)

Although orthographical differences form the most important category, the spectrum of differences can be divided as follows:

- (a) Typological (Japanese as agglutinating language, as against the semi-inflecting, analytical nature of Afrikaans)

- (b) Grammatical (a corollary of typological differences)
- (c) Phonological (opposite complexities as regards the vocalism compared to the consonantism)
- (d) Orthographical (an alphabetic-phonological system in Afrikaans, as against a combination of an ideo- or logogrammatical and a syllabic-moraic system in the case of Japanese)

As regards typological differences, the combination with indigenous agglutinating languages is not unusual for Afrikaans – a facilitating factor being that (especially as regards the Nguni languages) a mutual orthography is used, which simplifies access to both languages considerably. In the case of Japanese, however, it is a crucial factor, as is demonstrated in the article. Grammatical differences of importance are found in particular at the level of morphology, such as the processes of word formation and derivation.

As far as phonological differences are concerned, the most important difference regarding the roman systems of writing is the fact that the length of both Japanese vowels and consonants is reflected in the spelling in terms of the number of morae. In Afrikaans, vowel length and the doubling of consonants (at least as they are reflected in the orthography) have different functions, as will be indicated below.

Regarding Japanese, the doubling of a vowel mora (or lengthening of a vowel) could be indicated in roomaji by:

- (a) doubling the vowel letter
kankyoo (environment)
seesan (production)
shoyuu (possession)
- (b) adding an *i* or *u* to the relevant syllabic single vowel, as is done also in the hiragana syllabarium (also in Nihon-shiki and Kunrei-shiki)

kankyou – かんきょ う (ka-n-ki-yo-u)
seisan – せいさん (se-i-sa-n)

- or (c) by placing a macron on the relevant vowel letter (as in Hebon-shiki), particularly *o* and *u*
- kankyō
shoyū

As regards consonants, the roomaji character is always doubled, and the pronunciation of the consonant also lasts two counts, as in the sentence:

Ame ga **futte** imasu. 雨が降っています。(It is raining.)

Vowel length in Afrikaans is only semantically distinctive in the case of one vowel, namely /a/ as against /a:/. (for instance *mat* [mat] versus *maat* [ma:t]), and a long /a:/ is also written as one letter in open syllables, for example in *mate*. The doubling of consonants, on the other hand, unlike Japanese, determines the nature of the vowel in the preceding closed syllable (as in *wette* [vɛtə] / *wete* [vɛtə], *bosse* [bɔsə] / *bose* [buəsə]).

In view of these differences (as well as some grammatical considerations explicated in the article), some of the choices made at the various levels of description will now be highlighted.

Firstly, to express a double vowel mora, the doubling of vowel letters was preferred above the addition of *u* or *i*, because the combination of *o+u* and *e+i* in both cases represent diphthongs in Afrikaans, and could hence be misleading to learners attempting to interpret the pronunciation.

gier n. (~e) *ryuukoo* 流行 Jongmense volg altyd die jongste gier. *Wakai hito wa itsumo saishin no ryuukoo o ou.* 若い人はいつも最新の流行を追う (Young people always follow the latest craze.)

Naturally, when u and i introduce a new syllable, as in ou above and omou, the sequence is written as such, since the second vowel in the sequence represents the sound which occurs in the diphthong. An example from the text:

beskou v. form. (**het** ~) *omou* 思う (regard)

sug¹ n. (~te) *tameiki* ため息 (sigh)

In some dictionaries attempts are made to reflect the prosody (for instance tone accent) in the roomaji orthography to assist the learner. An investigation of such attempts led to the conclusion that the result would render the text more cumbersome and have restricted utility only.

Furthermore, the kana orthography, which does not contain such prosodic indicators, is more transparent, without the encumbrance of diacritic symbols, in reflecting individual speech sounds from a segmental perspective. For this reason it was decided not to use prosodic markers, but to supplement the orthographic representation of all Japanese lemmas, as in the case of Afrikaans, by means of a sound bite accessible via a hyperlink in the text, in which the lemma is pronounced by a mother tongue speaker.

*As far as the morphology is concerned: Because Japanese verb forms which are derived by means of the verb *suru* (meaning do or make) from nouns, and sometimes adjectives, are mostly translated as a single word in Afrikaans, the Japanese verb in roomaji is also written as a single compound verb (by means of a hyphen).*

aanbeveel v. (**het** ~) *suisen-suru* 推薦する (recommend)

*If adjectival or adverbial derivations are formed in Japanese by means of the addition of the suffixes *na* or *ni*, such derivations are also written as hyphenated words, as in:*

absoluut ad. (**..lute**) (1) *kanzen* (na/-ni) 完全な Die eksperiment was 'n absolute mislukking. *Jikken wa kanzen-ni shippai datta.* 実験は完全な失敗だった。 (The experiment was an absolute failure.)

However, when such items fulfil the function of a postposition, the word is separated from the lexical items with which it combines, similar to the use of prepositions in Afrikaans:

algemeen¹ n. (~) *ippan* 一般 Oor die ~ werk Japanners te hard. *Ippan ni Nihonjin wa hataraki suigimasu.* 一般に日本人は働き過ぎます (In general, Japanese work too hard.)

*In the case of compounds, the principle is likewise applied that such items, when not linked by means of the genitive particle *no*, represent single words, mostly written with a hyphen, especially when word length could represent an obstacle:*

akkommodasie n. (~) *shukuhaku-shisetsu* 宿泊施設。 (accommodation)

*A last morphological consideration is the use of honorific prefixes before nouns, which are an unusual morpheme for Afrikaans learners of Japanese, and would thus require the use of a hyphen, as in the case of *o-* (prefix to *tanjoobi* 'birthday):*

geluk³tw. *omedetoo* おめでとう Baie ~ met jou verjaardag. *O-tanjoobi omedetoo gozaimasu.* お誕生日おめでとうございます。 (Congratulations on your birthday.)

The list of directives is obviously not exhaustive. By scrutinising some selected categories, an element of academic precision (and accountability) could be applied in the process of compiling a dictionary in which a common orthography is used with a view to bridge a gap and facilitate mutual access to Afrikaans and Japanese for speakers of the two languages.

KEYWORDS: Afrikaans, agglutinating, analytical, categorisation, compounding, derivation, hiragana, Japanese, kanji, katakana, language typology, lexicography, orthography, prosody, roomaji, stress accent, tone accent, translating dictionaries, transliteration

TREFWOORDE: Afrikaans, afleiding, agglutinerend, analities, hiragana, Japannees, kanji, katakana, kategorisering, klemaksent, leksikografie, ortografie, prosodie, roomaji, samestelling, taaltipologie, toonaksent, transliterasie, vertalende woordeboeke

OPSOMMING

By die saamstel van vertalende woordeboeke tussen tale wat tipologies (en genealogies) verwant is, het die leksikograaf reeds te doen met 'n meerdoelige gebruiksinstrument wat, benewens semantiese ekwivalensie en 'n verskeidenheid ander linguïstiese faktore, die pragmatiese behoeftes van die waarskynlike gebruikers in ag moet neem. In die geval van twee tale wat verskillende ortografieë gebruik, word daar 'n verdere dimensie toegevoeg, deurdat toegang tot die klanke en betekenis van die vertaalekwivalent afgeskerm word deur 'n sisteem van simbole wat eers baasgeraak moet word. Om die "vreemde" taal meer toeganklik te maak, word 'n sisteem van transliterasie van die teikental in die ortografie van die bekende taal dan gebruik, sodat die noodsaaklikheid om die inheemse ortografie te bemeester, voorlopig uitgestel word.

In hierdie artikel word die benutting van die Romeinse ortografie in 'n Afrikaans-Japanese woordeboek onder die loep geneem, waardeur ook pragmatiese en linguïstiese aspekte 'n rol speel. As agtergrond word 'n kort oorsig gegee van die inheemse skryfwyses van Japannees, te wete kanji,¹ hiragana en katakana, asook die historiese aanloop tot die ontwikkeling van 'n Romeinse transliterasiesisteme (roomaji), waarvan daar verskillende variante bestaan. Die Hepburn-sisteme, een van die roomaji-variante, is afgestem op, en word verkies deur, buitelandse leerders van Japannees, deurdat dit spesifiek leiding gee op die vlak van die uitspraak. Maar ook die Hepburn-sisteme word aangepas by die behoeftes van verskillende gebruikersgroepe, ten einde die interpretasie van die teks fonologies en grammatikaal vir die leser te vergemaklik. Op grond van tipologiese, grammatikale, en veral fonologiese verskille tussen Japannees en Afrikaans is daar sekere keuses gemaak ten opsigte van spelling (veral by lang vokale) en skryfwyse (bv. die gebruik van koppeltekens), wat deur 'n aantal gebruiksvoorbeelde gemotiveer word. Wat die prosodiese verskille betref, het die keuse, op grond van leesbaarheidsoorwegings, geval op die gebruik van klankgrepe van uitspraak deur 'n moedertaalspreker wat by wyse van 'n hiperskakel vir elke woord wat deur 'n lemma voorgestel word, gehoor kan word.

¹ Die terme *kanji*, *roomaji*, *hiragana*, *katakana*, *kana*, *Hebon-shiki*, *Kunrei-shiki* en *Nihon-shiki* kan slegs definiërend vertaal word en het geen woord-ekwivalente in Afrikaans nie. As leenwoorde wat in hierdie artikel kontekstueel vertaal en gebruik word, word dit dus verder ongekursiveerd geskryf.

1. INLEIDING

Oor die kenmerke van vertalende woordeboeke is daar al heelwat geskryf in die metaleksikografiese literatuur. Gouws (1996:14) wys byvoorbeeld daarop dat vertalende woordeboeke meerdoelige gebruiksinstrumente is “met ’n hoër inligtingslading as net die aanbieding van vertaalekwivalente”, en verwys na drie maatstawwe (of aspekte) waarvolgens sulke woordeboeke beoordeel word, t.w. die gebruikersaspek, die linguistiese aspek en die empiriese aspek (Kromann et al. 1991). Hoewel hierdie drie aspekte elk ’n beoordelingsraamwerk verteenwoordig om bestaande woordeboeke mee te evalueer, is dit ook ’n nuttige vertrekpunt om die makro- en mikrostruktuur van ’n vertalende woordeboek te beplan en te beskryf. Elk verteenwoordig ’n bepaalde fokus, waardeur die twee ander aspekte egter nie uit die oog verloor word nie. In hierdie artikel is die fokus op die linguistiese,² en meer spesifiek ’n ortografiese,³ aspek van ’n vertalende woordeboek tussen Afrikaans en Japanees, waarvan die publikasie voorsienbaar in die loop van die huidige jaar sal plaasvind. Die ortografiese aspek het hierby spesifiek betrekking op die transliterasie van die inheemse Japannese skrif in die Romeinse alfabet, en die linguistiese oorwegings wat die keuse van bepaalde vorme beïnvloed het.

Die feit dat die twee betrokke tale tipologies, genealogies en geografies waarskynlik so ver van mekaar verwyderd is as wat moontlik is op hierdie planeet, bring bepaalde uitdagings mee om optimale toeganklikheid vir Afrikaanse gebruikers te verseker. Dié uitdagings het gelei tot besluite oor die spelling en skryfwyse van Japannese woorde wat in die Romeinse alfabet geskryf word – dit vorm die basis van hierdie artikel.

2. GEBRUIKERSGERIGTE ASPEKTE

Hierdie woordeboek is afgestem op die behoeftes van sowel aanvangs- as intermediêre leerders van beide tale, en word in drie formate gepubliseer: ’n papierweergawe, aangevul deur ’n CD-ROM-weergawe, wat sowel die volledige teks as die uitspraak van elke trefwoord bevat, en ’n aanlyn teks-en-klankweergawe. Deel van die publikasie is ’n inleidende grammatika van beide tale, wat by die woordeboek geïntegreer is. Die woordeboek word in twee dele uitgegee: eerstens ’n Afrikaans-Japannese, mettertyd gevolg deur ’n Japanees-Afrikaanse komponent.

Wat betref die raamstruktuur, is daar drie komponente vir elke taal, naamlik die voortekste-afdeling, die sentrale teks en die bylaes. Die voorwerk bestaan uit ’n inleidende grammatika vir dié wat die eerste maal met die taal kennis maak, asook spesifieke aanwysings om inligting uit die sentrale teks te ontsluit. Die bylaes in die agtertekste-afdeling bevat paradigmas soos taal- en plekname met afleidings, asook die telwoordsstelsel in Japanees.

3. DIE SKRYFWYSES VAN JAPANNEES

Vir Japanees bestaan daar verskillende skryfwyses, maar die mees algemene, en verstekvorm, is die logografiese skryfsistelsel, wat op Chinees gebaseer is. Hierdie feit maak dit vir die deursnee-leerder van Japanees, veral uit die Weste, uiters moeilik om gelyktydig die ortografie, die uitspraak en grammatika van die taal onder die knie te kry.⁴ Anders as Chinees, maak Japanees saam met die logografiese stelsel (kanji), ook van ’n fonetiese stelsel van 46 basiese sillabiese simbole gebruik

² Die gebruikersperspektief, en veral dié van Afrikaanstaliges, speel daarby ook ’n belangrike rol.

³ Volgens Brooks (1998:454) kan “ortografie”, benewens as verwysing na die skryfsistelsel van ’n taal, so gedefinieer word: “Orthography is the linguistic study of written language”.

⁴ Dit is, hoewel op ’n ander vlak, vergelykbaar met die taak om ’n vakgebied te bestudeer deur middel van ’n onbekende taal.

(hiragana), hoofsaaklik om grammatikale woorde en woorddele weer te gee, maar ook as uitspraakleiding by woorde wat in die kanji-formaat geskryf is. 'n Parallele fonetiese sisteem (ook 46 simbole), genaamd katakana, wat 'n spieëlbeeld is van hiragana, word gebruik vir leenwoorde, as nadruksmiddel, vir onomatopeïese woorde, terminologie en sommige name van Japannese firmas en produkte.

Hierbenewens word Japanees egter ook in die Romeinse alfabet geskryf. Daar bestaan drie vergelykbare skryfsisteme, naamlik die sg. Hepburn-sisteem (of Hebon-shiki), Kunrei-shiki, en Nihon-shiki. In Japanees staan hierdie sisteme gesamentlik bekend as roomaji [rɔːmadʒi], en alle Japanners leer reeds op laerskool om een van hierdie sisteme, te wete Kunrei-shiki, te gebruik. (In vertalende woordeboeke word daar gewoonlik 'n keuse vir 'n spesifieke sisteem uitgeoefen, hoewel daar toenemend van Hebon-shiki, of aangepaste weergawes daarvan, gebruik gemaak word.) In die omgang word die gebruik van roomaji egter beperk tot die transliterasie van Japannese terme in ander tale, byvoorbeeld in tekste wat handel oor aspekte van Japannese kultuur, geskiedenis, literatuur en taalkunde. Dit word ook gebruik om Japanees te skryf op rekenaars met 'n Romeinse sleutelbord, vir straatname en -tekens, paspoorte en handelsname (veral internasionaal), en woordeboeke en handboeke vir buitelandse leerders van Japanees. Kortom, geromaniseerde Japanees word hoofsaaklik gebruik om tekste vir nie-Japaneessprekende buitelanders toeganklik te maak, terwyl die logografiese-cum-sillabiese sisteem deur Japanners onderling gebruik word.

4. HISTORIESE AGTERGROND

Die behoefte aan 'n transliterasiesisteem vir Japanees, gebaseer op die Romeinse alfabet, het reeds in die sewentiende eeu gelei tot die ontwerp van so 'n stelsel deur die Jesuïete-sendelinge, wat dit in hul eerste Japanees-Portugese woordeboek (*Nippo Jisho*) in 1603 gebruik het. Gedurende die isolasieperiode van 1603–1868 (die Tokugawa-era) is die moontlikheid van talige kontak met die Weste egter op die agtergrond geskuif, iets wat eers in die Meiji-era (1868–1912) weer na vore gekom het. In 1867, op die vooraand van die Meiji-era, het James Curtis Hepburn sy transliterasieselsel ontwerp (vandaar Hebon-shiki), wat gebaseer is op die fonologie van Engels en Italiaans, insgelyks as deel van 'n Japanees-Engelse woordeboek. 'n Paar jaar later (1885) het 'n Japanse fisikus, Aikitsu Tanakadate, die geromaniseerde alfabet, Nihon-shiki, opgestel, om die kana te vervang, en waarskynlik ook as teenvoeter vir die Westers-geörienteerde Hebon-shiki. In dié opsig was dit 'n meer konsekwente en sistematiese weergawe van die kana-sillabarium, en dus meer aanvaarbaar vir Japaneessprekendes. As fonetiese uitspraakleiding was dit egter van minder hulp vir buitelanders, aangesien dit, anders as Hebon-shiki, nie sekere uitspraak-inkonsekwentheid ondervang het nie. Kunrei-shiki, wat in 1937 opgestel is as 'n kompromie ná 'n politieke debat oor die kwessie of die Japanse regering Hebon-shiki of Nihon-shiki moes gebruik, en sekere aanpassings van laasgenoemde bevat het, is deur sekere regeringsinstansies aanvaar en toegepas. Ná die Tweede Wêreldoorlog en die Amerikaanse besetting van Japan, was daar egter groot teenstand teen Kunrei-shiki, wat ook sekere nasionalistiese konnotasies gedra het, en is Hebon-shiki deur sekere regeringsinstansies (byvoorbeeld Buitelandse Sake, en Handel en Nywerheid) aanvaar, asook deur talle private organisasies.

Vandag is Hebon-shiki (en variante daarvan) nog steeds die mees algemeen gebruikte sisteem, ook omdat dit afgestem is op toegang deur buitelanders en foneties nader lê aan die werklike uitspraak van die kana. Kunrei-shiki, aan die ander kant, word meestal gebruik deur Japaneesmoedertaliges en linguïste wat Japanees bestudeer, omdat dit die fonologies onderliggende vorme weerspieël, terwyl Hebon-shiki die spelling aanpas by die uitspraak, en, hoewel foneties nader aan die uitspraakwerklikheid, linguïsties soms dus minder akkuraat is.

5. OORWEGINGS BY DIE GEBRUIK VAN ROOMAJI

Een van die funksioneel belangrikste redes vir die gebruik van roomaji in leerboeke en woordeboeke vir buitelanders is dat dit daardeur vir die leerder heelwat makliker is om uit die staanspoor op die grammatika en uitspraak van die taal te konsentreer – iets wat 'n veel eenvoudiger taak is as om eers logografies te leer lees en skryf. Anders as in die geval van flekterende tale, is die grammatika van Japannees ook relatief ongekompliseerd. In dié opsig sou 'n mens dus die gebruik van 'n roomaji-ortografie as 'n brugfunksie kon beskou, tot tyd en wyl die leerder van Japannees mettertyd vertrouwd raak met die inheemse skryfwyse.

Nog 'n faktor wat dit verkiesliker maak om die pad na Japannees via 'n romeinse skryfwyse te volg, is die feit dat die logografies-sillabiese skryfwyse nie van spasies tussen woorde gebruik maak nie. Dit beteken dat sintaktiese en morfologiese kategorieë in Japannees hoofsaaklik onsigbaar optree op die vlak van die ortografie. In Afrikaans, wat 'n foneties gebaseerde romeinse ortografie benut, is die spasiering van woorde uiteraard van groot belang, omdat daardeur ook, onder andere, onderskei word tussen affikse (of voor-, agter- en invoegsels) aan die een kant, en selfstandige grammatikale woorde aan die ander.

Om 'n voorbeeld te gee – sonder inagneming van die uitspraak of sintaksis, sal die teksverskil duidelik blyk uit die formaat van die onderstaande sin:

私は講演でパワーポイントの提示を使います。

Ek gebruik 'n Powerpoint-aanbieding vir my voordrag.

In hierdie sin is alle kanji-simbole swart gedruk, terwyl katakana (vir leenwoorde uit Westerse tale) blou, en hiragana (vir grammatikale uitgang en partikels) rooi is. Indien die Japanese sin nou geromaniseer, d.w.s. in roomaji geskryf word, sal die sin soos volg in woorde en partikels kan uiteenval, met 'n woordelike vertaling onderaan:

Watashi	wa	kooen	de	pawaapointo	no	teeji	o	tsukai	masu.
私	は	講演	で	パワーポイント	の	提示	を	使い	ます。
ek	(tema)	voordrag	by	Powerpoint	se	aanbieding	(objek)	gebruik	(form. uitgang)

Ten einde die romeinse skryfwyse vir Japannees te kan gebruik, is 'n fonetiese (of klankmatige) begrip van logografiese karakters uiteraard nodig. Daarby speel ook die spasiering tussen getranslitereerde woorde 'n belangrike rol om die strukturering van sinne, en uiteindelik die verwerwing van Japannees deur Afrikaanssprekendes, te vergemaklik. Soos reeds gesê, is toegang tot Japannees via roomaji gewoonlik die eerste stap vir sprekers van Westerse tale in die leerproses. Vir hierdie doel was sekere aanpassings nodig om die skryfwyse en spelling van woorde in roomaji ook vir Afrikaanssprekendes so toeganklik moontlik te maak. Daar is egter, soos reeds gemeld (en dit is belangrik), variante sisteme waaruit gekies kan word om Japanese teks te romaniseer. In die onderstaande bespreking word daar dan gefokus op die oorwegings wat ter sprake kom wanneer 'n gepaste romeinse skryfwyse gekies moet word.

As deel van die uiteensetting word enkele gemotiveerde voorbeelde bespreek, wat terselfdertyd belangrike kategoriseringsverskille tussen die twee tale sal uitlig.

6. VERSKILLE TUSSEN DIE TALE

Die verskille tussen Afrikaans en Japannees is uiteraard nie beperk tot die ortografie nie, hoewel dit waarskynlik die eerste en hoofstruikelblok verteenwoordig. Dié verskille kan kortliks soos volg gekategoriseer word:

- (a) Tipologiese verskille (Japannees as agglutinerende taal, teenoor die semi-flekterende, analitiese aard van Afrikaans)
- (b) Grammatikale verskille (as 'n uitvloeisel van die tipologiese verskille)
- (c) Fonologiese verskille (teenoorgestelde kompleksiteit wat betref die vokalisme teenoor die konsonantisme)
- (d) Ortografiese verskille ('n alfabeties-fonologiese sisteem in Afrikaans, teenoor 'n kombinasie van 'n ideo- of logogrammatiese en 'n sillabies-moraiese sisteem in die geval van Japannees)

6.1 Tipologiese verskille

Wat betref tipologiese verskille, is die kombinasie met agglutinerende tale in die leksikografie nie ongewoon vir Afrikaans nie – byvoorbeeld met die Nguni- en Sothotale van Suid-Afrika, waarvoor daar reeds verskeie tweetalige vertalende woordeboeke saamgestel is. Wat egter die kombinasie met sulke tale vereenvoudig, is die feit dat, veral wat die Ngunitale betref, 'n gemeenskaplike ortografie gebruik word, wat toegang tot beide tale van die tweetal grootliks vergemaklik. Een illustratiewe voorbeeld uit 'n Afrikaans-Zulu-woordeboek (Kotzé & Wela 1990:20) met Engelse vertalings behoort 'n aanduiding te gee van die ortografiese ooreenkomst in die aanbieding van lemmas en vertaalekwivalente, in hierdie geval die trefwoord, of lemma, **aandeel**:

aandeel (=dele) n. isheya (*share*) **Hy het baie aandeel in die maatskappy.**
Unamasheya amaningi enkampanini. (*He has many shares in the company.*)

Wat taaltipologiese verskille betref, behoort verskille tussen die betrokke tale, hoofsaaklik sintaktiese en morfologiese verskille, dus nie noodwendig die leksikografiese bewerking van lemmas in enige van sulke tale moeiliker te maak nie, veral as daar 'n gemeenskaplike ortografie gebruik word. In die kombinasie van Afrikaans en Japannees is die ortografiese verskille, wat aansienlik is, egter 'n baie belangrike faktor, soos aanstons duidelik sal word.

6.2 Grammatikale verskille

Woordvormingsprosesse neem normaalweg een van twee vorme aan, naamlik afleiding en samestelling. In die geval van afleiding word een of meer grammatikale morfeme by 'n stam (of leksikale morfeem) gevoeg, en in die geval van samestelling word leksikale morfeme gekombineer om dan ook nuwe woorde te vorm. Hoewel Afrikaans en Japannees tipologies verskillend is, kom hierdie prosesse natuurlik in albei tale voor en is maklik om te herken. 'n Belangrike verskilpunt is egter dat dieselfde funksies in die twee tale deur verskillende sintaktiese kategorieë, of woordsoorte, vervul kan word. In sommige gevalle weer bestaan sulke woordsoorte eenvoudig nie in die ander taal nie. Voorbeelde van laasgenoemde is (a) partikels in Japannees wat byvoorbeeld onderwerp of voorwerp van 'n werkwoord aandui (dus 'n sintaktiese funksie vervul), en (b) lidwoorde in Afrikaans, wat nie in Japannees voorkom nie. In die woordeboek moet sulke kategorieë beskryf en gedemonstreer word in die artikel waar die verwagte vertaalekwivalent van die betrokke lemma (bv. van die Afrikaanse lemma *die*, of van die Japanese lemma *ga*, verskaf word.

6.3 Fonologiese verskille

Hoewel daar belangrike fonologiese verskille tussen Afrikaans en Japannees bestaan,⁵ beperk ek my tot individuele spraakklanke of segmente, omdat eienskappe soos klem en toonhoogte (d.w.s.

⁵ Terwyl Afrikaans gebruik maak van klemaksent, is daar net sprake van toonaksent in Japannees, en word sommige vokale byvoorbeeld gedevoekaliseer in sekere fonologiese omgewings. Aan die ander kant vind 'n mens byvoorbeeld in Afrikaans ook verskynsels soos sillabefinale ontstemming van /d/ en /b/, wat in Japannees nie voorkom nie.

prosodiese kenmerke) normaalweg nie in normale Japannese teks weerspieël word nie, nóg in die logografiese en sillabeskryf, nóg in roomaji. Ook in die geval van Afrikaans word klem byvoorbeeld slegs marginaal aangedui by wyse van diakritiese tekens, soos byvoorbeeld die akuutaksent in sommige woorde. Verder het die gebruik van diakritiese tekens in Afrikaans om woordbetekenisse te onderskei, soos *ná* teenoor *na*, of *dié* teenoor *die*, geen pendant in Japannese nie. Fonologiese verskille word hier dus slegs aangedui waar dit deur die ortografie van roomaji weerspieël kan word.

6.4 Ortografiese verskille

Die belangrikste verskil in die Romeinse skryfwyse van die twee tale in hierdie woordeboek het te doen met die feit dat die lengte van Japannese vokale en konsonante in die spelling weerspieël word volgens die aantal moras (‘n mora is ongeveer gelyk aan die tyd wat dit neem om ‘n kort sillabe of konsonant uit te spreek). As ‘n vokaal of konsonant meer as een mora beslaan (of dus byvoorbeeld twee tellings beslaan), word dit so aangedui in die spelling van sowel die kana (katakana en hiragana) as die roomaji. Vir roomaji kan ‘n mens kies uit die drie genoemde sisteme van transliterasie, wat in ‘n mate oorvleuel, maar tog in belangrike opsigte verskil. Die verdubbeling van ‘n mora (of dan die verlenging van ‘n vokaal) kan byvoorbeeld aangedui word deur

- (a) die vokaalletter te verdubbel

kankyoo (omgewing)

seesan (produksie)

shoyuu (besitting)

(soos in Kenkyusha se *Japanese-English Learner's Dictionary*);

- (b) deur ‘n **i** of **u** by die betrokke sillabiese karakter of enkelvokaal te voeg, soos dit in die hiragana-sillabesisteme (ook in Nihon-shiki en Kunrei-shiki) gedoen word

kankyou – かんきょ う (ka-n-ki-yo-**u**)

seisan – せいさん (se-**i**-sa-n)

(byvoorbeeld in Sanseido se *Rōmaji English-Japanese Japanese-English Dictionary*);

- of (c) deur ‘n makron op die betrokke vokaal te plaas (soos in Hebon-shiki), in die besonder **o** en **u**

kankyō

shoyū

(soos in the Random House *Japanese-English English-Japanese Dictionary*.)

Wat betref die konsonante, word die roomaji-karakter deurgaans verdubbel, en duur die uitspraak van die konsonant dan ook twee tellings, soos in die sin:

Ame ga futte imasu. 雨が降っています。(Dit reën.)

In Afrikaans het die verdubbeling van vokaalletters en konsonante verskillende funksies met betrekking tot die fonologie van die taal.

Vokaallengte in Afrikaans is slegs betekenisonderskeidend in die geval van een vokaal, naamlik /a/ teenoor /a:/ (byvoorbeeld **mat** [mat] teenoor **maat** [ma:t]), en ‘n lang /a:/ word in oop sillabes in ieder geval met met een letter geskryf, soos in **mate**. Aan die ander kant dui die verdubbeling van konsonante, anders as in Japannese, die aard van die vokaal in die voorafgaande geslote sillabe aan (byvoorbeeld **wette** [vɛtə] / **wete** [viɛtə], **bossse** [bɔsə] / **bosse** [buəsə]). ‘n Verdere potensiele probleem is die vergelykenderwys meer komplekse aard van die Afrikaanse vokalisme, wat geronde

voorkokale en diftonge (soos /y/, /œ/, /œi/, /ø/, /øi/ en /əu/) insluit. Hierdie faktore het 'n belangrike rol gespeel by die keuse van 'n toepaslike vorm van roomaji uit die bestaande opsies.

Die hibridiese aard van normale geskrewe Japannees is waarskynlik die moeilikste aspek van die aanleer van Japannees deur 'n buitelanders wat slegs ondervinding het van 'n alfabetiese-fonologiese sisteem van ortografie. Kennis van die implisiete uitspraak van woorde wat in kanji geskryf is, word naamlik gekombineer met 'n eksplisiete weerspieëling van die uitspraak deur die katakana- en hiragana-simbole. Daarom kan die roomaji-skryfwyse beskou word as 'n brug tussen die ortografieë van Japannees aan die een kant en dié van Westerse, Indo-Europese tale, en oorwegend Engels, aan die ander. Hierdie oorweging het ook die basis gevorm van die benutting van 'n roomaji-komponent in die Afrikaans-Japanese woordeboek.

Omdat 'n mens hier te doen het met transliterasie (dus die herskryf van 'n taal in 'n ander skryfsisteem), is die roomaji-ortografie ten beste 'n benadering tot die klanke van Japannees, en kan nie beskou word as 'n konsekwente, betroubare geskrewe weergawe van die uitspraak nie.

Op die vlak van die morfologie sal die verskillende funksies van woordelemente soos *na* of *ni* in Japannees (wat kan optree as afleidingsmorfeme of agtersetsels, en partikels) bepaal of sulke elemente los van, of vas aan, 'n aangrensende morfeem in die roomajitekste geskryf word. In Japannees-Engelse woordeboeke wat saamgestel is vir Engelssprekende gebruikers, word besluite oor hoe afleidings- en fleksiemorfeme in roomaji voorgestel word, dikwels gebaseer op die woordstatus van die vertaalekwivalent in Engels. Sulke morfeme word vas geskryf, soos in *genjitsuka* vir *realist*, of *gengaku-teki* vir *pedant* (hoewel nie altyd nie, soos in die geval van baie werkwoorde wat die samestellingskomponent *suru* ('doen'/'maak') in Japannees bevat).

kyoohaku ('extortion'), maar *kyoohaku suru* ('extort')

As gevolg van die genealogiese en tipologiese ooreenkoms tussen Engels en Afrikaans kan die probleem ook van toepassing wees by die interpretasie van sulke eenhede vanuit die perspektief van Afrikaanse gebruikers van 'n tweetalige woordeboek, en uiteraard van Afrikaanssprekende leerders van Japannees. Ek verwys binnekort na enkele voorbeelde.

'n Bykomende morfologiese probleem is die feit dat die woordvormingskategorie samestelling van leksikale morfeme (byvoorbeeld die kombinasie van naamwoorde, werkwoorde, adjektiewe, ens.) nie baie konsekwent in Engels gehanteer word wat betref die ortografiese vorm nie.

doorknob en *oxtail*

maar

room service en *post office*

en dan

grass-roots, *sight-read*, *small-scale*.

Woorde soos

aircrew (*air-crew*, *air crew*),
playgroup (*play-group*, *play group*) en
chatroom (*chat-room*, *chat room*)⁶

kan as een woord, verskillende woorde, of met behulp van koppeltekens geskryf word.

⁶ Vgl. <http://www.oxforddictionaries.com/words/hyphen>.

In Afrikaans, aan die ander kant, soos in Duits, word sulke samestellings by verstek as een woord geskryf, terwyl koppeltekens in sulke gevalle slegs gebruik word wanneer 'n samestelling wat as een woord geskryf word, onder andere uitspraakprobleme oplewer. Sommige voorbeelde:

ondernemingsadviseur

management consultant

Unternehmensberater

eerstejaarstudent

first-year student

Studienanfänger

langtermynbeplanning

long term planning

Langfristplanung

Die volgende voorbeelde vereis koppeltekens in Afrikaans op grond van uitspraakoorwegings:

see-eend

sea duck (scoter)

Trauerente

Daewoo-onderstel

Daewoo chassis

Daewoochassis

Waarmee ons hier te doen het, is in wese die kwessie van woordstatus in Japannees, en hoe woorde afgebaken word in die roomaji-weergawe wat gemik is op die sprekers van Afrikaans. Sulke gebruikers sou oor die algemeen ook, miskien intuïtief, verwag dat Japanese samestellings as een woord gelees (moet kan) word, met of sonder koppeltekens.

In die laaste gedeelte van hierdie artikel val die fokus op gevalle van gemotiveerde keuses om 'n bepaalde skryfwyse van Japanese woorde in roomaji te benut. Die oorwegings wat in elke geval geld, sal terselfdertyd kortliks belig word, waarby die verskille tussen die twee tale wat vooraf bespreek is, as motivering vir die betrokke keuses dien.

7. STRATEGIEË OM UITSPRAAKPROBLEME DIE HOOF TE BIED

'n Vergelyking tussen verskillende Japannees-Engelse woordeboeke het aan die lig gebring dat sowel die fonetiese en morfologiese aspekte van Japannees op uiteenlopende wyses gehanteer word, soos die voorbeelde uit die woordeboeke wat hieronder genoem word, aantoon:

Kenkyusha	Sanseido	Random House
<i>kānkyōo</i>	<i>kankyōu</i>	<i>kankyō</i>
<i>seesan</i>	<i>seisan</i>	<i>seisan</i>
<i>shoyuu</i>	<i>shoyuu</i>	<i>shoyū</i>

Kenkyusha	Sanseido	Random House
<i>attoo-teki</i> (~na, ni)	<i>attouteki</i>	<i>attō-teki</i> (na)
<i>chuuka-ryoori</i>	<i>chuuka-ryouri</i>	<i>chūkaryōri</i>
<i>benkyoo</i> (o) suru	<i>benkyousuru</i>	<i>benkyō</i> (o) suru

In die Afrikaans-Japannese woordeboek is daar gekies vir die duplisering van die vokaal, omdat die kombinasie van o+u en e+i in beide gevalle diftonge in Afrikaans verteenwoordig, en voorsienbaar misleidend kon wees vir leerders wat die uitspraak probeer interpreteer.

gier n. (~e) *ryuukoo* 流行 Jongmense volg altyd die jongste gier. *Wakai hito wa itsumo saishin no ryuukoo o ou.* 若い人はいつも最新の流行を追う。

Uiteraard, wanneer *u* en *i* 'n nuwe sillabe inlei, soos in *ou* hierbo en *omou*, word dit wel so geskryf, aangesien die tweede vokaal in die reeks die klank voorstel wat in die diftong voorkom. 'n Voorbeeld uit die teks:

beskou v. form. (**het** ~) *omou* 思う Ek ~ dit as belangrik. *Watashi wa sore wa juuyooda to omou.* 私はそれは重要だと思う。

sug¹ n. (~te) *tameiki* ため息 'n ~ van verligting slaak *ando no tameiki o tsuku* 安堵のため息をつく

Die gebruik van die makron is 'n haalbare alternatief, maar dit is ook problematies in die geval van tale waarin die makron nie deel vorm van die diakritiese tekens wat tot beskikking is van die gebruiker nie, byvoorbeeld op rekenaarsleutelborde. 'n Tweede probleem is dat vokale met makrons by alfabetiese ordening of sortering in elektroniese tekste as enkele vokale gehanteer word, maar dan volg op die vokaal sonder die makro. 'n Voorbeeld hiervan:

ootoo
oto
ōtōsan
otto

Die gebruiker moet dus by hierdie konvensie aanpas wanneer sulke woorde in 'n woordeboek nageslaan word.

In sommige woordeboeke word daar wel pogings aangewend om die prosodie (byvoorbeeld toonaksent) in die roomaji-ortografie te weerspieël as hulp vir die leerder. Benewens die makron-n in die Kenkyusha-voorbeelde hierbo (om die uitspraak daarvan as 'n onafhanklike sillabe, of mora, aan te toon) in die lemma, sublemmas en teksvoorbeelde, bevat die lemma ook op- en af-hakies (wat as aanhalingstekens in die kana-kanji-skrif gebruik word) om toonbeweging, onderskeidelik laer na hoër, en hoër na laer toon aan te dui, soos in die lemma

jo'kyo'uju じょきょうじゅ (助教授) n. assistant-professor

ʼn Ander Engels-Japannees woordeboek, die *English Romanized Japanese Dictionary for practical conversation*, wat slegs gebruik maak van roomaji, probeer om toonaksent aan te dui by wyse van hoofletters. Die artikels vir *let* en *phone* sien so daar uit:

let *Let me see. Eee. / Let's go. iKIMASHO o. / Let's do that. soOSHIYOo. / Let's go over the lesson again. SAa koNO KA o fuKUSHUU SHIMASHOo. / Let me have a look at your book. aNAta no hon o Mseteku dasai. / Will you please let me off there? aSOKO DEo ROshite kudasai. / Let the dog go. soNO INU o haNASHite yarinasai. / Let in fresh air. shiNSENNA KUuki o irenasai.*

phone (1) *deNWA. Phone call for you. oDEnwa desu yo. / Please give me a phone call. waTASHI NI deNWA SHITE KUDASAi. / Will you answer the phone? CHOTto deNWA NI DEte kudasai. / He's on the phone. He wants to talk to you. KARe ga deNWA NI DEte imasu. aNAta ni oHANASHI SHITAI SOo desu. / I'll call you on the phone tomorrow morning. aSU NO Asa aNAta ni deNWA SHIMASu. / Let me know by phone. deNWA DE SHIRASETE KUDASAi.*

Terwyl hierdie metode ʼn nuttige doel kan dien by wyse van prosodiese leiding aan aanleerders van Japannees deur aan te toon watter woorddele met ʼn hoër toonaksent uitgespreek word, het kapitalisering van letters totaal verskillende funksies en duidelik omskrewe gebruike in alfabetiese ortografieë. Dit is heel moeilik om in geïntegreerde tekste te lees, en daarby vertoon die teks as ʼn geheel ook abnormaal. Die gebruik van diakritiese simbole (Sanseido plaas akuut-aksente op vokale om styging in toon aan te dui, terwyl akuut-aksenttekens in Engels, en Afrikaans, gebruik word om klemaksent aan te dui) het ʼn soortgelyke effek op leesbaarheid. Hierdie metode (by Sanseido) is egter beperk tot lemmas, en is klaarblyklik ʼn tydelike deel van die ortografie van sulke inskrywings.

Op die keper beskou: Hoewel hierdie strategieë die aanleerder se begrip van die uitspraak van individuele lemmas kan verbeter, sal die teksformaat, indien konsekwent toegepas, ʼn ietwat besige teks tot gevolg hê en intensiewe lees verg. Omdat die seleksie beperk is tot ʼn klein persentasie van die woordeskat wat ʼn aanleerder in alledaagse gebruik sal teëkom, sal dit moeilik wees om die prosodiese patrone na ʼn wyer spektrum van die woordeskat te ekstrapoleer. ʼn Gevolgtrekking wat ʼn mens kan maak, is dat die aanbod van lemmas in so ʼn formaat bedoel is om prosodiese elemente van die IPA-alfabet (van die Internasionale Fonetiese Vereniging) met die spelling van individuele woorde te kombineer. Die doeltreffendheid van hierdie relatief komplekse formaat moet egter nog vasgestel word, veral aangesien spelling per definisie ʼn gesegmenteerde voorstelling van ʼn bepaalde woord is. Dit blyk dus dat die kana-ortografie, wat nie sulke prosodiese aanwysers bevat nie, deursigtiger is – sonder verswarende diakritiese simbole – by die weerspieëling van individuele spraakklanke vanuit ʼn segmentele perspektief. Om hierdie rede is daar besluit om nie prosodiemarkers te gebruik nie, maar om die ortografiese voorstelling van alle Japannees lemmas, soos ook dié in Afrikaans, deur ʼn klankgreep wat via ʼn hiperskakel in die teks toeganklik is, en waarin die lemma deur ʼn moedertaalspreker uitgespreek word, aan te vul. Die ouditiewe assosiasie met die ortografiese vorm word dus deur ʼn hiperskakel met die visuele vorm vasgelê. Hierdie beginsel is reeds goed gevestig in aanlyn woordeboeke en woordeboeke met ʼn CD-ROM-komponent.

8. DIE ROL VAN TAALKUNDIGE KATEGORISERING BY DIE KEUSE VAN ROOMAJI-VORME

Kategorisering as taalkundige begrip kan breedweg verwys na die verskillende vlakke van taalbeskrywing, beide mikro-en makro-. In John Taylor se boek *Categorization* word dit oor 'n breë spektrum van toepassings ondersoek. Hier beperk ek my toepassing van die begrip tot die morfologiese kategorisering van woorde in die taalpaar wat in hierdie artikel figureer. Sodoende wil ek die soeklig laat val op enkele maniere waarop afleiding en samestelling in die roomaji-ortografie weerspieël kan word, en, waar nodig, verwys na die oorwegings wat onderliggend was aan besluite in hierdie verband in die Afrikaans-Japanese woordeboek onder bespreking.

Omdat werkwoordvorme in Japannees wat met behulp van die werkwoord *suru* (wat *doen* of *maak* beteken) van naamwoorde, en soms adjektiewe afgelei is, meestal deur 'n enkele werkwoord in Afrikaans vertaal word, word die Japanese werkwoord in roomaji dan ook as 'n enkele saamgestelde werkwoord (met behulp van 'n koppelteken) geskryf.

Enkele voorbeelde:

aanbeveel v. (**het** ~) *suisen-suru* 推薦する

aanwys v. (~**ge**~) *shiji-suru* 指示する Hy is aangewys om die rol te speel.

Kare wa yakuwari o enjiru yoo ni shiji-sareta. 彼は役割を演じるように指示された。

abba v. (**ge**~) *onbu-suru* おんぶする Sy ~ die baba op haar rug. *Kanojo wa akachan o senaka ni onbu-shimasu.* 彼女は赤ちゃんを背中におんぶします。

Wanneer adjektiewiese of adverbiale afleidings in Japannees gevorm word deur die byvoeging van die woorddele *na* of *ni*, word sulke afleidings ook as koppeltekenwoorde geskryf, soos in hierdie voorbeelde:

absoluut ad. (**..lute**) (1) *kanzen (na/-ni)* 完全な Die eksperiment was 'n absolute mislukking. *Jikken wa kanzen-ni shippai datta.* 実験は完全な失敗だった。

bekwaam²ad. (**bekwame**) *yuunoo (na/ni)* 有能な Sy is 'n bekwame dosent. *Kanojo wa yuunoo-na kooshi desu.* 彼女は有能な講師です。

Wanneer sulke items egter die funksie vervul van 'n agtersetsel, word die woord geskei van die leksikale items waarmee dit verbind, soortgelyk aan die gebruik van voorsetsels in Afrikaans:

algemeen¹ n. (~) *ippan* 一般 Oor die ~ werk Janners te hard. *Ippan ni Nihonjin wa hataraki-suigimasu.* 一般に日本人は働き過ぎます。

In die geval van samestellings word die beginsel insgelyks toegepas dat sulke items, wanneer dit nie met behulp van die besitspartikel *no* verbind word nie, enkele woorde verteenwoordig, wat meestal deur middel van 'n koppelteken verbind word, veral as woordlengte die uitspraak kan bemoeilik:

akkommodasie n. (~) *shukuhaku-shisetsu* 宿泊施設 Ons benodig ~ vir twee nagte. *Watashi-tachi wa ni-haku no shukuhaku-shisetsu ga hitsuyoo desu.* 私たちは二泊の宿泊施設が必要です。

beroepspeleer n. (~**s**) *puro-senshu* プロ選手

maar

aansluiting n. (~s) *setsuzoku* (乗物の)接続 (1) **trein-aansluiting** *densha no setsuzoku* 電車の接続 {→koppeling} (2) vlug-aansluiting *hikooki no setsuzoku* 電車の接続
aandelemark n. (~te) *kabushiki-shijoo* 株式市場

Nog 'n morfologiese oorweging is die aanduiding van beleefdheidsprefikse vooraan naamwoorde, wat 'n ongewone morfeem is vir Afrikaanse aanleerders van Japannees, en dus die gebruik van 'n koppelteken vereis, soos in die geval van *o-* (prefiks by *tanjoobi* 'verjaardag') hieronder:

geluk³ tw. *omedetoo* おめでとう Baie ~ met jou verjaardag. *O-tanjoobi omedetoo gozaimasu.*
 お誕生日おめでとうございます。

8. SLOT

In hierdie artikel is daar geraak aan net enkele gevalle waar ortografiese besluite gebaseer is op die kategorisering van morfeme, in die lig van 'n vergelyking tussen die twee betrokke tale, en die lys riglyne is geensins volledig nie. Deur die soeklig op enkele geselekteerde kategorieë te laat val, kon daar egter 'n element van akademiese presisie toegepas word in die proses om 'n woordeboek saam te stel waarin 'n gemeenskaplike ortografie gebruik word met die doel om 'n brug te slaan en wedersydse toegang tot Afrikaans en Japannees vir sprekers van hierdie twee tale te vergemaklik.

BIBLIOGRAFIE

- Brooks, Terrence A. 1988. The effect of textual aesthetics on information retrieval. In Roger Hersch et al. (1998) *Electronic publishing, artistic imaging and digital photography: 7th International Conference on Electronic Publishing*. New York: Springer.
- Gouws, R.H. 1995. Woordeboeke met Afrikaans en Duits as taalpaar: 'n metaleksikografiese situering binne die Afrikaanse vertalende leksikografie. (Dictionaries with Afrikaans and German as language pair: a metalexical situation within the Afrikaans bilingual lexicography.) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde / South African Journal of Linguistics*, Suppl. 25: 3-35.
- Gouws, R.H. 1996. Bilingual Dictionaries and Communicative Equivalence for a Multilingual Society. In *Lexikos 6* (AFRILEX-reeks/series 6): 14-31.
- Hausmann, F.K. et al. (eds). 1989–1991. *Wörterbücher: Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Hepburn, J.C. 1867. *A Japanese and English Dictionary*. Shanghai: American Presbyterian Mission Press.
- Kotzé, E.F & P.V. Wela. 1990. *Afrikaans-Zoeloe-woordeboek – met Engelse vertalings*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Kromann, H.P. et al. 1991. Principles of bilingual lexicography. In Hausmann, FK et al. (eds). 1989–1991: 27-11-1991.
- Nakao, Seigo. 1997. *Random House Japanese-English English-Japanese Dictionary*. New York: Random House.
- Rōmaji English-Japanese Japanese-English Dictionary* (samestellers onbekend). 1999. Tokyo: Sanseido.
- Nippo Jisho* 日葡辞書 – Vocablario da Lingoa de Iapam. 1603. Nagasaki: イエズス会の使命.
- Sakurai, Takashi & Ernst F. Kotzé. 1997. 'n Kontrastiewe beskouing van tweetalige woordeboeke in Suid-Afrika en Japan. In *Lexikos 7* (AFRILEX-reeks/series 7): 165-178.
- Soga, Matsuo & Noriko Matsumoto. 1978. *Foundations of Japanese Language*. Tokyo: Taishukan.
- Takebayashi, Shigeru. 1992. *Japanese-English Learner's Dictionary*. Tokyo: Kenkyusha.
- Taylor, John R. 1991. *Linguistic CateORIZATION – Prototypes in Linguistic Theory*. Oxford: Clarendon Press.
- Yabuki, K. & S. Kurosawa. 1987. *English Romanized Japanese Dictionary for Practical Conversation (Eng to Japanese)*. Tokyo: Japan Travel Bureau.

Die vroegste Khoi-Afrikaans¹

The earliest Khoi Afrikaans²

CHRISTO VAN RENSBURG

Navorsingsgenoot: Navorsingseenheid *Tale en literatuur in die SA konteks*,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus
E-pos: christovanrensbург100@gmail.com



Christo van Rensburg

*Vir prof Gawie Nienaber. Hy het die stene waarmee
Afrikaans gebou is, al lankal raakgesien.*

CHRISTO VAN RENSBURG was projekteur vir 'n navorsingsprojek oor die Afrikaans van die Griekwas in 1984, en volg steeds rigtingwysers op wat uit dié ondersoek na vore gekom het, onder meer oor die verbande tussen die variëteite van Afrikaans. Die bestudering van dialekrete om vroeëre taaltoestande te rekonstrueer sodat gevolgtrekkings daaruit gemaak kan word oor die totstandkoming van Afrikaans, sluit daarby aan, waaruit 'n interpretasie van Afrikaans se geskiedenis volg waarin vroeë dialekgegewens verreken word. Dit lei tot 'n siening van taalverandering waarin 'n taalvariëteitsbenadering sentraal staan, met ander beklemtonings as wat tradisioneel voorgehou word. Uit die dialektbelangstelling volg ook die uitwysing van subtiele verskille tussen die standaardlek en Dialekafrikaans wanneer variëteite van Afrikaans literêr aangewend word, en 'n interessante spel van naasliggende betekenisstand kom.

CHRISTO VAN RENSBURG led a research project in 1984 on the Afrikaans of the Griquas, a variety of Afrikaans originally based on Khoi, and since then continued pursuing some of the findings from that research. Amongst them were the way in which the Afrikaans dialects are interconnected, and how dialect data could be utilized in the restructuring of earlier language situations, from which deductions about the beginning of Afrikaans can be made. Following from this, a perspective on the history of Afrikaans emerged, centered around its varieties, and a view on language change, which differs somewhat from traditional standpoints on this topic, especially those that originate in genealogical language developments of which Afrikaans is held to be the result. This interest in dialects also led to the elucidating of subtle differences between standard Afrikaans and its varieties in cases where these varieties are used as literary vehicles.

¹ Hierdie aanleerderstaal van die Khoi-sprekers vertoon 'n verskeidenheid ooreenkomste met latere Afrikaans, en word daarom as Khoi-Afrikaans beskou.

² This learner variety of the speakers of Khoi exhibits a range of similarities with later Afrikaans, and is therefore called Khoi-Afrikaans.

ABSTRACT

The earliest Khoi Afrikaans is a study about the variety Khoi Afrikaans as the first form of Afrikaans. A traditional view has it that Khoi influenced Afrikaans in some way or another. With Khoi Afrikaans as the original form of Afrikaans, this cannot be the case: Khoi Afrikaans was already Afrikaans.

Khoi Afrikaans refers to the new language of the Khoi-Khoen at the Cape in the course of the first half of the seventeenth century. This language originated from contact between the Khoi-Khoen and visiting seafarers, especially from the Netherlands, which started with the visit from De Houtman in 1595. In this learner's variety, the first building blocks of the latter-day Afrikaans can be found. This was the earliest Afrikaans, which originated between 1595 and 1652, the first period in the history of Afrikaans.

The database of this first period consists of 54 items, accumulated from Khoi word lists, as well as other sources, and it is distinguishable by the features of Afrikaans that they exhibit. The interpretation of this material pursues earlier work done by H. Den Besten and G. S. Nienaber.

These data conform to the field of "bad" data that Janda and Joseph (2003) distinguish, but contribute, nevertheless, to language forms that are not usually considered in the debate on the earliest forms of Afrikaans. Elements from a collection of bad data, as is shown here, survived steadily in the history of Afrikaans, which accentuates the importance of recognizing the role of the Afrikaans dialects in construing its history, in accordance with the view of Bergs (2012). Words for bread that were recorded before 1652, still survive, perhaps surprisingly so, in present-day varieties of Afrikaans where words like *pereb* conserved their Khoi Afrikaans origin, and did not become familiar Afrikaans words. They are used in diglossic situations beside words that later became Afrikaans words, like *brood* (bread), that lost most of their Khoi morphological trimmings (such as the word final [+ masculine] -b/p).

The word *ghe-me* (give + verbal suffix) is such an example, as well as Afrikaans *rug* (back), which was recorded as *rena*. The -n- of *rena* constitutes Khoi-Khoi interchangeability between -n- and -g- and the -a is a case ending. The Khoi Afrikaans vowels were recorded in various ways. Interestingly, the meaning of this word was given as *shoulder*. Could it be that the informant, in trying to demonstrate the meaning of *rena*, could only reach his shoulder, and not his back? Khoi speakers, trying to acquire the word for pipe (for smoking tobacco), were confronted by an interesting language conflict. They could easily pronounce the Dutch word, *pyp*, but were prevented by morphological laws from doing so. A wordfinal -p denoted masculine gender; and this word should be treated as feminine. The result? The illegible Khoi Afrikaans word *pe-s* (originally written down as *pesche*).

Some Khoi Afrikaans words were pronounced without the word final -r; as was the case with the adverb for here (Dutch *hier*): *hie*. Even English words were pronounced in this way: *nosie* was recorded in 1652 for no sir. The *hier* pronunciation of the Dutch sailors was heard concurrently with *hie*. In the Afrikaans variety of the Cape Town region, up to the present time, there are many speakers who still do not use -r at word endings.

Some words were used by well-known Khoi-Khoi characters like Herry, and were thought to be instances of the learner language of the Khoi, from which some information could be gleaned about Khoi Afrikaans. The word *goo* illustrates such an instance. *Goo* was interpreted by the leader of that expedition as meaning "go" (away), and was seen as an attempt to use the English word *go*. This was not the case. The Khoi verb *gu*, was used, meaning "cease" (your excessive talking). It was not written down carefully, and explained inaccurately.

KEY WORDS: bad data, earlië Afrikaans, eerste periode van die geskiedenis van Afrikaans, frontier Afrikaans, Khoi Afrikaans, Khoi-Khoi ekspansie, taalverwerping, leerder se variasies, nuwe tale

TREFWOORDE: Aanleerdersvarieteite, eerste periode in die geskiedenis van Afrikaans, handelstaal, Khoi-Afrikaans, Khoi-Khoi-ekspansie, nuwe tale, skrape data, taalanleer, Voorposafrikaans, vroeë Afrikaans

OPSOMMING

Die vroeë Khoi-Afrikaans verwys na die Khoi-Khoi se aanleerderstaal gedurende die eerste helfte van die sewentiende eeu. In hierdie taal, wat tydens kontak met besoekende seelui ontstaan het, kan heelwat Afrikaans gevind word en dit kan as die eerste periode in Afrikaans se geskiedenis beskou word. Die data wat hier bespreek word, is gedokumenteer tussen 1595 en 1652.

Die databasis vir hierdie studie bestaan uit 54 optekeninge wat ooreenkomste vertoon met Afrikaans. 'n Ondersoek na hierdie vroeë boustrukture van Afrikaans behels nie net 'n analise van die versamelde skrape data nie (in opvolging van verskeie publikasies van Den Besten en Nienaber), maar wys ook op die voorkoms van aanleerdersvorme wat steeds nie heeltemal verafrikaans het nie, selfs nie 'n paar honderd jaar ná die eerste optekeninge daarvan nie. In dié opsig vind hierdie studie aansluiting by werk van Bergs (2012) en Janda en Joseph (2003), wat gegewens oor skrape data, en die lang lewe daarvan, by taalgeskiedenis integreer.

1. AANLOOP

1.1 'n Nuwe aanleerderstaal aan die Kaap

“Die oud volk altyd zoo makum en daarom ons ook zoo makum”. Met hierdie sinnetjie regverdig 'n Khoi-Khoi-segsmans in 1727 die behoud van hulle ou gebruikte teenoor die reisiger Kolbe (Kolbe 1727 I: 520). Die Skiereilandse Khoi-Khoi kon baie van hulle tradisies nog lank ná 1727 bewaar, maar met hulle taal was dit nie die geval nie.

Meer as 'n eeu voordat Kolbe hierdie sin neergeskryf het, het die Kaapse Khoi-Khoi begin om 'n nuwe kontaktaal te praat. Die taal het ontstaan uit die situasie wat ontwikkel het toe die Khoi-Khoi en die skeepslui van Nederlandse skepe, wat sedert 1595 die Kaap begin aandoen het, mekaar beter probeer verstaan het, sodat hulle ruilhandel beter kon vlot. 'n Reeks omstandighede het daaraan meegewerk dat die Khoi-Khoi se moedertaal, Khoi, teen die begin van die agtiende eeu al grotendeels met hierdie aanleerderstaal, Khoi-Afrikaans, vervang is. Khoi-Afrikaans vertoon meer grammatika-eienskappe wat met huidige Afrikaans ooreenkom, as wat dit die geval is met hulle doeltaal, die Nederlands van die besoekende seelui.

Die bestaan en betekenis van hierdie vroeë aanleerderstaal van die Khoi-Khoi het in die geskiedenis van Afrikaans weinig aandag geniet, alhoewel die optekeninge wat al sedert 1595 daarvan gemaak is, tog bekend was. Nienaber (1994:139) wou die geskiedenis van hierdie aanleerderstaal, Khoi-Afrikaans, as 'n deel van Afrikaans se geskiedenis sien, en het aangevoer “dat die Afrikaanse taalgeskiedenis na reg eerder in 1595 moet begin as in 1652”. In hierdie studie word daar by sy standpunt aangesluit.

Die data van die aanleerderstaal van die Kaapse Khoi-Khoi wat behoue gebly het, word hier van nader bekyk, vir die periode voor die vestiging van die kolonie aan die Kaap, tussen 1595 en 1652. Hierdie tydperk kan beskou word as die eerste fase van die taalgeskiedenis van Afrikaans wat Nienaber in gedagte gehad het. Den Besten (1989:218) maak ook 'n onderskeid tussen 'n voor-1652-periode en daarna om vas te stel wanneer Engelse besoekers se invloed op die Kaapse Khoi-Khoi die sterkste was.

Khoi-Afrikaans is in die dekades ná 1652 steeds opgeteken, waarvan Groenewald (2002:251-263), Ponelis (1993:30-34, 104), Raidt (1976:11-112), en andere voorbeelde gee. Later, van die begin van die agtiende eeu af, het Khoi-Afrikaans noordooswaarts versprei, veral in die gebied tussen die Hottentots-Hollandberge en die Keirivier.

1.2 Data oor die eerste periode

Nienaber het Khoi-woorde wat tussen 1595 en 1815 deur verskeie waarnemers in “verspreide ou glosse” (Nienaber 1963:ix) opgeteken was, in ’n omvattende Afrikaans-Khoi-woordelys byeengebring en verklaar. Etlike van die inskrywings in sy woordelys was alreeds Khoi-Afrikaanse woorde, soos *breba* vir *brood* (vergelyk 5.1.2). Den Besten het in ’n aantal studies insiggewende opmerkings oor die betekenis van hierdie gegewens vir die bestudering van Afrikaans gemaak (waaronder Den Besten 1989, en ander, wat in die bibliografie vermeld is).

Met Nienaber (1963) as basis, en enkele aanvullings (soos verder aangetoon sal word), is daar 54 gevalle van die Khoi-Khoi se taalkontak met besoekende seelui tussen 1601 en 1652 geïdentifiseer. (Vergelyk ook die 45 inskrywings wat in die lys van Groenewald (2002:245-251) voorkom.) Hierdie databasis (Bylaag 2) bestaan hoofsaaklik uit woorde wat in die eerste periode van Afrikaans se geskiedenis neergeskryf is. Sinstukke is skaars (vgl. 3, 9, 10, 18, 31, in Bylaag 2). Die plantnaam (8) *canna* (dagga) is opgeneem omdat dit so vroeg opgeteken is (in 1611), opvallend min wisselvorme vertoon, en soveel buitelandse belangstelling onder plantkundiges ontlok het. *Canna* was binnelands besonder goed bekend, soos *boegoe* ook, wat in 1668 vir die eerste keer opgeteken is (Nienaber 1963: by *kanna* en *boegoe*).

Neerslae van hierdie vroeë Khoi-Afrikaans kan in verskillende latere variëteite van Afrikaans aangedui word (soos Griekwa-Afrikaans), en die oudste optekeninge van enkele woorde wat tans in Standaardafrikaans voorkom (soos (33) *gee*, en (44) *more*, waar die nommers na die inskrywings van die inventaris (Bylaag 2) verwys), kan in ’n effens verholde vorm in die databasis van die Khoi-Afrikaans van hierdie voor-1652-periode gevind word.

Kennis van Khoi-Afrikaans uit hierdie periode kan met vrug betrek word in die gesprek oor die vorming van Afrikaans. Dit is duidelik dat die Afrikaans van die Khoi nie eers Nederlands was nie, en dit kon nie uit Nederlands verander het na Afrikaans nie. Die Khoi-Khoi het nooit Nederlands gepraat nie.

Ná hierdie eerste periode het Khoi-Afrikaans ’n bekende taalvorm in Suid-Afrika geword, veral in die binneland van Suid-Afrika gedurende die agtiende eeu, en dit het deurgaans ’n invloed op ander variëteite van Afrikaans uitgeoefen. Janda en Joseph (2003:28), met verwysing na ander ondersoekers, onderstreep dit dat “the history of ... language” inderwaarheid in “the history of vernaculars” lê. In Standaardafrikaans kan die invloed van Khoi-Afrikaans ook uitgewys word (onder andere Van Rensburg 2015:329-331).

Die 54 gevalle van Khoi-Afrikaans wat voor 1652 opgeteken is, word hier bespreek, gevalle van latere voortsettings daarvan word uitgewys, en historiese besonderhede van Khoi-Afrikaans word ook aangetoon.

2. DOELWITTE

Om:

- 2.1 Die agtergrond te skets waarbinne die Khoi-Khoi se moedertaal vervang is deur Khoi-Afrikaans,
- 2.2 daarop te wys dat die Khoi-Afrikaans wat hier bespreek word, toevallig opgeteken is,

- 2.3 die voorbeelde van Khoi-Afrikaans as skraps data te interpreteer,
- 2.4 die neerslae van vroeë ruilgesprekke tussen die Khoi-Khoïn en Portugese en Engelse seelui as deel van die databasis van Khoi-Afrikaans te oorweeg,
- 2.5 die Khoi-aandeel in Khoi-Afrikaans aan te dui, en
- 2.6 Khoi-Afrikaans te sien as die eerste Afrikaans.

3. DIE AGTERGROND VAN DIE KHOI-TAALVERVANGING

3.1 Die eerste periode

Van 1595 af het Nederlandse skepe die Kaap besoek. Eers het De Houtman, op reis na die Ooste toe, sy tog in Mosselbaai onderbreek (Raven-Hart 1967:11-19). Daarna, veral van 1616 af (Schoeman 1999:181), het die skeepvaart toegeneem, en Tafelbaai (waarna vroeë dokumente soms verwys met sy vorige naam, Saldanha) is ook toenemend besoek. Tussen 1610 en 1650 het daar nie minder nie as 363 skepe uit Nederland aan die Kaap anker gegooi. Besoekende skepe, en die taal van die besoekers en hulle gewoontes, het vir die Kaapse Khoi-Khoïn al hoe bekender geword. Behalwe Nederlands is Engels en ander tale ook gehoor: 62 Engelse skepe, naas 23 skepe van ander moondhede, het die Kaap gedurende hierdie periode besoek (Groenewald 2002:100).

Die Khoi-Khoïn het vee verskaf aan die bemanning van die besoekende skepe, en het koper en ander handelsware daarvoor in ruil ontvang. Met beter kommunikasie kon die handelsgesprekke gladder verloop. Die seelui het Khoi-woorde aangeleer, en die Khoi-Khoïn het die Nederlands van die seeliede probeer napraat: hulle nuwe aanleerderstaal het so ontstaan (waarop Bosman (1928), Franken (1953), en andere gewys het).

3.2 Die Khoi-Khoïn en Khoi-Afrikaans ná 1652

Die veeruilsituasie met die Khoi-Khoïn het ná 1652 verander, met die stigting van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) se verversingspos aan die Kaap (De Villiers 2012:41-42). Daardeur het die eerste periode van die spontane taalkontak tussen die Khoi-Khoïn en die besoekers tot 'n einde gekom.

Hierdie verandering (vgl. ook Steyn 1980:104-106) het implikasies vir die Khoi-Khoïn se taalkontakgeleenthede met besoekende seelui ingehou. Die kapteins van die Nederlandse skepe het opdrag gekry om die VOC se nuwe handelspos te ondersteun, en kon hulle vaarte net in Tafelbaai onderbreek. Dit het die lukrake en sporadiese ontmoetings kuslangs tussen die bemanning van die Nederlandse skepe wat aan die Kaap verpoos het en die rondtrekkende groepe Khoi-Khoïn wat hulle na willekeur vir ruiltransaksies kom aanmeld het, of die skepe uit nuuskierigheid besoek het, beëindig.

Tolke het 'n belangriker rol in meer gestruktureerde veeruiltransaksies begin speel, maar die belangrikste gevolg van hierdie verandering lê daarin dat die Khoi-Khoïn die beheer wat hulle voor 1652 oor die veeruiltransaksies gehad het, moes prysgee. Voor 1652 kon hulle hulle aan die onderhandelinge onttrek wanneer omstandighede hulle nie gepas het nie. Ná 1652 kon die Khoi-Khoïn die veekopers nie ontglip nie, en het hulle mettertyd hulle vee kwytingeraak, en gepaardgaande daarmee hulle voormalige status as die veebesitters van die nuwe kolonie. Die vee-eienaars het in 'n ommesientjie veewagters geword (Bredenkamp 1982). Onbestendige veebesit vorm nie die basis vir 'n volhoubare ekonomie nie (Elphick & Malherbe 1989:6), veral as die veebesit nie deur 'n ander stabiele inkomstebron vervang word nie.

Met hulle verlies aan status as veebesitters, onderlinge tweespalt, nederlae in twee oorloë en die verkoop van hulle grond, en ook as gevolg van ander redes (De Villiers 2012:47, Elphick &

Malherbe 1989:10-12), was die Khoi-Khoïn genoodsaak om die funksies wat hulle aanleerderstaal, Khoi-Afrikaans, vir werksverskaffing gebied het, toenemend te begin ontgin. Dit het meegebring dat hulle moedertaal al hoe meer op die agtergrond geskuif is. Met kennis van Khoi-Afrikaans was dit moontlik om plaasarbeiders te word (op die buitewyke), transportryers, smouse, gidse, huishulpe, ensovoorts, oor 'n al groterwordende gebied, mettertyd tot diep in die binneland in. Hulle aanleerderstaal, wat vir lank nog naas Khoi in 'n diglossiesituasie gebruik is, het 'n deel van hulle daaglikse bestaan word.

4. KHOI-WOORDELYSTE EN TOEVALLIGE DATA OOR KHOI-AFRIKAANS

“Cape colonial linguistics of the VOC period was almost exclusively Khoisan linguistics”, merk Den Besten (2010b:333) op. Voor die VOC-tydperk was dit ook die geval: die besoekende seelui het aanvanklik in Khoi belang gestel om handelsgesprekke meer effektief te voer. Optekenaars, waaronder seeliede en dagboekhouers, soos Muller (vgl. 5.2.1), en woordelysopstellers soos De Flacourt (sien hierna), wat nie tussen Khoi en Khoi-Afrikaans kon onderskei nie, het onwetend, saam met Khoi-items, ook gevalle van Khoi-Afrikaans opgeteken: die bron van die min gegewens wat oor Khoi-Afrikaans behoue gebly het. Nienaber (1963) het die bestaande waarnemings oor Khoi (wat voorbeelde van Khoi-Afrikaans ingesluit het) saamgevat en georden. Die meeste voorbeelde van die ander binnelandse variëteite van vroeë Afrikaans wat behoue gebly het, is ook nie bedoel om as dokumente van daardie taalvorm te dien nie, maar is meestal toevallig neergeskryf in briewe en dagboeke (vgl. Ponelis 1993:72). Die tweespraak van Teenstra uit 1825 is 'n uitsondering: hy laat sy karakters praat, sodat hulle Afrikaans beklemtoon kan word (vgl. Ponelis 1993:73 vir meer bronne).

Khoi-woordelyste, met hulle terloopse inskrywings van Khoi-Afrikaans, het makliker bewaar gebly as die optekeninge van die seelui, hoewel die Khoi-Nederlandse woordelys wat Wreede in 1663 opgestel het, tog verlore gegaan het (Böseken 1973:323, 186 n. 47, Den Besten 2010a:336 e. v., Schoeman 2006:114 e.v.).

De Flacourt, wat goewerneur was op Mauritius, het op sy terugreis na Frankryk in 1655 vir drie weke in (die huidige) Saldanhaabaai vertoef, en sy Khoi-woordelys van “knap oor die 200” woorde (Nienaber 1963:106) saamgestel. Die lys bevat 29 voorbeelde van Khoi-Afrikaans (vgl. Bylaag 2, inskrywing 25 en verder), wat aansluit by die items wat voor 1652 opgeteken is, en as data van Afrikaans se voor-1652-fase beskou kan word.

De Flacourt se segspersone sou hulle aanleerderstaal nie by die Nederlandse koloniste ná 1652 aangeleer het nie. Die periode was te kort, en van omstandighede vir taalaanleer van hierdie aard, binne drie jaar ná die koloniste se aankoms, gee Van Riebeeck in sy dagboek geen blyke nie. Die vrymoedigheid waarmee die Khoi-Khoïn by De Flacourt aan boord gegaan het (Nienaber 1963:105, met verwysing na Strangman), dui op 'n bekendheid met besoeke onder soortgelyke situasies – 'n gewoonte wat nie in die hawe van die VOC se Kaap aangeleer kon gewees het nie.

Die ooreenkomste tussen inskrywings in De Flacourt se lys en optekeninge wat voor daardie tyd gemaak is (Nienaber 1963:106), wys op 'n Khoi-taalkontakwoordekat wat alreeds bestaan het, byvoorbeeld vir die woord *brood* en vir die werkwoord *gee* (vgl. 5.1.2, 5.1.5), taalaanleervorme wat die aansluiting van De Flacourt se optekeninge by 'n ouer taalkontakgeskiedenis bevestig.

Die bestudering van die data oor Khoi-Afrikaans kan aansluit by onderwerpe soos die verspreiding van dialekvorme en die behoud daarvan, tweedetaalverwerwing (vgl. Den Besten 2002, 2010b), en kan vergelykende materiaal verskaf oor kontaktaale wat as byprodukte van die Nederlandse koloniale ekspansie van die sewentiende eeu beskou kan word (Bruyn en Veenstra 1993, Buccini 1996). Verder dra hierdie optekeninge by tot die ondersoek na die rol wat die Kaapse

Khoi-Khoïn gespeel het in die wording van Afrikaans, en van die aard van die Afrikaanse historiese taalkunde-argief (Deumert 2012). Die Khoi-Khoïn se verwerwing van hulle aanleerderstaal kan ook as 'n gevallestudie dien van die ontstaan van 'n nuwe taal, en terselfdertyd sienings oor die evolusionêre ontwikkeling van tale uit sogenaamde stamtale bevraagteken, in die trant van De Saussure (1916:17) wat vergelykende taalkundiges kritiseer wat tale met mekaar vergelyk soos wat natuurkundiges plante vergelyk. Hierdie gegewens pleit ook teen die beskouing dat Afrikaans ná 1652 “ontstaan” het. Willemyns (2013:215) sluit by Brachin aan en skryf “... in the year 1652 Jan van Riebeeck [laid] the foundations [of] ‘the only language of Germanic origin which is spoken exclusively outside of Europe’ ... the only still extant daughter language of Dutch.”

Wat Afrikaans betref, vestig Khoi-Afrikaans die aandag op die dialekte met 'n Khoi-onderbou, veral in die binnelandse taalgebied, wat vir lank op die periferie van die variëteite van die sentrale Afrikaanse taalgemeenskap bestaan het (vgl. Van Rensburg 2015:39-333). Een gevolg van die beperkte wisselwerking tussen Khoi-gebaseerde Afrikaanse variëteite en die Afrikaans van ander variëteite was die geringe invloed van die standaardlek daarop, wat hierdie variëteite 'n waardevolle bewaarkluis gemaak het van taalgewens met 'n besondere lang spreektaalgeskiedenis (vgl. 5.1.3).

5. VROEË KHOI-AFRIKAANS AS SKRAPS DATA

5.1 Uitkomstige van ondersoek met skraps data

5.1.1 Gebrekkige optekenings

Die gegewens oor Khoi-Afrikaans bevat 'n versameling data wat ooreenstem met optekenings wat Joseph en Janda (2003:28 e. v.) as skraps data sal tipeer. Die integreer van skraps data by historiese beskrywings sal verhoed dat sulke gegewens vir historiese taalondersoek verlore gaan, maar die aard van dié data stel besondere eise aan die bestudering daarvan, en vereis meermale dat benaderings by die ondersoekmateriaal aangepas word. 'n Onderzoek na oorblyfsels van graffiti en weggooi-boodskappe wat Romeinse soldate op plankies uitgerf het, hou Joseph en Janda (2003:28-30) voor as 'n voorbeeld van 'n suksesvolle projek van hierdie aard, omdat dit historiese taalgegewens blootgelê het wat hulle as “priceless” bestempel.

Met die bestudering van skraps data, soos die data van Khoi-Afrikaans, moet toegewings gemaak word vir die toevallige en onsistematiese versameling daarvan. Hierdie data leen hulle nie tot statistiese verwerkings nie, en is uiteraard ook onvolledig. Daar word byvoorbeeld net een handelsartikel genoem, (12) *bras* (vgl. 6.1.3), en die Afrikaanse woord *skaap* is nie naas die klanknabootsings soos (2) *baa* (*skaap*) opgeteken nie. Indien gegewens oor *skaap* voorgekom het, sou die woord 'n meervoudsvorm *skape* gehad het, of sou dit ook *skaap* gewees het, soos wat dit tans in die binnelandse Khoi-Afrikaanse spraakgebiede die geval is? Sulke vrae kan nie uit dié data beantwoord word nie.

Verder is die taalgegewens deur waarnemers opgeteken, wat in baie gevalle 'n beperkte begrip van Khoi-Afrikaans se Khoi-gebaseerde aanleedersgrammatika gehad het, en nie deur sprekers van Khoi-Afrikaans self nie. Die Khoi-Khoïn het uitspraakaanpassings gemaak om Nederlandse klanke te akkommodeer by hulle manier van praat met keel- en nasale klanke, die onderskeiding daarvan was vir optekenaars nie 'n eenvoudige taak nie, en die waarnemings gevolglik nie betroubaar nie. “Haer uitspraak valt swaer”, is 'n waarneming wat Van Rhee in 1685 gemaak het (Hulshof 1941:202). Die kontekste waarin die optekenings gemaak is, kan ook meermale nie uitgepluis word nie, en alle waarnemings wat na die Khoi-Afrikaans van hierdie eerste periode

verwys, kan nie sonder meer as korrek aanvaar word nie (soos die gevalle (7) en (18) in Bylaag 2). Met sulke siftings raak die ondersoekmateriaal nog yler.

Nieteenstaande al die gebreke aan die materiaal kan 'n ontleding van die data oor Khoi-Afrikaans vir 'n waardevolle perspektief op die studie van Afrikaans sorg, en betekenisvolle gegewens tot die geskiedenis van Afrikaans toevoeg. 'n Bespreking van die Khoi-Khoins se aanleerderswoorde vir *brood* (hierna) kan as 'n voorbeeld dien.

5.1.2 Hoe is die woord 'brood' deur die Khoi-Khoins aangeleer?

Die besoekende skeepslui het die gewoonte gehad om brood en skeepsbeskuit (sake waarvoor daar in Khoi nie woorde bestaan het nie) uit te deel om hulle ruilonderhandelings met die Khoi-Khoins te fasiliteer. So het die Khoi-Khoins die Nederlandse woord *brood* goed leer ken, maar omdat hulle moedertaal, Khoi, in soveel opsigte verskil het van die besoekers se taal, kon hulle *brood* aanvanklik nie uitspreek soos in Nederlands nie. In elkeen van die opgetekende gevalle in Khoi-Afrikaans is Nederlands aan die begin van die woord herkenbaar, waarna die woorddele met Khoi-moedertaalinvloed opgemerk kan word. Die Khoi-Khoins was in elk geval nie gemaklik met woorde wat *b-* as 'n aanvangskonsonant gehad het nie – dit het 'n merker vir leenwoorde gebly (Nienaber 1963:234).

TABEL 1: Variante van die woord *brood* wat voor 1652 in Khoi-Afrikaans opgeteken is

	opgeteken in	samestellende dele
(13) <i>varucka</i>	1623	varu-cka
(15) <i>bara</i>	1627	bar-a
(19) <i>brokwa</i>	1652	bro-kwa
(28) <i>breba</i>	1655	bre-ba
(29) <i>baraba</i>	1655	bara-b-a

Met (19) *brokwa* as uitgangspunt, kan die ander optekeninge van *brood* verstaan word. Die kluster *b + r* was vir Khoi-sprekers moeilik om uit te spreek. Hulle het daarvan *b + vokaal + r* gemaak ((15) *bara*). By (19) *brokwa* is die *b + r*-uitspraak wel (later?) bemeester, en op die *bro*-gedeelte, vir *brood*, volg die Khoi-kollektief *-kwa*, waarmee na brood sowel as skeepsbeskuit verwys is. (*Griekwa* beteken *Gri-hulle* of *Gri-goed*.) Die Khoi-kollektief word in die binnelandse dialekgebiede steeds frekwent gehoor as *-goed*, in byvoorbeeld *ma-goed*, *Petrus-goed*, terwyl Elias Nel se karakters (Hendriks 2014:3) name dra waarin *-kwa* soms voorkom: *Martiens Hessekwa*). Die variant (28) *breba* begin ook met die kluster [*b + r*] gevolg deur die genusmerker *-b-* [+manlik], en 'n naamvalsuitgang *-a*. Daar kan gespekuleer word dat die *-e-* van *breba* aantoon dat die Engelse woord *bread* die doelwitwoord was, en nie Nederlands *brood* nie, hoewel dit nie 'n eenvoudige taak was om die kwaliteit van hierdie vokale met sekerheid te kon vasstel nie (Nienaber 1963:101).

Die Deen Jon Olafsson (Raven-Hart 1967:111) het (13) *varucka* opgeteken, waar die beginkonsonant afwyk van ander optekeninge wat met 'n *b-* begin, soos (15) *bara* en (29) *Baraba* ('n eienaam, wat "Broodman" beteken (vgl. ook 5.1.4)). Nienaber (1963:234) skryf dit toe aan die invloed van sy moedertaal, Deens, wat nie heeltemal oortuigend is, wys Ernst Kotzé my op, aangesien /b/ nie in Deens onbekend is nie ("brood" in Deens is brød [brøD]), en suggereer dat

die verklaring eerder by Olafsson se skryfwyse van van /b/ as /v/ gesoek moet word. Dit is waarskynlik, omdat beide stemhebbende labiale konsonante is. Die tweede lid-*cka* is niks anders as *-kwa* nie (**baru-kwa*). In hierdie optekeninge, skei 'n vokaal die woordaanvangskluster.

5.1.3 Die geskiedenis van Khoi-Afrikaans se aanleerderswoorde vir 'brood'

"No linguistic state of affairs ... can have been the case only in the past", voer Lass (1997:28) aan. Lass se standpunt beteken dat die Khoi-Afrikaanse vorme, ná die eerste periode van Afrikaans se geskiedenis, deur die ekspansie van Khoi-Afrikaans in die agtiende eeu (Du Plessis 1994:123-5) voortgesit is uit die Wes-Kaapse sentrum in die binneland in. Dit verklaar waarom die Nederlandse doeltaalwoord *brood* nie die Khoi-Khoi-ontlenings daarvoor in alle gevalle vervang het nie.

Nienaber (1963:234) het 11 optekeninge raakgeloop van *brood* wat in Khoi-/Khoi-Afrikaanse gemeenskappe gebruik is, wat tussen 1691 en 1815 gemaak is, en wat baie naby staan aan die optekeninge wat voor 1652 vir *brood* gemaak is. Die woorde wissel tussen *bree*, sonder Khoi-morfologie, tot *breb* en *berib/barib* met die Khoi-merker [+manlik], terwyl daar soms ook 'n vokaal tussen die konsonante van die b+r-kluster voorkom: 'n herinnering aan die aanvanklike uitspraakprobleem van die Khoi met die uitspraak van *brood*. Die Nama/Damara-taalkomitee (1977:14) van Namibië het in hulle Nama/Damara-grammatika *pereb* (wat vrylik kan afwissel met *berep*), vir *brood* aangegee. Dit is nie verrassend dat 'n vroeë Khoi-aanleerderswoord vandag nog in Nama/Damara gebruik word nie – volgens Nienaber (1963:101) is Nama "die enigste nog lewende verlengstuk van Kaapse Khoi". Vir Koranna het Nienaber die optekeninge *breb/bereb* teëgekomp (Nienaber 1963:234). In 1925 het Von Wielligh in Boesmanland *berep* vir *brood* opgeteken (Von Wielligh 1925:156). Sprekers van taamlik geïsoleerde spreektaalnetwerke gebruik woorde wat al aan die vergetelheid toegeskryf is, soms onbewus, oor geslagte heen. Kennis van dié woorde kan eietydse taalbeskrywings in verskeie opsigte aanvul.

Met die verloop van taalekspansies, soos van Khoi-Afrikaans die binneland in, is die verskeidenheid wat eie aan die Khoi-Afrikaanse aanleerderstaal was, en wat tot die geheel van Afrikaans se taalrykdom kan bydra, nie ingeboet nie. Bergs (2012:80, 82) skryf sulke gevalle toe aan die algemene verskynsel van taalbehoud. Nienaber (1942:xv) vermoed ook dat die variasie wat in Afrikaans se uitstralingsgebied voorgekom het, daarbuite voortgesit is, en dat dit "heel natuurlik is om al die voorbeelde van Afrikaans in die periferie te vind".

Die voorkoms van die voor-1652-Khoi-aanleerdersvorme vir *brood*, nog lank ná daardie periode, sluit aan by twintigste-eeuse dialektoloë se sienings oor die verspreiding van dialektpatrone, en die vervlegtheid daarvan met tale se geskiedenis. "[W]at in die geskiedenis van 'n taal opmekaar volg, kan ons vandag nog geografies naas mekaar aantref", verwoord Louw (1948:67) hierdie standpunt, en voer aan dat die teenoorgestelde ook waar is: as taalverskeidenheid waargeneem word, is dit die sprekers se geskiedenis wat daarvoor verantwoordelik is.

5.1.4 Die *-man* van *broodman*

Die tweede lid van samestellings op *-man* wys op 'n aantal interessantheide wat in die konteks van Khoi-Afrikaans na vore kom wanneer name met *-man* gevorm word. Een van De Flacourt se drie segspersone toe hy sy Khoi-woordelys in 1655 opgestel het, se naam was (29) Baraba wat *Broodman* beteken het. *Bar-* is die stam van die aanleerderswoord vir *brood*, met *-a-* wat die Khoivreemde kluster (b+r) se opvolging verbreek, terwyl die tweede *-a-* 'n wisselvorm is van die *-o-* (van *brood*), met *-b-* die manlike genusmerker, en die woordfinale *-a* is die akkusatief-naamvalsaanduider. Die sluitklank *-d* (van *brood*) is vreemd aan Khoi-woordeindes, (soos die Khoi-Afrikaanse uitspraak (52) *bor* vir *bord* aantoon) (Nienaber 1963: by *brood II* en *bord*). Die

naam (29) Baraba, waar *man* met *brood* in verband gebring word (man wat brood gaan haal?), wys moontlik op vroeëre kontak met seelui.

Agentnaamwoorde kom in byna alle aanleerderstale voor, merk Den Besten op (1989:233), soos ook in Khoi-Afrikaans. In die eerste dekade ná Van Riebeeck se aankoms is voorbeelde soos *tekeman* (dief), en *bijteman* (*leeu*) opgeteken. Die aanleedersgegewens uit die eerste vyftig jaar van daardie eeu (Bylaag 2), bevat ook inskrywings met *-man* as lid van Khoi-Khoi-stamname: (16) *Watermans* (die Goringhaikona), (20) *Vismans* (San), en (21) *Caepmans* (die Goringhaikwa).

Die patroon waarvolgens name met *-man* in Khoi gevorm word, is nogal produktief. Haacke en Eiseb (2002:325) se inskrywing *!gu-khoeb* beteken letterlik *gaan + man*, vir 'n reisiger, en Den Besten (1989:233) gee die Nama-voorbeeld *!nari-ao-b* (*steelman*), aan vir 'n *dief*. Die inskrywing van De Flacourt, (35) *samon*, wat Nienaber (1963 by *meneer*) verduidelik as *groot meneer*, het dalk meer om die lyf: is *-mon* nie moontlik *-man* nie, en *sa-* die aanleedersvorm van *sir* (*sir+man*) nie, waarop Ernst Kotzé my aandag gevestig het? *Sa-* (vir die Engelse uitspraak van *sir*) pas in by die patroon van *a* wat in onbeklemtoonde sillabes in Khoi-Afrikaans voorkom (vgl. 9.2), en *sa-mon* kom ooreen met optekeninge van ander herhalingsamestellings (vgl. 7.3) in dié aanleerderstaal.

In Boesmanland, waar reste van Khoi-Afrikaans nog gehoor kan word, kom hierdie patroon steeds voor. Hendricks (2014) verwys na Elias Nel se karakters met name soos *Piet Goeieman* en *Japie Kortman*. Wys die *-man* van *Broodman* op 'n verskynsel in Khoi-Afrikaans wat verder strek as net die eerste vyftig jaar van Afrikaans? Name waar die tweede lid *-man* is, (*Maarman*) het dikwels voorgekom by segspersone wat gegewens vir die navorsing oor Griekwa-Afrikaans (Van Rensburg 1984:1 294, 1 306) verskaf het, en samestellings soos *Jansenman* ook (iemand met die van Janse/Jansen). In Kenhardt (2014) is man in 'n wyer toepassing gehoor: "Lig net daardie man (hefboom), dan sal die hek oopkom." (Persoonlike waarneming.)

5.1.5 Khoi-Afrikaans 'gee' en verbindings daarmee.

(33) *ghe+me = gee*

In die optekeninge uit 1655 kom *gee* (*ghe*) twee keer voor. In die een geval met die suffiks *-me* in die optekening (33) *gheme* (=gee). Die *-me* lyk soos die Nederlandse *mij*, wat daartoe kon lei dat sommige ondersoekers die betekenis aangee as *gee + my*, wat onwaarskynlik is, omdat die Khoi-voornaamwoord *ti* (=my) nie in die Khoi-Afrikaans opgeneem is nie. Dié uitgang is eerder die morfeem *-me*, 'n allomorf van *m*, *-em*, *-um*, en *-om*, wat in die reël ná konsonante in woorduitgange van Khoi-Afrikaanse werkwoorde voorkom (Den Besten 2010a:128-9; 125, 131-132, wat ook na 45 gevalle van die werkwoord *makom* (=maak) verwys, wat tussen 1688 en 1799 met dié variant ná konsonante opgeteken is). Uit hierdie reeks is slegs hierdie *-me*-allomorf in die voor-1652-fase opgeteken, en ná 'n vokaal. Omdat skrap data nie 'n verteenwoordigende beeld van 'n taalsituasie skets nie, kan nie afgelei word dat die ander uitgange nie voorgekom het nie.

(32) *ghe+ma+re*

In die ander geval is *gee* deur De Flacourt opgeteken in die betekenis van *gee + my + moet* (in (32) *ghema(re)*). Die Khoi-woorddeel *-ma-* beteken *gee* (en is later (in 1697), ook sonder die gepaardgaande Afrikaanse gedeelte *ghe-* opgeteken as *ma+re* (Nienaber by *gee II*)). In De Flacourt se optekening word *ghe-* versterkend herhaal in kombinasie met *-ma-* (=gee+gee). Die imperatief *-re* aan die einde van die uiting, maak die mededeling nog dringender: *gee + gee + moet!*

Ou vir gee

In 1626 het Herbert die woord (16) *quoy* opgeteken, met die betekenis *gee*. Nienaber (1963:22, 101 by *gee* I) voer aan dat Engels *give* of Nederlands *gee(f)* die doelwitvorme moes gewees het. In Nama/Damara is die stemlose labiodentale frikatief ([f]) vreemd (Nama- / Damarataalkomitee 1977:54), en Tindall (1857:9) *gee* in sy behandeling van die Namakwa-alfabet geen voorbeelde aan van woorde waarin 'n [f] voorkom nie. Om tussen Engels *give* en Nederlands *geef* as die basis vir (16) *quoy* te kies, wanneer die frikatief uitgeskakel word? Dit lyk nie moontlik nie.

Herbert (1626) se optekening van (16) *quoy* lyk soos die woord *ou* (vir *gee*) wat in huidige Nama gebruik word (Haacke 2002). Die woord is dwarsoor Suid-Afrika bekend, veral onder plaasarbeiders, maar ook onder 'n ouer geslag boere (persoonlike waarneming). Die *WAT* maak melding van optekeninge in die Boland, Namakwaland, Namibië en die Noordweste, streke wat daarvoor bekend is dat Khoi-Afrikaans daar voortgesit is, en *gee* voorbeelde soos *Adderjan Botha, ou vir my 'n skoon segret*. Von Wielligh (1925:158) het ook melding gemaak van *ou* wat in Namakwaland *gee* beteken.

Outere

“Ou kom nie alleen voor nie”, het 'n bejaarde segsman uit die Noord-Kaap in 2012 in 'n persoonlike mededeling gesê, en verwys na *outere*, wat vollediger sou wees. Die betekenis van *outere* kom ooreen met die betekenis van De Flacourt se 1655-optekening *ghemare*, maar met die voornaamwoord *ti* (=my), en sonder die herhaling van *gee*.

Ou beteken in elk geval *gee* (vgl. Herbert se optekening van (16) *quoy*), wat hier gevolg word deur 'n variant van die Khoi-voornaamwoord *ti* (=my – Nienaber 1963:395), en die bevelsvorm *-re =gee vir my jy moet!* Onder Prinsloo se gegewens (2009:450) kom 'n variant *oudere* uit Griekwaland-Wes voor, waar reste van Khoi-Afrikaans steeds gehoor word – nog 'n kanniedoodgeval met wortels in die Khoi-Afrikaans van voor-1652.

5.1.6 Die oudste optekening van 'gee'

Die woord *gee*, sonder die Nederlandse doeltaalmorfologie, (soos ander Afrikaanse werkwoorde ook, waaronder (50) *het-te* (*hê*)), wat in 1655 deur De Flacourt opgeteken is as die eerste lid van die samestellings (32) *gheme*, en (33) *ghemare*, is die oudste optekening van die (Khoi)-Afrikaanse woord *gee*. Onderzoekers wat nie die data van Bylaag 2 as die oudste Afrikaans beskou nie, dateer eerste optekeninge van Afrikaanse woorde eers heelwat later. Raidt (1983:85) dui die datum van die eerste optekening van *gee* byvoorbeeld aan as 1812.

Aanleeders het moontlik die Nederlandse woordstam *geef*, of die infinitiefvorm *gewe*, van Nederlands *gee(ven)* in hulle visier gehad toe hulle by *gee* uitgekom het (Den Besten 1989:221). Hulle kon nie daarin slaag om die Nederlandse doeltaalwoord uit te spreek nie.

5.1.7 Is 'goo' en 'reght' gevalle van Khoi-Afrikaans?

'n Verergde Herry (Autshumao) het in 1655 sy wrewel te kenne gegee teenoor die lede van die reisgeselskap waarin hy hom bevind het, met die sinnetjie, (31) *Goo, goo reght*. Willem Muller het dit vermeld in sy verslag wat in Van Riebeeck se dagboek opgeneem is, maar Bosman en Thom (1952:416, en 416, voetnoot 7) het dit waarskynlik verkeerd geïnterpreteer as Engels. Tot watter taal hoort Herry se uiting (31) *goo, goo reght*?

Die uitings van Herry (31) *goo*, *goo reght* (hierbo), en (52) *goo*, lyk op die oog af soos items wat pas by die skraps aanleedersdata van die Khoi-Khoïn uit die eerste helfte van die sewentiende eeu aan die Kaap (toe Herry geleef het) – data waarna taalhistorici naastiglik soek. Gespreksfragmente, soos hierdie sinnetjie, is besonder skaars in die dataversameling oor die eerste periode van die geskiedenis van Afrikaans. (Meer sulke gevalle kom in die volgende fase, ná 1652, voor.) Die woord *reght* lyk na Nederlands, maar dit is die Khoi-imperatief *re* wat foutief geïnterpreteer is (Den Besten 1989:221, 232; 2002:162), en dié woord hoort nie tot die databasis van Khoi-Afrikaans nie.

Wat is die geval met die res van die uiting, *goo*, *goo*? Bosman en Thom (1952:416 n. 7) sê daarvan: “*Goo* sal wel Eng. *go* wees”, waarin Den Besten (1989:232) hulle ondersteun. In Nama verbind *gu* (*gaan/loop*) met *re!* in ’n vaste uitdrukking: *gaan weg!* / *loop!* (Nama-Damara Taalkomitee 1977:24-32, 88), wat dit verkieslik maak dat *gu* eerder saam met *re* in sy geheel as ’n Khoi-frase geïnterpreteer moet word.

Die vokaal van die Khoi-woord *gu* (=gaan) sou verkeerd gehoor kon word, omdat dit genasaleer word (Nienaber 1963 by *gaan* I) en ’n bepaalde toon dra (soos Haacke en Eiseb 2002:325 se inskrywing aandui). Is *gu*, met suprasegmentele elemente bygehoor, nie verkeerd verstaan as die Engelse *go!* [*gou*] nie? Die uitspraak van vokale en diftonge in Griekwa-Afrikaans, ’n subvariëteit van Binnelandse Khoi-Afrikaans, was in 1984 vir waarnemers nie maklik onderskeibaar nie, wat nog te sê in die begintyd van Khoi-Afrikaans? (Van Rensburg 1984:311 e.v.).

In sy behandeling van Khoi-konsonantwisselings gee Nienaber (1963:178-183) nie voorbeelde aan van [g] x [x]-wisselings nie, wat die Engelse moontlikheid [*gou*] nog onwaarskynliker maak.

Die bostaande voorbeelde is aan Herry toegeskryf, die tolk wat nogal met sy kennis van Engels te koop geloop het, en waardeur hy die indruk kon geskep het dat hy Engels beter ken as wat dit werklik die geval was. Verder is *goo* in (31) *goo*, *goo (reght)* op die tipiese Khoi-manier herhaal (vgl. 8.3), om die betekenis van *gaan* te versterk, sodat dit *weggaan* (+moet) kan beteken.

Soos dit met die imperatief *re* (wat nie *reght* is nie) die geval is, lyk dit of die uiting *gu*, *gu* ook uit Khoi kom, dat dit nie ’n aanleedersvorm is nie, en daarom nie by die databasis van Khoi-Afrikaans uit die eerste periode van Afrikaans se taalgeskiedenis hoort nie.

Wat van (52) ‘goo’?

Die kontekste waarin (52) *goo* gebruik is, en (31) *goo*, *goo reght*, verskil in talle opsigte van mekaar. Dit was ’n bedaarde Herry aan die woord toe hy (52) *goo* gesê het vir ’n groep twistende stamlede (Bosman en Thom 1952:418), sonder om die bevelsuitgang *-re* daaraan toe te voeg. (Die anekdote eindig ongelukkig daar.) Herry wou hulle nie wegjaag nie. Het hy hulle nie net gemaan tot minder luidrugtigheid nie? Die Khoi-woord [*xu*] word ook gebruik in die betekenis van *laat staan* (*julle getwis) (Nama-/Damarataalkomitee 1977:18). (52) *Goo* was eerder ’n aanmaning in Khoi, en hoort nie by die data van Khoi-Afrikaans nie.

6. NOG RUILGESPREKKE: MIN PORTUGEES EN MEER ENGELS

6.1 Vroeër seereise en hulle taalnalatenskappe

6.1.1 *Portugees*

Die seeliede op die Portugese skepe wat ná Dias in 1488, en Da Gama in 1497, hulle seereise aan die suidpunt van Afrika onderbreek het, kon daardie geleenthede gebruik het om ’n Portugese handelstaal aan die Kaap te vestig, soos wat in Indië, Asië en Suid-Amerika gedoen is. Ná ’n ernstige skermutseling tussen D’Almeida en die Khoi-Khoïn (in 1510) is die Portugese skepe aangesê om die suidpunt van Afrika te vermy (Elphick 1985:73, Nienaber 1963:5). Die geleentheid

om 'n Portugese kontaktaal aan die Kaap te vestig, is verpas, en toe daar later 'n aanleerderstaal ontstaan het, het die sprekers die taal wat op die Nederlandse skepe gepraat is in die oog gehad, en nie Portugees nie. Die Portugese taalnalatenskap, ná 'n vlietende kontaktyd, het nie in die niet verdwyn nie. Die naam *Saldanhaabaai* (vir Tafelbaai), om 'n ander onderonsie van 1503 te gedenk (Raper e.a. 2014:46), was wyd bekend, en leef ná eeue nog voort, naas ander tekens van hulle teenwoordigheid. Een van De Flacourt se segspersone van 150 jaar later, Saldan, se naam slaan heel waarskynlik op die nalatenskap van die vroeëre kontak met die Portugese seevaarders.

6.1.2 *Engels en woordvolgordepatrone in Khoi-Afrikaans*

Engels het 'n baie groter rol gespeel in die voor-1652-taalkontaksituasie aan die Kaap as enige ander taal behalwe Nederlands. Die tweede meeste besoekende skepe het uit Engeland gekom (vgl. 3.1). Coree, 'n lid van een van die Skiereilandse Khoi-Khoïn, wat in 1616 vir 'n rukkie saamgevat is Engeland toe, het sy verlange na sy herkomsland uitgedruk met die versugting (9) *Coree home go, Souldania go, home go* (Terry 1947:75, Raven-Hart 1967:83). Nietenstaande die Engels van hierdie uiting, is die SOV-woordvolgordepatroon daarin vir Khoi-Afrikaans betekenisvol. Dit kan 'n aanduiding wees dat die aanleerderstale wat die Khoi-Khoïn gevorm het, voorkeur gegee het aan 'n SOV-woordvolgordepatroon.

Den Besten het die Khoi-woordvolgordepatroon in Coree se uiting in verskeie publikasies bespreek (o.a. Den Besten 1989:217, 2002:153). Tydens die ekspansie van Khoi-Afrikaans, en nietenstaande beïnvloedings van ander dialekte van Afrikaans daarop, het Khoi-Afrikaans sy basiese SOV-woordvolgordestruktuur behou (Den Besten 2002:192). Implikasies van die Khoi-woordvolgordepatroon is al deur verskeie ondersoekers uitgewys en beskryf, en is waarneembaar in latere Binnelandse Afrikaans, soos die onvastheid van die V+deeltjie-volgorde (in hoofsinne) x deeltjie +V in bysinne, soos in *maak ... staan* (die paal) / *staanmaak* (die paal) (Den Besten 2002:160, 190). Gevalle soos *nou omhang jy hom* en *'n kar met vier perde geïnsan* is in 1984 in Griekwa-Afrikaans opgeteken (Van Rensburg 1984:163). Talle voorbeelde wat deur Von Wielligh (1925) in die Binnelandse dialekgebiede opgeteken is, hoort tot hierdie paradigma.

Den Besten (2005:35) wys ook op die tipiese SOV-ekstraposisie van voorwerpe, in latere geskrewe Khoi-Afrikaans: (*ik zal zoo lang plaag hem*), en die komplement + infinitief volgorde: *home go*, naas ander verskynsels, wat in SOV-tale voorkom, en in die Khoi-Khoïn se aanleerders-taal.

Die historiese raakpunte van die implikasies van Khoi-Afrikaans se woordvolgordepatroon, en die reikwydte van invloede daaruit op die ander variëteite van Afrikaans, is nog net gedeeltelik ondersoek.

6.1.3 *Meer gevalle met Engels as doeltaal*

In die data wat in Bylaag 2 opgeneem is, kom daar heelwat voorbeelde van die Khoi-Khoïn se aanleerderstaal voor wat deur Engelse seelui opgeteken is, naas die uitings (9) *Coree home go, Souldania go, home go*, (31) *goo, goo right*, en (52) *goo*, waarop reeds gewys is.

Die uiting (10) *England God, great God, Souldania no God* (wat met inagneming van die konteks daarvan waarskynlik beteken dat Engeland 'n God het, en die Tafelbaailand nie ('n God besit nie)), word deur Coree gebruik nadat Terry (1947:76) vir hom gevra het wie sy God is. Hierdie uiting kom sonder werkwoorde voor, 'n verskynsel wat ook in optekeninge van die Khoi-Khoïn se aanleerderstaal, ná hierdie eerste tydperk, gevind kan word. In die groter korpus van die Khoi-Khoïn se aanleerderstaal, wat optekeninge ná hierdie voor-1652-periode ook insluit, wys Den Besten (2007:141) daarop dat daar net een ander voorbeeld opgeteken is (in 1661) waar die predikaat besitting aandui: *Namaqua ... boeba kros* (die Namakwas se beesvelskilde).

Die optekenings (12) *bras*, vir yster/koper, wat in 1623 gemaak is, is “ongetwyfeld ’n leenwoord ... uit Engels” (Nienaber 1963:353), en kom ooreen met (42) *pras*, van 1655, 32 jaar later. Kan mens aflei dat die woord in 1655 deel uitgemaak het van die Khoi-Afrikaans van die eerste periode in Afrikaans se geskiedenis? Dit was heel waarskynlik die geval. As hierdie data gesif word vir gegewens oor nog artikels wat in die ruilhandel gebruik is, kom die ondersoeker bedroë daarvan af. Daar word slegs van *bras* melding gemaak. Skraps data verskaf skraps informasie.

Die klanknabootsing (11) *boos*, uit 1615, verwys na beeste, met die Engelse meervouds-s (waar (4) *bou* (1608), die enkelvoud aandui). Die optekening (14) *bueem* (moontlik vir ’n *stroompie*), is onduidelik, en Groenewald (2002:246 n.10) weet ook nie daarmee raad nie. Volgens Nienaber (1963:101) beteken die woord in Herbert se Engels ‘brooke’. *Bueem* hoef egter nie met Herbert se Engels verbind te word nie: Die Nederlandse woord *beemd* staan baie nader aan hierdie Khoi aanleedersvorm, wys ’n anonieme keurder tereg uit, met die betekenis “vlak, waterrijk land” (De Tollenaere en Persijn 1977:108).

Die woord (45) *nosie* (1655) het moontlik die Engelse *no sir* in gedagte (Bosman en Thom 1952(I):417). Soos Herry dit gebruik, kon dit by hom ’n vaste uitdrukking gewees het, omdat die res van die sin, in Van Riebeeck se dagboek, in goeie Nederlands neergeskryf is.

6.1.4 *Sips of ships*

Die uitspraak van die Engelse woord *ships* deur die Khoi-Khoïn is interessant. Hoe oud is die uitspraak (51) *sips*? Die depalatalisasie, wat uit De Flacourt se 1655-optekening blyk (Nienaber 1963:452), is kenmerkend van die Khoi-Khoïn se aanleerderstaal, wat Den Besten (1989:218) ook opval, en kan steeds in Kaaps gehoor word (persoonlike waarneming).

Wat dan van die waarskynlike uitspraak [ʃIp:s] vir *ships*, wat Peyton in 1615 opgeteken het, en wat van die 1655-waarneming ((51) *sips*) verskil? Dit blyk dat die tolk Coree ’n besoek vir skeepslui aan sy stat gereël het, en dat ’n verwelkomingskoor hulle met (7) “Sir Tho Smithe English Shipp” ingewag het. Peyton (in Raven-Hart 1967:72) merk daarop op: “it semeth they have learned of Coree”. Coree het *ships* reg gehad, maar nie die werkwoord van die verwelkomingsin nie: Slaan Coree se “broken English” daarin deur, soos Terry (1947:75) vermoed het, en kom dit ooreen met die Khoi-aanleederskonstruksies van ander Khoi-Khoïn?

6.1.5 *Nog ’n geval van afrigting*

Die goeie Nederlands wat die aanleeders tydens die tyd van die stranding van die Haerlem (1648) soms sou gebruik het, val op, soos (18) *Eerst houthalen dan eeten* (Godée Molsbergen 1912:213, Den Besten 2007:135 n.8). Nader bekyk, sien ondersoekers dat hierdie Nederlands oëverblindery is: ’n groepie Khoi-Khoïn is deur die gestrande skeepslui geleer om die sinsnede op te sê, wat die taalkundige waarde daarvan kompromitteer, soos dit ook met die vorige voorbeeld die geval is. (Dat die Khoi-Khoïn wel hulle aanleerderstaalvaardigheid deur hierdie oefening kon verbeter het, is moontlik.)

7. DIE KHOI-NEERSLAG IN KHOI-AFRIKAANS

Die aanleerderstaaloptekenings is soms deursigtig, terwyl dit in ander gevalle weer nie die geval is nie. Die volgende voorbeelde illustreer dat die byhaal van Khoi-fonologie en Khoi-betekenisstrukture ontwykende interpretasies tog sin kan laat maak.

7.1 Mouscap

As (5) *bae* klanknabootsend gebruik is om in 1601 in 'n ruilgesprek tussen Skiereilandse Khoi-Khoi en besoekende seelui na 'n skaap te verwys (Lancaster in Raven-Hart 1967:23), wat sal (46) *mouscap*, wat in 1655 opgeteken is, beteken?

Die interpretasie van hierdie optekening sluit aan by verskynsels, soos die voorkoms van -r aan woordeindes in Khoi-Afrikaans, wat uit die tyd van die vroeë ruilgesprekke kom, en meer van die ouderdom daarvan verklap, en by die betekenisintensiverende sisteem van Khoi, wat deur herhaling teweeggebring word.

Vir 'n skaap het De Flacourt in 1655 by die Khoi-Khoi (46) *mouscap* gehoor. Nienaber (1963: 447, by *skaap* II) het dié woord ontleed as 'n samestelling (skaap + skaap), met die eerste lid 'n klanknaboetsing, waarmee ondersoekers maklik kan akkoord gaan: dit laat dink aan nog sulke woordsamestellings in die Khoi-Khoi se aanleerderstaal, soos (33) *ghemare* (gee + gee + (moet)), waar een van die samestellende dele uit Khoi kom, en die ander deel die Khoi-gedeelte in Khoi-Afrikaans verduidelik. (Nie een van die dele van sulke samestellings bestaan uit 'n klanknaboetsende lid soos *mou-* nie.)

Den Besten (1989:221) bekyk (46) *mouscap* vanuit 'n ander hoek: “the vowel of this alleged onomatope seems to me completely wrong”, merk hy op. Dit lyk of hy -oe- verwag (eerder as -ou-, soos hier). Waarop kom Den Besten se interpretasie van die woord (46) *mouscap* neer? Hy voer aan dat dié woord eintlik *ooi* beteken, met *moe* wat *moer* (moeder) is, en onduidelik is, omdat die sprekers van Khoi-Afrikaans die woordfinale -r nie uitgespreek het nie.

7.2 Die woordfinale -r, en vokaalonduidelikhede

Met Den Besten se siening dat (46) *mouscap* eintlik *moerskaap* moet wees (ook Den Besten 2007:141), vestig hy die aandag op -r in woordeindposisie in die aanleerderstaal van die Khoi-Khoi. (Aan hierdie tiperende uitspraakverskynsel het Nienaber, hierbo, ongelukkig nie aandag gegee nie; daarom interpreteer Den Besten *mouscap* anders as hy.) Die woordfinale -r word in bepaalde gevalle nog steeds nie in die Afrikaans van sprekers van Kaaps (Klopper 1983:90 e.v.) gehoor nie, soos in *daa x daar*; *menee x meneer*. De Flacourt (1655) se inskrywings (54) *ouata* (*water*), (36) *hie* (*hier*) en van Riebeeck (Bosman en Thom 1952:417) se optekening (uit 1655) van (45) *nosie* (*no sir*), gee 'n aanduiding daarvan dat hierdie verskynsel ten minste na die middel van die sewentiende eeu, of nog vroeër, teruggevoer kan word.

Hoe algemeen het woorde sonder 'n finale -r voorgekom? Bövingh het 'n halfeeu later (1709), *hie* ook neergeskryf sonder 'n -r aan die einde (Den Besten 2003:152-3), en Bosman en Thom (1952:417) verwys ook na (36) *hie* sonder die -r aan die einde van die woord.

7.3 Die betekenis van herhalings

Die oudste inskrywing van die herhaling van werkwoorde (3) *kahou, kahou* is in 1608 opgeteken. Raven-Hart (1967:39) verduidelik die betekenis daarvan as “which is to say *Sit down*”, (*sit plat op die grond*). (Vgl. ook (31) *goo, goo* (*reght*)). Ander optekening wys dat hierdie herhalingskonstruksie meermale in Khoi voorkom, soos *keke* wat *bekyk* beteken, teenoor *ke* vir *kyk*. As *!gu* (*bring*) herhaal word, in *!gu!gu*, beteken dit *bring nader* (Nama-/Damara-taalkomitee 1977:22). Die gesprekskonteks speel 'n belangrike rol in die bepaling van hierdie betekenis wat met herhalings saamhang, en waarvan talryke voorbeelde in bronne oor Khoi voorkom. In Afrikaans word dié gespreksstrategie ook gebruik: *sê-sê* beteken *sê dadelik / nou / asseblief*, in 'n versoek-situasie.

Herhalingsamestellings uit Khoi-Afrikaans, waar die een naamwoord die ander een verduidelik, leef nog in name voort, soos in *Leeu-Gamka* (*leeu+leeu* (+ *rivier*)) (Raper et al. 2014:141, 271; Nienaber 1963: by *rivier* II), en in die eerste twee lede van *hartbees(huis)* (*biesie+biesie*, waar *harub* in Khoi *biesie* beteken) (Nienaber 1964:206).

8. DIE EERSTE AFRIKAANS

Om op die Afrikaans in die Khoi-Khoïn se aanleerderstaal te wys, mag die indruk skep dat hierdie variëteit aan Standaardafrikaans gemeet word. Dit kan nie die geval wees nie.

Variëteite, en juis Khoi-Afrikaans, staan op hulle eie bene, met hulle eie onderskeidende klank- en sinpatrone, intonasie, betekenis, geskiedenis en idiosinkrasieë, en is op hulle eie besondere monumente van Afrikaans. In diglossiesituasies leef hulle steeds voort. 'n Spreker wat in 1977 die Khoi-Afrikaanse woord *pereb* = brood gebruik (met 'n geskiedenis van 'n paar honderd jaar), ken in alle waarskynlikheid ook die woord *brood* van Standaardafrikaans, en gebruik die twee woorde in 'n diglossieverhouding, die een by die huis, die ander een in die afdelingswinkel. Die sub-variëteite van Khoi-Afrikaans was in die geskiedenis van Afrikaans vir lang periodes, en vir talle sprekers, die enigste bekende Afrikaans; dit was die Afrikaans van die voorposte (Du Plessis 2013:444), en was wyd oor Suid-Afrika, en noordwaarts, buite sy grense, bekend.

In die gesprek oor Khoi se aandeel aan Afrikaans word Khoi meestal gesien as 'n taal wat invloed op Afrikaans uitgeoefen het. Den Besten (1994:2) laat hom so daarvoor uit:

“... I am claiming that the Khoekhoen and their language were of primary importance for the genesis of Afrikaans, and through this claim I deviate from traditional wisdom which has it that the Khoekhoen may have had some influence upon the genesis of Afrikaans ...”

In hierdie artikel word dit onderstreep dat die klem inderwaarheid daarop gelê moet word dat Khoi-Afrikaans die éérste Afrikaans was.

9. BYLAAG 1. AANVULLENDE BESPREKINGS VAN DIE OPTEKENINGS VAN DIE VROEGSTE KHOI-AFRIKAANS

Wat steek nog in die Aanleedersafrikaans van die Khoi-Khoïn uit die voor-1652-tydperk? Hierna word 17 gevalle wat nog nie aandag geniet het nie, kortliks bespreek.

9.1 *water*

De Flacourt het in 1655 (54) *ouata* in sy woordelys opgeneem, letterlik (*w*)*ata*, wat hy in Frans as *eav* vertaal het, en die finale vokaalletter volgens die Latynse spelling van /u/ as *v* geskryf het. In Khoi-Afrikaans kom die woordfinale -r dikwels nie voor nie (waarop al gewys is (7.2), en wat tans nog die geval is). (Die *x* *ə*-wisseling word hierna by 9.3.2 bespreek.) De Flacourt (1655) het vir *water* ook (27) *ouatar* (*watar*) opgeteken (waar die skryfwyse van Frans *ou-* vir [w] voor 'n ander vokaal vereis het (persoonlike mededeling van Ernst Kotzé)). By (27) *ouatar* kom -r wel aan die woordeinde voor, met die betekenis 'warm water / brandewyn' (Nienaber 1963: by *water* II), terwyl Van Riebeeck in sy dagboek skryf dat die Khoi-Khoïn *water* *sê* (vir die see) (Bosman en Thom 1952:389). Die voor die hand liggende verklaring vir die verskillende optekening is dat De Flacourt se segspersone aangeleerde woorde met wisselende grade van sukses uitgespreek het.

9.2 *koring*

Die Afrikaanse woord *koring* (Nederlands *koorn*) is in 1655 deur De Flacourt as (43) *conanh* opgeteken in Khoi-Afrikaans. In Khoi wissel *n* vrylik met *r* af (Nienaber 1963:183). Om *a* in onbeklemtoonde sillabes te gebruik, was nie vreemd aan Khoi nie (vgl. Nienaber 1963:186), en ook nie aan Khoi-Afrikaans nie, met die kenmerkende “tendency in nonstandard Afrikaans to substitute an a-like vowel for schwa” (Den Besten 1989:221). (Vgl. ook die titel van Scholtz se roman: *Vatmaar: ’n Lewendagge verhaal van ’n tyd wat nie meer is nie.*) Den Besten maak ook ’n opmerking oor die lang geskiedenis van hierdie verskynsel (ten minste sedert 1655), en verduidelik die woordfinale -h as De Flacourt se skryfwyse om Franse lesers te verhoed om nasalering in die woord in te lees.

9.3 *more* (sonder-g-)

Die -g- kom in Afrikaanse woorde dikwels nie voor nie, in teenstelling met vergelykbare Nederlandse vorme. Ponelis (1993:158) wys daarop dat die vroegste optekening van dié kenmerkende Afrikaanse verskynsel, *eijen* (teenoor Nederlands *eigen*), uit 1719 dateer, ’n voorbeeld van die aanleerderstaal van ’n spreker van Duitse herkoms. Daarmee word die voorbeeld uit die aanleerderstaal van die Khoi-Khoin, waarvan De Flacourt 64 jaar vroeër al ’n voorbeeld opgeteken het, (44) *marai*, vir *môre/oggend*, nie in ag geneem nie. Die o x a-wisseling wat hier voorkom, was eie aan Khoi (Den Besten 1989:221, Nienaber 1963:186).

Die [x]-lose vorme is algemeen gebruik deur sprekers van Afrikaans in die agtiende eeu, maar gestigmatiseer, vind Ponelis (1993:158). Dit beteken, in die sosiale opset van daardie tyd, dat Khoi-Afrikaans daarmee geassosieer is. Hierdie [x]-lose vorme is met “the massive influx of Standard Dutch borrowings” (Ponelis 1993:158), tydens die standaardisering van Afrikaans, vervang deur woorde met ’n [x]-, soos *suie* deur *suig*.

9.4 *beker*

Vir Nederlands *beker* het De Flacourt in 1655 (25) *baquary* gehoor, wat nie ver van die doeltaalwoord af gestaan het nie. Die wisseling van *e* met *a* is gewoon in Khoi, die -k- is niesteenstaande De Flacourt se Franse spelling herkenbaar, en die slot *y = i* staan vir die Khoi-uitgang [+manlik] [+enkelvoud] (Nienaber 1963:217, Den Besten 1989:219).

Hierdie woord het deel geword van Khoi-Afrikaans en is met die Khoi-Khoi-ekspanse wyd oor die binneland en verder versprei. In Nama het die variant *bekeri* ingeburger geraak (Nienaber 1963:217).

9.5 *kep* (om op my kop te sit)

Hoekom sou ’n moedertaalspreker van Khoi in 1626 (37) *taba* gesê het, as hy *hoed* wou agternasê? Tuba is deur Herbert neergeskryf, met weglating van die -w- waarmee hy ’n suigklank voorgestel het. (Hy het (17) *twubba* neergeskryf met die betekenis in Engels: *hat*.) De Flacourt bevestig sy waarneming toe hy in 1655 (37) *taba* (met ’n -a-) opgeteken het (sonder die suigklank) en die betekenis in Frans aangedui het as *bonnet*). *Taba* kan vrylik wissel met *kaba* (Nienaber 1963:180, 303). Die *a* en *e* is ook in Khoi verwisselbaar, asook *p/b*. Daardie segsman het waarskynlik *ke-p-a* gesê, met die -a as ’n naamvalsuitgang. (Het Herbert en De Flacourt se segsmanne vir hulle gewys hoe ’n *kep* gebruik word?) Die optekenaars het die Koi-Afrikaanse woord *kep* nie verstaan nie, die gebruiksartikel en die gebaar bymekaargesit, en in hulle moedertale *hat* / *bonnet* neergeskryf.

Kep is wel in Afrikaans bekend, en in vaste uitdrukking gewortel (*WAT*). Kom dit uit die Engelse of Nederlandse seevaarttaal? Dit sal nie maklik vasgestel kan word nie.

9.6 *pyp* (wat 'n genusaanduiding kan verahul)

Niks het De Flacourt se segsman van 1655 verhoed om (48) *pyp* (om mee te rook) doeltaalkorrekt te kon uitspreek nie. Hy het egter *peshe* gesê. Die eerste gedeelte *py-*, is as *pe-* uitgespreek, gevolg deur die genusuitgang -s [+vroulik]: *pe+s*, wat ondersoekers nie maklik as *pyp* raaksien nie. Maar vir die Khoi-Khoi om *pyp* te sê, sou nie deug nie. Die woordeinde -p sou die woord dan as [+manlik] merk, terwyl dit [+vroulik] moet wees! (Vgl. Nienaber 1963, by *pyp I*).

9.7 *kam*

Tot watter woordgeslag het *kam* in Khoi behoort? In die aanleederswoord (39) *comache* (Nienaber 1963: 324) is *kam* in die eerste deel opgesluit (na die Khoi *a/o*-wisseling). Na die naamvalsuitgang -a-, wys De Flacourt se *-che* aan die woordeinde, vir -s-, dat die woordgeslag van *kam* as [+vroulik] was. (Nienaber 1963:104.)

9.8 *kiste*

Met (40) *ciste*, soos De Flacourt die Khoi-aanleederswoord neergeskryf het, het sy segsman by die doeltaalvorm uitgekom. Die uitgang *-te*, sê Nienaber (1963:339), kan die meervoud, vroulik, aandui.

9.9 *knoop*

Die Khoi-uitspraak vir *knoop*, wat De Flacourt neergeskryf het as (41) *corobe*, illustreer interessante Khoi fonologiese reëls. Die kluster *kn-* kom nie in Khoi voor nie, en word verbreek deur die -o- van *knoop*. Verder wissel die *n* en *r* vrylik, soos in *kiri* en *kiny*. In Nama is hierdie aanleederswoord later nog herkenbaar: *gunube-s* / **ke-noop* (Nienaber 1963:343).

9.10 *rug* ('n kortarmgeval?)

De Flacourt se optekening (49) *rena*, begin met 'n [r], wat vreemd is aan Khoi, terwyl [n] kan afwissel met [g], en -a die naamvalsuitgang is (*reg-a*). De Flacourt se aanduiding *skouer* is vir Nienaber (1963 by *ruggraat*) 'n leidraad om by die betekenis *rug* uit te kom. Hoe pas *skouer* by *rug*? Wou De Flacourt se segsman met sy arm aan sy rug raak, maar kon hy nie daar bykom nie?

9.11 *eet!*

Met die *a* / *e*-wisseling wat normaal is in Khoi / Khoi-Afrikaans, is daar nie 'n verskil tussen die *at-* van (30) *atre* wat De Flacourt opgeteken het, en Afrikaans se *eet* nie. Die *-re* is die bevelsmorfeem van Khoi (Nienaber 1963:260, Den Besten 2007:138.)

9.12 *hie*

In die frase (36) *hette hie* is *hie* sonder 'n woordfinale -r opgeteken. Die konteks waarin dit gebruik is (waar in die lug gewys is na 'n onsigbare teenwoordigheid, volgens Bosman en Thom 1952:417),

met die betekenis ‘is hier’, lei Den Besten (2007:141) tot die interessante gevolgtrekking dat die Kaapse Khoi-Khoïn nie tussen *is* (om te wees) en *het* (om te hê) onderskei het nie, en dat dié woorde se betekenis in Khoi-Afrikaans kon oorvleuel het.

9.13 *bord*

Die Khoi-Khoïn het die woordaanvangs *-b* van die teikentaal vervang met *k / g*, en die *-d* aan die woordeinde, wat in hulle woordboureëls vreemd is, nie uitgespreek nie, en by *core* uitgekom vir (49) *bord*. Dit was met die *-d* aan die einde van die aanleederswoord *bro* (*brood*) (vgl. (13), (15) en (28)) ook die geval (Nienaber 1963: by *bord*).

9.14 *siek*

Die adjektief (23) *sigin* is deur Van Riebeeck (Bosman & Thom 1952:94 n. 2) neergeskryf vir die Khoi-aanleederswoord vir *sleg* (slegte / verrotte tabak). Groenewald (2002:248, 254) wys op nog optekeninge vir slegte tabak, uit die ná-1652-periode, waar *sleg* twee keer geskryf is as *sieckum* (1688), en een keer as *tzicum* (1670). (Nienaber misgis hom, voer Den Besten (2007:144) aan, met reg, waar hy *tzicum* se betekenis as “goed” aangee (Nienaber 1963, by *goed* I)). Kon Van Riebeeck se segspersoon *sieckum* gesê het, in ooreenstemming met die uitspraak van die ander optekeninge (*siek* + die Khoi-suffiks *-um*) en nie *sigin* nie? Hierdie inskrywing is op 6 Desember 1652 gemaak, 8 maande na Van Riebeeck se aankoms aan die Kaap. Sou hy toe al die Khoi-Khoïn se aanleedersklanke goed genoeg kon onderskei het?

In die aanleedersdooim is *siek* moontlik in ’n wye pejoratiewe betekenis gebruik. Den Besten (2010b:123) merk op dat die voorbeelde van *tabak* + *um* die enigste gevalle is waar *-um* met ’n naamwoord kombineer. Tabak is van vroeg af al in die ruiltransaksies deur die seelui gebruik. Die gebruik om dit te evalueer, as *siek*, of nie, kan saam met die Afrikaanse woord uit die voor-1652-periode gedateer word.

9.15 *trek*

Vir *trek* het De Flacourt (53) *sahou* neergeskryf. Dit is telkens interessant om te sien wat in die Khoi-Khoïn se aanleerderstaal met die vreemde aanvangskluster *t + r-* gebeur, indien *sahou* met die Khoi-Afrikaanse woord *trek* ooreenkom. Die twee konsonante word geskei, hier deur ’n *-a-*, en die aanvangs-*t-* wissel af met *s-*, wat in Khoi normaal is (Nienaber 1963:182). Oor die res van die woord heers daar onduidelikheid (vgl. ook Nienaber 1963 by *trek*).

9.16 *God*

Groenewald (2002:251) noem dat die Khoi-Khoïn se godsbegrip verskil van die Europese opvatting daarvan (vgl. Nienaber 1963 se inskrywings by *God I-VI*). Hier het De Flacourt (34) *Ga* neergeskryf vir God. Die Khoi-Khoi-aanleeders het die doeltaal se *-o-* verwissel met *-a-*, wat Khoi toelaat, en nie die slot-*d* uitgespreek nie, soos hulle ook met *brood* en *bord* gemaak het.

9.17 *het*

Aanleeders wou by een van die Nederlandse vorme van die werkwoord *hebben* uitkom, en (36) *hette* was die resultaat. Den Besten (1986:117) voer aan dat *hemme*, ’n latere optekening, saamgestel is uit *hê* + ’n variant van die Khoiwerkwoordsuffiks UM. *Hette* se slotvokaal kan ook ’n persoonsuitgang wees.

10. BYLAAG 2. DATABASIS VAN OPTEKENINGS IN KHOI-AFRIKAANS: 1601–1652.

1601

1 Osse/Beeste. *Moath*. (Lancaster in Raven-Hart 1967:23.)

2 Skape/skaap. *Baa*. (Lancaster in Raven-Hart 1967:23.)

1608

3 Sit plat. *Kahou, Kahou*. (Matelief in Raven-Hart 1967:38.)

4 Os. *Bou*. (Matelief in Raven-Hart 1967:38.)

5 Skaap. *Bae*. (Matelief in Raven-Hart 1967:38.)

6 *Dou, dou*. Klanknabootsing vir pistoolskote. (Matelief in Raven-Hart 1967:38.)

7 *Sir Tho Smithe English Shippes*. (Peyton in Raven-Hart 1967:72.)

1611

8 Dagga. *Canna*. (Nienaber 1963:15.)

1613

9 *Coree home go, Souldania go, home go*. (Terry 1947:75.)

10 *England God, great God, Souldania no God* (Terry 1947:76.)

1615

11 Beeste. *Boos* (Den Besten 1989:219.)

1623

12 Yster/koper. *Bras*. (Olafsson in Raven-Hart 1967:111.)

13 Brood. *Vuracka*. (Olafsson in Raven-Hart 1967:111.)

1626

14 Stroompie. *Bueem*. (Herbert in Raven-Hart 1967:120.) (Nederlands: *beemd*.)

15 Brood. *Bara*. (Herbert in Raven-Hart 1967:120.)

16 Gee (ww.) *Quoy*. (Herbert in Raven-Hart 1967:120, Nienaber 1963:22 by *gee* I.)

17 Hoed. *Twubba* (vgl.37 taba). (Herbert in Raven-Hart 1967:120, Nienaber 1963 by *hoed* I.)

1648

18 *Eerst houthalen dan eeten*. (Godée Molsbergen 1912:213, Den Besten 2007:135 n.8.)

1652

19 Brood. *Brokwa*. (Hondius 1952:29, Scapera & Farrington 1933:70.)

20 Waterman. *Goringhaikona*. (Bosman & Thom 1952:81.)

21 Water. (Bosman & Thom 1952:398.)

22 Kaap. *Caep*. (Bosman & Thom 1952:399.)

23 Siek / sleg (tabak). *Sigin*. (Bosman & Thom 1952: 94 n. 2.)

1654

24 Vismans. *Die San*. (Bosman & Thom 1952: 204-205.)

25 Beker. *Baquary*. (De Flacourt in Nienaber 1963:217.)

26 Bord. *Core*. (De Flacourt in Nienaber 1963:227.)

27 Brandewyn. *Ouatar*. (De Flacourt in Nienaber 1963:231.)

28 Brood. *Breba*. (De Flacourt in Nienaber 1963:234.)

29 Broodman. *Baraba*. (De Flacourt in Nienaber 1963:107.)

30 Eet! Atre. (De Flacourt in Nienaber 1963:260, Den Besten 207:138.)

31 Gaan weg, julle! *Goo, goo reght*. (Bosman & Thom 1952:416.)

32 Gee. *Ghemare*. (Gee + gee + moet.) (De Flacourt in Nienaber 1963:273.)

33 Gee. *Gheme* (Gee + UM) (De Flacourt in Nienaber 1963:273.)

34 God. *Ga*. (De Flacourt in Nienaber 1963:279)

- 35 Groot meneer. *Samon*. (Sir+man)(De Flacourt in Nienaber 1963:384.)
- 36 Hier. (Is hier.) Hette hie. (Den Besten 2007:141 Bosman & Thom 1952:416-421.)
- 37 Hoed. Taba (vgl. 17 twubba). (De Flacourt in Nienaber 1963: by *hoed I*.)
- 38 Kaapman. *Caepman*. Die Goringhaikwa. (Bosman & Thom 1952: 300-301.)
- 39 Kam. *Comahe*. (De Flacourt in Nienaber 1963:324.)
- 40 Kiste. *Ciste*. (De Flacourt in Nienaber 1963:339.)
- 41 Knoop. *Corobe*. (De Flacourt in Nienaber 1963:343.)
- 42 Koper / yster. *Pras*. (De Flacourt in Nienaber 1963: 352.)
- 43 Koring. *Conanh*. (De Flacourt in Nienaber 1963:436.)
- 44 Môre/oggend. *Marai*. (De Flacourt in Nienaber 1963:404.)
- 45 No sir. *Nosie*. (Bosman en Thom 1952:417.)
- 46 Ooi. *Mouscap*. (De Flacourt in Nienaber 1963:447.)
- 47 Os. *Bossets*. (De Flacourt in Nienaber 1963:412.)
- 48 Pyp. *Pesche*. (De Flacourt in Nienaber 1963:424.)
- 49 Rug. *Rena*. (De Flacourt in Nienaber 1963:435.)
- 50 Saldanaman. (Die Cochokwa) *Saldanhaman*. (Bosman & Thom 1957:376.)
- 51 Skip. *Sips*. (De Flacourt in Nienaber 1963:452.)
- 52 Stilbly. *Goo*. (Bosman & Thom 1952: 418.)
- 53 Trek. *Sahou*. (De Flacourt in Nienaber 1963:483.)
- 54 Water. *Ouata*. (De Flacourt in Nienaber 1963:522.)

BIBLIOGRAFIE

- Bergs, A. 2012. The Uniformitarian Principle and the Risk of Anachronisms in Language and Social History, in Hernández-Campoy, J.M. & Conde-Silvestre, J.C. (eds). *The Handbook of Historical Sociolinguistics*. Oxford: Wiley-Blackwell, pp.80-98.
- Böseken, A. (Red.). 1973. *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaar, 1662–1666*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Bosman, D. B. & H. B. Thom. 1952–1957. *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz Van Riebeeck*. Drie dele. (Van Riebeeck-vereniging). Kaapstad: Balkema.
- Bosman, D.B. 1928. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. 2de druk. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Bredenkamp H. C. 1982. *Van veeverkaffers tot veewagters*. Universiteit van Wes-Kaapland: Wes-Kaaplandse Instituut vir historiese navorsing.
- Bruyn, A. & T. Veenstra. 1993. *The creolization of Dutch*. *Journal of Pidgin and Creole Languages*, 8(1):29-80.
- Buccini, A. 1996. 'New Netherland Dutch, Cape Dutch, Afrikaans'. *Taal en Tongval*. Temanommer 9:35-51.
- De Flacourt, E. 1658. Chap. XXV: Langage des Sauvages de la Baye de Saldaigne au Cap de Bonne Esperance. In *Dictionnaire de la langue de Madagascar: avec vn petit recueil des noms & ditions propres des choses qui sont d'une mesme espece: plus quelques mots du langage des Sauvages de la Baye de Saldaigne au Cap de Bonne Esperance*. Paris: Georges Losse.
- De Saussure, F. 1916. *Course in General Linguistics*. Saamgestel deur Charles Bally, Albert Sechehaye & Albert Riedlinger. Lausanne: Payot.
- De Tollenaere, F. & A. Persijn. 1977. *Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse taal*. 's Gravenhage: Marthinus Nijhoff.
- De Villiers, J. 2012. Die Nederlandse era aan die Kaap. 1652–1806. In Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Den Besten, H. 1989. From Khoekhoe Foreignertalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: The Creation of a Novel Grammar. In Pütz, M. & R. Dirven, (eds). *Wheels within wheels. Papers of the Duisburg Symposium on Pidgin and Creole Languages*. Frankfurt am Main: Peter Lang, pp.207-209.
- Den Besten, H. 1994. Khoekhoe and its speakers as a key factor in the genesis of Afrikaans. Manuskrip.

- Den Besten, H. 2002. (2012). Khoekhoe syntax and its implications for L2 acquisition of Dutch and Afrikaans. In Van der Wouden, T. (ed.). *Roots of Afrikaans*. Amsterdam: John Benjamins, pp.133-152.
- Den Besten, H. 2003. Deciphering three Pidgin Dutch statements concerning religion recorded by Muller, Ten Rhyne & Bovingh. *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa* 57:149-155.
- Den Besten, H. 2005. Neerlandismen, pidginismen en Afrikaans in brieven van twee Khoekhoen uit 1800. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 1 (25-42).
- Den Besten, H. 2007. (2012). Relexification and pidgin development. In Van der Wouden, T. (ed.). *Roots of Afrikaans*. Amsterdam: John Benjamins, pp.154-193.
- Den Besten, H. 2010a. (2012). On the “verbal suffix” -UM in Dutch Pidgin. In Van der Wouden, T. (ed.). *Roots of Afrikaans*. Amsterdam: John Benjamins, pp.123-132.
- Den Besten, H. 2010b. (2012). A badly harvested field: The growth of linguistic knowledge and the Dutch Cape colony until 1796. In Van der Wouden, T. (ed.). *Roots of Afrikaans*. Amsterdam: John Benjamins, pp.333-354.
- Deumert, A. 2012. Giving voice. The archive in Afrikaans historical linguistics. In Van der Wouden, T. (ed.). *Roots of Afrikaans*. Amsterdam: John Benjamins, pp.377-388.
- Du Plessis, H. 1994. Taalkontakvariasie in Afrikaans. In Olivier, G. & A. Coetzee (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers, pp.120-129.
- Du Plessis, H. 2013. Die Groot Trek 175: Storie of historiese? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(3):437-464.
- Elphick, R. 1985. *Khoikoi and the founding of white South Africa*. Johannesburg: Ravan Press.
- Elphick, R. & V. G. Malherbe. 1989. The Khoisan to 1828. In R. Elphick & H. Giliomee (eds). *The shaping of South African society, 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp.3-65.
- Schapera, I. & B. Farrington. 1933. *The early Cape Hottentots described in the writings of Olfert Dapper [1688], William Ten Rhyne [1688] and Johannes Gulielmus de Grevenbroek [1695]*. Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging.
- Franken, 1953. *Taalhistoriese bydraes*. Kaapstad: Balkema.
- Godée Molsbergen, E. 1912. *De stichter van Hollands Zuid-Afrika: Jan van Riebeeck, 1618–1677*. Amsterdam: Van Looy.
- Groenewald, G. J. 2002. Slawe, Khoekhoen en Nederlandse pidgins aan die Kaap, ca. 1590–1720: 'n Kritiese ondersoek na die sosiohistoriese grondslae van die konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans. Ongepubliseerde M. A.-verhandeling: Universiteit van Kaapstad.
- Haacke, W. & E. Eiseb. 2002. *A Khoekhoegowab dictionary with an English Koekhoegowab index*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.
- Hendricks, F. 2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies*. Jaargang 11(2).
- Hondius, J. 1952. *Klare besrywing van Cabo de Bona Esperança*. Faksimileuitgawe van teks deur Jacobus Hondius. 1652. Kaapstad: Komitee vir boekuitstalling, Van Riebeeck-fees.
- Hulshof, A. (Red.) 1941. H. A. van Rheede tot Drakenstein, Journaal van zyn verblijf aan de Kaap. *Bijdragen en Mededelingen van het Historisch Genootschap* 62, pp.1-245.
- Janda, R.D. & Joseph, B.D. 2003. On language, change, and language change — or, of history, linguistics, and historical linguistics. In Joseph, B.D. & Janola, R.D. (eds). *Handbook of historical linguistics*. Oxford: Blackwell, pp.2-180.
- Klopper, R. M. 1983. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. In Claassen, G. N. & M. C. J. Van Rensburg (reds.). *Taalverskeidenheid*. Pretoria: Academica, pp.80-100.
- Kolbe, P. 1727. *Naukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop*. Twee dele. Amsterdam: Balthazar Lakeman.
- Lass, R. 1997. *Historical Linguistics and Language change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Louw, S. A. 1948. *Dialekvermenging en Taalontwikkeling*. Kaapstad: Balkema.
- Nama-/Damarataalkomitee. 1977. *Nama/Damara Spelreëls no. 2*. Windhoek: John Meinert.
- Nienaber, G. S. 1942. *Afrikaans tot 1860*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Nienaber, G. S. 1963. *Hottentots*. Pretoria: Van Schaik.
- Nienaber, G. S. 1989. *Khoekhoense stamname*. Pretoria: Academica.
- Nienaber, G. S. 1994. Die ontstaan van Khoekhoe-Afrikaans. In Olivier, G. & A. Coetzee (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers, pp.139-152.

- Nienaber, G.S. 1964. Raakpunte met Hottentots. In Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Studierigtings in die taalkunde*. Van Schaik: Pretoria, pp.192-207.
- Ponelis, F. 1993. *The development of Afrikaans*. Peter Lang: Frankfurt am Main.
- Prinsloo, A. F. 2009. *Annerlike Afrikaans. Woordeboek van Afrikaanse kontreitaal*. Pretoria: Protea.
- Raidt, E. 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Raidt, E. 1994. *Historiese Taalkunde: Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Raper, P.E., L. A. Möller & L. T. du Plessis. 2014. *South African place names*. Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball.
- Raven-Hart, R. 1967. *Before Van Riebeeck: Callers at South Africa from 1488 to 1652*. Kaapstad: Struik.
- Schapera, I. & B. Farrington. 1933. *The early Cape Hottentots described in the writings of Olfert Dapper [1688], William Ten Rhyne [1688] and Johannes Gulielmus de Grevenbroek [1695]*. Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging.
- Schoeman, K. 1999. *Armosyn van die Kaap: Voorspel tot vestiging, 1415–1651*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schoeman, K. 2006. *Kinders van die Kompanjie. Kaapse lewens uit die sewentiende eeu*. Pretoria: Protea.
- Schoeman, K. 2009. *Seven Khoi lives*. Pretoria: Protea.
- Scholtz, A.H.M. 1995. *Vatmaar: 'n Lewendagge verhaal van 'n tyd wat nie meer is nie*. Kaapstad: Kwela.
- Steyn, J. C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Terry, E. 1947. A view of the Bay of Souldania near the coast of Good Hope on the coast of Africa. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek*, 1(3):71-88.
- Tindall, H. 1857. *Grammar and vocabulary of the Namaqua-Hottentot language*. Cape Town: G. J. Pike's Machine printing office.
- Van Rensburg, C. 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas van die negentigerjare*. Ongepubliseerde verslag van 'n Navorsingsprojek ondersteun deur 'n Groter Toekenning van die RGN.
- Van Rensburg, C. 2015. Oor die eerste 50 jaar se maak aan Standaardafrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3):319-342.
- Von Wielligh, G. R. 1925. *Ons Geselstaal*. Pretoria: Van Schaik.
- Willemyns, R. 2013. *Dutch. Biography of a language*. New York: Oxford University Press.

Standaardafrikaans, standaardspelling en die AWS

Standard Afrikaans, standard spelling and the Afrikaans word list and spelling rules (AWS)

JD (TOM) McLACHLAN

Vertaler en Taalversorger

E-pos: tommcl@whalemail.co.za



Tom McLachlan

TOM McLACHLAN is 'n beroepstaalpraktisyn wat die grootste deel van sy loopbaan in die Staatstaaldiens, vir die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie en in die Direktoraat Taaldiens van Unisa gewerk het. In die vroeë tagtigerjare was hy ook die hooftaalredakteur van die ensiklopediereeks *Wêreldspektrum*. Van 1995 tot 2013 was hy lid, ondervoorsitter en voorsitter van die Taalkommissie van die SA Akademie, en was as sodanig ten nouste betrokke by die negende en die tiende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Hy was medeskrywer van *X-Kit Afrikaans for English speakers*, wat met 'n ATKV-Veertjie bekroon is, die skrywer van die taalgedeelte van die *HAT Taal- en Feitegids* en 'n medewerker aan verskeie woordeboeke. In 2015 ken die Akademie die CJ Langenhovenprys vir Taalwetenskap aan hom toe vir sy bydrae tot die Afrikaanse taalpraktyk en as lid van die Taalkommissie van die Akademie. Sedert sy aftrede is hy 'n aktiewe vryskuttaalpraktisyn.

TOM McLACHLAN is a professional language practitioner, who for a large part of his career worked as a language practitioner at the State Language Service, the South African Nuclear Energy Corporation and the Unisa Language Services Directorate. In the early 1980s he was the chief language editor of the Afrikaans encyclopaedia *Wêreldspektrum*. He served as member, deputy chairman and chairman of the Taalkommissie (language commission) of the SA Akademie from 1995 to 2013 and, as such, was closely involved in the ninth and tenth editions of the authoritative *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Afrikaans word list and spelling rules). He co-authored the *X-Kit Afrikaans for English speakers*, which was awarded an ATKV-Veertjie, was the author of the language section of the *HAT Taal- en Feitegids* and has contributed to several dictionaries. In 2015, he was awarded the CJ Langenhoven Prize for Linguistics by the SA Akademie for his contribution to Afrikaans language practice and the Taalkommissie. Since his retirement he has become an active freelance language practitioner.

ABSTRACT

Standard Afrikaans, standard spelling and the Afrikaans word list and spelling rules (AWS)
The standardisation of Afrikaans – which term includes all the varieties and lects used at the Cape during the 18th and 19th centuries, as well as modern varieties – is a complex and often contentious matter. The present-day criticism levelled at Standard Afrikaans is not discussed in this article. Instead, it is accepted that, in the course of more or less a century, a standard variety has been developed out of the Afrikaans-Dutch vernaculars spoken in this southern part of Africa and that this standardisation has been successful. No attempt is made to prove this statement, except to say

that it is accepted as a fact because Standard Afrikaans has been, for the greater part of a century, able to hold its own against English in the higher functions of a language, such as government, the administration of justice, (higher) education, science, literature, and the arts and culture.

Likewise, this article accepts that the standard variety of a language can hardly function successfully without an effective orthography and, therefore, that the standardisation of the Standard Afrikaans orthography contributed significantly to the standardisation of Afrikaans.

The Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns¹ (an Afrikaans academy for language, literature and arts), which was founded in 1909, became a major driving force in the standardisation process. Initially, there was much disagreement about whether Dutch or Afrikaans should be promoted and, if the latter, whether a highly phoneticised spelling system or one closer to the Dutch tradition should be adopted. At the time, the spelling of written Afrikaans varied greatly. The Akademie initially established two commissions, a spelling commission and a “vocabulary” commission, to regulate the matter. These two commissions later merged into the current Taalkommissie (“language commission”).

As a result of their work, the first formalised spelling rules were compiled and, in September 1915, adopted at an AGM of the Akademie. These, along with a word list that contained words deemed to belong to the received standard (or “cultured” variety) of the emerging standard language or to pose spelling difficulties, were published in 1917 as the first edition of the Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS) (that is, “Afrikaans word list and spelling rules”), which, over the decades, has become the authoritative source on Standard Afrikaans spelling issues. Its authority was accepted by the public in general, education authorities, and publishers and the press, and they, in turn, gave invaluable feedback to the committees compiling the AWS. To date, ten editions have been published.

The article gives an overview, mostly on the basis of the preface of each edition, of how the AWS developed from the first small edition with a conspicuous nationalistic message aimed at inspiring “the people” to use and build their language and to support Afrikaans mother tongue education, to the current, far more comprehensive publication that applied modern methods of language research such as computerised corpora, meets high lexicographic standards and sets new typographic trends.

In the first edition the spelling commission formulated five basic or fundamental principles on which they based the Afrikaans spelling system, and although in later editions these principles were reworded and condensed to three, they have remained essentially the same to this day. They were: (a) as far as possible, to use one letter for one speech sound, with no “unnecessary” letters; (b) always to spell the same word, pre- and suffix the same; (c) to take history into account only where it is of practical importance; (d) to deviate as little as possible from the Simplified Dutch Spelling; and (e) always to reflect the most commonly used pronunciation.

In the latest (10th) edition, these principles are rendered as:

- A. Current spelling and styling of compounds are mostly determined by tradition. [Cf (c) and (d) above.]
- B. The spelling of Standard Afrikaans is based on its phonology or sound system. [Cf. (a) and (e) above.]
- C. Form-related structures (words/roots, affixes) are spelled similarly (the principle of similarity). [Cf. (b) above.]

¹ This is the way the organisation’s name appeared on the first edition of the publication under discussion.

The article briefly examines how “foreign words” (mostly words of Romanic descent not in common use or words that have retained much of their French spelling in Dutch) were Afrikaansified. It also indicates how the spelling rules – especially the rules concerning the styling of compounds and hyphen use – were expanded and refined over the years. Finally, a random selection of words as they appear in seven editions of the AWS are compared. This comparison shows, on the one hand, how the spelling of many of such “foreign words” changed over time and that the Afrikaansified spelling became the norm, and, on the other, how stable the spelling of others has been for almost a century. Both the success of the Afrikaansification and the stability of Afrikaans spelling can be attributed to the fact that the basic principles devised for the first AWS remained essentially unchanged for a century.

In stabilising and giving direction to the process of standardising Afrikaans, the ten editions of the AWS can be said to have played a crucial, even decisive role.

KEY TERMS: *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, Afrikaansification, AWS, basic principles, foreign words, language commission, principle of similarity, received standard, Simplified Dutch Spelling, spelling commission, spelling rules, spelling system, Standard Afrikaans, standardisation, standard variety, vocabulary commission, word list

TREFWOORDE: *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, AWS, beginsel van gelykvormigheid, eienaamreël, grondbeginsels, sistematiese veranderinge, skryfwyse, Spellingkommissie, spelreëls, Standaardafrikaans, standaardisering, standaardvariëteit, Taalkommissie, verafrikaansing, Vereenvoudigde Hollandse Spelling, vreemde woorde, woordelys, Woordelyskommissie

OPSOMMING

Die standaardisering van Afrikaans tot die Standaardafrikaans wat ons vandag ken, is ’n komplekse en dikwels omstrede saak. Die hedendaagse omstredenheid van en kritiek teen Standaardafrikaans kom nie in hierdie artikel aan bod nie. Sonder om verder daarop in te gaan, word aanvaar dat daar in die loop van min of meer ’n eeu ’n standaardvorm ontwikkel is uit die vroeë Afrikaans-Hollandse taalvorme wat hier te lande gebesig is en dat dié standaardisering geslaagd was omdat Standaardafrikaans hom vir die grootste deel van ’n eeu doeltreffend naas Engels kon handhaaf in die hoër funksies van ’n taal, soos die staatsbestel, die regspleging, die (hoër) onderwys, die wetenskap en die letterkunde.

Vir hierdie artikel word eweneens aanvaar dat die standaardvariëteit van ’n taal kwalik suksesvol kan funksioneer sonder ’n doeltreffende ortografie en dat die standaardisering van die Standaardafrikaanse ortografie daarom ’n wesentlike rol in die proses van die standaardisering van Afrikaans gespeel het. Die ortografiese standaardiseringsproses word beskou aan die hand van die tien uitgawes van die gesaghebbende *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS). Daar word aangetoon dat die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling, wat deur al tien AWS’e inhoudelik dieselfde gebly het, enersyds gehelp het om die verafrikaansing van “vreemde woorde” te rig en te vestig, en andersyds ’n merkwaardig stabiele spellingsstelsel tot stand gebring het. Die ontwikkeling van die AWS – by name die deurlopende presisering en verfyning van die spelreëls, en die bydrae daarvan tot die standaardisering van Afrikaans – word aan die hand van die tien uitgawes aangetoon.

1. INLEIDING

In hierdie artikel word die bydrae van 'n stabiele ortografie tot die standaardisering van Afrikaans² in die algemeen in oënskou geneem. Vir die doel van die artikel word sonder bewysvoering aanvaar dat die standaardvariëteit van 'n taal nie doeltreffend kan funksioneer sonder 'n behoorlike ortografie nie en gevolglik dat die standaardisering van die ortografie van Standaardafrikaans 'n beduidende rol in die proses van die standaardisering van Standaardafrikaans vervul het.

Die rol van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) in die standaardisering van die spellingstelsel van Standaardafrikaans word beskou aan die hand van die tien uitgawes van hierdie publikasie sedert 1917. Daar word aanvanklik gekonsentreer op die voorwoord van elke uitgawe, wat dikwels nie net 'n idee gee van die tydsgegewig waarin die betrokke AWS verskyn het nie, maar ook aandui hoe die betrokke uitgawe verskil van die vorige(s) en wat nuut daarin is. Vervolgens word die spelreëls bekyk aan die hand van die grondbeginsels³ wat sedert die eerste AWS geld, en dan volg 'n baie bondige oorsig oor die spelreëls in die algemeen. Laastens word gewys op hoe die Woordelys metterjare gegroei het, en word iets van die spellingvraagstukke en spellingontwikkeling, maar ook die spellingstabiliteit, sedert 1917 aan die hand van 'n stel lukraak gekose woorde geïllustreer. Ten einde 'n idee te gee van hoe die publikasie gegroei het, word hier en daar aanduidings gegee van die omvang van die boeke wat formaat en aantal bladsye betref.

Die afleiding kan ten slotte gemaak word dat die aanvaarding deur die publiek van die Afrikaanse spelling soos vervat in die onderskeie AWS'e, waarin die wesenlik onveranderde behoud van die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling geen geringe rol gespeel het nie, kardinaal was in die standaardisering van Afrikaans.

2. AGTERGROND EN KONTEKSTUALISERING

Die standaardisering van Afrikaans tot die Standaardafrikaans wat ons vandag ken, is 'n komplekse en dikwels omstrede saak. Dat verskillende tale en vorme van tale, verskillende linguïstiese prosesse en verskeie maatskaplike, politieke en wêreldbeskoulike faktore in die loop van die geskiedenis hierin 'n rol gespeel het, staan egter vas. Grebe (2012) gee 'n omvattende oorsig en kritiese ontleding van die verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaans wat in die loop van die afgelope eeu en meer aan bod gestel is, asook 'n beskouing van hoe die standaardisering van die Afrikaans-Hollandse taalvorm wat aan die suidpunt van Afrika gebruik is, geskied het.

Hierdie teorieë, die konstruksie van Standaardafrikaans en die tale wat daartoe bygedra het, en die maatskaplike en politieke denke wat die proses beïnvloed het, word hier nie verder bespreek nie. Die artikel aanvaar sonder verdere bewyslewering dat daar uit die vroeë vorme van Afrikaans wat in hierdie suidelike deel van Afrika gebruik is, 'n standaardvorm ontwikkel is en dat dié standaardisering suksesvol was. Die sukses van die standaardisering word ook sonder verdere bewysvoering aanvaar, veral op grond daarvan dat Standaardafrikaans nie net oorleef het nie, maar hom vir die grootste deel van 'n eeu naas Engels gehandhaaf het in al die hoë funksies wat

² Van Rensburg (2015:338) voer aan dat die taalvorm wat aan die Kaap ontwikkel het, van vroeg al reeds gerus "Afrikaans" genoem kan word, en sê: "Vandag weet taalhistorici genoeg van die omstandighede waaronder Afrikaans gebruik is, en hóé Afrikaans gelyk het, om sy vroeë vorms Afrikaans te noem."

³ By die opstel van die eerste spelreëls is 'n stel basiese beginsels geformuleer aan die hand waarvan die Spelling-Kommissie te werk gegaan het. Hierdie beginsels, wat deurgaans inhoudelik wesenlik dieselfde gebly het, word die "grondbeginsels van die Afrikaanse spelling" of kortweg "die grondbeginsels" genoem. Kyk veral afdeling 4.1 hier onder.

van 'n standaardtaal vermag kan word, soos die staatspraktyk, die regspleging, hoër onderwys, die wetenskap, die letterkunde, en kuns en kultuur.

Hoewel Afrikaans lank reeds wyd gepraat is, moes dit aan die begin van die 20ste eeu uitgebou word tot 'n volwaardige skryftaal wat kon kers vashou by Engels. Dié uitbouing van Standaardafrikaans het meegebring dat dit in 1925 'n amptelike taal naas Engels en Hollands kon word (Steyn 2014:208; Kapp 2009:54; Giliomee 2012:294). Die sukses van die standaardiseringsproses kan toegeskryf word deels aan die werk van veral die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, deur wie se toedoen die erg onvaste spelling – vergelyk byvoorbeeld die spellings van *Di Patriot* en die Genootskap van Regte Afrikaners (kyk ook Steyn 2014:20–25, 154–162, en elders; Grebe 2012:107, 108, 119, 120) – gestandaardiseer is, en deels aan die entoesiastiese deelname van (wit) Afrikaanssprekendes aan die ontwikkeling van hulle taal deur middel van kultuurorganisasies, publikasies (met inbegrip van die populêre media soos dagblaaie en tydskrifte, wat geen geringe rol gespeel het nie) en terminologieontwikkeling. Hieroor skryf Steyn (2014) uitvoerig.

Hier onder word die rol van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (*AWS*) in die standaardiseringsproses, veral om vastigheid van spelling en woordeskat te bring, en in die vestiging van Standaardafrikaans oorsigtelik beskou. Daar word ook gekyk na hoe die *AWS* met verloop van tyd by die groei en ontwikkeling van Standaardafrikaans aangepas het, en by implikasie dit ook gestuur het.

3. DIE *AWS* DEUR DIE DEKADES⁴

“Die Akademie is gestig as 'n taalstrewer,” skryf Kapp (2009:102), en die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aanvanklik geheet het, het inderdaad 'n uiters belangrike rol in die standaardisering van Afrikaans gespeel. Melt Brink, in 1911, en Langenhoven, in 1914, het vroeg reeds voorgestel dat 'n eenvormige spelling vir Afrikaans ontwikkel word (Kapp 2009:110,111). Gevolglik is 'n spellingkommissie en 'n woordelyskommissie, albei met TH le Roux as sameroeper, aangestel om dit te vermag, en op 18 September 1915 het die Akademieraad die eerste eenvormige spelreëls vir Afrikaans goedgekeur (*AWS*¹:iv). Daarmee het dit, volgens die Woordelys-Kommissie,⁵ “vergoed moontlik geword om 'n end te maak aan die lastige en belemmerende spellingverwarring onder ons” (*AWS*¹:iv).

Tog het dit geblyk dat dit nie baie prakties was om slegs as 't ware abstrak spelreëls op te stel nie, want “[d]aarbly nog altoos baie gevalle van spelling oor wat veel beter in 'n aparte woordelys kan behandel word, omdat sodanige vorme daar veel makliker te vind is” (*AWS*¹:v).

Daarmee het die bevrugting plaasgevind wat gelei het tot die bekende en gesaghebbende *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, waarvan die eerste uitgawe in 1917 verskyn het. Van die eerste oplaag van 2 000 eksemplare “[is] net 257 nie onmiddellik verkoop nie” (Kapp 2009:116) en reeds teen die derde uitgawe is 'n oplaag van 10 000 gedruk (Kapp 2009:111). Hierdie syfers alleen toon al hoe groot die behoefte aan en die gewildheid van 'n publikasie soos die *AWS* was. Die voorwoord van die eerste uitgawe het ook 'n beroep op die publiek gedoen om te help werk aan die verbetering van die spelreëls, en dus aan die standaardiseringsproses (*AWS*¹:vi, vii): “Ons

⁴ My dank aan die Buro van die WAT, by name dr. FJ Lombard, en aan prof. GB van Huyssteen, wat *AWS*-materiaal wat ek kortgekom het, aan my verskaf het.

⁵ In hierdie artikel word, waar nodig of gepas, die name (en die spelling/skryfwyse daarvan) en spellings in die algemeen gebruik soos dit in die betrokke *AWS* gebruik is.

reken dus daarop dat die geagte Publiek nie sommer daadlik sal klaar wees vir 'n aanval nie, maar veel liever sal meewerk om 'n volgende druk so korrek en volledig als moontlik is te maak”, en verder “[I]aats iedereen van ons dus meewerk, na beste kragte, aan die opbouwing van ons taal ...”.

Die status van die *AWS* as deurslaggewend gesaghebbende bron onder gebruikers van Standaardafrikaans het deur die jare juis ontwikkel omdat die Taalkommissie (soos die gekombineerde Woordelys- en Spelling-Kommissie later sou heet) en die *AWS* hulle altyd deeglik vergewis het van wat werklik in die praktyk gebeur. Daarvan getuig nie alleen die aanvaarding van die *AWS* deur Standaardafrikaans-gebruikers nie, maar ook die bywerking van elke uitgawe deur reëls aan te pas en te verfyn, waar nodig, en deur in die Woordelys⁶ voortdurend verouderde vorme te skrap en nuwe woorde op te neem (*AWS*¹⁰:xxiii).

Tot dusver (2016) het daar reeds tien uitgawes van die *AWS* verskyn – hierna telkens *AWS*¹, *AWS*², en so meer genoem. Tot en met *AWS*⁵ is die verskillende uitgawes “drukke” genoem, en *AWS*² (1918) was inderdaad bloot 'n herdruk van die eerste een, maar met die regstelling van drukfoute (*AWS*²:vii). Die feit dat die eerste uitgawe in 1917 verskyn het en die tweede een slegs 'n jaar later, dui daarop dat die *AWS* in 'n behoefte voorsien het. Eersgenoemde het by Het Volksblad-Drukkerij, Bloemfontein, verskyn en laasgenoemde by De Nationale Pers Bepkt, ook in Bloemfontein.

3.1 *AWS*¹ en *AWS*²

Al die *AWS*'e bevat 'n voorwoord, wat hoofsaaklik agtergrond oor die betrokke uitgawe gee deur byvoorbeeld aan te dui wat verander is en hoekom. Die Voorwoord van *AWS*¹ is egter opvallend anders en bevat 'n duidelik nasionalistiese boodskap vir “ons volk”(*AWS*¹:iii, vii):

Ons volk het tot ontwaking gekom. ... Als natuurlike gevolg hiervan, is daar 'n onweerstaanbare drang na uiting: uiting van ons volksindividualiteit. Sodanige uiting ... is alleen moontlik deur middel van die moedertaal: Afrikaans. ... Vanself dus wil ons sôre dat ons taal in ieder opsig tot sij reg kom; dat dit die draer word van ons kultuur.

...

Laat iedereen van ons dus meewerk, na beste kragte, aan die opbouwing van ons taal: die enigste middel waardeur ons volksindividualiteit kan bewaar blij; die draer van die geestelike selfstandigheid van ons volk.

Ten einde Afrikaans as kultuurdraer te vestig, rig die Woordelys-Kommissie hom in die eerste plek op die onderwys (*AWS*¹:iii) en vestig die aandag op die belangrikheid van eenvormige spelling om die onderwys te ondersteun (*AWS*¹:vi, vii):

Die feit dat daar geen algemeen erkende spelsisteem van Afrikaans was nie, het die beoefening van ons taal tot nog toe veel in die weg gestaan. So was dit onmoontlik om skoolboeke op te stel in Afrikaans ... Die hek was toe. Nou is die hek oop. Nou kan ons voorsien in die nasionale behoeftes van ons volk en daardeur ons onderwys gesond maak.

Ook die verhouding van Afrikaans tot Nederlands – aanvanklik was dit 'n hele strydpunt (Kapp 2009:108, 112) – word behandel:

⁶ Soos die naam van die publikasie aandui, bevat elke uitgawe van die *AWS* altyd minstens twee belangrike afdelings, nl. die spelreëlgedeelte en die woordelysgedeelte. In die voorwerk van verskeie uitgawes (bv. 5de tot 10de uitgawe) is dit gebruiklik om dié afdelings die “Spelreëls” en die “Woordelys”, telkens met aanvangshoofletter, te noem.

Wat die juiste verhouding—nie van 'n wetenskaplike standpunt nie, maar in die praktiese lewe—van Hooghollands tot Afrikaans in die later toekoms sal wees, is onmoontlik om presies aan te duie. Maar een feit is bo alle twyfel verheue, en dit is dat Hollands en Afrikaans, hoewel twee selfstandige tale, nie teenoor mekaar staan, soos sommige dit voorstel nie. Intendeel, die twee tale vul mekaar aan. Afrikaans sluit Hollands grotendeels in; Hollands is die onmisbare bron waaruit Afrikaans moet put, oral waar voorlopig nie deur eie taalmiddels in die behoeftes kan voorsien word nie.

By die lees van al die voorwerk van *AWS*¹ is dit opvallend hoeveel daardie vroeë Standaardafrikaans, op enkele spellings, woordordes en ander kleinighede na, met die hedendaagse ooreenstem. Dat dit so geredelik vir die hedendaagse leser toeganklik en verstaanbaar is, kan seker as 'n pluimpie vir die eerste samestellers beskou word.

Die kort Voorwoord van *AWS*² meld dat dit slegs 'n gekorrigeerde herdruk is, maar voeg by: “Dit wil nie sê dat daar geen ag geslaan is op die welwillende en aanvullende kritiek wat van verskillende kante op die Woordelijs uitgebring is nie”, en verduidelik dat die Kommissie dit goedgevind het om, in die lig daarvan dat “dit so gouw nodig geword het om 'n nuwe oplaag te laat druk, dit onbillik [sou] wees teenoor die besitters van die eerste om nou reeds 'n aangevulde edisie te publiseer” (*AWS*²:vii).

3.2 *AWS*³

*AWS*³, die “Derde, Hersiene Druk” van 1921 – nou by Die Nasionale Pers, Bloemfontein – bevat in sy Voorwoord glad nie die nasionalistiese byboodskap van die eerste twee uitgawes nie, maar behandel uitsluitlik spellingkwessies. Dit kondig 'n bepaalde sistematiese spellingverandering aan, naamlik “die wegval van die stom *w*, die vervanging van *ij* deur *y* en van *y* deur *ie* of *i*, en die nagenoeg konsekwente verafrikaansing van vreemde woorde”⁷ (*AWS*³:iii). Voorbeelde hiervan is die volgende: *uw* en *jouw* word nou *u* en *jou*, *lij* en *stijl* word *ly* en *styl*, *mythe* en *lyries* word *miete* en *lieries* maar *lyriek* en *mysterie* word *liriek* en *misterie* (afhangende daarvan of die *y* in “beklemde” of “swakbeklemde lettergrepe” staan). Oor wat die verafrikaansing van vreemde woorde behels het, sien byvoorbeeld 4.2.2 hier onder.

Sekere ander sistematiese veranderinge is toe ook aangebring, veral, sê die Woordelys-Komitee, waar daar voorheen dubbelvorme met (-)eng/enk(-) en (-)ing/ink(-) was. *AWS*³ het nou twee duidelike groepe gemaak op grond van ‘die algemeenste uitspraak’, byvoorbeeld slegs *Engels*, *meng*, *skenk* (‘present gee’) en nie ook **Ingels*, **ming*, **skink* (‘present gee’) nie, en slegs *bring*, *dink*, *hingsel* en nie ook **breng*, **denk*, **hengsel* nie (al kom eersgenoemde twee as verbindingsvorme voor: *voortbrengsel*, *bedenklik*, ens.) (*AWS*³:iii, xiv).

'n Interessante sistematiese spelreëlwyssing is die volgende (*AWS*³:iii):

Die reël om 'n medeklinker nie te verdubbel na 'n swakbeklemde klinker nie (*bobiaan*, *frikedel*), waarteen veel beswaar gemaak is, is verval. Die reël is op sigself goed, maar moet dan ook konsekwent toegepas word, en dit gaan voorlopig nie.

⁷ Die uitdrukking “vreemde woorde” kom verskeie kere in hierdie vroeë spelreëls voor en dit is nie sonder meer duidelik presies watter woorde as “vreemd” beskou is nie, maar dit wil tog voorkom of dit min of meer ongewone woorde van Romeanse/Klassieke herkoms is en woorde wat in Hollands baie van die Franse spelling behou het. In *AWS*⁴ word die vraag na wat “vreemde woorde” is, uitvoeriger bespreek (*AWS*⁴:IV–VII).

*AWS*³ was die *AWS* wat die grootste sistematiese spellingveranderinge ingevoer het (sien ook 3.4 hier onder).

Ook in hierdie uitgawe word aandag gegee aan die bydraes en menings van die publiek (*AWS*³:iii):

Sedert dié tyd [verskyning van eerste spelreëls – JDM] het die gebruik van Afrikaans geweldig toegeneem, en het 'n algemene gevoele ontstaan dat wysiginge en aanvullinge op verskillende punte noodsaaklik is. Hiermee is sover moontlik rekening gehou.

Twee van die grootste besware deur die publiek ingebring teen die eerste spelreëls was, eerstens: te veel vryheid ten opsigte van die vraag wat as vreemde woorde moes beskou word; ten tweede: te veel dubbelvorme. Die publiek wou meer vastheid hê, veral met die oog op die skole.

3.3 *AWS*⁴

In 1931 verskyn die “Vierde, Hersiene en Vermeerderde Druk”, met 'n redelik lang Voorwoord onderteken deur die “Spellingkommissie” (die Voorwoord van die eerste twee *AWS*'e is deur die “Woordelys-Kommissie” en die derde deur die “Woordelys-Komitee” onderteken). Hierin word gesê dat die Akademie die Kommissie opdrag gegee het om vir die vierde uitgawe (1) inkonsekwentheid te verwyder, (2) meer tegniese en wetenskaplike terme op te neem en (3) soveel moontlik vryheid te laat waar verskil van mening bestaan, veral met betrekking tot die spellingbeginsels rakende “vreemde woorde” (*AWS*⁴:III).

Die Kommissie verklaar dat, hoewel “'n [v]olkome konsekwente en tog prakties bruikbare spelling 'n onbereikbare ideaal (is)” (*AWS*⁴:III) en daar ten opsigte van opdrag (2) “ook nog nie na volledigheid gestreef (kon) word nie” (*AWS*⁴:IV), hy tog na sy beste vermoë aan die opdragte probeer voldoen het. Die Kommissie wy dan heelwat ruimte aan die bespreking van wat “vreemde woorde” is. “Dit is duidelik dat dit nie 'n kwessie van woordoorprong is nie,” sê hy, want dan sou woorde soos *skool*, *kerk*, *kelk*, *lelie*, *botter*, *kaas* en so meer ook vreemde woorde in Afrikaans moes wees (*AWS*⁴:V). Wat natuurwetenskaplike terme betref, wou hy ook nie te veel peuter nie omdat “daar 'n soort van internasionale terminologie bestaan” en bowendien kan terme soos *kanker* en *cholera* of *sardientjie* en *ichthyosaurus* wat spelling betref, nie oor dieselfde kam geskeer word nie (*AWS*⁴:V). Daarom het hy 'n maatstaf van gebruiklikheid probeer aanlê, maar “nie in die sin van hoe dikwels die woord b.v. deur bepaalde vakmanne gebruik word nie, maar van die aantal Afrikaanssprekendes deur wie die woord gebruik word” (hierdie maatstaf het gelei tot 'n benadering wat wesenlik nog tot in *AWS*¹⁰ [kyk bv. bl. 174–177] aangetref word) (*AWS*⁴:V, VI):

In sommige twyfelagtige gevalle het ons van die standpunt uitgegaan dat dit verstandig is om sulke woorde waaraan ons volk en ons studerende jeug behoefte het, nou maar burgerreg te verleen vir sover ons dit deur middel van die verafrikaanse skryfwyse daarvan kon doen. Ons meen dat dit op die duur die beste spelling- en taalbeleid is. Mettertyd sal die meeste van hulle tog onvoorwaardelike burgerreg moet verkry.

Teenoor hierdie kategorie staan 'n klas wat twee soorte woorde insluit: (1) wildvreemde, ongebruiklike of weinig gebruiklike woorde en (2) woorde wat hulle nie maklik laat verafrikaans nie. Tot die eerste soort behoort woorde ... soos allerhande wetenskaplike plant- en diernaam, siektenaam, skeikundige en ander tegnologiese terme. Die tweede afdeling van hierdie klas omvat woorde soos *abattoir*, *garage*, *gentleman*, *jingo*, *reservoir*, *rugby*, *trousseau*, *whisky*, ens. wat, al is hulle baie gebruiklik, weens klank- en vormbesware moeilik kan verafrikaans word.

Dan bly daar grensgevalle wat nie heeltemal by die ingeburgerde en ook nie by die wildvreemde of onverafrikaansbare woorde 'n onderdak kan vind nie. ... Sulke woorde kry 'n dubbelspelling, 'n vreemde en 'n Afrikaanse.

Laasgenoemde kategorie sluit woorde in soos *café x kafee*, *cognac x konjak*, *historicus x historikus*, *phylloxera x filloksera* en *vanille x vanielje* (*AWS*⁴:VI, XV).

*AWS*⁴ voer 'n nuwigheid in, naamlik 'n kort afdeling oor interpunksie, wat hoofsaaklik maar kommagebruik bereël (*AWS*⁴:VII, XXXV, XXXVI).

3.4 *AWS*⁵

Die vyfde *AWS* verskyn in 1937 en nou vir die eerste maal onder die naam van die Taalkommissie (TK), wat nou ook 'n lid insluit wat nie 'n akademikus is nie: die befaamde LW Hiemstra, wat so 'n enorme (hoewel in taalpraktykskringe soms ietwat omstrede) rol in die taalpraktyk en die leksikografie gespeel het.

Die Voorwoord van *AWS*⁵ meld dat die oplaag van *AWS*⁴ “in 'n betreklike kort tyd reeds weer uitverkoop is” (*AWS*⁵:III) en dat dit 'n aanduiding is van die betekenis van die Akademie se leiding op die gebied, veral gesien die feit dat meningsverskille oor “ons spelling” 'n hoogtepunt bereik het in die tyd toe *AWS*⁴ verskyn het (*AWS*⁵:III). Van 4 tot 6 Januarie 1932 is die sogenaamde Spellingkonferensie op Stellenbosch gehou om 'n vergelyk tussen die Akademie en die Universiteit van Stellenbosch se benadering tot spellingkwessies te bereik, veral met betrekking tot “die skryfwyse *i/ie* en die spelling van vreemde woorde” (*AWS*⁵:III, IV):

Oor die lastige spellingkwessie: *i* of *ie* in die geval van vreemde, veral sogenaamde internasionale woorde van klassieke herkoms, is daar eindelijk eenstemmigheid bereik. Die ooreenkoms ten opsigte van die spelling van vreemde woorde in die algemeen het die erkenning van meer dubbelspellinge meegebring.

Hierdie verandering word in *AWS*⁵ weerspieël en behels dat in “woorde van nie-klassieke oorsprong” uit Nederlands, Engels, Duits en inheemse en Oosterse tale die [i]-klank deur *ie* weergegee word, byvoorbeeld *femies*, *krieket* en *kielie*, terwyl dit by “die sogenaamde ‘klassieke’ of ‘internasionale’ woorde” afhang van faktore soos oop of geslote lettergrepe, verbuiging al dan nie en dergelike, byvoorbeeld *parasiet* maar *parasities* (*AWS*⁵: XVIII, XIX).

Ook die TK se volgehoue inagneming van wat in die praktyk gebeur het, blyk uit die Voorwoord as hy oor die dubbelspellinge sê (*AWS*⁵:IV):

'n Mens kan nie altyd op twee gedagtes bly hink nie; vroeër of later moet jy kies. En blykens die spellingpraktyk van die Staatsdiens en byna alle Universiteite en Kolleges, van die Onderwysdepartemente en die Pers, asook van die samestellers van skoolboeke en woordeboeke, het die oorgroot meerderheid gelukkig dieselfde gekies en ... die voorkeur aan die verafrikaanste vorme gegee.

Die formaat van die eerste vyf *AWS*'e was almal effens kleiner as wat ons vandag *A5* sou noem, en hulle het elke keer 'n bietjie gegroei, van ongeveer 200 bladsye in *AWS*¹ tot amper 370 in *AWS*⁵.

3.5 *AWS*⁶

Sestien jaar sou verloop voordat *AWS*⁶, in 1953 en steeds in die klein formaat, verskyn. Die Voorwoord val direk weg deur te sê dat die uitgawe aansienlik van die vorige verskil en bestaan feitlik volledig uit 'n samevatting van wat dié verskille behels, naamlik geen ingrypende verandering

in “spellingbeleid en grondbeginsels” nie, maar wel in die aanbieding van sekere besonderhede (*AWS*⁶:1).

’n Lys van ses soorte skrappings word gegee, byvoorbeeld onsaamgestelde woorde wat geen spellingprobleme behoort op te lewer nie, bepaalde samestellings en afleidings wat nie spellingprobleme oplewer nie (veral as daar ander voorbeelde met dieselfde eerste lid is), en die uitdun van volkome reëlmatige trappe van vergelyking.

Byvoegings het veral “[t]egniese, natuurwetenskaplike en ander vakterme” (*AWS*⁶:2) behels, asook talle Bybelse, geskiedkundige, mitologiese en dergelike eiename. Vir die eerste keer bied hierdie uitgawe ’n heeltemal nuwe afdeling aan, naamlik ’n Lys Afkortings, asook ’n bladwyser. Laasgenoemde is in *AWS*⁷ oorgeslaan, maar verskyn weer in die jongste drie uitgawes.

’n Paar soorte wysigings, volgens die TK nie ingrypend nie, is ook ingevoer, maar dit is beskou “as ’n natuurlike voortsetting van ons spellingtradisie” (*AWS*⁶:3). Dit het behels dat meer leiding oor die gebruik van hoofletters gegee is, dat woorde wat dieselfde herkoms het maar waarvan twee vorme ten opsigte van vorm en betekenis uiteengeloop het, apart behandel word en dat daar ook leiding gegee is oor wanneer woordkombinasies los geskryf moet word. Die belangrikste wysiging was waarskynlik dat die TK die onoordeelkundige, oordrewe en inkonsekwente gebruik van die koppelteken probeer vasvat het deur sonder koppelteken vas te skryf of ’n deelteken te gebruik (*AWS*⁶:3, 4, 16).

Die lang tydsverloop tussen die verskyning van *AWS*⁵ en *AWS*⁶ het duidelik groter vastigheid ten opsigte van sekere van die “lastige spellingkwessies” gebring, veral wat die sogenaamde “vreemde woorde” betref (sien *AWS*⁵:IV). Bogenoemde meningsverskil en die gevolglike Spellingkonferensie (sien onder 3.4 hier bo) het tot bepaalde “dubbelspellings” – verafrikaans of ’n meer Nederlandse spelling – gelei, maar dié wipplankryery is grotendeels deur *AWS*⁶ tot ’n einde gebring, en wel ten gunste van die verafrikaanste vorm. Die ooreenkoms wat op die Spellingkonferensie bereik is, moes in *AWS*⁴ weerspieël word⁸ en die spellings wat daardeur geraak is, is nog in *AWS*⁵ gehandhaaf. Onderstaande tabel van lukraak gekose woorde illustreer die saak deur die Nederlandse spelling in die derde dekade van die 20ste eeu (as ’n soort maatstaf) te gee, asook die spellings van vier *AWS*⁵-e. *AWS*¹ gee die aanvanklike Afrikaanse spelling, *AWS*³ toon die Afrikaanse spellings wat vermoedelik tot die meningsverskil gelei het, *AWS*⁴ gee die ooreengekome spellings soos dit in *AWS*⁴ ingevoeg moes word ná die Spellingkonferensie, en laastens weerspieël *AWS*⁶ die situasie soos dit skynbaar in die praktyk ingang gevind het.

⁸ Hoewel die eerste oplaag van *AWS*⁴ voor die Spellingkonferensie verskyn het, het prof. DB Bosman, ’n lid van die Spellingkommissie, ’n *Lys van Wysiginge* opgestel wat as ’n brosjure uitgegee is. In ’n kort voorwoord sê die uitgewer die spellingooreenkoms tussen die Akademie en die US het meegebring dat “daar wysiginge aangebring [moet] word in die *Woordelys en Spelreëls* (4de druk) van die Akademie” (Bosman 1932:3). Die brosjure het ook ’n loopkop bevat wat gelui het: “N.B.—Die leser word versoek om die nuwe vorme alfabeties in te vul” (Bosman 1932:4–7). Sien ook *AWS*⁵, bladsy III. Vir die doel van hierdie artikel word die wysiginge dus geag deel van *AWS*⁴ uit te maak.

TABEL 1: Spelling van voorbeeldwoorde voor en ná die Spellingkonferensie van 1932.

Van Dale, 1924	AWS ¹ , 1917	AWS ³ , 1921	AWS ⁴ , 1931 ⁹	AWS ⁶ , 1953
additie	—	—	addisie	addisie
applaus	applaus	applous	applous <i>of</i> applaus	applous
architect	architek	argitek	architek <i>of</i> argitek	argitek
artikel	artikkel	artikkel	artikkel *artikel	artikel
definitie	definiesie	definiesie	definiesie definisie	definisie
dictionnaire	diksionaire	diksionêr	diksionêr <i>of</i> dictionnaire	—
discipel	discipel <i>of</i> dissipel	disiepel	disiepel dissipel	dissipel
echo	echo	—	eggo <i>of</i> echo	eggo
familie	famielie	famielie	familie	familie
globulolyse	—	—	globulohiese globulolise	globulolise
heraut	heraut	herout	herout heraut	herout
catechese	—	—	katechese <i>of</i> kategese	kategese
opinie	opienie	opienie	opienie opinie	opinie
restaurant	restaurant	restourant	restourant restaurant	restaurant <i>of</i> restourant
sergeant	sersjant	sersant <i>of</i> sersjant	sersant <i>of</i> sergeant	sersant
thesaurier	thesaurier	tesourier	tesourier <i>of</i> thesaurier ¹⁰	tesourier
tweede	tweede	twede	twede tweede	tweede
visie	—	—	viesie visie	visie

* Deurgehaalde woorde dui daarop dat daardie spelling deur die ander een vervang is.

3.6 AWS⁷

’n Verdere 11 jaar verloop voordat die volgende uitgawe, AWS⁷, in 1964 verskyn, maar sowel die 6de as die 7de uitgawe het verskeie oplaes beleef. AWS⁷ is ’n besonder belangrike uitgawe, omdat 27 jaar sou verloop voordat die 8ste uitgawe verskyn en hierdie uitgawe dus vir bykans drie dekades dié normgewende bron oor die spelling en skryfwyse van Afrikaans was.

AWS⁷ verklaar dat niks wesenliks aan die grondbeginsels en spellingbeleid verander is nie, maar bevestig terselfdertyd die ontwikkelingsgang van Standaardafrikaans, wat sekere aanpassings vereis het (AWS⁷:i):

⁹ Sien Bosman (1932).

¹⁰ Dit is nie duidelik hoekom daar ná die Spellingkonferensie soms by *-au*-gevalle “dubbelspellings” gegee word en by ander nie, en dit is interessant, maar vir my ook nie sonder meer verklaarbaar nie, dat die wisselvorm *restaurant* x *restourant* tot vandag toe aanvaar word, al is die *-au*-spelling skynbaar verreweg die algemeenste.

Maar die taal het self, soos elke jong, lewendige taal, ontwikkel en verander en daardeur nuwe eise aan sy beoefenaars gestel. Daarmee moes die Taalkommissie uiteraard rekening hou – vandaar enkele nuwighe in die stof en die behandelingswyse daarvan in hierdie uitgawe.

Ook hier kom weer sekere herhalende probleme aan bod. Die aantal plekname en persoonseiname is verminder omdat dit ook in ander gesaghebbende publikasies, soos die lys *Amptelike Plekname*, hanteer is, en weer word veral tegniese en natuurwetenskaplike terme bygevoeg – albei sake ’n aanduiding, terloops, van hoe die gebruikswêreld van Standaardafrikaans metterjare al hoe groter geword het. Ook kom die inburgering en verafrikaansing van wat in *AWS*⁷ nou “woorde van vreemde herkoms” genoem word, weer ter sake, veral ook omdat die verafrikaanste vorme dikwels Afrikaanse morfologiese kenmerke aanneem (bv. *AWS*⁶ se *chic of sjiek* word nou slegs *sjiek* ter wille van *sjieker*, *sjiekste* en *sjiekerig*), wat in die Woordelys verreken moes word. Die verafrikaansing sluit ook toenemend terme in, byvoorbeeld chemieterme, waarin *ch-* na *k-* verskuif, soos in *chinien of chinine* en *chinoon* wat *kinien of kinine* en *kinoon* word. Dit blyk ook dat daar toenemend aandag gegee is aan morfologiese kenmerke – byvoorbeeld meervoudsuitgange – van woorde wat andersins nie spelprobleme sou oplewer nie of waarvan die spelling in elk geval sou blyk uit samestellings of samekoppelings daarmee. (*AWS*⁷:i, ii)

Dit was reeds voor die verskyning van *AWS*⁷ duidelik dat een van die grootste probleme vir Afrikaansskrywendes die vraag is van wanneer bepaalde kombinasies van woorde vas aan mekaar of los van mekaar geskryf moet word¹¹ (*AWS*⁷:iii, 48). Om dié rede is ’n “betreklik omvangryke stuk” (*AWS*⁷:iii, 31–57) ingevoeg om aan gebruikers leiding te gee.

Eiename – veral buitelandse geografiese eiename en Bybelse, mitologiese en Klassieke eiename – was (en is) dikwels problematies. Binnelandse plekname (hoewel nie alle geografiese name nie) is bereël deur die destydse Pleknamekomitee, wat ’n amptelike lys gepubliseer het, naamlik *Amptelike plekname in die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika* (1951) (en later *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika* [1978]), en baie van dié name is dus uit die *AWS* verwyder (*AWS*⁷:i).

3.7 *AWS*⁸

Daar het 27 jaar verloop tussen die eerste oplaag van *AWS*⁷ en die publikasie van *AWS*⁸. Die TK voer enkele redes vir dié lang tydsverloop aan, onder meer dat daar “geen dringende behoefte gevoel is” aan ’n nuwe uitgawe nie (wat die belangrikheid en statuur van *AWS*⁷ bevestig) en dat die TK intussen ook gewerk het aan die Afrikaanse weergawes van Klassieke eiename (*AWS*⁸:1). Dié lys is in 1984 as die *Lys klassieke eiename* gepubliseer. Hierdie lys was ’n nuttige en belangrike bydrae tot Standaardafrikaans.

*AWS*⁸ (1991) was in baie opsigte vernuwend en in sommige opsigte omstrede (*AWS*⁹:7 maak byvoorbeeld melding van “die kritiek op die 1991-uitgawe”). Die spelreëls is grotendeels nuut geformuleer in ’n poging om dit vir gebruikers toegankliker te maak, die Woordelys en die Afkortingslys is aansienlik uitgebrei en vir die eerste maal is ’n soort gebruikershandleiding, genaamd “Toeligtig”, ingevoer (*AWS*⁸:1). Die afkortings is ook van reëls en gebruiksriglyne voorsien (*AWS*⁸:329–334).

Daar was ’n duidelike poging om die spelreëls taalkundig verantwoord aan te bied, en om dit te vergemaklik, is elemente bygevoeg wat vantevore nooit deel van ’n *AWS* was nie, byvoorbeeld

¹¹ Te oordeel na skriftelike Afrikaans van allerlei aard – van konfytflessies deur openbare kennisgewingborde tot advertensies in die media en die skryfwerk van baie studente en dosente – wat skynbaar nie deur die hande van kundige taalpraktisyns gaan nie, is dit vandag steeds so en word dit selfs erger.

die belangrikste fonetiese tekens vir Afrikaans, ’n uiteensetting van inligtingstipes in die Woordelys, ’n lys termverklarings en so meer (*AWS*⁸:3–10).

Hierbenewens sal die 8ste uitgawe ook onthou word as die *AWS* wat die omstrede “eienaamreël” ingevoer het (*AWS*⁸:68–70). Die TK meld dat daar “in ’n aantal gevalle groter vryheid ten opsigte van spel- en skryfwyses” toegelaat word, en noem dat die opvallendste stellig die opsionele gebruik van die sogenaamde afstandskoppelteken (“*hoofmediese beampte* naas *hoof-mediese beampte*”) en die opsionele skryfwyse van “samestellings met ’n eienaamelement” (“*Bloemfontein museum* naas *Bloemfontein Museum* naas *Bloemfontein-museum* naas *Bloemfontein-Museum* naas *Bloemfonteinmuseum*”) is (*AWS*⁸:2). Straatname en amptelike Suid-Afrikaanse geografiese name is hiervan uitgesluit (*AWS*⁸:68). Hierdie nuwe reël is in sommige oorde verwelkom en elders weer gekritiseer, maar in die praktyk het dit geblyk nie probleemloos te wees nie. Die 9de uitgawe moes die leisels van hierdie reël weer ’n bietjie intrek en dit presieser omskryf ten einde die nodige leiding te gee (*AWS*⁹:148–153).

Die Woordelys “is aansienlik uitgebrei en bevat, benewens nuwe lemmas, heelwat meer samestellings en afleidings” (*AWS*⁸:1) en dié uitbreiding word weerspieël deur die feit dat daar nou sowat 245 bladsye (effens groter as A5) met drie kolomme elk was, terwyl vorige *AWS*’e ’n kleiner formaat en twee kolomme per bladsy gehad het. Dit getuig nie net van ’n nuwe redaksionele beleid nie, maar ook van die uitbreidende woordeskat van ’n volwasse kultuurtaal wat tred hou met ’n snel veranderende wêreld.

3.8 *AWS*⁹ en *AWS*¹⁰

Die jongste twee *AWS*’e het wat inhoud betref, geen drastiese veranderinge vergeleke met byvoorbeeld *AWS*⁸ ingevoer nie; hulle het wel radikale veranderinge in aanbieding ingevoer. Albei bevat drasties geherformuleerde reëls, want daar is gepoog om die reëls vir “gewone” gebruikers op ’n toegankliker manier te formuleer (*AWS*⁹:8), en die reëls is ook in alfabeties geordende, genommerde hoofstukke georganiseer en van volgnommers voorsien. Dié nommers bestaan telkens uit die hoofstuknommer plus ’n reëlvolgnummer, byvoorbeeld 4.6, waarin 4 die hoofstuknommer en 6 die betrokke reël se nummer is. By elke reël word illustratiewe voorbeelde gegee, asook eventuele opmerkings wat, waar nodig, verdere toeligting, gebruiksleiding, kruisverwysings (wat grootliks deur die nommerstelsel vergemaklik word) en so meer verskaf.

Afgesien van bogenoemde is die opvallendste “uiterlike” verskille tussen dié twee en die vorige *AWS*’e waarskynlik in die vernuwende tipografie geleë. Tot en met *AWS*⁸ is telkens ’n *serif*-lettertipe gebruik in romein, kursief en vetdruk, wat saam met die bladuitleg ’n baie digte teks gelewer het. In *AWS*⁹ en *AWS*¹⁰ is die uitleg baie oper en toegankliker: elke reël staan in ’n duidelik geskakeerde kassie by sy volgnummer en die illustratiewe voorbeelde word daaronder koloms- of kolpuntsgewys gegee. Daar word ook ’n kombinasie van *serif*- en *sansserif*-lettertipes gebruik, wat baie meer moontlikhede laat vir die gebruik van romein, kursief en vetdruk, asook meer wit ruimtes. Die resultaat is ’n baie vriendeliker bladspieël. Die nuwe stelsel “behoort die *AWS* die maklik hanteerbare bron te maak wat dit vir die gebruikers van Afrikaans behoort te wees” (*AWS*⁹:8). Hierdie poging om die Spelreëls vir gebruikers toegankliker te maak, word in die afdeling Werkwyse van *AWS*¹⁰ verder uiteengesit (*AWS*¹⁰:xxiv).

Benewens al die afdelings wat *AWS*⁸ bevat het, bevat uitgawes 9 en 10 ook ’n afdeling “Wenke vir gebruikers” (*AWS*⁹:11, 12; *AWS*¹⁰:xiii, xiv), ’n lys buitelandse geografiese name met adjektiewiese en persoonsnaamaflidings (*AWS*⁹:535–552; *AWS*¹⁰:523–545) en ’n transliterasietabel vir Cyrilliese skrif (*AWS*⁹:553–555; *AWS*¹⁰:547–549).

’n Interessante maar enigszins omstrede toevoeging tot die 9de uitgawe was ’n eksemplariese lys woorde en uitdrukings uit sogenaamde Omgangsafrikaans (*AWS*⁹:525–534). Die rede hiervoor

was dat sulke woorde en uitdrukkings toenemend in Standaardafrikaanse tekste van allerlei aard gebruik word (*AWS*⁹:525), al is hulle wesenlik informeel en dikwels slegs spraakgebonde. Die lys is egter uit *AWS*¹⁰ weggelaat en vervang deur 'n stel van ses riglyne – eintlik maar voorstelle – vir die spelling en skryfwyse van sulke vorme (*AWS*¹⁰:551–553). Die rede vir hierdie verskil tussen die 9de en 10de uitgawe is enersyds dat Omgangsafrikaans hom nie juis leen tot bereëling nie en andersyds dat die *AWS* eintlik met Standaardafrikaans gemeoid is (*AWS*¹⁰:551).

*AWS*¹⁰ het ook verdere vernuwings gebruik. Eerstens is daar by die bewerking van die teks op groot skaal gerekenariseer, grotendeels met die medewerking van die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeX) van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (*AWS*¹⁰:xii), wat baie bygedra het tot die konsekwente hantering van lemmas in die Woordelys in ooreenstemming met die reëls. Rekenaartegnologie het ook beteken dat meer wetenskaplik verantwoordbare besluite geneem kon word op grond van die gebruik van drie korpusse (*AWS*¹⁰:ix, xxiv). Op grond van deskundige kommentaar (*AWS*¹⁰:ix) – veral dié van die Nederlandse leksikoloog prof. Piet van Sterkenburg (Van Sterkenburg 2004) – op die 9de uitgawe is besluit om 'n toeliggende afdeling oor die TK se werkwyse by te voeg (*AWS*¹⁰:xxiii–xxv) en om in die Woordelys verwysings na toepaslike reëls in te voeg, in hierdie uitgawe nog slegs by die lemmas wat ook as voorbeeldmateriaal by die reëls gebruik is (*AWS*¹⁰:ix, x). Ook op hierdie wyse poog die *AWS* dus om gebruikers aan te moedig om die verband tussen Woordelyslemmas en die betrokke reëls te snap en hulle dus so in staat te stel om probleemgevalle wat nie in die Woordelys opgeneem is nie (die Woordelys kan immers nooit “'n volledige opgawe van alle leksikale items in die woordeskat van Afrikaans” wees nie), self op te los (*AWS*¹⁰:x).

4. DIE SPELREËLS

Soos reeds vroeër genoem, was daar in die beginjare van die standaardiseringsproses meningsverskille oor die vraag of Hollands dan wel Afrikaans die taal moes wees wat bevorder moes word en, indien laasgenoemde, in watter vorm (vgl. Kapp 2009:102–114). Die vraag was of die taalvorm en spelling van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), wat in 1875 in die Paarl gestig is, gevolg moes word, of een wat nader aan Hollands was. *AWS*¹ sê dus nie verniet “[h]ierdie woordelys en hierdie spelreëls is die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners*, opgerig in die Paarl op 14 Augustus, 1875” nie (*AWS*¹:iii).

Dié spellingkwessie het nog lank voortgeduur (Kapp 2009:111, 112; sien ook 3.5 hier bo) en dit is dus waarskynlik dat daar by die opstel van die eerste spelreëls in 1914 gepoog is om 'n balans tussen die twee te vind. Daarvoor is 'n stel grondbeginsels opgestel; dié grondbeginsels is 'n paar keer herbewoord, maar het tot in *AWS*¹⁰ inhoudelik wesenlik dieselfde gebly – 'n merkwaardige getuigskrif vir die aanvanklike oordeel en insig.

4.1 Die grondbeginsels

Die volgende grondbeginsels is op 15 September 1915 op 'n jaarvergadering van lede van die Akademie goedgekeur (*AWS*¹: ix; Kapp 2009:111):

Bij die opstel van die Afrikaanse spelreëls is uitgegaan van die volgende algemene grondbeginsels:–

- (a) Vir so ver moontlik, elke klank deur 'n aparte letter voor te stel, en geen onnodige letters [*sic*; setfout in *AWS*² reggestel – JDM] te gebruik nie.
- (b) Dieselfde woord, voor- of agtervoegsel, vir so ver moontlik, altijd op dieselfde wyse te skrywe.
- (c) Die geskiedenis net daar in ag te neem waar dit om praktiese redes noodsaaklik is.

- (d) So weinig moontlik van die **Vereenvoudigde Hollandse Spelling** af te wijk.
 (e) Altijd die mees gebruikelike uitspraak weer te gee, en dit als norm aan te neem.

Daar volg dan 'n verduideliking van die grondbeginsels (*AWS*¹:ix, x), wat tot groot hoogte vandag steeds geld: Die Spelling-Kommissie sê dat spelling primêr vir die publiek bedoel is en nie vir "taalgeleerdes" nie, en derhalwe kan spelling nooit volkome foneties wees nie, wat beteken dat grondbeginsel (a) slegs "so ver doenlik" gevolg kan word. "Om dieselfde rede" – vermoedelik die verwysing na die publiek en nie taalgeleerdes nie – word by grondbeginsel (b) die vol vorm van 'n woord of voor- of agtervoegsel geskryf, al word dit soms korter of weens sekere fonetiese prosesse anders uitgespreek: dus *soveel* al word "suffel" gehoor, en *onbepaald*, al word "ombepaald" gesê. Wat grondbeginsel (c) betref en ter wille van eenvormigheid, word *wind* geskryf al is die slotklank stemloos, omdat die **d** in die meervoud wel stemhebbend is. Die Kommissie sê voorts dat dit by grondbeginsel (d) vir die onderwys en die nasionale belang nodig is om so min moontlik van die Vereenvoudigde Hollandse Spelling af te wyk, en derhalwe word *kinders* geskryf, al is die uitspraak "kinners", word *f* en *v* behou, al maak Afrikaans nie, "soos die Hollander", 'n onderskeid tussen die twee klanke nie, en word sowel *ei* as *ij* behou, al is daar nóg in Afrikaans, nóg in Hollands 'n klankverskil tussen die twee. Laastens word oor grondbeginsel (e) gesê die "mees gebruikelike uitspraak word altoos als norm aangeneem", en dus "skrijwe ons **terge, gesig** en nie **têre, geseg** nie". In eiename en vreemde woorde word *z* en *au* behou, maar so nie, "altoos *s* en *ou*". Waar verskillende vorme in algemene gebruik is, word dié vorme erken tot tyd en wyl gebruik van een "op die lange duur segevier".

Tot in *AWS*³ is hierdie grondbeginsels en die verduideliking daarvan onveranderd, behalwe dat enkele spellings in die derde uitgawe aangepas en ander voorbeelde gebruik is. So byvoorbeeld het *ij* nou reeds *y* geword, en het sekere spellings verander, soos *nuws* en *nuwt* wat *nuus* en *nuut* geword het (*AWS*³:vii). Voorts word enkele opmerkings oor "meer geleerde of boekwoorde" gemaak en "[v]reemde woorde word nagenoeg deur die bank verafrikaans" (*AWS*³:vii).

In *AWS*⁴ word die vyf afsonderlike grondbeginsels in drie nuut bewoorde beginsels saamgevat (*AWS*⁴:VIII), maar uit die "Toeligting en Toepassing" (*AWS*⁴:VIII–XI) blyk dat al die elemente wat vroeër onder die vyf grondbeginsels bespreek is, hier aanwesig is. Die nuut geformuleerde grondbeginsels lui nou soos volg (*AWS*⁴:VIII):

Die Afrikaanse Spelling wil:

- (1) die algemeen gebruikelike uitspraak in beskaafde Afrikaans weergee;
- (2) by die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.) aansluit en nie sterk daarvan afwyk nie;
- (3) so ver moontlik gelykvormig wees.

Die Toeligting en Toepassing verklaar dat die Afrikaanse klankstelsel nog "groot ooreenkoms met die van Nederlands (toon)" en dat dit dus begryplik is "dat die Afrikaanse spelling eweneens groot ooreenkoms met die Nederlandse sal toon" (*AWS*⁴:VIII). Waar daar egter 'n duidelike verskil tussen die Afrikaanse en Nederlandse uitspraak is, byvoorbeeld *hoof* teenoor *hoofd* of *harsings* teenoor *hersens*, word van die VNS afgewyk (*AWS*⁴:IX). Daar word egter duidelik gesê dat dié beginsel nie absoluut konsekwent toegepas kan word nie, want Afrikaans behou die *d* van *hoofd* in byvoorbeeld *hoofdelik*, en *hersens* in *hersenskim*. Afwykings van "die 'algemeen gebruikelike' Afrikaanse uitspraak (word) ... nie in ons spelling erken nie", vandaar dat byvoorbeeld *baie* erken word maar nie meer *baïing* of *banja* nie, en *hekel*, maar nie *hiekel* nie (*AWS*⁴:IX, X).

Die toeligting van die grondbeginsels is effens anders georganiseer en van die voorbeelde verskil, maar dit is wesenlik nog wat die vorige *AWS*'e gesê het. *AWS*⁵ herhaal dié bewoording van die grondbeginsels en van die toeligting en toepassing presies.

*AWS*⁶ bring weer 'n geringe bewoordingsverskil in die drie grondbeginsels (*AWS*⁶:6), maar dit is kwalik noemenswaardig. Die TK noem self dat die grondbeginsels feitlik slegs in formulering verskil (*AWS*⁶:6). Belangrik is egter die volgende opmerking: “Die Akademie se spellingbeleid wat op hierdie beginsels berus, is deur die skrywende publiek en van regeringsweë aanvaar, en daar bestaan geen rede om tans sterk daarvan af te wyk nie” (*AWS*⁶:6).

Tot met die 6de uitgawe is telkens na die “Vereenvoudigde Hollandse/Nederlandse Spelling” verwys, maar *AWS*⁷ (1964) sê nou by die tweede grondbeginsel dat die Afrikaanse spelling “rekening (wil) hou met die spelling wat vandag amptelik in Nederland erken word”, en die derde grondbeginsel praat nou van “die beginsel van gelykvormigheid” en nie net meer van “gelykvormigheid” nie (*AWS*⁷:1). Dieselfde tipe voorbeelde word egter in die verduidelikings gegee, soos die vermelding dat die spellingonderskeid tussen *v* en *f* en tussen *ei* en *y* gehandhaaf word, maar die aandag word ook pertinent gevestig op spellingverskille tussen Afrikaans en Nederlands wanneer die “algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans” (in hedendaagse terme Standaardafrikaans) die spellingverskil vereis (*AWS*⁷:2).

Daar is reeds genoem dat *AWS*⁸ heelwat vernuwings gebring het; dit geld ook die grondbeginsels, wat heeltemal nuut geformuleer is en in veranderde volgorde aangebied word (*AWS*⁸:11):

Die drie grondbeginsels is:

- 1.1 Die spelling van Afrikaans in die *AWS* is gebaseer op die *klankstelsel* van *Standaardafrikaans*.
- 1.2 Vormlik verwante woorde word, sover moontlik, *gelykvormig* gespel.
- 1.3 Die huidige spelling en skryfwyse van woorde word in 'n hoë mate bepaal deur die *tradisie* waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word.

Die opmerklike verskille is dat “uitspraak” in die eerste grondbeginsel deur “klankstelsel” vervang is, en “beskaafde Afrikaans” deur “Standaardafrikaans”, 'n termverandering wat ook by ander tale, soos Engels, Nederlands en Duits, gesien word. Gelykvormigheid, genoem “die beginsel van gelykvormigheid” in die Toeligting, word nou die tweede beginsel, en die vorige vermeldings van die Vereenvoudigde Hollandse/Nederlandse Spelling word vervang deur te sê dat die “tradisie” in groot mate bepalend is. Dit word bevestig deur paragraaf 2.3 van die Toeligting, wat verklaar: “Die *Afrikaanse spelling* sluit aan by dié van Nederlands” en dan word die gebruiklike *v* en *f*, *ei* en *y*, en dergelike genoem (*AWS*⁸:11, 12). Die verduideliking van die grondbeginsels kry in hierdie uitgawe 'n nuwe en belangrike opmerking by wat die leser attent maak op die wisselwerking tussen die drie grondbeginsels (*AWS*⁸:12).

Dit is dus duidelik dat, ondanks die moderner formulering, die grondbeginsels inhoudelik steeds dieselfde beoog as vantevore.

Die grondbeginsels soos in *AWS*⁸ bewoord, word onveranderd in die 9de uitgawe behou, maar die volgorde word weer verander – dié keer sodat die tradisiebeginsel eerste staan, met die klankstelselbeginsel tweede en die gelykvormigheidsbeginsel derde (*AWS*⁹:19). Die Toeligting (*AWS*⁹:19, 20) bly haas onveranderd. Hierdie uitgawe verklaar (soos wesenlik die 8ste uitgawe ook) hier soos volg (*AWS*⁹:19):

By die erkenning van 'n bepaalde vorm as Standaardafrikaans speel algemene aanvaarding, gebruik, frekwensie en geografiese en maatskaplike verspreiding 'n belangrike rol. Dit geld nie net die erkenning van die spelling en skryfwyse van leksikale vorme nie, maar ook uitspraak-, morfologiese en sintaktiese vorme, en die betekenis van woorde.

Die wesenlike behoud van die grondbeginsels waarvolgens die spelling en skryfwyse van Standaardafrikaans die afgelope eeu bereël is, het ongetwyfeld bygedra tot groot stabiliteit. Dit blyk

uit onder meer die betreklike gemak waarmee 'n hedendaagse leser van byvoorbeeld *AWS*¹⁰, ondanks die klaarblyklike verskille, ook die eerste uitgawe van 1917 sal kan lees en verstaan.

4.2 Die Spelreëls: 'n kort oorsig

4.2.1 *AWS*¹ en *AWS*²

Die eerste spelreëls het net meer as sewe bladsye in *AWS*¹ beslaan (*AWS*¹:ix–xvi). Dit is opgestel deur die Akademie se Spelling-Kommissie, wat, interessantheidshalwe, bestaan het uit TH le Roux (“Konvener”), Jan FE Celliers, JD du Toit, CJ Langenhoven, DF Malherbe, WMR Malherbe en Gustav Preller. Die eerste grondbeginsels (4.1 hier bo) was die eerste van 30 reëls.

Daar is aandag gegee aan watter “lettertekens gebruik [word] om die Afrikaanse klanke (klinkers, tweeklanke, medeklinkers) voor te stel” (*AWS*¹:x) en dan volg twee afdelings onder die opskrifte “Klinkers en Tweeklanke” en “Medeklinkers”, waarin onder meer gesê word hoe sekere letters en letterkombinasies in die Vereenvoudigde Hollandse Spelling in Afrikaans weergegee word. Aandag word ook gegee aan die verafrikaansing van woorde en die hantering van “vreemde woorde”. Daar is ook 'n afdeling “Enkele Taalvorme”, waarin sake bespreek word soos *se* teenoor *sh*, *ek* teenoor *ik*, verkleiningsvorme, egte deelwoorde en adjektiewies gebruikte deelwoorde.

Twee reëls word hier onder uitgelig en interessantheidshalwe woordeliks gegee.

- Die grootste probleem wat Afrikaansskrywendes skynbaar met die Afrikaanse spelreëls het, is eintlik 'n skryfwyseprobleem, dit wil sê dit het te doen met die vraag of 'n bepaalde kombinasie van woorde (eintlik stamme) vas aan of los van mekaar geskryf word – vergelyk byvoorbeeld *AWS*⁷(*AWS*⁷:iii): “Een van die lastigste skryfwessies in Afrikaans het eintlik niks met spelling as sodanig te doen nie, maar het betrekking op die skryfwyse van woorde – los of vas.” Daarom het opeenvolgende *AWS*⁷ e al hoe meer aandag en ruimte aan die kwessie bestee: *AWS*⁷ byvoorbeeld 26 bladsye en *AWS*¹⁰ 35 bladsye. Daarteenoor het *AWS*¹ dit soos volg hanteer (en dit bly steeds baie goeie raad!) (*AWS*¹:xiv, by reël 23):

Wanneer die een of ander woordsoort—behalwe 'n bijvoeglike naamwoord—'n selfstandige naamwoord nader bepaal, word die twee aaneengeskrewe: **noordpool, seewater, môreson, uitspanplek**. Dikwels word die twee met 'n koppelteken verbind: **Unie-parlement, Voor-Indië**. Waar die bijvoeglike naamwoord so nouw met die selfstandige naamwoord verbind is dat die twee een begrip vorm, daar word hul aanmekaar geskrewe: **Nuwejaar, Oujaar, hoëpriester**.

Was dit dalk die oorsprong van die misleidende maar steeds dikwels gebruikte vuisreël van “een begrip, een woord”?

- Die tweede aangehaalde reël toon duidelike ooreenkomste met Nederlands, maar het volledig uit Standaardafrikaans verdwyn; dit was in *AWS*⁴ reeds nie meer deel van die spelreëls nie. Dit lui soos volg (*AWS*¹:xv, by reël 25):

Naas die vorme **se, s'n**, word in die vrouwelik enkelvoud (nie meervoud nie) ook **haar, hare** gebruik, wat histories juister is: **ma haar hoed, dis ma hare**.

In die meervoud word behalwe die vorme **se, s'n** ook **hul** gebruik: **die mans hul klere, die dames hul hoede, die kinders hul boeke**.

Soos vroeër genoem, was daar aanvanklik 'n Spelling-Kommissie en 'n Woordeliks-Kommissie. Toe laasgenoemde, bestaande uit TH le Roux (weer “Konvener”), DF Malherbe en JJ Smith, die eerste Woordeliks opgestel het, het hulle gevind dat die Spelreëls nie voldoende was om alles in die Woordeliks te verklaar nie en hulle het gevolglik “Aanvullinge bij die Spelreëls” opgestel (*AWS*¹:xvii–xx). Hierin is kwessies soos problematiese meervoudsvorme, tydsbepalings, telwoorde, *i x ie, f x w*, die verdubbeling van sekere konsonante, hoofletters en dergelike bespreek.

4.2.2 *AWS*³

Die spelreëls beslaan nou 10 bladsye, maar die aparte lys “Aanvulling” van *AWS*¹ en *AWS*² is nou by die reëls geïnkorporeer. Een van die opvallendste van die 40 reëls sit die stelsel uiteen waarvolgens “vreemde woorde nagenoeg deur die bank” verafrikaans word (*AWS*³:xii):

Dit is duidelik dat sommige uitsprake (bv. “sieling”) en sommige verafrikaanste spellings (bv. “gaos”, “prowinsiaal”) nie oorleef het nie, maar die meeste is nog steeds in die kol.

TABEL 2: Verkorte uiteensetting van reël 21 van *AWS*³

ae	word	e	soos in	pedagoog
ai	word	ê	soos in	affêre, militêr
au	word	ou	soos in	outeur, outoriteit
eau	word	o	soos in	buro, tablo
é	word	ee	soos in	dinee, kafee
c	word	k of s na uitspraak	soos in	kafee, konjak; sentrum, sipres
ch	word	g, k, s, sj, of tj na uitspraak	soos in	gaos, gemie, gerubyn; kronies; masjien, sjokolade; tjek
g	word	s met s-uitspraak, maar bly g met g- of sj-uitspraak	soos in	losies, loseer argitek, genie, origineel
gn	word	nj	soos in	kampanje, konjak
ph	word	f	soos in	alfabet, filosofie
qu	word	kw	soos in	konsekwent, kwartaal
rh	word	r	soos in	ritme, retories
sh	word	s	soos in	sieling
t	word	s	soos in	nasie
th	word	t	soos in	teater, teorie
v	bly	v aan woordbegin	soos in	vaas, veranda, veto
v	bly	v in lettergrepe met hoofklem	soos in	galvanies, konvensie
v	word	w in niehoofklem-lettergrepe tussen vokale of tussen l, m, n of r en vokaal	soos in	aktiwiteit, ewolusie, provinsiaal
x	word	ks	soos in	aksioma, aleksandryn
y	word	ie in hoofklem-lettergrepe	soos in	tiepe
y	word	i in niehoofklem-lettergrepe	soos in	sipres
y met [ə]-uitspraak	word	i	soos in	Egipte, sisteem

4.2.3 *AWS*⁴, *AWS*⁵ en *AWS*⁶

In die 4de en 5de uitgawe het die spelreëlafdeling van die boek al tot 30 bladsye gegroei. Onder verskillende hofies word nou, benewens die grondbeginsels, uitdruklik aandag gegee aan wisselvorme, vreemde woorde en die verafrikaansing daarvan (in *AWS*⁴ is laasgenoemde baie dieselfde as in *AWS*³, met enkele aanpassings wat getuig van die groeiende aktiewe woordeskat van Afrikaans), lettertekens, klinkers en tweeklanke, medeklinkers en die verdubbeling daarvan (lg. slegs in *AWS*⁵), lettergreepverdeling, en, vergeleke met *AWS*¹, aansienlik meer aandag aan samestellings en samekoppelings.

Dit is duidelik dat, namate Standaardafrikaans gegroei het en op al hoe meer terreine gebruik is, die behoefte aan die uitbreiding en presisering of verfyning van die reëls eweneens toegeneem het. Al hoe meer terme en “wetenskaplike woorde” kom in die voorbeelde voor (soos *dodekaëder*, *adverbium*, *verbaal*, *fosforesseer*, *ossillator*, *diskonto*), en daar word meer aandag gegee aan sake soos deelteken- en afkappingstekengebruik.

Terwyl die 4de en 5de uitgawe elk ’n afdelinkie oor leestekens gehad het, het die 6de uitgawe dit nie, maar wel ’n afdeling oor hooflettergebruik en een oor meervoudsvorme. Weer opvallend is ’n nog langer afdeling (reël 42) oor samestelling en samekoppeling, waarin gesê word wanneer sonder koppelteken vas geskryf moet word, wanneer koppeltekens gebruik word en wanneer deeltekens gebruik word (*AWS*⁶:29–35). Ook hieruit kan afgelei word dat skryfwyse (dus los of vas) reeds teen die middel van die 20ste eeu vir die skrywende publiek probleme gelewer het.

4.2.4 *AWS*⁷

Hierdie uitgawe voer vir die eerste maal ’n inhoudsopgawe in waardeur makliker toegang tot die verskillende afdelings van die spelreëls verkry kon word, en dit, volgens daardie TK, het ’n bladwyser, soos in *AWS*⁶, onnodig gemaak (*AWS*⁷:iii). Daar is 16 afdelings of hoofstukke in die spelreëls wat al die gebruiklike sake hanteer, met enkele byvoegings in die vorm van hofies, bv. “IV Doeblette” en “X Aksenttekens” (*AWS*⁷: Inhoudsopgawe). Die opvallendste van hierdie uitgawe is egter die ruimte en aandag bestee aan die skryfwysekwessie, naamlik 26 bladsye sonder inagneming van die afdeling oor koppeltekens. Die uittreksel hier onder uit die Inhoudsopgawe gee ’n idee van die omvang en die sake wat aangeroe is (*AWS*⁷: Inhoudsopgawe):

Weereens het die ruimte wat aan die spelreëls afgestaan is, toegeneem – dié keer tot 57 bladsye van ’n groter formaat as vantevore.

TABEL 3: Uittreksel uit die Inhoudsopgawe van *AWS*⁷ as aanduiding van die aandag wat aan skryfwyse bestee is

XVI Die skryfwyse van woorde – los of vas
I. Hoofsaaklik Tweeledige Verbindinge
A. Meestal los
1. Met selfstandige naamwoorde vooraan
2. Met lidwoorde vooraan
3. Met telwoorde vooraan
4. Met byvoeglike naamwoorde vooraan
5. Met voornaamwoorde vooraan
6. Met voorsetsels vooraan
7. Met werkwoorde vooraan
8. Met bywoorde vooraan
B. Meestal vas
1. Met selfstandige naamwoorde vooraan
2. Met lidwoorde (v.n.w.) vooraan
3. Met telwoorde vooraan
4. Met byvoeglike naamwoorde vooraan
5. Met voornaamwoorde vooraan
6. Met voorsetsels vooraan
7. Met werkwoorde vooraan
8. Met bywoorde vooraan
C. Los en vas
II. Hoofsaaklike Meerledige Verbindinge
Samevatting

4.2.5 *AWS*⁸

In die net minder as drie dekades wat verloop het sedert *AWS*⁷ gepubliseer is, verskyn 'n nuwe *AWS* wat, op grond van wat in die praktyk van Afrikaans aan die gebeur was, 'n paar vernuwings invoer. Die TK voer soos volg aan (*AWS*⁸:1):

- 2.2 Die *Spelreëls* is ook grotendeels nuut geformuleer. Daar is probeer om die reëls meer eksplisiet en uitvoerig te verwoord, en waar moontlik in eenvoudiger taal te stel. Klank en skryftekens is ook nader aan mekaar gebring, bv. deur die gebruik van fonetiese tekens waar dit sinvol is. Die Taalkommissie vertrou dat die *Spelreëls* nou verstaanbaarder en makliker interpreteerbaar is.

Ondanks die aanspraak op “eenvoudiger taal” wek die reëls die indruk dat dit op 'n moderner taalkundig-wetenskaplike grondslag aangebied word. Hierdie indruk word ondersteun deur die gebruik van 'n fonetiese alfabet vir Afrikaans en 'n lys verklarings van taalkundeterme wat in die reëls gebruik word (*AWS*⁸:4, 8–10). Afsien van die nuwe reël oor eienaamverbindings (genoem in 3.7 hier bo) is enkele ander wysigings ook ingevoer, soos die deelteken-koppelteken-hantering van “verbindings met 'n eerste element van Griekse of Latynse herkoms” (*AWS*⁸:35), byvoorbeeld *hidro-elektries*, maar *bi-elektries* of *biëlektries*, en die skryfwyse van “'n [b]yvoeglike naamwoord

(of bywoord) wat bestaan uit 'n substantief of adjektief plus een van die agtersetsels *aan, af, in, langs, om, oor, op en uit*”, wat nou sonder koppelteken vas geskryf word, byvoorbeeld *andersom, bergaf, stroomop* (*AWS*⁸:67; vgl. ook *AWS*⁷:13).

4.2.6 *AWS*⁹ en *AWS*¹⁰

Die uitgawes van 2002 en 2009 het weer sekere vernuwings gebring, waarvan enkeles in 3.8 hier bo genoem is. Daarbenewens moet wat *AWS*⁹ betref, die volgende genoem word (*AWS*⁹:7, 8):

[S]edert die verskyning van die vorige uitgawe is daar indringend aandag gegee aan die verfyning en vereenvoudiging van die spelreëls – veral na aanleiding van die kritiek op die 1991-uitgawe – en hierdie uitgawe is die resultaat daarvan. Wat hierdie uitgawe verder uniek maak, is die feit dat daar baie wyd by taalpraktisyns en ander gebruikers navraag gedoen is oor veral ... probleme met die formulering van die spelreëls en hoe dit verstaan word ...

...

Die *Spelreëls*, asook die reëls met betrekking tot die gebruik van afkortings in Afrikaans, is ook drasties nuut geformuleer, onder meer met die oog op die behoeftes van die taalpraktyk en die onderwys.

Hierdie raadpleging van gebruikers wat in die praktyk staan, het nie net die reëls verbeter nie, maar ook die twee pilare herbevestig waarop die *AWS* rus, naamlik dat hy enersyds moet bereël en normeer, maar andersyds altyd deeglik kennis moet neem van wat in die praktyk gebeur en hoe sy reëls toegepas word. Dit is een van die redes waarom die *AWS* wyd as gesaghebbend aanvaar word en waarom dit deur die jare, saam met sy vennote in die praktyk (soos die pers en die onderwys), 'n deurslaggewende rol in die standaardisering van Afrikaans gespeel het en steeds speel.

Van die verfyning wat met *AWS*⁹ ingevoer is, was die afronding en presisering van die sogenaamde eienaamreël van die 1991-uitgawe (*AWS*⁹:148–153; *AWS*¹⁰:118–124) en die vereenvoudiging van die deelteken-koppelteken-reël by komplekse woorde waarvan die eerste lid van Klassieke herkoms is (*AWS*⁹: 46 & 110, 111; *AWS*¹⁰:27, 28 & 76, 77). Wat eersgenoemde betref, maak *AWS*⁹ en *AWS*¹⁰ 'n onderskeid tussen verskillende tipes eienaamverbindings, naamlik dié wat as einame optree, byvoorbeeld (*die*) *Nelspruiithospitaal*; dié wat nie as einame optree nie, byvoorbeeld (*n*) *Toyota-onderdeel*, en dié wat soortname kombineer en so 'n naam vorm, byvoorbeeld *Rietvlei* of *Kerkstraat* (*AWS*⁹:149; *AWS*¹⁰:119, 120). Wat die deelteken-koppelteken-reël betref, kon daar volgens *AWS*⁸ “in verbindings waar 'n opeenhoping van vokaalleters verkeerd gelees kan word en waar 'n eensillabige voorvoegsel van Griekse of Latynse herkoms betrokke is”, 'n deelteken of 'n koppelteken gebruik word, maar indien so 'n voorvoegsel twee- of meersillabig is, moes 'n koppelteken gebruik word (*AWS*⁸:33, 35). Volgens die jongste twee *AWS*'e val die onderskeid tussen een- en meersillabige voorvoegsel weg.

*AWS*¹⁰ het volledige rekenarisering gebring, soos in 3.8 hier bo genoem, waardeur groter interne samehang – ook tussen Spelreëls en Woordelys – en groter konsekwentheid bereik is. Die voorbeeldmateriaal by die reëls, behalwe dié wat nie sinvol in die Woordelys opgeneem kan word nie, is ook in die Woordelys van kruisverwysings na die betrokke reël(s) voorsien. Aangesien daar in die moderne tyd baie veranderinge in die konvensies rakende hooflettergebruik (deur die pers, uitgewerye, universiteite e.d.) ingetree het, is die hoofstuk oor hoof- en kleinletters in die 10de uitgawe (*AWS*¹⁰:44–57) drasties ingekort deur talle gedetailleerde kategorieë uit te skakel en deur algemene breë riglyne en tendense te stel, hoewel sekere vaste voorskrifte steeds geld.

5. ENKELE VOORBEELDE UIT DIE WOORDELYS

Die eerste Woordelys-Kommissie moes nie net bepaal **hoe** gespel moet word nie, maar ook **wat** gespel moes word, bedoelende dat hulle in sekere sin ook moes besluit watter woorde tot die destydse Standaardafrikaans behoort het, al het hulle nooit aanspraak gemaak op volledigheid nie (*AWS*¹:vi). Opeenvolgende Kommissies het hierdie proses deurgaans voortgesit deur nuwe woorde op te neem en woorde wat óf verouderd geraak het óf nie meer spellingprobleme oplewer nie, uit die lys te skrap. 'n Vergelyking van verskillende Woordelyste gee nie net 'n aanduiding van hierdie proses nie, maar ook van hoe konstant die spelling van verreweg die meeste woorde gebly het, behoudens, natuurlik, die reeds genoemde sistematiese spellingwysigings en die spelling van “vreemde woorde”.

In onderstaande tabel word 'n aantal woorde uit sewe *AWS*'e vergelyk. Dié sewe uitgawes verteenwoordig bykans 'n eeu van spellingstandaardisering. *AWS*² is weggelaat omdat dit bloot 'n herdruk van *AWS*¹ was; *AWS*⁵ is weggelaat omdat dit dieselfde Spellingkonferensie-kwessies as *AWS*⁴ weerspieël, en *AWS*⁹ is weggelaat omdat daar wat spelling betref, weinig verskil tussen *AWS*⁹ en *AWS*¹⁰ is. Die voorbeelde in die tabel is lukraak gekies, maar tog met die spellingaangeleenthede wat in hierdie artikel ter sprake gekom het, en met die ontwikkeling en/of stabiliteit van spellings deur die jare in gedagte.

TABEL 4: Illustratiewe vergelyking van spellings uit sewe uitgawes

AWS ¹ , 1917	AWS ³ , 1921	AWS ⁴ , 1931	AWS ⁶ , 1953	AWS ⁷ , 1964	AWS ⁸ , 1991	AWS ¹⁰ , 2009
auntie	–**	–	–	–	–	–
baie of baing of bajie	baie	baie	baie	baie	baie	–
christen of kristen	christen of kristen	Christen	Christen	Christen	Christen	christen of Christen
cypres of sypres	sipres	sipres	sipres	sipres	sipres	sipres
daadlik of dadelik	dadelik	dadelik	dadelik	dadelik	dadelik	dadelik
dagvaring	dagvaring	dagvaarding	dagvaarding	dagvaarding	dagvaarding	dagvaarding
eendeier	eende-eier	eende-eier	eende-eier	eende-eier	–	–
flamingo of flamink	flamink	flamink	flamink	flamink of folmink	flamink	flamink
gantang	ghantang	ghantang	ghantang	ghantang	ghantang	ghantang
hings of hings	hings	hings	hings	hings	hings	hings
idyllies	idillies	idillies	idillies	idillies	idillies	idillies
ingel of engel [mv. -s]*	engel, -s	engel, -e of -s	engel, -e of -s	engel, -e of -s	engel, -e	engel, -e
–	–	–	joghurt	joghurt	jogurt	jogurt
jou (– vabond!)*	jou (– vabond!)*	–	–	jou (vnmw.)	–	–
jou (pers. vnmw.)	jou (pers. vnmw.)	jou (pers. vnmw.)	–	–	–	–

TABEL 4: Illustratiewe vergelyking van spellings uit sewe uitgawes (*vervolg*)

AWS ¹ , 1917	AWS ³ , 1921	AWS ⁴ , 1931	AWS ⁶ , 1953	AWS ⁷ , 1964	AWS ⁸ , 1991	AWS ¹⁰ , 2009
jouw (<i>bes. vnw.</i>)	jou (<i>bes. vnw.</i>)	joue <i>of</i> jouné (<i>bes. vnw.</i>)	jou (<i>bes. vnw.</i>)	joue <i>of</i> jouné (<i>dit is –</i>)	joue <i>of</i> jouné (<i>dit is –</i>)	joue <i>of</i> jouné (<i>dit is –</i>)
Kalvinisme	Kalvinisme	Calvinisme	Calvinisme	Calvinisme	Calvinisme	Calvinisme <i>of</i> calvinisme
kurang <i>of</i> tjurang	kierang <i>of</i> kurang	kierang <i>of</i> kurang	kierang <i>of</i> kurang	kierang <i>of</i> kurang	kierang <i>of</i> kierankies	kierang <i>of</i> kierankies
loffelik	loflik	loflik	loflik	loflik	loflik	loflik
misskien	miskien	miskien	miskien	miskien	miskien	miskien
nieuwmodies	numodies	nieuمودies	nieuمودies	nieuمودies	nieuمودies	nieuمودies
nuws	nuus	nuus	–	–	–	nuus
omsientjies= tijd (<i>in h –</i>)	ommesientjie (<i>in h –</i>)	ommesientjie (<i>in h –</i>)	omsientjie <i>of</i> ommesientjie	omsientjie <i>of</i> ommesientjie	ommesientjie (<i>in h –</i>)	ommesientjie (<i>in h –</i>)
ordinair	ordinêr	ordinêr	ordinêr	ordinêr	ordinêr	ordinêr
partiekel	partiekel	partiekel	partikel	partikel	partikel	partikel
pouw	pou	pou	–	–	–	pou
–	–	quorum <i>of</i> kworum	kworum	kworum	kworum	kworum
regvaardig <i>of</i> regverdig	regvaardig <i>of</i> regverdig	regverdig	regverdig	regverdig	regverdig	regverdig
skenker <i>of</i> skinker	skenker [= gewer] skinker [= bv. van drank]	skenker (<i>gewer</i>) skinker [= bv. van drank]	skenker (<i>gewer</i>) skinker [= bv. van drank]	skenker (<i>gewer</i>) skinker [= bv. van drank]	skenker (<i>gewer</i>) skinker [= bv. van drank]	skenker (<i>gewer</i>) skinker
Suidafrikaans	Suidafrikaans [maar, vreemd, Suid-Amerikaans]	Suid-Afrikaans	Suid-Afrikaans	Suid-Afrikaans	Suid-Afrikaans	Suid-Afrikaans
taggentig <i>of</i> tagtig	taggentig <i>of</i> tagtig	taggentig <i>of</i> tagtig	taggentig <i>of</i> tagtig	taggentig <i>of</i> tagtig	tagtig	tagtig
tree, treeë	tree, treë	tree, treë	tree, -eë	tree, -eë	tree, – <i>of</i> treë	tree, – <i>of</i> treë
uitpuil <i>of</i> uitpeul	uitpuil <i>of</i> uitpeul	uitpuil <i>of</i> uitpeul (<i>uitkom</i>)	uitpuil <i>of</i> uitpeul (<i>uitkom</i>)	uitpuil <i>of</i> uitpeul (<i>uitkom</i>)	uitpeul	uitpeul
vadoek <i>of</i> vatdoek	vadoek <i>of</i> vatdoek	vadoek <i>of</i> vaatdoek	vadoek <i>of</i> vaatdoek	vadoek <i>of</i> vaatdoek	vadoek	vadoek
wenk <i>of</i> wink [ww.]	wink	wink	wink	wink	wink	wink
xylofoon	–	xylofoon	xilofoon	xilofoon	xilofoon	xilofoon
zoölogie	–	soölogie	soölogie	soölogie	soölogie	soölogie

* Kursief tussen ronde hakies dié van die *AWS*; tussen blokhakies myne: óf ter verduideliking óf ter verkorting van *AWS*-inligting – JDM.

** – dui aan die woord is nie opgeneem nie, of nie as 'n afsonderlike lemma opgeneem nie – JDM.

7. SLOT

In hierdie artikel is kortliks en baie oorsigtelik gekyk na die ontwikkeling van die tien uitgawes van die *AWS*, van 1917 tot 2009. Daar is aanvanklik aanvaar dat 'n doeltreffende ortografie 'n vereiste vir die ontwikkeling van 'n standaardtaal, veral as skryftaal, is en in hierdie artikel is aangetoon hoe die tien uitgawes van die *AWS*, onder meer deur die handhawing van die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling, deur die jare bygedra het tot die ontwikkeling en vestiging van 'n geslaagde spellingstelsel vir Standaardafrikaans. Hieruit kan afgelei word dat die *AWS* in die loop van bykans 'n eeu 'n wesenlike bydrae tot die standaardisering van Afrikaans gelewer het en dat die *AWS* merkwaardige stabiliteit en rigting aan minstens die leksikon van Standaardafrikaans gegee het. Op grond hiervan kan aangevoer word dat die standaardisering van Afrikaans in die algemeen geslaagd was, soos blyk uit die feit dat Standaardafrikaans hom vir die grootste deel van 'n eeu doeltreffend naas Engels kon handhaaf in die hoër funksies van 'n taal, soos die staatsbestel, die regspleging, die onderwys op alle vlakke, die wetenskap en tegnologie, die letterkunde en kuns en kultuur.

BIBLIOGRAFIE

- Bosman, DB. 1932. *Lys van Wysiginge wat ingevolge die besluite van die Spellingkonferensie op Stellenbosch, Januarie 1932, moet aangebring word in die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (4de druk) van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- Giliomee, H. 2012. Afrikanernasionalisme. In Pretorius, F (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Grebe, HP. 2012. *Op die keper beskou: Oor die ontstaan van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Kapp, PH. 2009. *Draer van 'n droom: Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Hermanus: Hemel en See Boeke.
- Pleknamekomitee. 1951. *Amptelike plekname in die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Pleknamekomitee. 1978. *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Steyn, JC. 2014. *Ons gaan 'n taal maak*. Pretoria: Kraal Uitgewers.
- Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1984. *Lys klassieke eiename*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Dale (PJ van Malssen, red.). 1924. *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal*. 6de uitg. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Van Rensburg, C. 2015. Oor die eerste 50 jaar se maak aan Standaardafrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(3):319–342.
- Van Sterkenburg, P. 2004. Resensie: *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Negende, verbeterde en omvattende herbewerkte uitgawe. *Lexikos* 14 (2004): 428–433.

Uitgawes van die Afrikaanse woordelys en spelreëls:

- AWS*¹: Le Roux, TH, Malherbe, DF & Smith, JJ, in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1917. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Het Volksblad-Drukkerij.
- AWS*²: Le Roux, TH, Malherbe, DF & Smith, JJ, in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1918. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: De Nasionale Pers.
- AWS*³: Bosman, DB, Le Roux, TH, Malherbe, DF & Smith, JJ, in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1921. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.
- AWS*⁴: Boshoff, SPE, Bosman, DB, Le Roux, TH, & Malherbe, DF, in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1931. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein, Kaapstad & Stellenbosch: Nasionale Pers.

- AWS*⁵: Boshoff, SPE, Bosman, DB, Hiemstra, LW, Le Roux, TH, & Malherbe, DF, in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1937. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein, Kaapstad & Pretoria: Nasionale Pers.
- AWS*⁶: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1953. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- AWS*⁷: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1964. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad & Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers.
- AWS*⁸: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- AWS*⁹: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2002. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- AWS*¹⁰: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 56 Nommer 2-2, Junie 2016 / Volume 56 Number 2-2, June 2016

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

INA WOLFAARDT-GRÄBE Redakteursnota.....	505
GERRIT SCHUTTE Vetula Hottentota en andere naturalia. Brieven van Hendrik le Sueur, J.A. van Plettenberg en Petrus Camper over de ontdekking van Afrika / <i>Letters of Hendrik le Sueur, J.A. van Plettenberg and Petrus Camper on the exploration of Africa</i>	507
JANNIE ROSSOUW, FANIE JOUBERT EN ADÈLE BREYTENBACH Suid-Afrika se fiskale keuses gemodelleer: Afgrond of plato? / <i>Modelling South Africa's fiscal choices: Cliff or plateau?</i>	534
CORNELIUS BOOYSE, CECELIA JANSEN, EJ VAN NIEKERK EN HÉLÈNE MULLER Die verband tussen werksbevrediging en die leierskapstyl van bestuurders: 'n Gevallestudie uit die banksektor / <i>The relationship between work satisfaction and the leadership style of managers: A case study from the banking sector</i>	555
ANDRIES RAATH Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: 'n Diskoers met Danie Goosen en Koos Malan / <i>Political and legal philosophical perspectives on politocratic communitarianism: A discourse with Danie Goosen and Koos Malan</i>	573
SHANIE BOSHOF EN LAMBERT K. ENGELBRECHT Kapasiteitsbou van informele gemeenskapsgebaseerde organisasies in die Suid-Afrikaanse welsynsektor: Die bydrae deur gevestigde maatskaplike diensorganisasies / <i>Capacity-building of informal community-based organisations in the South African welfare sector: The contribution of established social service organizations</i>	592
JÈAN STEYN 'n Vergelyking van polisiekuiluurhoudings van mans en vrouens in die Suid-Afrikaanse Polisie diens oor 'n tien jaar tydperk / <i>A comparison of police culture attitudes of men and women in the South African Police Service over a ten year period</i>	608
GRIETJIE VERHOEF "Sonder onderwys, geen bevryding": Die vestiging van 'n grondslag vir swart onderwys in Suid-Afrika, 1952–1968 / <i>"There can be no freedom without education." Laying the foundations for black education in South Africa, 1952–1968</i>	627
GARFIELD BESTER EN DESERÉ NOKE Veranderlikes wat verband hou met swart hoërskoolleerders se prestasie in Afrikaans as 'n tweede taal / <i>Variables which relate to the achievement of black high school learners in Afrikaans as a second language</i>	641

ANSIE LESSING EN MARIKE DE WITT

Die ondersteuning van die voorskoolse kind met betrekking tot ontluikende leesvaardigheid – 'n looddsstudie / *The support of the preschool child as emergent reader – a pilot study* 660

ANNEMARIE LOUBSER, ANITA E PIENAAR EN AUDREY KLOPPER

Die verband tussen geselekteerde biografiese veranderlikes en Graad R-onderwysers se houding teenoor die ontwikkeling van perseptueel-motoriese vaardighede van Graad R-leerders / *The relation between selected biographical variables and the attitude of Grade R teachers towards the development of perceptual motor skills of Grade R learners* 678

CILLIERS VAN DEN BERG

Histerie en Perversie (deel I): Enkele teoretiese opmerkings oor slagofferskap binne traumadiskoerse / *Hysteria and Perversion (Part 1): Some theoretical observations on victimhood in trauma discourses* 693

H VAN COLLER EN A VAN JAARVELDT

Deiktiese patrone in die verfilming van JM Coetzee se *Disgrace* (2008): Deel 1 / *Deictical patterns in the film version of JM Coetzee's Disgrace (2008): Part 1* 710

TAALRUBRIEK

TOM MCLACHLAN

Die dierbare Engels 725

BOEKBESPREKING / BOOK REVIEW

M le Cordeur: *Die Sideboard – 'n altaar en 'n teken van 'n regverdige God* (Simon Bruinders)..... 727

INHOUDSOPGAWE: Jaargang 56 Nommer 2-1, Junie 2016 / Volume 56 Number 2-1, June 2016..... 731

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 **Subopskrifte** is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommener word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asbelle tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R200 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

Verantwoordelikheid vir handskripte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.1 Page fees: There is a charge of R200 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.2 Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie


Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Afrikaanse Taalmonument: Paarl